DIE NCVV AS

WELSYNSORGANISASIE

1912 - 1992 :

'N EVALUATIEWE STUDIE

DEPT. MAATSKAPLIKE WERK
UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH.

Tesis
ingelewer in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
aan die Universiteit van Stellenbosch
vir die graad
Magister in die Maatskaplike Werk

deur

SOPHIA ALBERTINA SCHUTTE

Studieleier : Prof Narisscia Botha

Januarie 1993

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

OPGEDRA AAN DIE
VRYWILLIGERS VAN DIE NCVV
VIR HULLE TAGTIG JAAR
VAN ONBAATSUGTIGE LIEFDESDIENS

"en laat ons tog nooit moeg word om goed te doen nie"

Erika Theron, NCVV Jubileumkongres,
Dundee, 19 Mei 1965

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

'n Histories-evaluatiewe studie is onderneem ten opsigte van die ontwikkeling van die Natalse Christelike Vrouevereniging vanaf 'n liefdadigheidsvereniging tot 'n volwaardige welsynsorganisasie.

Die ondersoek is gedoen deur argivale bronne by sowel die Pietermaritzburgse Staatsargief as die argief van die NG Kerk van Natal, te raadpleeg. Koerante, tydskrifte, artikels en brosjures is geraadpleeg, terwyl ook van onderhoude gebruik gemaak is. Verder is ook 'n literatuurstudie gedoen om die ontwikkeling van die NCVV in verband te bring met die breëre ontwikkelings op maatskaplike en sosio-politieke terrein in die ooreenstemmende historiese tydperke.

Die historiese navorsingsprojek behandel die geskiedenis van die NCVV oor 'n periode van tagtig jaar. Hierdie tagtig jaar strek vanaf 1912 met die ontstaan van die Zusterswerkgeselschap in Pietermaritzburg; die indiensneming van die eerste maatskaplike werkers in 1940; die breuk met die NG Kerk in 1959 tot en met die ontwikkeling van die NCVV as 'n volwaardige welsynsorganisasie in die jaar 1992. Die NCVV het ontstaan as 'n liefdadigheidsorganisasie wat deur Afrikaner vroue gestig is met die doel om die Afrikaner se belange op sedelike, kulturele, opvoedkundige en maatskaplike gebied te bevorder. Die hooftaak en aktiwiteite van die NCVV was egter sy welsynsaksie wat deur maatskaplike werkers en vrywilligers verrig is. Die NCVV het ontwikkel tot 'n volwaardige welsynsorganisasie wat sy rol op welsynsterrein op die gebied van gesinsorg en bejaardesorg deur middel van individuele werk, groepwerk en gemeenskapswerk verrig.

Waar die NCVV aanvanklik slegs die belange van 'n kultuurgroep bevorder het, het dit gaandeweg ontwikkel tot 'n organisasie wat meer en meer aandag aan die belange van die breëre Natalse gemeenskap skenk. Weens die kundigheid en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ondervinding wat die NCVV oor baie jare op welsyns- en opvoedkundige terrein opgedoen het, is dit uiters geskik om 'n uitnemende bydrae in die toekoms te lewer tot die opheffing van agtergeblewe gemeenskappe in Natal.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

A historical evaluative study was undertaken regarding the development of the Natalse Christelike Vrouevereniging from a charitable association into a fully fledged welfare organization.

The research was done with reference to archival sources in the Pietermaritzburg State Archives as well as the Archive of the Natal Dutch Reformed Church. Newspapers, journals, articles and brochures were consulted and interviews were undertaken. A literature study was done to bring the development of the NCVV in context with broad developments in the welfare and socio-political spheres during the corresponding historical periods.

The historical research project deals with the history of the NCVV over a period of eighty years. The eighty years extends from 1912 with the establishment of the Zusterswerkgeselschap in Pietermaritzburg; the establishment of the NCVV in 1915; the appointment of the first social worker in 1940; the break with the Dutch Reformed Church in 1959 to the development of the NCVV into a fully fledged welfare organization in 1992. The NCVV was founded by Afrikaner women as a charitable association for the purpose of promoting the moral, cultural, educational and welfare interests of the Afrikaner. The main aim and the activity of the NCVV was however, its welfare function which was undertaken by social workers and voluntary workers. The NCVV developed into a fully fledged welfare organization playing its roll in the welfare field in the spheres of family care and care of the aged through use of individual work, group work and community work.

The NCVV developed gradually from an organization which only served the interests of one cultural group, to an organization which is giving more and more attention to the interests of the broad Natal community. Because of the knowledge and

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

experience which the NCVV has accumulated over many years in the welfare and educational fields, it is eminently capable of making an outstanding contribution in the upliftment of underdeveloped communities in Natal in the future.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

V E R K L A R I N G

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorsponklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

HANDTEKENING

16/2/1993
DATUM

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

D A N K B E T U I G I N G S

Hiermee betuig ek graag my dank en waardering teenoor die volgende persone en instansies:

My studieleier, professor Narisscia Botha, vir haar leiding en geduld

Prof Johan Cronje wat as mede-eksaminator opgetree het

Professor Jan de Villiers onder wie se leiding die tesis begin is

Mev Erine du Preez wie se idee dit was om die geskiedenis van die NCVV en sy voorlopervereenigings oor die laaste tagtig jaar op te skryf

Dr Sulina Fourie vir haar hulp en ondersteuning

Mev Dulcie Nel, voormalige NCVV Direkteur, wat die NCVV stukke in die argief laat opneem het

Mej Sita Rootman, huidige Direkteur van die NCVV, vir haar bystand en samewerking.

Die Pietermaritzburgse argief vir hulle samewerking

Mev Mariaan Blattes wat oor baie jare heen die tikwerk gedoen het

Mev Sandra Troskie vir die taalkundige versorging

My man Danie vir aansienlike finansiële bystand, feitelike versorging, aanmoediging en onderskraging.

My kinders Helena, Jacoba, Johannes en Sophia vir hulle meelewendheid

My Hemelse Vader vir Sy groot genade dat Hy my in staat gestel het om die tesis te kon voltooi.

SOPHIA ALBERTINA SCHUTTE
Januarie 1993

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

I N H O U D S O P G A W E

		Bladsy
	Verklaring	(i)
	Dankbetuigings	(ii)
HOOFSTUK 1 : INLEIDING		
1.1	KEUSE VAN ONDERWERP	1
1.2	DOEL VAN DIE ONDERSOEK	2
1.3	AFBAKENING VAN DIE NAVORSINGSVELD	2
1.4	METODE VAN ONDERSOEK	4
1.5	PROBLEME ONDERVIND	5
1.6	AANBIEDING	5
HOOFSTUK 2 : DIE ONTSTAAN VAN DIE NATALSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING		
2.1	INLEIDING	7
2.2	DIE MAATSKAPLIKE EN POLITIEKE OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE NCVV GELEI HET	
2.2.1	DIE MAATSKAPLIKE OMSTANDIGHEDE	8
2.2.2	DIE POLITIEKE OMSTANDIGHEDE	10
2.3	DIE ONTSTAAN VAN DIE ZUSTERSWERKGESELSCHAP EN DIE NATAL VROUWE VERENIGING (NVV)	
2.3.1	ZUSTERSWERKGESELSCHAP	12
2.3.2	DIE STIGTING VAN DIE NATAL VROUWE VERENIGING	16

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bladsy

2.3.3 DIE UITBREIDING VAN TAKKE TOT VOOR DIE EERSTE NATAL VROUWEN VERENIGING KONGRES IN 1916
(a) GREYTOWN 19
(b) UTRECHT 19
(c) VRYHEID 22
(d) LADYSMITH 22
(e) KINGSLEY 23
2.3.4 DIE EERSTE KONGRES VAN DIE NATAL VROUWEN VERENIGING (NVV) 24
2.4 SAMEVATTING 26

HOOFSTUK 3 : DIE ONTWIKKELINGSTYDPERK VAN DIE NATALSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING - 1916 TOT 1940 -

3.1 INLEIDING 28
3.2 DIE ONTSTAAN VAN AFRIKANER HULPORGANISASIES EN NASIONALE RADE
3.2.1 AFRIKANER HULPORGANISASIES IN NATAL 29
3.2.2 DIE ONTWIKKELING VAN NASIONALE RADE 33
3.3 DIE ONTWIKKELING VAN DIE NCVV TAKKE 35
3.4 DIE BYDRAE VAN DIE NCVV OP KERKLIKE GEBIED 40
3.5 DIE BYDRAE VAN DIE NCVV OP OPVOEDKUNDIGE GEBIED 42
3.6 DIE HANDHAWING EN BEVORDERING VAN DIE TAAL, KULTUUR EN NORME VAN DIE AFRIKANER 45
3.7 DIE NCVV AS WELSYNSORGANISASIE IN DIE TYDPERK 1916 TOT 1940 48
3.8 SAMEVATTING 52

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bladsy

HOOFSTUK 4 : DIE TOETREDE VAN MAATSKAPLIKE WERKERS TOT DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE NCVV EN DIE BREUK TUSSEN DIE NCVV EN DIE NG KERK IN DIE TYDPERK VANAF 1940 TOT 1960

4.1 INLEIDING 53
4.2 FAKTORE WAT BYGEDRA HET DAT MAATSKAPLIKE WERKERS TOT DIE DIENS VAN DIE NCVV TOEGETREE HET 54
4.3 GESKIEDENIS VAN DIE TOETREDE VAN MAATSKAPLIKE WERKERS TOT DIE DIENS VAN DIE NCVV 55
4.4 DIE HOë POSWISSELING EN DIE AANPASSINGSPROBLEME VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKERS .. 58
4.5 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE NCVV EN DIE NG KERK 61
4.6 FINALE BREUK TUSSEN DIE NCVV EN DIE NG KERK 62
4.7 SAMEVATTING 74

HOOFSTUK 5 : DIE UITBREIDING VAN NCVV-TAKKE EN DIE MOTIVERING, BELONING EN WERKSAAMHEDE VAN DIE NCVV VRYWILLIGERS BINNE TAKVERBAND IN DIE TYDPERK 1940 TOT 1960

5.1 INLEIDING 76
5.2 DIE UITBREIDING VAN DIE TAKKE VAN DIE NCVV 76
5.3 DIE BESIELING VAN DIE LEDE VAN DIE NCVV 79
5.4 DIE STIMULERING EN BELONING VAN VRY WILLIGERS 80

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bladsy

5.5 DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE VRYWILLIGER BINNE DIE NCVV
5.5.1 DIE INSAMELING VAN FONDSE 83
5.5.2 DIE BESTUUR VAN DIE NCVV 85
5.5.3 DIREKTE DIENSLEWERING DEUR DIE LEDE VAN DIE NCVV 85
5.6 SAMEVATTING 96

HOOFSTUK 6 : DIE VERDERE ONTWIKKELING VAN DIE NCVV AS WELSYNSORGANISASIE IN DIE TYDPERK VANAF 1960 TOT 1992, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE ORGANISASIE SE STRUKTUUR EN GRONDWET, ASOOK OPVOEDKUNDIGE TAAK

6.1 INLEIDING 97
6.2 DIE STRUKTUUR VAN DIE NCVV EN DIE TAAKTOEDELING AAN NCVV VRYWILLIGERS 99
6.2.1 KONGRES 101
6.2.2 HOOFBESTUUR 106
6.2.3 DAGBESTUUR 109
6.2.4 HOOFBESTUURKOMITEES 110
6.2.5 NCVV TAKKE 112
(a) Die stigting van takke van die NCVV 114
(b) Die ontbinding van die takke van die NCVV 115
(c) Die aantal NCVV-takke en die ledetal 117
6.3 DIE PERSONEELHIËRARGIE EN TAAKTOEDELING BINNE DIE NCVV 118
6.4 DIE DOELSTELLINGS VAN DIE NCVV 121
6.5 OPVOEDKUNDIGE TAAK VAN DIE NCVV 131
6.5.1 DAGVERSORGING VAN DIE VOORSKOOLSE EN SKOOLGAANDE KIND 132
6.5.2 DIE OUERLEIDINGSAKSIE 136

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bladsy

6.5.3 "DOGTERSLEIERKURSUSSE" EN ANDER KURSUSSE 138
6.5.4 KLUBS EN GROEPE 140
6.5.5 OPVOEDKUNDIGE WERK BINNE TAKVERBAND 143
6.6 SAMEVATTING 146

HOOFSTUK 7 : DIE UITVOERING VAN DIE NCVV SE DOEL-STELLINGS OP SEDELIKE; KULTURELE EN MAATSKAPLIKE GEBIED ASOOK DIE FONDS-INSAMELINGS- EN BEMARKINGSAKSIES

7.1 INLEIDING 148
7.2 DIE TAAK VAN DIE NCVV OP SEDELIKE GEBIED 150
7.3 DIE ROL VAN DIE NCVV AS KULTUURORGANI-SASIE 151
7.4 DIE TAAK VAN DIE NCVV AS WELSYNORGANISA-SIE OP DIE GEBIED VAN MAATSKAPLIKE WEL-SYNSWERK 157
7.4.1 DIE VRYWILLIGER SE BYDRAE OP DIE GEBIED VAN MAATSKAPLIKE SORG 158
7.4.2 MAATSKAPLIKE WERK IN DIE TYDPERK 1960 TOT 1992 165
(a) Gesinsorg 167
(b) Bejaardesorg 176
(c) Gemeenskapswerk 181
7.5 FONDSINSAMELING 187
7.5.1 MANIERE VAN FONDSINSAMELING IN DIE TYD-PERK VANAF 1960 TOT 1980 188
7.5.2 MANIERE VAN FONDSINSAMELING IN DIE TYD-PERK VANAF 1980 TOT 1992 189
7.5.3 WEDERSYDSE BETROKKENHEID VAN DIE NCVV EN DIE GEMEENSKAP BY FONDSINSAMELINGSPRO-JEKTE 190

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bladsy

7.5.4 DIE BEDRAE INGESAMEL DEUR DIE NCVV VRYWILLIGERS EN DIE BESTEDING VAN DIE FONDSE VAN DIE NCVV 191

7.5.5 FAKTORE WAT FONDSINSAMELING BEMOEILIK EN VOORSTELLE VIR NUWE FONDSINSAMELINGSPROJEKTE 194

7.6 BEMARKING VAN DIE NCVV 196

7.7 SAMEVATTING 200

HOOFSTUK 8 : SLOTBESKOUING 202

LITERATUURLYS 210

BYLAE I : GRONDWET VAN DIE NATALSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING HOOFBESTUUR 232

BYLAE II: GRONDWET VAN DIE NATALSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING TAKKE 258

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 KEUSE VAN ONDERWERP

Die geskiedenis van die Natalse Christelike Vrouevereniging (NCVV) is nog nooit volledig op skrif gestel nie en daar is tot dusver ook nie 'n volledige historiese navorsingsprojek oor hierdie organisasie aangepak nie. Die NCVV is een van die oudste welsynsorganisasies in Suid-Afrika en een van die vier vroue welsynsverenigings wat onder die oorkoepelende liggaam van die Federale Vroueraad staan. Die ander drie organisasies is die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging, die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie en die Oranje Vroueveréniging.

Die navorser was oor die verloop van 'n aantal jare as vrywilliger deel van die werksaamhede van die NCVV. In hierdie hoedanigheid was sy betrokke by 'n takstigting van die NCVV, takbesture, die gesinsorgkomitee van die NCVV, behoeftebepaling vir dagversorging en het sy talle kongresse bygewoon. Die destydse direkteur van die NCVV, mev Erine du Preez, het die navorser aangemoedig om deur middel van 'n navorsingsprojek, die geskiedenis van die NCVV op skrif te stel.

Die historiese verloop van die werksaamhede van die NCVV wat strek oor 'n tydperk van tagtig jaar, word bespreek vanaf die ontstaan van die Zusterswerkgeselschap in 1912 tot die hede, 1992. Die NCVV is as 'n liefdadigheidsvereniging deur Afrikanervroue gestig. Dit was egter ook 'n organisasie wat homself daarvoor beywer het om die Afrikaanse taal en kultuur te bevorder en 'n bydrae op opvoedkundige gebied te maak. Die liefdadigheidswerk van die NCVV is deur toegewyde vrywilligers verrig in die provinsie van Natal.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van die navorsingsprojek is om 'n historiese ondersoek te doen oor die ontwikkeling van die NCVV en sy voorlopervereniging, die Zusterswerkgeselschap, vanaf 1912 tot 1992, oor 'n periode van tagtig jaar. Hierdie ontwikkeling van die NCVV vanaf 'n beperkte liefdadigheidsvereniging tot 'n volwaardige welsynsorganisasie, word nie alleen histories en chronologies beskryf nie, maar ook aan evaluasie onderwerp.

Ten einde bogenoemde doelstellings te kon bereik, is die volgende aspekte van die geskiedenis en verloop van die NCVV nagevors en beoordeel:

- Die ontstaan van die voorlopervereenigings van die NCVV
- Die stigting van die NCVV as liefdadigheidsorganisasie, die eerste takstigting en die stigtingskongres
- Die ontwikkeling van die NCVV in die tydperk voor 1940
- Die bydrae van die maatskaplike werkers tot die organisasie en die verhouding en breuk tussen die NCVV en die NG Kerk
- Die ontwikkeling van die takke van die NCVV
- Die bydrae van die vrywilliger tot die ontwikkeling van die NCVV
- Die opvoedkundige, kulturele, maatskaplike en fondsinsamelingsaksies van die NCVV.

1.3 AFBAKENING VAN DIE NAVORSINGSVELD

Aangesien die navorsing oor die geskiedenis van 'n welsynsorganisasie gaan, moes alle moontlike bronne wat op een of ander wyse berig gee van die ontwikkeling van die NCVV as navorsingsveld beskou word. Hierdie bronne en die navorsing daarvan, het die volgende ingesluit:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Argiefmateriaal in die Pietermaritzburgse argief wat gehandel het oor die Zusterswerkgeselschap, die Natal Vrouwen Vereniging, die Natalse Christelike Vroueverenig-ing. Hierdie materiaal het bestaan uit taknotules, hoof-bestuursnotules, kongresverslae, korrespondensie en enige ander materiaal wat gevind kon word en wat oor bogenoemde berig gegee het
- Argiefmateriaal in die Sinodale argief van die NG Kerk te Pietermaritzburg
- De Afrikaner, 'n koerant wat vanaf 1904 tot 1932 in Natal uitgegee is en in die Pietermaritzburgse biblioteek ge-vind is
- Onderhoude is gevoer met persone wat óf as maatskaplike werkers óf as vrywilligers betrokke was en is by die NCVV
- Literatuur oor die geskiedenis van Suid-Afrika en Natal in die behandelde tydperk, ter verduideliking van die NCVV se historiese agtergrond.

Die navorsingsveld wat met hierdie materiaal gedek word, strek oor 'n periode van tagtig jaar. Daar is besluit om die geskiedenis van die Zusterswerkgeselschap wat 'n voorloper-vereniging van die NCVV is en in 1912 ontstaan het, in te sluit in die beskrywing aangesien dit inligting oor die NCVV verskaf wat noodsaaklik vir 'n historiese perspektief oor die ontstaan van die NCVV in 1915.

Die NCVV se geskiedenis as welsynsorganisasie strek vanaf 1915 tot in die hede, 1992. Die NCVV as organisasie bestaan dus in 1992 vir sewe-en-sewentig jaar en tesame met die drie jaar van vooraf geskiedenis oor die Zusterswerkgeselschap strek die navorsingsveld van hierdie studie oor 'n tydperk van tagtig jaar.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Die ondersoek na die ontstaan en ontwikkeling van die NCVV is 'n historiese navorsingsprojek wat die sistematiese insameling van geskiedkundige gegewens en 'n kritiese evaluering van daardie gegewens, behels (Arkava en Lane 1983:191). Volgens Leedy (1974:71) is die doel van 'n historiese navorsingsprojek om te bepaal watter verband daar is tussen die historiese omstandighede en die ontwikkeling van die navorsingsonderwerp wat beskryf word.

Daar is hoofsaaklik gebruik gemaak van argivale bronne wat bestaan het uit taknotules, hoofbestuursverlae, kongresnotules, korrespondensie, koerantuitknipsels en feesbrosjures, alles wat oor die NCVV gehandel het.

Artikels is ook gevind in die NG Kerk se argief in die Sinodale Sentrum te Pietermaritzburg. De Afrikaner, 'n Afrikaanse koerant wat in die tydperk 1904 tot 1932 in Natal uitgegee is, en in die Pietermaritzburgse biblioteek gevind kan word, was veral van groot waarde om die stigtingsjare van die NCVV korrek te kan weergee. Verdere hulpmiddels waarvan gebruik gemaak is, is persoonlike onderhoude en telefoniese gesprekke wat met sowel vrywilligers as maatskaplike werkers gevoer is.

Hierdie is 'n historiese ondersoek en die navorser was dus wat materiaal betref, beperk tot dit wat oor hierdie tydperk beskikbaar was. Leemtes is gevind in die beskikbare historiese materiaal en die navorser moes in sekere gevalle noodgedwonge afleidings maak. Ten einde die spesifieke geskiedenis van die NCVV binne die korrekte raamwerk van die algemene geskiedenis van Suid-Afrika, sowel as die korrekte maatskaplike ontwikkelingsraamwerk te kon plaas, is 'n literatuurstudie onderneem. Ter wille van 'n toekomsperspektief is die historiese verloop van die NCVV geëvalueer en word enkele aanbevelings gemaak.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.5 PROBLEME ONDERVIND

Die NCVV dokumentasie is eers in 1981 vir veilige bewaring na die Pietermaritzburgse argief gestuur. Teen 1992 was die materiaal wat op die NCVV van toepassing is, nog steeds nie uitgesorteer en behoorlik gedokumenteer nie. Dit het sowel die navorsing as die korrekte verwysing na inligtingsbronne bemoeilik. Daarby is die aanvanklike notules en koerant-berigte eerstens in Nederlands geskryf en tweedens is die meeste vroeëre notules handgeskrewe. Dit het daartoe bygedra dat die navorsingswerk vertraag is.

Die beskikbare inligtingstukke is verder onvolledig en veral betreffende die tydperk tussen 1928 en 1940 is daar weinig inligting in die Pietermaritzburgse argief te vind. Die grootse probleem was egter dat die relevante navorsingstukke, soos die notules, verslae, grondwette, feesbrosjures en ander inligtingstukke, nie gedateer of numeries versorg is nie. Die lang tydperk van agt jaar wat die navorser gebruik het om die inligting te versamel en die tesis te voltooi, strek tot voordeel van die volledige dokumentasie van die geskiedenis van die NCVV want aanvullende navorsingsinligting is voort-durend verkry.

1.6 AANBIEDING

Hierdie navorsingstuk word in agt hoofstukke afgehandel. Die ontstaan en ontwikkeling van die NCVV word histories-chrono-logies beskryf. Aandag word gegee aan belangrike ontwikke-lings wat plaasgevind het.

HOOFSTUK TWEE handel oor die stigting van die voorloperver-eniging, die Zusterswerkgeselschap in 1912, die stigting van die Natal Vrouwe Vereniging in 1915, asook die stigting van die eerste takke van die NCVV.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK DRIE beskryf die eerste NCVV Kongres van die NCVV in 1916, die ontwikkeling van die takke van die NCVV en die werksaamhede van die NCVV takke in die tydperk 1916 tot 1940.

HOOFSTUK VIER behandel die tydperk van 1940 tot 1960 met verwysing na die toetrede van die eerste maatskaplike werkers tot die diens van die NCVV asook die finale breuk tussen die NCVV en die NG Kerk.

In HOOFSTUK VYF is dieselfde historiese tydperk ter sprake as in Hoofstuk 4, maar in hierdie hoofstuk word gekyk na die motivering, beloning en werksaamhede binne takverband van die NCVV vrywilliger.

Die laaste tydperk in die geskiedenis van die NCVV waarna gekyk word, naamlik vanaf 1960 tot 1992, word oor die verloop van twee hoofstukke behandel. HOOFSTUK SES beskryf sowel die struktuur en doelstellings as die opvoedkundige aktiwiteite van die NCVV gedurende die tydperk vanaf 1960 tot 1992.

HOOFSTUK SEWE beskryf die werksaamhede en dienste van sowel die maatskaplike werkers as die vrywilligers op kulturele, sedelike en maatskaplike gebied binne die NCVV, die fondsinsamelingsaksies wat geloods is asook die bemarking van die NCVV gedurende die periode 1960 tot 1992.

HOOFSTUK AGT is 'n samevatting van tagtig jaar se geskiedenis van maatskaplike sorg soos verrig deur die Natalse Christelike Vrouevereniging en die Zusterswerkgeselschap in Natal. Enkele voorstelle vir die toekomsbeplanning van die NCVV word ook in die tweede gedeelte van hoofstuk agt gemaak.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

DIE ONTSTAAN VAN DIE NATALSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING

2.1 INLEIDING

Die NCVV in Natal het ontstaan as gevolg van die betrokkenheid van gelowige Afrikanervroue in hul gemeenskappe. Dié vroue het bewus geword van die behoefte in Natal aan 'n Afrikaanse liefdadigheidsvereniging om na die maatskaplike behoeftes van mede-Afrikaners om te sien. Alhoewel die stigting van die NCVV liefdadigheidsgerig was, het dit ook op opvoedkundige en kulturele gebied 'n groot bydrae in Natal gelewer. Die NCVV was deel van die Nederduits Gereformeerde Kerk tot met die skeuring met hierdie kerk in 1959 en kan as die vrouehulpdiens van die NG Kerk tot op daardie datum beskou word.

Die NCVV in Natal het, volgens De Afrikaner van 21 April 1916 as die "Natal Vrouwe Vereniging" op 4 September 1915 te Zuurfontein ontstaan. Daar is met takstigting van die vereniging voortgegaan op Greytown, Utrecht, Vryheid, Ladysmith en Kingsley. Die eerste kongres van die NCVV is op 13 April 1916 te Dundee gehou. Na hierdie kongres het die Zusterswerkgeselschap, wat volgens die Notuleboek van die vereniging, reeds sedert 1 Maart 1912 in Pietermaritzburg bestaan het, ook 'n tak van die Natal Vrouwe Vereniging geword. Die geskiedenis van die Zusterswerkgeselschap is baie belangrik aangesien dit die enigste tak van die NCVV vóór 1920 is, wie se notuleboeke behoue gebly het. Hierdie notuleboeke word in die Pietermaritzburgse argief bewaar.

Die naamverandering van die Natal Vrouwe Vereniging na dié van Natalse Christelike Vroueverenigging, hierna NCVV genoem, word nie in die notules van die Zusterswerkgeselschap vermeld nie. Met die oorskakeling na 'n nuwe notuleboek egter, waar die eerste notule 3 Oktober 1917 gedateer is, is daar op die binneblad van die notuleboek verwys na die "Natalse Christelike Vrouwe Vereniging".

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die stigting van die Zusterswerkgeselschap en die takke van die Natal Vrouwe Vereniging moet gesien word teen die maatskaplike en politieke omstandighede wat in Suid-Afrika in die vroeë jare van die twintigste eeu geheers het. Dit het veroorsaak dat vroue in Natal gereed was vir die stigting van 'n Afrikaanse vroue liefdadigheidsvereniging wat sowel kultureel as opvoedkundig by die gemeenskap betrokke sou wees.

In hierdie hoofstuk sal die volgende bespreek word: die ontstaan van die Zusterswerkgeselschap, die ontstaan van die eerste Natal Vrouwe Vereniging-tak te Zuurfontein naby Dundee, die stigting van verdere takke van die Natal Vrouwe Vereniging en die eerste amptelike kongres van hierdie vereniging wat in 1916 plaasgevind het.

2.2 DIE MAATSKAPLIKE EN POLITIEKE OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE NCVV GELEI HET

2.2.1 Die Maatskaplike omstandighede

Theron en Stulting (1961:13) verklaar dat maatskaplike sorg in Suid-Afrika in die tydperk voor 1900 hoofsaaklik deur die verskillende kerke verrig is. Die diens wat die kerke in dié verband gelewer het, het meestal op die gebied van inrigtingsorg geskied. Die vroue van Suid-Afrika was gedurende hierdie tydperk nie op 'n georganiseerde wyse by maatskaplike sorg betrokke nie.

Ná 1900, het vroue in Suid-Afrika egter tot die welsynsterrein toegetree. Eloff (1967:179) beskou hierdie tydperk tussen 1900 en 1919 as die sogenaamde moralistiese fase in die geskiedenis van maatskaplike werk. Die vroue is as gevolg van die armoede en ongeletterdheid in die Afrikaner gemeenskappe, deur hulle sosiale gewete aangespreek om liefdadigheidswerk te verrig. Volgens Theron en Stulting (1961: 14) was dit veral vanweë die verwoesting, verarming en lyding van vrouens en kinders as gevolg van die Tweede Vryheidsoor-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

log dat die begin van die 1900's gekenmerk is deur die toetrede van, veral die Kaap en Transvaal se Afrikanervroue tot die welsynsterrein.

Die Afrikanervroue se gewete is nie net aangespreek nie, hulle het ook georganiseerd geraak. Op verskillende plekke in die Kaap en Transvaal, het belangstellende vroue komitees gestig om diegene wat in armoede verkeer het, van hulp te wees. Hierdie komitees het volgens Lambrechts en Theron (1959:2) die kern uitgemaak van die vrouevereenigings wat tot stand gekom het. Die eerste vereniging, die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) is in 1904 in die Kaap gestig. In dieselfde jaar het die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) in die Transvaal tot stand gekom en in 1911 het die Oranje Vrouevereniging (OVV) in die Vrystaat ontstaan.

Die bewuswording by Afrikanervroue van die maatskaplike wantoestande in Suid-Afrika en hierdie vroue se georganiseerde optrede om sodanige toestande te verbeter, het na Natal deurgewerk. Verskeie predikantsvroue wat by die ACVV, SAVF en die OVV betrokke was het die leiding geneem om soortgelyke komitees te stig. Reeds in 1904 word predikantsvroue in die koerant "Ons Land", wat op 17 September van dié jaar verskyn het, versoek om landswyd takke te stig van die Afrikaanse vrouevereenigings (Lambrechts en Theron 1959:13). Sodoende is onder andere mev De Beer, 'n predikantsvrou van Pietermaritzburg, betrek. Sy was volgens die "NCVV, Die Eerste Skof 1915-1965" (1965:5) voorheen betrokke by die vrouevereenigings in die Kaap, Transvaal en die Vrystaat en kon weens haar ervaring derhalwe leiding neem in die stigting van die Susterswerkgeselschap en die ontwikkeling van die NCVV.

Alhoewel hierdie tydperk in die geskiedenis van maatskaplike sorg in Suid-Afrika daarop gedui het dat ook vroue in Natal gereed was om tot die welsynsterrein toe te tree, het ook die swak maatskaplike omstandighede van Afrikaners in Natal aanleiding gegee tot die stigting van Afrikaner liefdadigheidsverenigings deur vroue op verskillende plekke in hierdie provinsie. Ofskoon Natal nie in dieselfde mate as die ander

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

drie provinsies aan na-oorlogse wantoestande onderworpe was nie, is probleme wel by behoeftige en onderontwikkelde Afrikaners geïdentifiseer. Reeds in De Afrikaner van 25 April 1912 (1912:3) word berig dat die probleem op 'n sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk bespreek is. Die berig lui dat daar "... ernstig gespraken (is) over de reeds behoeftige blanke kinderen die zonder opvoeding opgroeien".

Dit is egter nie alleen die swak maatskaplike en opvoedkundige toestande van die Afrikaners wat die oorsaak was dat 'n liefdadigheidsvereniging en ander hulpverenigings in Natal ontstaan het nie, maar die politieke druk waaronder die Afrikaners in Natal verkeer het, het ook tot die ontstaan van sodanige verenigings bygedra.

2.2.2 Die Politieke omstandighede

Na die Anglo Boere-oorlog aan die begin van die twintigste eeu, was Suid-Afrika onder die Britse Kroon (Van Jaarsveld 1982:270). Dit het veroorsaak dat Afrikaner nasionalisme hoogty gevier het en hierdie omstandighede sou 'n groot rol speel om Afrikanervroue op liefdadigheidsgebied te verenig in die vorm van die ACVV, SAVF, OVV en die NCVV.

In Natal was die Afrikaners 'n minderheidsgroep wat deur Engelssprekendes oorheers is. Alhoewel hulle in die meerderheid was, het die Engelssprekendes in Natal, aldus Van Jaarsveld (1982:250) nogtans Afrikaner-oorheersing gevrees. Die Engelssprekendes wou Natal ten alle koste as 'n afsonderlike kolonie behou waarbinne die Engelse taal, karakter en kultuur summier gehandhaaf sou word. Engelssprekendes in Natal was dus nie entoesiasties oor 'n verenigde Suid-Afrika nie, maar ten spyte daarvan het die Unie van Suid-Afrika in 1910 tot stand gekom. Alhoewel Natal deel van hierdie verenigde Suid-Afrika was, het die Engelssprekendes in Natal steeds die Afrikaners oorheers.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie Engelse oorheersing in Natal het juis die versterking van Afrikaner Nasionalisme tot gevolg gehad. Volgens Muller (1968:331) het die Afrikaners in Natal ten spyte daarvan dat hulle geen vooruitsig op politieke mag in hierdie provinsie gehad het nie, reeds in Maart 1906 die Afrikanervereniging "Die Boerekongres" by Bloedrivier tot stand gebring. Die Afrikaners was gemotiveerd om as groep te bly voortbestaan en hierdie besieling sou veroorsaak dat hulle na mekaar se belange sou omsien. Die eenheidsgevoel wat onder die Afrikaners geheers het, sou daartoe lei dat Afrikanervroue in Natal bewus word van mede-Afrikaners se maatskaplike, kulturele en opvoedkundige behoeftes. Hierdie bewuswording sou gestalte kry in die stigting van Afrikaanse liefdadigheidsverenigings vir vroue in Natal.

Die stigting van die Afrikaanse vroue-liefdadigheidsverenigings - die Zusterswerkgeselschap in Pietermaritzburg en die Natal Vrouwe Vereniging te Zuurfontein naby Dundee, wat beide tot verdere takstigting van die NVV sou lei, word in die volgende afdeling bespreek.

2.3 DIE ONTSTAAN VAN DIE ZUSTERSWERKGESELSCHAP EN DIE NATAL VROUWE VERENIGING (NVV)

Aangesien die Zusterswerkgeselschap 'n voorloopervereniging van die Natal Vrouwe Vereniging was, sal die ontstaan van hierdie twee verenigings afsonderlik in dié afdeling behandel word. Die Zusterswerkgeselschap het later deel geword van die Natal Vrouwe Vereniging.

Beide die Zusterswerkgeselschap in Pietermaritzburg, en die Natal Vrouwe Vereniging wat sy ontstaan in Noord Natal gehad het, het dieselfde doelstelling gehad, naamlik om liefdadigheidswerk te verrig. Dit wil dus voorkom dat daar 'n behoefte onder Afrikanervroue in Natal was om by die liefdadigheidsterrein betrokke te raak.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.3.1 Zusterswerkgeselschap

Die notuleboek van die Zusterswerkgeselschap het die volgende inskrywing: "Op Vrijdag 1 Maart 1912 werd, na afloop van het Zustersbiduur de wenschelijkheid uitgesproken, om een vereeniging te stichten tot hulp der armen van de gemeente. De volgende zusters besloten in beginsel zulk een vereeniging te stichten en beloofden medewerking, alphabetisch: Mevrouw De Beer, Bekker, Besselaar en Kijtel, mej Meintjies, Mevrouw G Pellissier, J Pellissier en Van der Westhuizen".

Die vereniging het dus sy ontstaan in die sustersbiduur van die NG Kerk Pietermaritzburg gehad. Tydens die eerste vergadering is besluit om 'n versoek aan die predikant te rig om die volgende Sondag van die kansel af 'n uitnodiging aan al die vroue van die gemeente te rig om die volgende vergadering op 4 Maart 1912, by te woon. Mev De Beer is op hierdie vergadering van 4 Maart gekies as voorsitter, mev G Pellissier as sekretaresse en mev Van der Westhuizen as penningmeesteres van die vereniging. Mev Wolhuter en mejuffrou S van Rooyen het op dieselfde vergadering as lede aangesluit. By 'n volgende vergadering, op 6 Mei 1912, het mev Mabel Jansen, eggenote van 'n latere Goewerneur-generaal ook lid van die vereniging geword. Mev. Jansen het veral op opvoedkundige gebied 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van die NCVV.

Die doel van die vereniging was hoofsaaklik om liefdadigheidswerk te verrig. Die eerste notule van die Zusterswerkgeselschap in 1912, verklaar: "Besproken werd welken vorm die vereeniging zal aannemen, n.l. van een werkgeselschap, met het doel kleedingstukken, handwerken ensj. te vervaardigen, om later verkoct te worden. De opbrengst zal gebruikt worden ten behoewe van de armen der gemeente en andere doeleinden. Ook zullen, zoo noodig, kleedingstukken gemaakt worden voor behoeftigen der gemeente".

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Jubileum-uitgawe van die NCVV, (NCVV, Die Eerste Skof 1965:5), gee egter blyke daarvan dat die ontstaan van die NCVV ook 'n kulturele oorsprong gehad het. In dié besondere uitgawe word die ontstaan van die Zusterswerkgeselschap toegeskryf aan 'n groep Afrikanervroue wat by die restourasie van die Geloftekerk in Pietermaritzburg betrokke was. Die Geloftekerk het, volgens hierdie Jubileum-uitgawe, groot simboliese waarde vir die Afrikaners van daardie tyd gehad. Hierdie kerk is voor restourasie as 'n teekamer en later as 'n apteek gebruik. Nadat die restourasie voltooi is en die kerk in 'n museum omskep is, wou die groep vroue nie ontbind nie, aangesien dit so baie vir die Afrikaanssprekende dames beteken het om gesellig saam te verkeer. Volgens die Jubileum-uitgawe het hierdie vroue na die restourasie-aksie oorgegaan tot die stigting van die liefdadigheidsvereniging, die Zusterswerkgeselschap. Die Voortrekkermuseum is op 16 Desember 1912 ingewy (Gedenkboek Herbevestiging van die Gelofte 1 Desember 1955:geen).

Die notuleboeke van die Zusterswerkgeselschap het geen verwysing na bogenoemde omstandighede nie - met die uitsondering van 'n notule gedateer 11 Februarie 1915. Daarin word melding gemaak van 'n brief wat die lede van die Zusterswerkgeselschap, na 'n onenigheid wat tot die spoedige vertrek van dominee en mevrou De Beer sou lei, aan mev De Beer gerig het. In dié brief word die De Beer-egpaar versoek om nie die gemeente te verlaat nie. Waardering word ook uitgespreek vir mevrou De Beer se groot bydrae tot die totstandkoming van die Voortrekkermuseum, wat eers die Geloftekerk was. In die Gedenkboek wat in die Nederduits Gereformeerde Kerk se argief in Pietermaritzburg bewaar word, naamlik "Die Herbevestiging van die Gelofte" (1955:61), word melding gemaak van die feit dat mevrou De Beer op die kommissie gedien het wat die Voortrekkerkerkie op 22 Februarie 1910 vir eenduisend-sewe-honderd-en-vyftig Pond (£1,750) teruggekoop het met die doel om dit as 'n museum te restoureer. Hierdie museum is op 16 Desember 1912 ingewy. Sommige van die eggenote van die lede van die Zusterswerkgeselschap, soos onder andere advokaat E G Jansen en G M Pellissier het saam met mev De Beer op hierdie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

kommissie gedien en dit kan daarop dui dat hulle vroue waarskynlik ook by die herstel van die Voortrekkerkerk betrokke was.

Aanvanklik het die vereniging geen fondse gehad nie. Volgens die notuleboek van die Zusterswerkgeselschap het 'n sekere mev Potgieter 'n behoefte aan kruideniersware gehad, waarvoor sy na die diakonie van die NG Kerk verwys moes word. Die vereniging het begin om op 'n maandelikse grondslag te vergader en die aktiwiteite was rondom fondsinsameling gesentreer. Handwerkartikels is vir dié doel gemaak en verkoop. Op 7 September 1914 word berig dat mev Rall "... een pakje kafferkleeren voor 5/- verkocth" het. Hierdie fondse is vir liefdadigheid aangewend. 'n Verdere maatskaplikesorg-aksie, volgens die notule van September 1915, was die aanwysing van twee dames wat die diakens moes bystaan om behoeftige persone te besoek. Hierdie dames moes voorstelle aan die Kerkraad maak oor watter mate van hulp aan hierdie behoeftiges verleen moes word.

Die fondse wat deur hierdie vereniging opgebou is, is ook gebruik om op kerklike gebied die Voortrekkergemeente se gedenksaal te help bou. Volgens die notule van 29 Mei 1913 van die Kerkraadsvergadering van die NG Kerk Pietermaritzburg, het die Zusterswerkgeselschap die bou van die kerksaal van die gemeente met twaalf pond per jaar vir vyf jaar gewaarborg. Ook op die gebied van die opvoedkunde is bydraes gelewer. Geldelike bystand is byvoorbeeld aan die Polelaskool gegee om sodoende hulp aan behoeftige leerlinge te verskaf.

Die Zusterswerkgeselschap was dus 'n liefdadigheidsvereniging met 'n sterk kulturele inslag. Die vereniging het debatte gehou met Hollands as die voertaal van die vereniging. In Augustus 1912 is 'n toegewing gemaak deur ene "miss Watkins", alhoewel sy Engelssprekend was, as lid van die vereniging toe te laat. Om die kulturele lewe van die Afrikaner uit te bou,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

is daar baie aandag geskenk aan die inskakeling van nuwe intrekkers by die Afrikaanse gemeenskap in die Engels-georiënteerde stad, Pietermaritzburg. Volgens die Zusterswerkgeselschap se notule, gedateer 5 Junie 1912, word lede versoek om 'n Afrikaner verpleegster, ene mej Wepener, by Grey's Hospitaal te besoek en haar te laat tuis voel.

Die ekonomiese afhanklikheid van die Afrikaners, sowel as die gevoel van eenheid wat deur die Engels-georiënteerdheid van Pietermaritzburg veroorsaak is, het die voortbestaan van die Zusterswerkgeselschap verseker. Die vereniging het, volgens die notuleboek, geen kontak met enige ander vrouevereniging gehad nie. Die vereniging kon dus nie staat maak op die hulp en leiding van ander verenigings nie en daarom was mev De Beer se liefdadigheidservaring wat sy in die ander drie provinsies opgedoen het, waardevol gewees.

Eers in die notule van 4 April 1916 van die Zusterswerkgeselschap word berig dat: "... de presidente in bespreking de wenschelijkheid om het Werkgeselschap een tak van de Natalse vrouwen vereeniging te doen worden op versoek van die vereeniging en de naam van onse vereeniging dus te veranderen in Natalse vrouwen Vereeniging."

Daar word besluit om twee afgevaardigdes, mevv De Beer en Besselaar, na die NVV kongres op 13 April 1916 te Dundee te stuur. Na die kongres sal die Zusterswerkgeselschap 'n besluit neem of hulle as vereniging by die Natalse Vrouwen Vereeniging sou inskakel en 'n naamsverandering sou ondergaan.

Die vroue van Pietermaritzburg wat by die Zusterswerkgeselschap betrokke was, sou 'n belangrike bydrae tot die werksaamhede van die NVV lewer. Die totstandkoming van die Natal Vrouwe Vereniging en die stigting van takke van hierdie vereniging in Natal, was 'n hoogtepunt in die geskiedenis van welsynswerk in Natal.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.3.2 Die Stigting van die Natal Vrouwe Vereniging

Die Natal Vrouwe Vereniging, wat tans bekend staan as die Natalse Christelike Vrouevereniging, het aan die einde van 1915 in die omgewing van Dundee ontstaan. Dundee word dan ook, aldus Die Eerste Skof (1965:16), beskou as die plek waar die NCVV amptelik ontstaan het. Alhoewel die NCVV in Noord-Natal tot stand gekom het, het die ontstaan van die Zusters-werkgeselschap in Pietermaritzburg in 1912 duidelik geïllus-treer dat daar ook onder vroue in die res van Natal 'n behoefte aan 'n Afrikaanse liefdadigheidsvereniging bestaan het.

Slegs twee geskrewe bronne bevat inligting aangaande die amptelike stigting van die NCVV. Hierdie twee bronne is "De Afrikaner", 'n Afrikaanse koerant wat in Pietermaritzburg van 1904 tot 1932 uitgegee is, ook sedert 17 Januarie 1919 bekend as "Die Afrikaner" en 'n ongedateerde, getikte berig opgestel deur mev Horak, voorheen mev Jansen, stigterslid van die NCVV en die eerste sekretaresse van die Dundee tak. Mev Horak verklaar as volg: "Ons het een Saterdagmore saam tee gedrink soos dit die gebruik was, als die boere van die distrik Saterdae Dundee toe gekom het. Wel! die Saterdag was ons weer 'n klompie dames bymekaar en het oor alles op die aarde gesels, toe naderhand het die gesprek oor die Engelse "Bene-volent Society" gegaan en toe het ons die idee gekry, om 'n Afrikaanse Liefdadigheid vereniging te stig, wie die eerste dit aangehaal het weet ek nie meer so goed nie, en dink dit was Dorothea Kemp, Jurie se vrou.

In alle geval, ons het daar en dan besluit om 'n vergadering te belê, en hulle het my toe gevra, of ek sal kennisgewings uitstuur. Oom Gus was sekretaris van die Boere vereniging en het die adresse van die boere gehad. Ek het toe aan die bekende dames kennisgewings gestuur Ons het toe 'n vergade-ring op Zuurfontein, die plaas van Coenie Vermaak belê, omdat dit tussen Dundee en Helpmekaar was en dus geskik was vir die mense in die omgewing. Die einde van 1915 het ons toe die vergadering gehou, en na beraadslaging toe besluit om so 'n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tak te stig en dit die Natalse Christelike Vroue Vereniging te noem. Dorothea Kemp is gekies als voorsitster, ek als sekretaresse".

Mev Horak vermeld ook die name van die ander bestuurslede en berig verder oor die verdere uitbreiding van die vereniging: "Toe het ons dadelik begin organiseer, ons het aan die Predikantsvroue van verskillende dorpe geskryf en so het ons takke gestig op al die dorpe waar 'n Afrikaanse gemeenskap was."

Berig oor die vergadering op Zuurfontein word as volg in De Afrikaner (21 April 1916:5) gegee: "Op 4 September 1915 werd te Zuurfontein door bemiddeling van mev J J Kemp een vergadering gehouden. Aldaar wordt besloten 'n Vrouwe Vereniging te stichten die zich uitsluitend bezig houden zal met liefdadige werken. De Vereniging werd gedoopt "Natal Vrouwe Vereniging" Tak nommer een."

Een-en-twintig vroue het as lede by die vereniging aangesluit, met mev J H Potgieter as voorsitter. Mev J J Kemp was vise-voorsitter en mev A Jansen (jnr) sekretaresse. Hierdie berig oor mev J H Potgieter se voorsitterskap blyk korrek te wees en word ook in De Afrikaner van 26 Oktober 1915 (1915: 3) so aangedui. Dit is teenstrydig met mev Horak se ongedateerde stuk wat vroeër na verwys word en wat verklaar dat mev D Kemp as die voorsitter verkies is.

Onduidelikheid bestaan ook of dit die Natal Vrouwe Vereniging of die Natal Vrouwen Vereniging was. In bogenoemde berig in De Afrikaner (21 April 1916:5) word verwys na die "Natal Vrouwe Vereniging". In die meeste ander verwysings in De Afrikaner word egter "Natal Vrouwen Vereniging" (NVV) vermeld en sal dus voortaan so vermeld word.

Alhoewel die Natal Vrouwen Vereniging liefdadigheidsoogmerke gehad het, was daar sterk politieke onderstrominge rondom die vereniging. Die Afrikaners was, volgens Van Jaarsveld (1982: 272), polities hoofsaaklik tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party verdeel. Selfs die NG Kerk het, soos

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

uit die notule van die vier-en-veertigste Algemene Kerkvergadering van die NG Kerk in Natal op 17 April 1915 blyk, skeuring as gevolg van die politieke situasie gevrees.

Hierdie politieke verdeeldheid het ook na die NVV deurgewerk, soos uit twee koerantberigte in De Afrikaner blyk. In die berig, gedateer 7 September 1915, word na die NVV verwys as die "Vrouwen Nationale Vereniging" en word beswaar aangeteken teen mev J J (Dorothea) Kemp se betrokkenheid by die Afrikanervroue se opmars na die Uniegebou in Pretoria om die vrylating van politieke gevangenes te eis. In 'n berig van 12 Oktober 1915 word weer verwys na die verdeeldheid onder vroue binne die NVV. Daar word berig dat sommige vooraanstaande vroue die vergadering verlaat het aangesien hulle nie met die verloop van die vergadering saamgestem het nie. Afrikanervroue wat die NVV begin het, het dit moeilik gevind om politiek van liefdadigheid te skei. Die sterk kulturele inslag van die vereniging het Afrikaner nasionalisme aangewakker, wat weer politieke strominge tot gevolg gehad het.

In antwoord op die aantygings teen sy vrou, mev Dorothea Kemp, het mnr J J Kemp 'n brief aan De Afrikaner (26 Oktober 1915:3) geskryf, waarin hy 'n beroep op die Afrikaners gedoen het "... dat iedereen de organisatie moest ondersteunen want de vereeniging bedoelt goed met land en volk". Hy verklaar onomwonde dat die NVV nie polities betrokke is nie "... maar dit verhinderde niet dat onze vereeniging en toe helpt bydragen om voorziening te maken voor politieke gevangen nie". Mnr Kemp verwys ook na die twee sustersverenigings van die NVV: die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie in die Transvaal, wat polities betrokke was, en die Oranje Vroue vereniging in die Vrystaat, wat nie polities betrokke was nie.

Die tweede vergadering van die nuutgestigte Natal Vrouen Vereniging, het op 16 Oktober 1915 te Dundee plaasgevind. Volgens De Afrikaner van 21 April 1916, was die doel van die vereniging om regdeur Natal takke van die NVV te stig. Op die vergadering van 3 Desember 1915, word besluit om elke drie maande 'n vergadering van die vereniging te hou. Uit

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hierdie selfde vergadering is daar weer eens 'n telegram gestuur waarin vir die vrylating van politieke gevangenes gevra is. Die NVV was dus steeds ingestel op die Afrikaner se politieke belange. Die vereniging het nie op die party politieke gebied oortree nie, maar wel opgetree om die Afrikanerbelange te beskerm.

Die vroue van die NVV was bewus van die behoefte wat daar oor die hele Natal bestaan het aan 'n Afrikaanse liefdadigheidsvereniging, en wou daarom nie die vereniging slegs tot Dundee en omgewing beperk nie. Die stigting van die Greytown-, Utrecht-, Vryheid-, Ladysmith- en Kingsleytakke, wat voor die 1916 NCVV Kongres plaasgevind het, word in die volgende afdeling bespreek.

2.3.3 Die uitbreiding van takke tot voor die eerste Natal Vrouwen Vereniging Kongres in 1916

(a) Greytown

De Afrikaner, gedateer 21 April 1916 (1916:5), berig dat die tweede tak van die NVV in Greytown gestig is. Hierdie berig in De Afrikaner is van groot geskiedkundige waarde, aangesien daar geen bronne oor die stigting van hierdie tak in die Pietermaritzburgse argief beskikbaar is nie. Selfs nie eens in die NCVV se jubileum-uitgawe, "NCVV, Die Eerste Skof 1915-1965" word melding gemaak van 'n tak wat op Greytown bestaan het nie. Volgens die genoemde berig in De Afrikaner het die tak op Greytown uit 53 lede bestaan en dit dui op 'n groep begeesterde vroue wat 'n sterk tak tot stand gebring het.

(b) Utrecht

Die derde tak is op 13 November 1915 te Utrecht gestig (De Afrikaner 21 April 1916:5). Teenstrydige inligting bestaan egter oor die stigtingsdatum van die NVV-tak te Utrecht en dié inligtingbronne verklaar as volg:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Die NCVV, Die Eerste Skof (1965:18) vermeld dat die Utrecht-tak in Januarie 1916 gestig is.
- Die Neethling-inligtingstuk, wat deur mej E Neethling, die 1918 voorsitter van die Utrecht-tak, opgestel is, berig as volg: "In 1912 verskyn daar 'n kort beriggie in 'n "Boerevrou" oor die werksaamhede van 'n vroueverenig-ing. Dit vul mev Martha Maritz met 'n begeerte dat so 'n tak plaaslik gestig moet word. Sy skryf derhalwe aan mev J Kemp van Dundee, waar daar reeds so 'n vereniging bestaan, en vra haar om op Utrecht 'n tak van die Natalse Vroue vereniging te kom stig."
  Mev Neethling berig ook in die inligtingstuk dat die stigtingsvergadering van die Utrecht-tak in Oktober 1912 plaasgevind het en dat mev D Kemp, wat eers ondervinding in die stigting van 'n NVV-tak te Dundee gehad het, ook die vergadering bygewoon het. Daar is historiese bewyse soos reeds berig, dat mev D Kemp eers op 4 September 1915 die NVV op Dundee gestig het en die takstigting op Ut-recht ná hierdie datum plaasgevind het.
- In 'n feesbrosjure "NCVV-Utrecht 1916-1976" word as volg berig: "Die vroegste beskikbare dokumente in besit van die NCVV-tak Utrecht wys dat reeds in November 1915 ledegelde betaal is deur 18 vroue."
  Die name van die vroue word vermeld en daar word verder berig: "Hoewel aanvaar word dat die tak in Januarie in 1916 tot stand gekom het, lyk dit asof reeds sedert November 1915 voorbrand gemaak is". Die berig dat lede-gelde reeds in November 1915 deur die vroue op Utrecht betaal is, dui daarop dat die tak reeds in November 1915 ontstaan het, en nie in Januarie 1916 soos die feesbros-jure aflei nie.

Hierdie laaste berig oor die ledegeld wat deur die Utrechtse vroue in November 1915 betaal is, korreleer dus met die berig in De Afrikaner van 21 April 1916 (1916:5) wat verklaar dat die tak op Utrecht op 13 November 1915 tot stand gekom het en hierdie datum kan dus as die takstigtingsdatum van die NCVV-tak op Utrecht aanvaar word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die vroue van Utrecht was nie net polities betrokke nie, maar ook tot liefdadigheid geïnspireer. Die behoefte aan 'n liefdadigheidsvereniging het voorrang geniet. Uit berigte wat in De Afrikaner van 21 April 1916 (1916:5) verskyn het en ook uit die ongedateerde Neethling-inligtingstuk, blyk dit dat die Nasionale Party deur 'n organiseerder van die party in die Transvaal, mnr Olivier, en die NVV deur mev Dorothea Kemp van Dundee by die stigtingsvergadering verteenwoordig was. Mev Kemp pleit op hierdie vergadering vir 'n liefdadigheidsvereniging wat hom ten doel sou stel om nie slegs hulp aan die behoeftiges te verleen nie, maar ook opheffingswerk onder hulle te verrig. Mnr Olivier, daarenteen, het vir 'n vroue-tak van die Nasionale Party gepleit. Verskeie van die mans in die vergadering, naamlik dr Niemeyer, mnr J J Potgieter en mnr P L Uys junior, het die dames egter aangeraai om die politiek te vermy aangesien daar reeds soveel onenigheid en bitterheid onder die Afrikaners bestaan het. Die aangeleentheid is tot stemming gebring en volgens mej Neethling is daar met 'n meerderheid van 13 stemme besluit om 'n liefdadigheidsvereniging te stig. Mev I Bierman was die eerste voorsitter, en is later deur mej E J Neethling opgevolg. Op 12 Februarie 1916 het die vereniging luidens De Afrikaner van 21 April 1916 'n basaar gehou waar, volgens die Neethlingstuk, die mooi bedrag van driehonderd pond ingesamel is.

Alhoewel die liefdadigheidsdoelstelling bo dié van die politiek gehandhaaf is, was daar weer eens politieke woelinge rondom die NVV. Volgens die NCVV, Die Eerste Skof (1965:19) was baie mense gekant teen die "N" in die benaming van die NVV, aangesien dit vir "Nasionaal" sou staan, en is die groei van die vereniging daardeur gestrem.

Die betrokkenheid van mans by die Natal Vrouwen Vereniging word ook in die bedrywighede van die Utrechtse tak weerspieël. Volgens die NCVV, Die Eerste Skof (1965:19) het die "... ooms as voorstanders opgetree en 'n jaarlikse bydrae in die vorm van 'n subskripsie in die kas gestort. Die ooms het ook gehelp om die basaartafels leeg te koop". Die mans was ook betrokke by die stigting van die Utrecht-tak en het die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vroue beïnvloed om liewer op die gebied van liefdadigheid as op die gebied van die politiek betrokke te wees. Hierdie houding van die mans blyk ook uit die korrespondensie wat in De Afrikaner van 1915 tydens die stigting van die NVV verskyn het en wat onder 2.3.2 bespreek word. In hierdie briefwisseling het die mans die wenslikheid van mev Dorothea Kemp se betrokkenheid by die politiek sowel as die NVV bevraagteken. Die mans het egter voortgegaan om die Afrikaner in Natal se belange op die politieke terrein te behartig, terwyl die vroue die liefdadigheidsterrein gedek het.

(c) Vryheid

Die vierde en laaste tak, wat in 1915 gestig is, is die Vryheid-tak. Dié tak is met 41 lede op 14 Desember 1915 gestig (De Afrikaner 21 April 1916:5). Volgens die NCVV, Die Eerste Skof (1965:15) is die tak op Vryheid eers in 1937 gestig, maar in dieselfde uitgawe (1965:27) berig mev S J de Klerk dat sy reeds in 1924 by die Vryheid-tak aangesluit het. Daarby word daar reeds in De Afrikaner van 26 Oktober 1915 berig dat mev Van Reenen van Vryheid teenwoordig was by 'n vergadering van die Natal Vroue Vereniging te Dundee. Uit laasgenoemde kan dus afgelei word dat die tak op Vryheid in alle waarskynlikheid reeds in 1915 gestig is. Geen verdere inligting oor die tak is bekend nie.

(d) Ladysmith

Daar is ook onduidelikheid oor presies wanneer die Ladysmith-tak gestig is. Volgens De Afrikaner van 21 April 1916 (1916: 5) blyk dit asof dié takstigting in die tydperk na die ontstaan van die vierde tak te Vryheid op 14 Desember 1915 en voor die eerste NVV kongres op 4 April 1916, moes plaasgevind het. Die vermelde berig verklaar dat, nadat die vierde tak te Vryheid gestig is, takke ook op Ladysmith en Kingsley tot stand gekom het en dat daar gehoop word dat takke te Pietermaritzburg, Durban, Weenen, Winterton en Newcastle gestig sou word. Die stigting van die Ladysmith-tak moes dus of na 14 Desember 1915 of aan die begin van 1916 plaasgevind het. Dit

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

is dus onwaarskynlik dat die Ladysmith-tak volgens die NCVV, Die Eerste Skof (1965:17, 22) in Oktober 1915 tot stand kom gekom het.

Volgens die NCVV Die Eerste Skof (1965:17), was mev Wepenaar van Harrismith betrokke by die stigting van die tak, terwyl mev Murray die eerste voorsitter was. Die NVV taklede was van die begin af betrokke by Ladysmith se gemeenskap. Volgens 'n berig in die NCVV Die Eerste Skof (1965:22) het die vroue van Ladysmith omgesien na die karige salarisse wat predikante in Natal, weens die klein hoeveelheid Afrikaners daar teenwoordig, ontvang het. In dieselfde uitgawe (1965:17) word ook verklaar dat die NVV van die begin af vir die NG Kerk gewerk het. Ter stawing hiervan word berig dat bydraes onder meer gemaak is vir die aanbou van 'n nuwe kerk en die aankoop van 'n orrel.

Die lede het nie slegs op kerklike gebied nie, maar ook op opvoedkundige gebied 'n bydrae gelewer. Skoolboeke en skooluniforms is aan behoeftige kinders voorsien. Die Ladysmith-tak was nóu verbonde aan die politieke lewe van die Afrikaner. Een van die eerste take wat hierdie tak onderneem het, was om 'n kransie na Pretoria te stuur vir die herbegrafnis van Jopie Fourie, 'n politieke figuur.

Die NVV-tak te Ladysmith was op die behoeftes van die Afrikaner binne NG Kerk verband ingestel. Hierdie ingesteldheid stem ooreen met die werk wat deur die takke van die vereniging op die ander Natalse dorpe, soos Dundee en Utrecht, gedoen is. Die NVV was dus 'n gemeenskaporganisasie bestaande uit vroue wat die behoefte aan 'n Afrikaanse liefdadigheidsorganisasie vervul het, deur te kon voorsien in mede-Afrikaners se welsyns- en kulturele behoeftes.

(e) Kingsley

Die laaste tak wat voor die NVV kongres op 13 April 1916 te Dundee tot stand gekom het, was die tak van Kingsley.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tydens die eerste kongres van die NVV word daar in die verslag in De Afrikaner (21 April 1916:5) verwys na die NVV-tak wat toe reeds te Kingsley gestig was. Geen datum word verskaf nie, maar die stigting moes vroeg in 1916 plaasgevind het. Volgens die NCVV, Die Eerste Skof (1965:8) het die tak as gevolg van die afstigting van die Utrecht-tak ontstaan.

2.3.4 Die eerste Kongres van die Natal Vrouwen Vereniging (NVV)

Aan die begin van 1916 het die vroue van die Noord-Natalse Platteland se behoefte aan 'n Afrikaanse liefdadigheidsorganisasie gerealiseer met die totstandkoming van die Natal Vrouwen Vereniging. Hierdie vroue was begeesterd om takke deur die hele Natal te stig. Met die oog hierop, is daar 'n kongres vir 13 April 1916 belê.

Die eerste kongres van die NVV het op 13 April 1916 te Dundee plaasgevind. Die NCVV, Die Eerste Skof (1965:7, 8), De Afrikaner (21 April 1916:5) en die notule van die Zusterswerkgeselschap (1916) berig egter teenstrydig oor die presiese datum. In die NCVV, Die Eerste Skof word daar vermeld dat die NCVV se eerste kongres in 1915 te Dundee plaasgevind het, terwyl De Afrikaner (21 April 1916:5) weer berig dat "... Op 13 April werd het eerste kongres van de Natalse Vrouwe Vereniging gehouden te Dundee" wat daarop dui dat die kongres in 1916 moes plaasgevind het, aangesien die koerantberig sewe dae na die kongres verskyn het. Die notule, gedateer 4 April 1916, van die Zusterswerkgeselschap te Pietermaritzburg ondersteun laasgenoemde berig deur te verwys na die NVV kongres wat op 13 April 1916 te Dundee sou plaasvind en waarheen hulle twee afgevaardigdes, by name van mevv De Beer en Besselaar, sou stuur.

Volgens De Afrikaner (21 April 1916:5) het afgevaardigdes van Dundee, Greytown, Utrecth, Vryheid, Kingsley, Ladysmith en Pietermaritzburg die kongres bygewoon. Hierdie inligting

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

korreleer met die inligting wat behandel word in die afdeling wat oor die ses reeds bestaande takke gehandel het. Pietermaritzburg se tak het hulle kongresgangers vanuit die Zusterswerkgeselschap, wat reeds sedert 1912 bestaan het en dieselfde liefdadigheidsdoelstellings as die NVV gehad het, afgevaardig. Daar was ook 'n afgevaardigde van die Oranje Vroueverenigingvan die Vrystaat, wat daarop dui dat daar reeds interprovinsiale samewerking bestaan het.

Die eerste Hoofbestuur wat op hierdie kongres gekies is, het bestaan uit mev Odendaal as voorsitter, mev J J Kemp as visevoorsitter en mev A Jansen (jnr) as sekretaresse (De Afrikaner 25 April 1916:3). Ander lede was mevv De Beer, G Kemp, Maarskalk en Bierman. Mev Bierman word as tydelike voorsitter gekies aangesien mev Odendaal weens swak gesondheid afwesig was. Mev L Meyer van Ladysmith en mev L Zietsman van Vryheid, is ná die verkiesing van die hoofbestuur in die plek van mevv G Kemp en Maarskalk gekies, aangesien die hoofbestuur besef het dat Vryheid en Ladysmith nie op die hoofbestuur verteenwoordig word nie. Eersgenoemde twee dames het hulle onttrek van die hoofbestuur om plek te maak vir mevv Meyer en Zietsman.

Alle Hollandssprekende Afrikaners was welkom. Uit die beskrywingspunte blyk dit dat die bevordering van Afrikanerbelange die vernaamste doelwit van die NVV was. Die eerste beskrywingspunt was 'n onderwyskwessie wat op die verwaarlosing van Hollands gerig was. Daarin is geëis dat Hollands as voertaal in skole op 'n gelyke voet naas Engels geplaas moes word. Die tweede beskrywingspunt het oor Sabbatsontheiliging gehandel. Laasgenoemde was 'n groot probleem vir die Afrikaner, aangesien hulle as groep groot waarde aan die Bybelse gebod teen Sabbatsontheiliging geheg het. Die derde beskrywingspunt het rassekonflik as ondertoon gehad. Die lede het hulle daarvoor beywer om huwelike tussen wit en swart te laat verbied. Hierdie strydpunte sou die grondslag lê van toekomstige knelpunte in die Afrikanervolkslewe. Die latere kongresse van die NCVV sou as mondstuk dien om hierdie probleme onder die regering se aandag te bring.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die NVV se inslag was liefdadigheidsgerig, soos deur 'n berig in De Afrikaner van 21 April 1916 (1916:5) aangedui word. 'n Beroep is gedoen dat "De Zusters van al de takke hartlik zullen samen werken om tot nut van land en volk te zijn". Met 'n ledetal van ongeveer 300, het die NCVV reeds op daardie stadium honderd en sestig pond aan liefdadigheid bestee.

In De Afrikaner (21 April 1916:5), word berig dat die NVV hom nie met die politiek bemoei het nie, aangesien beide die Nasionale Party en die Zuid-Afrikaanse Party die NVV ondersteun het. Die NVV het egter 'n sterk patriotiese inslag gehad. Dit blyk onder meer uit die toespraak wat ds Odendaal by die kongres gelewer het, asook uit die dankbetuigings aan die Goewerneur-generaal in rade vir die loslating van politieke gevangenes. Hierdie insidente dui op die betrokkenheid van die Afrikanervroue in 'n patriotiese hoedanigheid by die politieke terrein.

Die hoop dat takke van die vereniging ook op Pietermaritzburg, Durban, Weenen, Winterton en Newcastle gestig sou word, is op hierdie eerste kongres van die NVV uitgespreek. Die vroue van Natal was begeesterd om hierdie vereniging uit te bou. Die verdere ontwikkeling van hierdie vrouevereniging sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

2.4 SAMEVATTING

Die Afrikanervroue in Natal het aan die begin van die twintigste eeu 'n behoefte aan 'n liefdadigheidsorganisasie ervaar, veral om die Afrikaner se belange op maatskaplike, kulturele en opvoedkundige gebied te behartig en te bevorder. Die armoede en ongeletterdheid van die Afrikaners, sowel as die politieke situasie in Suid-Afrika - waardeur Afrikaner nasionalisme aangewakker is - het tot die stigting van die liefdadigheidsverenigings bygedra.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Alhoewel die Zusterswerkgeselschap reeds in 1912 in Pietermaritzburg gestig is, het die Natalse Christelike Vroueverenigingeers bekend as die Natal Vroue Vereniging, amptelik op 4 September 1915 te Zuurfontein, naby Dundee, ontstaan. Daarna is takke te Greytown, Utrecht, Vryheid, Ladysmith en Kingsley gestig.

Die eerste kongres van die Natal Vrouwen Vereniging, tans die Natalse Christelike Vrouevereniging, het op 13 April 1916 te Dundee plaasgevind. Dit sou die begin wees van die uitbreiding, op provinsiale grondslag, van die NCVV in Natal. In die volgende hoofstuk sal die uitbreiding van die NCVV, in die tydperk 1916 tot 1940 bespreek word - voor die toetrede van maatskaplike werkers tot die diens van die NCVV.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

DIE ONTWIKKELINGSTYDPERK VAN DIE NATALSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING
- 1916 tot 1940 -

3.1 INLEIDING

Die ontwikkelingsfase van die Natalse Christelike Vroueverenigning (NCVV) wat in hierdie hoofstuk in oënskou geneem word, strek vanaf die tydperk na die eerste kongres op 13 April 1916 tot voor die indienstreding van die eerste maatskaplike werker van die NCVV in 1940. Die NCVV het in 1916, aan die begin van hierdie tydperk, nog as die Natal Vrouwen Vereniging (NVV) bekend gestaan. Die verandering van die benaming van die NVV na die van die NCVV, die Natalse Christelike Vrouevereniging word vir die eerste keer in 1917 aangetref. Hierdie naamsverandering het geleidelik plaasgevind en kan nie aan 'n spesifieke datum of besluit gekoppel word nie.

Die ontwikkelingstydperk wat hier ter sprake is, word gekenmerk deur die groot bydrae wat die NCVV vrywilliger gelewer het om die uitbreiding en voortbestaan van die NCVV te verseker. In hierdie stadium van die bestaan van die vereniging is slegs liefdadigheidswerk en geen maatskaplike werk verrig nie. Daar is ook vir die eerste keer in hierdie tydperk begin met die opleiding van maatskaplike werkers in Suid-Afrika.

Volgens McKendrick (1987:2) was die armblankevraagstuk in die tydperk tussen 1916 en 1940 die grootste enkele maatskaplike vraagstuk in Suid-Afrika. Hierdie vraagstuk het tot gevolg gehad dat, ten einde in die nood van die Afrikaner te kan voorsien, verskeie Afrikaner Hulporganisasies ontstaan het. In dié proses het Nasionale Rade vir welsynsorganisasies ontstaan wat ten doel gehad het om die werksaamhede van die betrokke liggame te koördineer en te affilieer (McKendrick 1987:12).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In hierdie hoofstuk sal die ontstaan van Afrikaner Hulporganisasies en Nasionale Rade bespreek word. Verder word op die ontwikkeling van NCVV takke gelet asook op die bydrae wat takke op kerklike-, opvoedkundige-, kulturele- en welsynsgebied in Natal gelewer het.

3.2 DIE ONTSTAAN VAN AFRIKANER HULPORGANISASIES EN NASIONALE RADE

Die stigting en die ontwikkeling van die NCVV het in 'n tydperk plaasgevind waarin verskeie Afrikanerorganisasies en Nasionale Rade tot stand gekom het. Ten einde die ontwikkeling van die NCVV in 'n beter perspektief te plaas, is dit belangrik om hierdie organisasies en Nasionale Rade se ontstaan te bespreek.

3.2.1 Afrikaner hulporganisasies in Natal

Hierdie organisasies het in Natal tot stand gekom in 'n tydperk waartydens die vlam van Afrikanernasionalisme hoog gebrand het, naamlik ná die Tweede Vryheidsoorlog en die Rebellie (Muller 1968:327). Die organisasies wat tot stand gekom het, was die Vrouwen Nationale Helpmekaarvereniging, die Saamwerkunie van Natalse verenigings en die Vroue Nasionale Party. Ook die ontstaan en voortbestaan van die NCVV in hierdie tydperk, is gekenmerk deur Afrikanernasionalisme.

Die presiese stigtingsdatum van die Vrouwen Nationale Helpmekaarvereniging is nie bekend nie, nietemin berig De Afrikaner van 7 April 1916 (1916:2) dat 'n Natalse takstigting van hierdie vereniging op 15 April 1916 te Middelrus in 'n skoolsaal sou plaasvind. Daar word met verskillende benamings na die organisasie verwys. Die mees algemene verwysing is die Natalse Vrouwe Helpmekaarvereniging (NVHV) (De Afrikaner 14 September 1917:3) of die Helpmekaarvereniging (De Afrikaner 26 Oktober 1917:3).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Alle dames, sowel Nasionale Partylede as Suid-Afrikaanse Partylede is uitgenooi om hulle by die vereninging aan te sluit. Die koerant wat oor die vereniging berig het, het beklemtoon dat politiek geen rol in die vereniging se doelstellings en werksaamhede speel nie. In 'n berig wat in De Afrikaner (26 Oktober 1917:3) verskyn het, is selfs gemeld dat die Helpmekaarvereniging die Afrikaners wat aan onderskeidelik die Nat-party (NP) en Sap-party (ZAP) behoort het, onder hierdie vereniging sal verenig. In die gedragskode van die NVHV is 'n beleid gehandhaaf van geen betrokkenheid op partypolitieke vlak nie, slegs die bevordering van Afrikanerbelange is as die doel van die vereniging beskou. Die Helpmekaarvereniging het hom nietemin daarvoor beywer om die rebellieskuld teen 10 November 1918, Afrikanerdag, af betaal te hê (De Afrikaner 9 Julie 1918:3).

Die werksaamhede van die NVHV (Natal Vrouwe Helpmekaar vereniging) en dié van die NCVV (Natalse Christelike Vroue Vereniging) het grootliks ooreengestem. Beide verenigings het basaars en verkopings gehou ter insameling van fondse vir behoeftiges (Die Afrikaner 1 Junie 1920:3). Maatskaplike euwels, byvoorbeeld drankmisbruik, is op die kongresse van hierdie verenigings aangespreek. As gevolg van die ooreenkomste wat daar bestaan het op die werks- en belangegebied van beide die NVHV en die NCVV, is daar by herhaling tydens die verskillende kongresse beroepe op albei die organisasies gedoen om saam te smelt. Afgevaardigdes van beide organisasies het ook wedersyds mekaar se onderskeie kongresse bygewoon (De Afrikaner 5 Maart 1918:2 en Die Afrikaner 4 April 1919:5). Hierdie kongresse het gevrees vir skeuring in Afrikaner-geledere indien die twee organisasies nie sou verenig nie. Die Afrikaner van 11 Maart 1919 (1919:2) berig as volg: "Die regvaardiging skijn 'n kleinlike bekrompenheid te wees, iets wat nie toegelaat moet word om die bowentoon te voer in die organisasie van kraggies in algemene belang vir ons volk nie." Ook Mev de Beer, stigterslid van die Zustersverwerkgeselschap en Presidente van die NCVV in 1919, het op die derde kongres van die NCVV versoek dat die twee verenigings

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

moet saamsmelt. Daar was egter verskille tussen die doelstellings van die twee verenigings. Mev B van der Merwe van die Nationale Vrouwen Helpmekaarvereniging het die Natal Vrouwen Vereniging op die 1918-kongres toegespreek en na die vernaamste verskille tussen die twee organisasies verwys (De Afrikaner 22 Februarie 1918:5). Die Helpmekaarvereniging het, volgens mev Van der Merwe, in die eerste plek vir die Afrikanervolk gewerk en nie vir die kerk, soos in die geval van die NCVV nie. Verder het mev van der Merwe die NCVV beskou as 'n vereniging wat hom in 'n beperkte area, Natal, met die geestelike en sedelike welvaart van die Afrikaner besig hou. Hierteenoor het die Helpmekaarvereniging se bedrywighede oor die hele Unie van Suid-Afrika gestrek.

Die twee verenigings het egter ten spyte van die ooreenkomste afsonderlik bly voortbestaan en nietemin geen noemenswaardige verdeeldheid onder Afrikaner geledere veroorsaak nie. Dit blyk egter asof die Helpmekaarvereniging op die lang duur meer op opvoedkundige dienste, en die Natalse Christelike Vrouevereniging meer op welsynsgebied, gekonsentreer het.

Die Saamwerkunie van Natalse verenigings, met advokaat E G Jansen as voorsitter, dr Besselaar as sekretaris en mev Mabel Jansen as korresponderende sekretaresse, se stigting is in De Afrikaner van 26 Junie 1917 (1917:3) aangekondig. Die komitee was in Pietermaritzburg gevestig.

Alhoewel die Saamwerkunie oorheersend Afrikaans georiënteerd was, is in Die Afrikaner van 15 Mei 1925 (1925:7) berig dat die vereniging oop was vir beide Afrikaans en Engelssprekende Natallers. In die berig is vermeld dat die Saamwerkunie uit ses-en-dertig takke bestaan het, met 'n ledetal van 1,500. Die ledetal het die debats- en Kristelike Jongeliede verenigings ingesluit. Die Saamwerkunie het sy doelstelling as volg geformuleer: "om Christus Koning te maak". Die lede van die Saamwerkunie het hulle beywer vir die bevordering van die geestelike- en sedelike ontwikkeling van diegene wat te oud vir die skoolbanke was.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die aktiwiteite wat aangebied is, was die volgende: Debatte waarin 'n kongres debatwisselbeker aan die wenner uitgeloof is; 'n Afrikaanse taaleksamen waarvoor 'n prys uitgeloof is; historiese wedstryde; 'n sangwedstryd; 'n notule wedstryd en 'n resitasiewedstyd waarvoor boekpryse toegeken is (Die Afrikaner 9 Maart 1923:3). 'n Beskrywingspunt waarin voorgestel is dat spaarsaamheidsklubs gestig moet word, is op die 1925-kongres te Wenen ingedien (Die Afrikaner 8 Mei 1925:2). In teenstelling met die NCVV, het die Saamwerkunie hoofsaaklik gekonsentreer op kultuur- en opvoedkundige gebied en 'n koördinerende rol tussen verenigings gespeel. Lede van die NCVV het ook aan die bedrywighede van dié organisasie deelgeneem.

In die tydperk vanaf 1928 tot 1931 verskyn daar gereelde beriggewing in Die Afrikaner oor die bedrywighede van die Saamwerkunie (20 Februarie 1931:7). Dit wil dus voorkom asof die vereniging tydens sy bestaan aktief by die gemeenskap betrokke was. In teenstelling hiermee was daar in dié tydperk feitlik geen beriggewing oor die NCVV nie.

In die tydperk vanaf 1916 tot 1940 het ook die Vroue Nasionale Party (VNP) in Natal ontstaan (Die Afrikaner 4 Mei 1920: 3). Mev Mabel Jansen, stigterslid van beide die NCVV en die Saamwerkunie en 'n bekende en uitstaande Afrikaner vrou in die geskiedenis van Natal, was met die totstandkoming van hierdie organisasie gemoeid. Hierdie groep vroue van die VNP het hulle vir die politieke regte van die vrou beywer wat daartoe sou lei dat vroue in Suid-Afrika in 1930 stemreg verkry het (Lambrechts en Theron 1959:121). Op die vierde kongres van die Vroue Nasionale Party in Natal in 1926, is die Party se lede onder meer aangemoedig om nie die leiers blindelings te volg nie, en om te waak teen materialisme. Beide die Vroue Nasionale Party en die NCVV, het ontstaan uit Afrikanervroue en altwee organisasies het die Afrikaner se belange probeer bevorder.

Alhoewel die NCVV nie as organisasie by die politiek betrokke was nie, was sy lede wel betrokke by die Nasionale Party - 'n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

party wat oorwegend die Afrikaner se belange behartig het. Met behulp van hierdie twee organisasies, het die vroue van Natal in die tydperk vanaf 1916 tot 1940 'n bepalende rol gespeel in die handhawing en voortbestaan van Afrikanerbelange in Natal. Hulle het egter ook landwyd met oorkoepelende Nasionale Rade geskakel.

3.2.2 Die ontwikkeling van Nasionale Rade

'n Belangrike gebeurtenis in die verloop van die geskiedenis van die NCVV, was die totstandkoming in 1920 van die Federale Vroueraad, die oorkoepelende liggaam vir die vier sustersverenigings, die ACVV, SAVF, OVV en die NCVV. Die OVV het die reëlings getref vir die byeenkoms wat sou lei tot die totstandkoming van die Federale Vroueraad.

Volgens Die Afrikaner van 13 April 1920 (1920:5) het mev Mabèl Jansen die NCVV by die byeenkoms verteenwoordig. Op die vyfde kongres van die NCVV op 24 Maart 1920 in Durban, het die NCVV besluit om aan te sluit by die "Vrouwe Federale Raad" wat op 18 Februarie 1920 tot stand gekom het. Volgens dié koerantberig was die Vroue Federale Raad "... 'n liggaam waarop elke vrouwe vereniging in Suid-Afrika kan vertegenwoordig word, hoog noodsakelik vir die vooruitgang van die werk van die vrouwe van Suid-Afrika, daar sulk 'n Raad sal dien as 'n band om die kragte van die Vrouwe Vereniginge in Suid-Afrika same te bind in sake van algemene volksbelang." Die doel van hierdie vereniging was om as so 'n oorkoepelende liggaam te funksioneer.

Die ontwikkelingstydperk van die NCVV was veral gekenmerk deur die aandag wat gegee is aan die armblankevraagstuk. McKendrick (1987:12) beskryf twee ander maatskaplike probleme wat in hierdie tydperk ook aandag geniet het, naamlik die vraagstukke rondom die welsyn van die kind en die gestremde.

Takke van die Kindersorgvereniging en die Verenigings vir Blindes en Dowes het landswyd in Nasionale Rade verenig. In 1924 is die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg in

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die lewe geroep. In 1928 het beide die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Dowes en die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes tot stand gekom (Theron en Stulting 1961:67). Verder het die Nasionale Raad vir Kreupeles in 1939 ontstaan. Met die totstandkoming van hierdie Nasionale Rade is werkoorvleueling tussen welsynsorganisasies uitgeskakel. Volgens McKendrick (1987:12) het hierdie Nasionale Rade en Welsynsorganisasies, waarvan die NCVV ook deel was, die Regering gehelp om welsynsbeleid te bepaal.

Die vernaamste gebeurtenis in die ontwikkelingsfase op nasionale vlak van die NCVV, was die totstandkoming van die Departement van Volkswelsyn in 1937. Hierdie gebeurtenis is voorafgegaan deur die stigting van die Departement van Arbeid in 1924, wat ten doel gehad het om werk te genereer vir die armblankes (McKendrick 1987:11). Die armblankevraagstuk het direk tot die totstandkoming van die twee staatsdepartemente aanleiding gegee.

McKendrick (1987:12) skryf die probleemsituasie, wat as gevolg van die ongeveer 30,000 armblankes ontstaan het eerder toe aan die veranderde ekonomiese en sosiale strukture as persoonlike tekortkominge. In 1934 het daar, in reaksie op die Carnegie-verslag (1932) insake die armblankevraagstuk, 'n Volkskongres plaasgevind, wat tot die stigting van die Departement van Volkswelsyn sou lei.

By die kongres is aanbeveel dat daar enersyds 'n departement van sosiale welsyn in die lewe geroep moet word, en andersyds, dat daar verdere aandag gegee moet word aan die opleiding van maatskaplike werkers. McKendrick (1987:178) sê die volgende in dié verband: "White poverty and the activities of an Afrikaans women's organization, were the twin stumulants of social work education in South Africa.".

In Natal het die NCVV deur middel van die takstelsel gefunksioneer. Voor die eerste kongres wat op 13 April 1916 plaasgevind het, was daar ses takke van hierdie vereniging. Na hierdie kongres het die vereniging verder uitgebrei en is nog

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

takke gestig. Met 'n takstelsel word 'n betrokke vereniging saamgebind, om op 'n geordende wyse as welsynsorganisasie te funksioneer.

3.3 DIE ONTWIKKELING VAN DIE NCVV-TAKKE

Met die eerste kongres op 13 April 1916 van die Natal Vrouen Vereniging (NVV), die latere NCVV, het die vereniging reeds uit ses takke bestaan. Hierdie ses takke, naamlik Dundee, Greytown, Utrecht, Vryheid, Ladysmith en Kingsley, was in die Boeregemeenskappe van Noord-Natal geleë. Die Afrikanervroue van hierdie gemeenskappe was welsynsgeoriënteerd en gereed vir die uitbreiding van die NVV na die res van Natal.

In Pietermaritzburg, wat in die Middellande van Natal geleë is, het die Zusterswerkgezelschap reeds sedert 1912 gefunksioneer. As afgevaardigdes van hierdie vereniging, is mevv de Beer en Besselaar na die eerste NVV kongres gestuur. Tydens die eerste vergadering op Dinsdag, 2 Mei 1916 van die Zusterswerkgeselschap wat ná die kongres gehou is, word genotuleer dat die dames besluit het dat: "Met algemene stemmen word besloten, dat ons Werkgeselschap een tak van de NVV wordt, en voortaan die naam sal dragen."

Soos reeds vermeld het die benaming NVV gebly tot en met die notule van die Zusterswerkgewelschap, gedateer 18 Augustus 1917. In die nuwe notuleboek se binneblad word die naam van die vereniging as dié van die Natalse Christelike Vrouevereniging vermeld. Hierdie tak was die sewende tak van die NCVV.

In die 1919 kongresnotule van die NCVV is daar weereens melding gemaak van die verwydering van die term "Christelike" uit die benaming Natalse Christelike Vroueverenigging, maar is daar op dieselfde kongres daarteen besluit. Volgens Wiese (1985:35) dui die term "Christelike welsynswerk" onder meer op die algemene terrein van die Christelike, en nie slegs op die gebied van een kerk nie. Aanvanklik het die NCVV slegs onder lede van die NG Kerk gearbei. Aangesien takke van die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

NVV aanvanklik slegs in Noord-Natal, en later in Pietermaritzburg ontstaan het, is daar reeds op die tweede vergadering van die NVV, wat op 16 Oktober 1915 te Dundee plaasgevind het, besluit om NVV takke reg oor die hele Natal te stig (De Afrikaner 21 April 1916:5).

Nadat die Zusterswerkgewelschap van Pietermaritzburg by die NVV aangesluit het, het die volgende takstigting in Durban plaasgevind. Volgens Die Afrikaner van 5 Mei 1925 (1925:3), word die Durbanse tak as die agtste tak beskou. Die NVV takke het dus vanaf die boeregemeenskappe in Noord-Natal uitgebrei na die stedelike gebiede. Die presiese stigtingsdatum van die Durbanse tak is nie bekend nie, maar in De Afrikaner van 5 Maart 1918 (1918:2) word die moontlikheid geopper dat die Durbanse tak tot niet kan gaan weens die geskille wat daar tussen die kerk en die NVV bestaan het. As gevolg van hierdie geskille het mev de Beer van Pietermaritzburg hierdie tak besoek. Die geskille is uit die weg geruim en die tak is weer op die been gebring. Die Besters/Eendrag tak was die negende tak wat gestig is, en op 4 Julie 1918 is die tiende tak van die NCVV deur mev De Beer by Noodsberg gestig (De Afrikaner 12 Julie 1918:2).

Die stigting van die elfde tak op Newcastle word in Die Afrikaner van 13 April 1920 (1920:5) bekend gemaak. Die NCVV-takke is in Noord-Natal, Durban, Pietermaritzburg en hulle omgewings gestig. Die NCVV het nie na die suide van Natal uitgebrei nie. Die rede hiervoor is waarskynlik die feit dat die inwoners van daardie gebiede Engelsgeoriënteerdheid was, asook dat daar 'n gebrek aan permanensie van woonplek was, by die inwoners van die kusdorpe.

Die twaalfde tak het as die tweede tak in Pietermaritzburg ontstaan. Volgens die notule van die vergadering wat op 24 Februarie 1920 gehou is deur die reeds bestaande tak in Pietermaritzburg, het hierdie nuwe tak in die voorstad Prestbury ontstaan. Die tak is die Mayorswalk-tak genoem, na aanleiding van 'n straat met dié naam in die gebied. Hierdie stigting van 'n tweede tak in Pietermaritzburg dui op 'n hoë

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mate van belangstelling in die aktiwiteite van die NCVV in die hoofstad van Natal.

Die dertiende tak wat gestig is, was die Melmoth/Eshowe-tak. Met die negende kongres van die NCVV wat op 29 en 30 April 1925 te Newcastle gehou is, (Die Afrikaner 5 Mei 1925:3) het die NCVV reeds dertien takke gehad. Dit het 'n verdubbeling van takke beteken sedert die eerste NCVV kongres in 1916 gehou is. Die NCVV takke het vanaf Noord-Natal na die Natalse Middelland, Durban en Zoeloeland uitgebrei.

Daar was dus aanvanklik groot ywer vir die werksaamhede van die NCVV. Dit is egter 'n bekende verskynsel dat geesdrif van enige organisasie na die stigtingsentoesiasme afneem. In die notule van die Pietermaritzburg-tak, gedateer 7 Augustus 1917, en nadat die tak reeds vyf jaar bestaan het, blyk dit dat slegs 5 lede by die vergadering teenwoordig was. Daar is as volg genotuleer: "Breedvoerig wordt besproken wat gedoen kan worden om meer belangstelling op te wekken". 'n Kommissie, bestaande uit mevv Van der Westhuizen en Bekker, word in die lewe geroep "... wie alle traag opkommende leden zullen besoeken".

Voorbeelde van waar entoesiasme verminder het, is ook by die Eendrag/Besters-tak en die Vryheid-tak gevind. In Die Afrikaner (5 Mei 1925:3) word die afgevaardigdes na die 1925 kongres versoek om die Eendrag/Besters-tak te ontbind, terwyl klagtes ook ontvang is oor die trae bywoon van byeenkomste deur lede van die Vryheid-tak. Dié twee takke se gemiddelde aantal lede wat vergaderings bygewoon het, was vyf. Die swak bywoning van vergaderings, asook gebrek aan belangstelling in die aktiwiteite van hierdie twee takke, was die twee hoofoorsake vir hulle ontbinding.

Nietemin was daar in dié verband ook positiewe beriggewing. In Die Afrikaner van 27 Februarie 1925 (1925:3), word vermeld dat die Kingsley/Doringberg-tak "... 'n flukse tak is met 'n uitstekende jaar agter die rug!!". Tydens die kongres op Utrecht in 1928 word in Die Afrikaner van 20 April 1928

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(1928:1) berig dat die NCVV uit veertien takke bestaan. Volgens die NCVV, Die Eerste Skof (1965:18) het die tak van Glencoe in 1927 ontstaan. Melding word ook gemaak van 'n tak wat op Empangeni tot stand gekom het. Die ledetal van die NCVV was volgens die Utrechtse kongresverslag 402 in 1928. Die Ladysmith en Utrecht takke het die grootste aantal lede gehad, naamlik 60 elk. In 1930, tydens die dertiende NCVV kongres op Vryheid, word hierdie vereniging se ledetal as 414 gemeld. Daar was dus 'n geringe styging in die ledetal sedert 1928. Utrecht was die grootste tak in 1930, met 'n ledetal van 76.

Die laaste beskikbare inligting oor die stand van die NCVV takke in Natal in die tydperk 1915 tot 1940, word in Die Afrikaner, gedateer 24 April 1931 (1931:1), gevind. Die stigtingsdatums en die ledetalle van die verskillende takke word as volg aangedui:

- Tak nommer een, Dundee:(1915) 23 lede
- tak nommer twee, Greytown:(1915) In bogenoemde berig word vermeld dat die Greytown-tak in 1931 ontbind het as gevolg van te min belangstelling
- Tak nommer drie, Utrecht:(1915) 62 lede. Dit was die tak met die grootste aantal lede
- Tak nommer vier, Vryheid:(1915) 10 lede. Hierdie tak het ook na 1931 as gevolg van 'n gebrek aan belangstelling ontbind. Die NCVV, Die Eerste Skof (15) verklaar dat die Vryheid-tak in 1937 ontstaan het. Dit is egter foutiewe beriggewing en dit moes lui dat die tak weer in 1937 herontstaan het
- Tak nommer vyf, Ladysmith:(1915) 40 lede
- Tak nommer ses, Kingsley/Doringberg:(1916) 16 lede
- Tak nommer sewe, Pietermaritzburg:(1916) 23 lede
- Tak nommer agt, Durban: presiese stigtingsdatum onbekend 22 lede.
- Tak nommer nege, Besters/Eendrag:(1918) Die tak het op die negende NCVV kongres in 1925 'n versoek gerig om te ontbind

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Tak nommer tien, Noodsberg: (1918) 18 lede
- Tak nommer elf, Newcastle:(1920) 40 lede
- Tak nommer twaalf, Prestbury/Mayor's Walk:(1920) 32 lede
- Tak nommer dertien, Melmoth/Eshowe. Die Melmoth-tak : 24 lede. Die ontbinding van die Eshowe-gedeelte van die tak, word in die NCVV Hoofbestuursverslag in Die Afrikaner (24 April 1931:1) aangekondig. Die tak het ontbind na die dood van die voorsitter van die tak, mev ds Brink
- Tak nommer veertien, Glencoe:(1927) Daar is geen verslag in Die Afrikaner te vind oor hierdie tak nie. Die tak word slegs vermeld. In die NCVV, Die Eerste Skof (1965: 18), word berig dat die tak in 1927 ontstaan het en in 1935 ontbind het. Hierdie inligting kan moontlik korrek wees, aangesien die tak wel in 1931 volgens Die Afrikaner van 24 April 1931 (1931:1) bestaan het.
- Tak nommer vyftien, Empangeni. Volgens die berig in Die Afrikaner van 1931 het hierdie tak 28 lede gehad. Soos in die geval van die Glencoe-tak, is die presiese stigtingsdatum nie bekend nie. Die tak word egter vir die eerste keer in 'n kongresverslag vermeld wat in Die Afrikaner van 20 April 1928 (1928:1) verskyn het. In die verslag oor die negende kongres in 1925 te Utrecht (Die Afrikaner 5 Mei 1925:3) word geen melding gemaak van die Empangeni-tak nie, en die afleiding wat dus gemaak kan word, is dat die tak eers na 1925 ontstaan het.

Die takstigtingsperiode van die NCVV het dus vanaf 1915 tot 1928 gestrek . Geen berigte van takstigting in die tydperk na 1928 en tot 1940 kon in die Pietermaritzburg se argief of in die Pietermaritzburg koerant, "Die Afrikaner", verkry word nie. Daar is 'n aantal Hoofbestuursverslae in die argief oor die tydperk 1916 tot 1940, maar feitlik geen takverslae nie en die koerant "Die Afrikaner" is ook slegs beskikbaar in die Pietermaritzburgse biblioteek tot en met die kopieë van 1931. Dié koerant het in 1932 tot niet gegaan. Die enigste beskikbare notules is dié van die NCVV-tak, Pietermaritzburg (voorheen die Zusterswerkgeselchap).

Volgens die kongresnotules van die NCVV, het die takke, sowel as die ledetal, dus redelik stabiel gebly. In 1921 was daar

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

485 lede van die NCVV en in 1930 het hierdie getal tot 414 lede gedaal. Die daling in ledetal het egter nooit die voortbestaan van die NCVV in gedrang gebring nie. Daar was wel klagtes oor die lede se onbetrokkenheid en die swak bywoning van die vergaderings maar die nood van die Afrikanervolk in die depressiejare - en die vrywilliger se betrokkenheid in sy gemeenskap - het die voortbestaan van die NCVV verseker.

3.4 DIE BYDRAE VAN DIE NCVV OP KERKLIKE GEBIED

Die lede van die NCVV het binne takverband op veral die kerklike gebied 'n belangrike rol gespeel. Die NCVV is as 'n kerklike organisasie beskou en het vanuit die struktuur van die kerk gefunksioneer. Die betrokkenheid tussen die organisasie en die kerk word weerspieël in 'n notule wat gehou is van 'n vergadering van die Dundee-tak. Daarin is genotuleer as sou 'n spreker gesê het, dat dit 'n "... plezier (is) te sien hoe bereidwillig de zusters der gemeente waren saam te werken ten nutte voor onze kerk, en zij kan met genoeg haar dankbaarheid uitspreken" (De Afrikaner 1 Februarie 1918:1).

Die NCVV-lede is vanuit hul geloofsoortuiging tot liefdadigheidswerk gemotiveer. Hierdie verskynsel loop soos 'n goue draad dwarsdeur die geskiedenis van die NCVV. Elke vergadering, kongres en hoofbestuursvergadering is met skriflesing en gebed geopen. Uit die verslag oor die agtiende NCVV kongres wat op 23 en 24 Maart 1937 te Newcastle gehou is, blyk dit dat elke oggend-, middag- en aandsitting met skriflesing en gebed geopen is. In 1939 word berig "dat die liefde van Christus eers ons harte moet besiel voordat ons die liefde vir die groot werk van die NCVV kan besit" (NCVV Kongresnotule 1939). Predikantsvroue het tot 'n groot mate die leiding geneem in die werksaamhede van die NCVV. Predikantsvroue wat in die tydperk tot 1940 by die NCVV betrokke was, was onder andere: mevv De Beer, Pellissier, Odendaal, Snyman, De Vos, Hofmeyer, Brink, Schoon en Linde (NCVV, Die Eerste Skof 1965:26).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die verhouding tussen die NCVV en die NG Kerk was vanuit die staanspoor af nie duidelik genoeg gedefinieer nie. In Die Afrikaner van 8 April 1919 (1919:1) word berig dat die NCVV-takke onder die geestelike leiding van die kerkraad staan, maar dat hulle met die neem en uitvoering van besluite self-standig en onafhanklik is. Ds. Albertyn gee reeds op die 1922 kongres van die NCVV te kenne dat die Kerkraad van mening was dat die NCVV die kerk se werk uit sy hande neem. Hierteenoor het die NCVV lede verklaar dat hulle "... die orige jukskei van die kerkraad is" (Die Afrikaner 11 April 1922:4). Berigte van probleme tussen die NG Kerk en die NCVV is ook in die 1918 en 1919 kongresnotules gevind.

Ten spyte van die probleme wat ondervind is met die afbake-ning van werk, het die NCVV deur middel van fondsinsamelings-projekte die NG Kerk gesteun en gedra. Die verskillende takke het basaars en koekverkopings gehou en die geld wat so gegenereer is, is bewillig vir die sending en Bybelversprei-ding, asook die afbetaling van pastorieë, kerksale en kerke, soos in die geval van die gemeente van Greytown (Die Afrika-ner 7 Mei 1929:6) en Pietermaritzburg-Wes (Hoofbestuursnotule 1928). Volgens die taknotules van 1938 is die gemeente van Pietermaritzburg-Wes se gronde ook skoongemaak en 'n klavier is vir die saal aangekoop. Ook die Greytownse kerkbouprojek is gehelp en groot ondersteuning is aan die Greytownse kinderhuis verleen (NCVV Kongresverslag 1937). Die meelewing met die Greytownse kinderhuis het teweeg gebring dat die NCVV nooit 'n behoefte aan 'n eie Kinderhuis in Natal gehad het nie.

Die NCVV lede het nie slegs met hulle werkywer en fondsin-samelings die NG Kerk gesteun nie, maar ook op geestelike vlak 'n inset gelewer. In 1922 het die Pietermaritzburgse tak die volgende kongrespunte ingedien:

"- Deze kongres bespreke die toenemende laksheid by ons volk wat geestelike betreft en de kerk-losheid.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hieronder is:

(a) Binnekamer

(b) Huisgodsdienst

(c) Susters en gemeentelike biduren

(d) Openbare eredienst

- onzedelikheid onder die volk
- oordeel oor Kaartspelen en Danzen."

Hierdie besprekingspunte het herhaaldelik op die NCVV kongresse ter sprake gekom.

Alhoewel die NCVV dus vanuit die beginsels en oortuigings van die NG Kerk opgetree het, het dit nie slegs sy lede se belange op kerklike gebied behartig nie, maar ook 'n groot bydrae op opvoedkundige gebied gelewer, waarop vervolgens gelet sal word.

3.5 DIE BYDRAE VAN DIE NCVV OP OPVOEDKUNDIGE GEBIED

Die twee grootste probleme op opvoedkundige gebied onder die Afrikaners in Natal, was die lae onderwyspeil en die algehele gebrek aan Afrikaansmedium skole. Hierdie probleme is nie alleen deur die Engelse oorheersing in Natal veroorsaak nie maar ook deur die die armblankevraagstuk wat gedurende die depressiejare ontstaan het.

Die NCVV lede was bewus van hierdie probleme, aangesien daar reeds by die eerste kongres beskrywingspunte oor hierdie onderwerp was. Tydens die 1919 kongres (Die Afrikaner 8 April 1919:1), word berig dat die NCVV graag behulpsaam wil wees met die totstandkoming van 'n Afrikaans Medium skool in Pietermaritzburg. Mev Mabel Jansen het op 27 Maart 1919 hierdie beskrywingspunt by die NCVV-kongres van daardie jaar ingedien. Die ideaal was dat die Afrikaanse skool net so goed, of nog beter, as die Engelse skole moes wees. Afrikaanse skole met 'n hoë opvoedkundige standaard sou verengelsing van Afrikaanssprekende kinders teëwerk (Neon Augustus 1975:25).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die stryd om moedertaal-onderrig in Pietermaritzburg kan as voorbeeld gebruik word om die groot taak wat die NCVV op onderwysgebied verrig het, te demonstreer. Mev Mabel Jansen, die vrou van die latere Goeweneur-generaal van Suid-Afrika, was een van die voorste kampvegters vir moedertaal-onderrig. Sy het 'n fondsinsamelingsveldtog van stapel gestuur waarvan die opbrengste vir die stigting van 'n "Afrikaansche School" aangewend sou word. Hollandse taalvriende is versoek om tot hierdie stigting by te dra, terwyl mev Jansen self 'n toneelstuk "Afrikanerharte" geskryf en geregiseer het. Die NCVV het voorts 'n basaar gereël ter stuiwing van fondse.

In 'n werkstuk oor die Voortrekker Hoër Skool in Pietermaritzburg (datum onbekend:6), word vermeld dat dit "... meer male in ons Volksgeskiedenis gebeur dat die vrou die inspirasie verskaf het en self opgetree het. Die Natalse Christelike Vroueverenigingen het ook getoon dat die taalvraagstuk die moeders na aan die hart gelê het".

Op die 1924 kongres van die NCVV, het mev Jansen verduidelik dat sy en haar helpers alreeds meer as 400 pond ingesamel het vir die stigting van 'n Afrikaansmedium skool. Daar is egter van die plan om hierdie skool te stig afgesien, omrede hulle deur 'n eie Afrikaanse skool op te rig die onderwysdepartement sou dwarsboom en daarmee hulle saak skade aan sou doen. Die vroue was van oortuiging dat die Natalse Provinsiale Administrasie hulle saak simpatiek gesind was en daarom geduldig moet wag vir 'n positiewe antwoord. Dit sou later blyk dat die Natalse Provinsiale Administrasie van voornemens was om die Afrikaansmedium leerlinge tussen vier verskillende Engelsmedium skole te verdeel.

Die NCVV het, volgens die Voortrekker Hoërskool studiestuk (datum onbekend:6), om die volgende redes protes teen hierdie voornemens aangeteken:

"1. Dit sou beteken: verbrokkeling van kragte en ondoeltreffende opvoeding meebring, terwyl die Afrikaanse kinders ontneem sou word van voorregte wat die Engels-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sprekende kinders deur die land geniet het.

2. Dit sou die Afrikaanse kinders die voorreg ontneem om as 'n groep in een lokaal, soos die Engelssprekende kinders, hulle eie godsdiens oefening in hul eie taal te hê.
3. Die Afrikaanssprekende kinders sou daardeur in 'n minderwaardige posisie geplaas word.
4. Dit sou ontevredenheid en ontsteltenis onder die Afrikaanssprekende publiek veroorsaak en ook weersin onder die kinders vir die onderwys wek."

Die Administrasie word dan ook ernstig deur die NCVV versoek om sy besluit in heroorweging te neem en die griewe uit die weg te ruim wat samewerking tussen die Afrikaanssprekende bevolking en die outoriteite moeilik maak. Verder het die NCVV-lede die voortou geneem op die gebied van die onderwys deur, saam met die ouers van Afrikaanssprekende kinders, 'n versoek aan die Provinsiale Raad te rig ten einde 'n Afrikaansmedium skool te verkry. Nadat hierdie versoek ingedien is het die Natalse Provinsiale Administrasie bekend gemaak dat hulle die bedrag van 5,000 pond wat hulle vir die oprigting van 'n skool begroot het, vir die oprigting van 'n Afrikaansmedium skool in Pietermaritzburg sal gee.

Op Dinsdag, 2 Augustus 1927, het die eerste klasse hulle intrek geneem in die Afrikaansmedium skool in Mayorsweg, Pietermaritzburg. Daar was altesaam 106 primêre- en sekondêre leerlinge. Voortrekker Hoërskool in Pietermaritzburg bestaan steeds as 'n monument vir die lede van die NCVV wat hulle vir Afrikaanse moedertaal-onderrig beywer het.

Nie slegs die oprigting van Afrikaansmedium skole het op opvoedkundige gebied die aandag van die NCVV lede geniet nie, maar ook die <u>lae onderwyspeil van die Afrikanerkinders.</u> Laasgenoemde was veral te wyte aan die swak ekonomiese omstandighede van veral die Afrikaners gedurende die depressie-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

jare. Die lae opvoedkundige kwalifikasies van die verarmde Afrikaner het gelei tot 'n geringskatting deur die Engelssprekende gemeenskap van die Afrikaner se intelektuele vermoëns. Die lede van die NCVV het doelbewuste pogings aangewend om Afrikaners te leer lees en skryf. In die NCVV kongresnotules van 1939, word genoem dat 'n beskrywingspunt ingedien is waarin die onderwysowerhede versoek word om verpligte vry onderwys tot op standerd agt vlak in te stel. Reeds op die 1937 kongres van die NCVV is die moontlikheid bespreek van die totstandkoming van kleuterskole waarin die Afrikanerkind versorg, en sy opvoedkundige peil verhoog, kan word.

Die verskillende takke van die NCVV het groot finansiële bydraes tot die opvoeding van die Afrikaner gemaak. NCVV, Die Eerste Skof (1965:17), berig as volg daaroor: "Voordat boeke gratis in staatskole verskaf is, is leerlinge dikwels gehelp om die nodige boeke te bekom". Leerlinge is ook met die aankoop van die skooluniforms en kleurbaadjies gehelp. In die kongresnotules van byvoorbeeld 1919, 1925, 1927 en 1939, is die moontlikheid om beurse aan studente te verskaf nie alleen bespreek nie, maar ook toegestaan aan Hoërskoolleerlinge en Universiteits- en kollegestudente.

Hierdie hulp op opvoedkundige gebied is gesien as 'n voorvereiste vir die handhawing en die bevordering van die Afrikaanse kultuur. Hierdie oortuiging van sy lede, was ook die basis waarop die NCVV gefunksioneer het.

3.6 DIE HANDHAWING EN BEVORDERING VAN DIE TAAL, KULTUUR EN NORME VAN DIE AFRIKANER

Afrikaanssprekenheid was 'n vereiste om tot die geledere van die NCVV toegelaat te word en Engelssprekendes is dus nie toegelaat om by die organisasie aan te sluit nie. As gevolg van die meederwaardigheid van die Engelssprekende oor die Afrikaner in Natal en weens die armblankevraagstuk van die Afrikaner, was die lede van die NCVV vasbeslote om die Afrikaner se taal, kultuur en norme te beskerm en te bevorder.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die eerste stap om die Afrikaanse taal te bevorder, was die verkryging van Afrikaansmedium skole. Verskeie ander projekte ter bevordering van bogenoemde doel, is ook aangepak. Die Greytown-tak het byvoorbeeld in 1918 'n sogenaamde "Afrikaanse Aand" aangebied (De Afrikaner 29 Maart 1918:5). Kinders is aangemoedig om aan die Afrikaanse Taaleksamen deel te neem. In 1930 het die Hoofbestuur van die NCVV daarop klem gelê dat die lede van sy organisasie Afrikaans moet lees. Gedurende dieselfde jaar is 'n Taal- en Kultuur kongres op Vryheid gehou (Die Afrikaner 16 Mei 1930:1). Verskeie takke, byvoorbeeld dié van Newcastle, het in 1939 toneelstukke opgevoer (Newcastle-taknotule 1939). Mev Mabel Jansen het 'n Afrikaanse toneelstuk, getiteld "Afrikaner Harte", geskryf. Haar bydrae tot die bevordering van Afrikaans was uitsonderlik. Sy was vir jare die sekretaresse van die Saamwerkunie asook eksaminatrise vir die Afrikaanse taaleksamens (Die Afrikaner 12 Januarie 1923:2).

Die tydperk in Suid-Afrika waarin die NCVV ontwikkel het, was 'n tydperk wat gekenmerk is deur 'n landwye stryd en 'n strewe om Afrikaans as volwaardige taal erken te kry. Gevolglik is Afrikaans in 1925, as amptelike landstaal naas Engels erken (Grütter 1981:51).

Die bewaring en uitbreiding van die Afrikaanse kultuur hang ten nouste saam met die bevordering van die Afrikaanse taal. Die NCVV was tot 'n groot mate 'n Afrikaner kultuur-organisasie. Die Pietermaritzburg Mayor's Walk-tak verklaar dan ook in hulle notule van 1930 dat hulle beplan om die arbeidsveld van die NCVV uit te brei om meer aandag aan kultuursake te kan gee.

Beriggewing in 'n koerantuitknipsel wat in die Pietermaritzburgse argief gevind is (koerant onbekend), is 'n praktiese voorbeeld van die tipe werk wat deur hierdie organisasie verrig is. Hierdie berig handel oor die betrokkenheid van die NCVV by die herontdekte graffies van die twee Jordaankinders, wat op 3 Junie 1839 in 'n laerbrand van die Voortrekkers

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gesterf het. Die NCVV het naamlik, aldus hierdie berig, die graffies laat opknap, asook 'n gedenksteen geskenk, laasgenoemde wat op 3 Junie 1926 onthul is.

Op die twintigste NCVV kongres wat in 1939 gehou is, is aangekondig dat sosiale klubs gestig gaan word wat aan die Afrikaners die geleentheid sou bied om oor onderwerpe van kulturele aard ingelig te word (NCVV kongresnotules 1939). Die NCVV-lede is ook versoek om hulle deur woord en daad daarvoor te beywer om die politieke verdeeldheid onder die Afrikanervolk te verminder. Aangesien alle Afrikaners dieselfde kultuur deel, is gevoel dat daar ook op die gebied van die politiek geen verdeeldheid behoort te wees nie.

Vir die NCVV, het die handhawing van die Afrikanerkultuur die handhawing van sekere morele waardes en norme ingesluit. Beskrywingspunte op NCVV-kongresse het gespreek van die belangrikheid wat hulle geheg het aan die handhawing van Afrikaner norme.

- Op die 1918 kongres is jongmense gewaarsku teen die toenemende onsedelikheid wat onder die Afrikanervolk voorkom (De Afrikaner 5 Maart 1918:2).
- Moeders word gewaarsku teen dogters wat rook en laatnagpartytjies bywoon. Moeders moes "... niet schromen om deuren ten sluiten voor jonge mannen die wy weten niet goed van gedrag zyn" (De Afrikaner 5 Maart 1918:2).
- Onwenslike lektuur is ook verbied, waaronder "Turning Wheels" - wat die 1938 kongres versoek het uit die biblioteek gehou moes word (NCVV Kongresnotule 1938).

Die gevaar daaraan verbonde as 'n volksgroep sy eie belange probeer bevorder, het duidelik geblyk uit die rassisme wat onder Afrikaners ontwikkel het. Deur beskermend teenoor sy eie mense op te tree, soos veral gebeur het in die geval van die armblankes, het die Afrikaner homself begin sien as 'n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

uitverkore, superieure ras. Die NCVV kongresse het aan hierdie gedagtegang meegedoen deur te eis dat apartheidswetgewing ingestel moet word. Op die 1925 kongres (NCVV Kongresnotule 1925) is die gedagte geformuleer dat "... die Afrikaner een groot ideale wit suiwer ras moet word". Volgens die kongresbeskrywingspunte van die kongresse van die NCVV, was die probleme met die sogenaamde "naturelle" oneindig.

- In 1925 is versoek dat hulle nie op sypaadjies mag loop nie.
- "Manskaffers" moet nie in meisies se slaapkamers werk nie en die NCVV-lede moet nie firmas ondersteun wat "koelies" aanhou nie (Die Afrikaner 16 Maart 1928:8).
- Die NCVV lede was in 1938 gekant teen die saamwoon van Blank en Nie-blank.

Uit die sukses wat die NCVV gehad het met hulle eise vir apartheid, het die mag wat vroue het om as die gewete van 'n gemeenskap veranderings te weeg te bring, duidelik geblyk. Alhoewel apartheid die behoefte van die tyd was, was die NCVV egter steeds primêr 'n welsynsorganisasie wat ontstaan het uit die bewuswording van die nood van die Afrikaner op welsynsgebied.

3.7 DIE NCVV AS WELSYNSORGANISASIE IN DIE TYDPERK 1916 TOT 1940

Die NCVV het, soos reeds in die vorige afdelings bespreek, in die geval van sowel die Zusterswerkgeselschap as die eerste NCVV-tak op Dundee, as liefdadigheidsverenigings ontstaan, wat ten doel gehad het om na die hulpbehoewendes in die gemeenskap om te sien. Alhoewel die NCVV by die NG Kerk geaffilieer was, en op beide opvoedkundige as kulturele gebied na die Afrikaner se belange omgesien het, was die vernaamste doelstellings van die NCVV welsynswerk. Hierdie welsynswerk het die organisasie onderskei van ander Afrikaner Hulporganisasies.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Alhoewel Die Afrikaner van 22 September 1931 (1931:8) berig dat Natal die provinsie is wat die minste deur die depressie geraak is, blyk dit tog uit die geskrifte dat die Afrikaner in Natal baie hulp nodig gehad het. Die armblankevraagstuk het as gevolg van die depressie ontwikkel. Volgens 'n skrywe (ongedateerde:1) deur mev Jordaan was die omstandighede onder die Afrikaners van die depressiejare as volg: "In die groter stede soos Durban en Pietermaritzburg was hierdie mense verplig om in baie swak agterbuurtes huisvesting te soek daar hul lone te gering (was) om in beter woonbuurtes te woon. Daarom dat die doel vir die oprigting van die NCVV was, om 'n wakende oog te hou oor die Afrikaners wat uitsak en om hulle te help om hul selfrespek te behou of te herwin."

In Die Afrikaner van 31 Mei 1929 (1929:3), word verklaar dat daar twee soorte armblankes is: "... Bywoners of huurlinge - hulle verminder snel en word van die platteland afgedruk en grondeienaars, wat agteruitboer en deur die proses van verarming sit hulle nou in die agterbuurtes".

'n Verdere indeling van die armblankes word gevind in die notules van die Kerkvergadering van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Natal in 1917 (Notulen der Zes-en-veertigste Algemene Kerkvergaderings 1917). Hiervolgens word die armes in vier groepe verdeel naamlik "... Plaatsbewoners, dorpsbewoners, mynwerkers en spoorwegarbeiders". Die taak van die NCVV lede was gevolglik omvattend.

Dominee Hofmeyer verklaar by 'n Utrechtse takvergadering dat die liefdadigheidswerk van die NCVV verrig moet word "... onder 'n sinkende deel van ons volk wat gered moet word". Hierdie verarming is, volgens die berig, in Die Afrikaner (31 Mei 1929:3) deur twee faktore veroorsaak: "...Uiterlike faktore, byvoorbeeld droogtes en siektes; en Innerlike faktore, byvoorbeeld karaktertrekke soos lusteloosheid en oneerlikheid".

Hierdie faktore word op die 1922 NCVV kongres aangespreek (Die Afrikaner 11 April 1922:4). 'n Besprekingspunt is

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ingedien wat daarvoor gepleit het dat daar gepoog moet word om selfrespek by behoeftiges te kweek. Die mening is uitgespreek dat "... die ouers hopeloos is en dat dit slegs die kinders is wat gehelp kan word".

Volgens Eloff (1967:182), was materiële nood onder die Afrikaners in die tydperk 1929 tot 1932 sterk op die voorgrond gewees. Welsynswerk wat die NCVV in die tydperk 1916 tot 1940 gedoen het, het hoofsaaklik die verskaffing van materiële hulp behels. Die verskillende kongresnotules berig, ter voorbeeld, as volg daaroor:

- Finansiële hulp is gegee aan behoeftige weduwees wat hulle eggenotes tydens die griep-epidemie verloor het (1919) - ou klere en jasse is aan behoeftige kinders gegee (1919)
- Ruim bydraes is aan die Greytownse Kinderhuis gegee
- Huise is gebou vir arm gesinne (1938) en
- finansiële hulp is aan armes en siekes gegee (1920).

Hierdie hoofsaaklik finansiële hulp wat deur die NCVV verskaf is, is moontlik gemaak deur die fondsinsamelingsfunksies wat hulle gehou het, soos basaars of koekverkopings. Kontant bydraes ter stuiwing van die NCVV se fondse, is ook deur NCVV lede gemaak.

Huisbesoek is ook by armes gedoen. Geleidelik is daar egter tot die besef gekom dat materiële hulpverlening alleen nie genoeg is nie. Die behoefte om aan die arm Afrikaners professionele hulp te verskaf ten einde die oorsake van die maatskaplike wantoestande te diagnoseer en te behandel het mettertyd ontstaan.

McKendrick (1987:179) verklaar dat daar met die Carnegie verslag in 1932 aanbeveel is dat 'n metodologiese en objektiewe benadering nodig is ten einde die armoede te kan verminder. By die Volkskongres van 1934 is die behoefte aan opgeleide maatskaplike werkers weer eens beklemtoon. In Theron en Stulting (1961:98) word vermeld dat 'n sertifikaat

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vir maatskaplike werk aan die Universiteit van Kaapstad reeds so vroeg as 1924 verwerf kon word. Die Universiteit van Pretoria het eerste daartoe oorgegaan om in 1929 beide 'n BA graad en 'n diplomakurses in Maatskaplike Werk in te stel, gevolg deur die Universiteit van Stellenbosch in 1932, en die Universiteit Witwatersrand in 1937.

Reeds in 1928 (Die Afrikaner 20 April 1928:1), is die moontlikheid bespreek om 'n maatskaplike werker te kry om die N.G. predikant in Pietermaritzburg te help. In die Kaap was daar alreeds so 'n werker wat deur die Vrouesendingbond ses pond per maand betaal is. Die maatskaplike probleme was in daardie stadium alreeds van so 'n omvang dat Die Afrikaner van 1 Februarie 1929 (1929:1) maatskaplike probleme soos die vraagstuk van die verwaarloosde kind bespreek. As gevolg van die Carnegie-ondersoek in 1932, die Volkskongres in 1934 en die ontstaan van 'n volwaardige Departement van Volkswelsyn in 1937 (Theron & Stulting 1961:25), was die omstandighede gunstig vir die NCVV om 'n maatskaplike werker in diens te neem. Die maatskaplike probleme van die individu was van so 'n aard dat professionele maatskaplike sorg nodig was. Eloff (1967:185) verklaar in dié verband dat "... in die periode na 1934 die maatskaplike werk professie te doen gehad het met 'n persoon in 'n situasie."

Liefdadigheid alleen was dus nie meer genoeg nie. Woodroofe (1962:26) verklaar "Charity was the cause of the problem it sought to solve". Gevallewerk moes gedoen word`en maatskaplike sorg was nodig. Die Departement van Volkswelsyn het tydens die 1939 kongres verklaar dat die staat 'n 75% subsidie vir elke maatskaplikewerk-pos sal verskaf. Die maatskaplike klimaat, sowel as die finansiële bydrae van die staat, het gelei tot die indiensneming van die eerste maatskaplike werker deur die NCVV.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.8 SAMEVATTING

Van die eerste NCVV kongres in 1916, het die NCVV van 'n liefdadigheidsvereniging gegroei tot 'n volwaardige welsynsorganisasie, toe die eerste maatskaplike werker in 1940 in diens geneem is. Op hierdie tydstip was die NCVV gereed vir die indiensneming van 'n maatskaplike werker.

Die NCVV was in hierdie tydperk steeds deel van die NG Kerk en het op kerklike, kulturele en opvoedkundige gebied 'n groot bydrae gelewer ten einde die Afrikaner se belange te handhaaf en te beskerm. Die vereniging was egter by uitstek 'n welsynsorganisasie, wat deur middel van materiële hulp en geestelike bystand na die welsynbehoeftes van die verarmde Afrikaner omgesien het. Hierdie hulp was egter nie meer genoeg nie. Professionele maatskaplike hulp het nodig geword.

Die persone wat hulp ontvang het van die NCVV, moes leer om hulle probleemsituasie te hanteer. Hierdie maatskaplike probleme het as gevolg van die depressiejare, die nywerheidsontwikkeling asook industrialisasie ontstaan. Die indiensneming van maatskaplike werkers sou 'n nuwe era in die geskiedenis van die NCVV inlei.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

DIE TOETREDE VAN MAATSKAPLIKE WERKERS TOT DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE NCVV EN DIE BREUK TUSSEN DIE NCVV EN DIE NG KERK IN DIE TYDPERK VANAF 1940 TOT 1960

4.1 INLEIDING

Uit die geskiedenis van die NCVV blyk dit dat die twee belangrikste gebeurtenisse in hierdie organisasie se bestaan, naas sy ontstaan, die toetrede van maatskaplike werkers tot sy dienslewering, en die skeuring met die Nederduitse Gereformeerde Kerk (hierna genoem die NGK) was. Hierdie twee gebeurtenisse het in die tydperk vanaf 1940 tot 1960 plaasgevind, 'n tydperk wat op internasionale vlak deur die Tweede Wêreldoorlog, en op nasionale vlak deur die bewindoorname van die Nasionale Party, gekenmerk is. Anders as die Tweede Wêreldoorlog, wat in die tydperk vanaf 1939 tot 1945 verloop het en wat nie 'n betekenisvolle invloed op die NCVV uitgeoefen het nie, het die bewindoorname van die Nasionale Party in Suid-Afrika 'n baie definitiewe invloed op die werkinge van hierdie organisasie gehad.

Die NCVV het, volgens die notule van die 1940 kongres besluit om nie 'n bydrae tot die Goewerneur-generaalsfonds te maak nie. Uit hierdie reaksie kan 'n mens aflei dat hulle hul onbetrokkenheid by die oorlog verklaar het. Die lede van die NCVV het hul organisasie nie as 'n politieke organisasie nie, maar wel as 'n welsynsorganisasie beskou en hulle het hulleself dienooreenkomstig van internasionale gebeure gedistansieer. Hierteenoor het die bewindoorname van die Nasionale Party in 1948 (Cameron 1986:261) egter 'n groot invloed op die bedrywighede van die NCVV gehad. Die NCVV het, weens die lidmaatskap van sy lede aan die heersende party, toegang verkry tot die regering van die dag en kon so aanbevelings en versoeke rakende sekere aspekte maak of rig. Tydens NCVV kongresse is beskrywingspunte ingedien wat eise aan die Regering op ekonomiese, opvoedkundige en maatskaplike gebied gestel het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die tydperk vanaf 1940 tot 1960 was dus 'n baie belangrike een in die ontwikkelingsgeskiedenis van die NCVV as welsyns-organisasie. Gevolglik gaan dit breedvoerig behandel word. Weens die praktiese implikasies van 'n oormatige lomp hoof-stuk, sal die ontwikkeling van die takke van die NCVV, en die werksaamhede in hierdie tydperk van die vrywilligers van hierdie organisasie, afsonderlik in Hoofstuk 5 behandel word.

In 1940 het die NCVV reeds 24 jaar bestaan. As liefdadig-heidsorganisasie was die NCVV ryp vir die indiensneming van maatskaplike werkers. Nie net was opgeleide maatskaplike werkers beskikbaar in Suid-Afrika nie, maar die vrywilligers was ook daarvan bewus dat die omvang van die maatskaplike probleme sodanig was, dat die uitdeel van finansiële en materiële hulp alleen 'n onvoldoende oplossing was. Die toetrede van maatskaplike werkers tot die werksaamhede van die NCVV sou 'n nuwe dimensie aan hierdie organisasie se diensleweringsaksie verleen.

Die ontwikkeling van die NCVV na selfstandigheid, asook die toetrede van maatskaplike werkers tot die diens van die organisasie, het 'n geleidelike proses van skeuring tussen die NCVV en die NG Kerk laat ontstaan. In die volgende twee hoofstukke sal daar na hierdie aangeleentheid gekyk word, soos wat dit binne die tydperk vanaf 1940 tot 1960 ontwikkel het.

4.2 FAKTORE WAT BYGEDRA HET DAT MAATSKAPLIKE WERKERS TOT DIE DIENS VAN DIE NCVV TOEGETREE HET

Die maatskaplike faktore wat daartoe bygedra het dat maat-skaplike werkers tot die diens van die NCVV toegetree het, behels onder meer:

- die grootskaalse verarming van veral die blankes as gevolg van die jare van depressie;

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- die daarmee gepaardgaande maatskaplike probleme soos alkoholisme, werkloosheid, kindermishandeling en gesinsverbrokkeling;
- nywerheidsontwikkeling en industrialisasie wat tot verstedeliking gelei het.

Hierdie maatskaplike probleme het in die tydperk na 1940 professionele aandag vereis en daar was wel opgeleide maatskaplike werkers beskikbaar, wat in hierdie behoefte kon voorsien het.

Daarby het die ontwikkelinge op die gebied van die sielkunde, laasgenoemde wat 'n verpligte vak vir maatskaplike werkers is, hulle in staat gestel om gedragspatrone te bepaal en persoonlikhede te verstaan en te ontleed. Dit het meegebring dat maatskaplike werkers ook beter bekwaam was om die maatskaplike probleme in Natal die hoof te bied. Die feit dat die Departement van Volkswelsyn aangebied het om die salaris van elke maatskaplike werker wat deur 'n liefdadigheidsorganisasie aangestel is met 75% te subsidieer, het dit vir die NCVV finansieel moontlik gemaak om sodanige werkers in diens van die NCVV aan te stel.

Hierdie indiensneming van maatskaplike werkers deur die NCVV sou groot aanpassings van die vrywillige werkers verg. Tot en met 1940 het vrywilligers eie inisiatief geneem om alle individuele- en gemeenskapsprobleme self te hanteer. Die toetrede van maatskaplike werkers het uiteraard probleme tot gevolg gehad. Hierdie probleme, asook die bydrae wat die maatskaplike werker tot die werksaamhede van die NCVV gelewer het, word vervolgens bespreek.

4.3 GESKIEDENIS VAN DIE TOETREDE VAN MAATSKAPLIKE WERKERS TOT DIE DIENS VAN DIE NCVV

Die eerste maatskaplike werker, mejuffrou J C De Villiers, is volgens Hoofbestuurskorrespondensie op 1 Februarie 1940 aangestel. Die Hoofbestuur wou mej De Villiers nie op 1 Desember 1939 aanstel nie, aangesien al die lede van die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

NCVV dan met vakansie sou wees en daar as gevolg daarvan nie genoeg werk vir haar sou wees nie.

Die werksooreenkoms tussen mej De Villiers en die NCVV, soos in die Hoofbestuursnotule van 1940 aangeteken, word vervolgens aangehaal:

"(a) Een jaar op proef.
(b) Een maand kennis gee wedersyds.
(c) Ses weke vakansie gedurende die jaar.
(d) Een maand per jaar siekte verlof op volle betaling.
(e) Werk agt ure per dag. Saterdae vier ure.
(f) Werkster gee gespesifiseerde fakture vir reiskoste."

Hierdie ooreenkoms was 'n belangrike historiese moment in die geskiedenis van die NCVV. Die NCVV, as liefdadigheidsorganisasie, het vir die eerste keer professioneel tot sy reg gekom met die aanstelling in hulle geledere van die eerste maatskaplike werker.

Mej de Villiers se dienste by die hoofkantoor in Pietermaritzburg was, volgens die Hoofbestuursnotules, van korte duur. Mej de Villiers word op 28 Februarie 1941, weens botsende standpunte met betrekking tot dienslewering versoek om die diens van die organisasie te verlaat (Hoofbestuursnotules: 4 Julie 1936 tot 18 Junie 1941).

Aangesien die bestuursgroep van die NCVV gevrees het dat hulle die 75% staatsubsidie vir die maatskaplikewerk pos sou verloor, was die NCVV egter gretig om weer 'n maatskaplike werker aan te stel. Aan die einde van 1941 word mejuffrou Coetzee aangestel. Voordat sy egter die betrekking kon aanvaar, het sy van plan verander en op haar tuisdorp, Braamfontein, begin werk. As gevolg van hierdie vertraging in die aanstelling van 'n maatskaplike werker, het die NCVV die 75% subsidie van die Departement Volkswelsyn verloor.

Daarna volg 'n tydperk waarin daar baie verwisseling van maatskaplike werkers in diens van die NCVV was. Die Hoofbestuursnotules maak melding van twaalf verskillende maatskap-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

like werkers alleenlik in die tydperk vanaf 1948 tot 1955. As gevolg van onvolledige argiefmateriaal, ontbreek die korrekte voorletters by die meeste name van hierdie werkers en sal slegs die vanne kortliks genoem word. Die notules waarin melding gemaak word van die indiensneming van maatskaplike werkers, asook hierdie werkers se bedankings, is baie onvolledig. Daar is geen spesifieke lys in die argief van Pietermaritzburg beskikbaar met betrekking tot die indiensneming van maatskaplike werkers deur die NCVV beskikbaar nie. Gevolglik is die gegewens onduidelik en onsamehangend.

Hier volg 'n kort, chronologiese uiteensetting van beskikbare inligting oor die verskillende maatskaplike werkers in diens van die NCVV in die tydperk 1940 tot 1960:

- Op 1 Julie 1943 word mej Crause in Durban as maatskaplike werker verwelkom (Vrou en Moeder September 1943:25).
- Mej Nel word in die Kongresnotules van 7 Februarie 1944 vermeld.
- Die Durbanse Kerkraad was skynbaar ontevrede met die dienslewering van die NCVV en het, alhoewel daar 'n tak van die NCVV in Durban was waardeur hulle kon werk, twee maatskaplike werkers onafhanklik van hierdie organisasie aangestel. Hierdie was die begin van die breuk in die verhouding tussen die NCVV en die NG Kerk. Die name van die twee maatskaplike werkers wat aangestel is, is nie vermeld nie.
- In 1946 word mevrou Du Plessis as maatskaplike werker in Pietermaritzburg aangestel (Hoofbestuursnotule 13 Junie 1946).
- In 1947 is Mej Burger as maatskaplike werker by die organisasie verwelkom (Hoofbestuursnotule 5 Februarie 1947).
- In die Hoofbestuursnotules van 11 Junie 1947, is slegs gemeld dat 'n mej Pretorius bedank het.
- Mej de Kock is in 1949 aangestel. Sy was baie gewild maar bedank weer in dieselfde jaar.
- Mejj Stander en Dreyer word in 1951 aangestel (Kongresnotules 1951).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- In 1955 vind daar 'n werksdifferensiasie op hoofkantoor plaas en sowel 'n organiserende sekretaresse pos as 'n pos vir gesinsorg en groepsbestuur word bekend gestel. Volgens die Pietermaritzburgse taknotules was mev Adlam een van die maatskaplike werkers in 1956.
- Mevv de Lengt en Van der Vyfer is in 1958 vermeld as maatskaplike werkers in Pietermaritzburg en mev Marais word in die 1959 notules vermeld.

4.4 DIE HOË POSWISSELING EN DIE AANPASSINGSPROBLEME VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKERS

Die hoë mate waarop die maatskaplike werkers mekaar in diens van die NCVV afgewissel het, kan aan verskeie faktore toegeskryf word. Hoë morele en geestelike eise is aan die maatskaplike werkers gestel en as voorbeeld kan die versoek wat tydens die 1948 NCVV kongres ter sprake gekom het, naamlik dat maatskaplike werkers 'n Christelike agtergrond moet hê - wat impliseer dat sekere gedragspatrone van maatskaplike werkers verwag word, dien. Die maatskaplike werkers se persoonlike omstandighede was ook nie altyd gunstig nie en die Hoofbestuursnotules maak selfs melding van 'n buite-egtelike baba en 'n verkragtingsinsident.

Die hoë mate van poswisseling by maatskaplike werkers kon ook toegeskryf word aan die omstandighede dat getroude vroue nie in groot getalle buitenhuise arbeid in die tydperk 1940 tot 1960 verrig het nie en gevolglik uit hul maatskaplike werk poste bedank het indien hul in die huwelik getree het.

Wrywing en konflik het tussen die maatskaplike werkers en die vrywilligers het aanpassingsprobleme vir die maatskaplike werker veroorsaak. Dit het gevolg op die feit dat die maatskaplike werkers oor teoretiese kennis beskik het wat onder meer daartoe gelei het dat die omskakeling van die NCVV van 'n liefdadigheidsvereniging na 'n welsynsorganisasie toe vereis is. Verder het die vrywilligers se groter mate van kennis en ervaring betreffende die onderskeie gemeenskappe, sowel as die gesagstruktuur van die NCVV, waarbinne die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

maatskaplike werkers aan die vrywilligers ondergeskik was, ook wrywing veroorsaak het.

Met verloop van tyd het die verhouding tussen die maatskaplike werkers en die vrywilligers verbeter. In 'n toespraak gelewer tydens 'n Federale Vroueraad kongres waarby die NCVV ook betrokke was, verklaar 'n spreker dat die grondbeginsel van moderne maatskaplike werk bestaan uit die samewerking van maatskaplike werkers en vrywilligers om maatskaplike toestande te verbeter (Verslag van FVR kongres 1956:136). Voorbeelde van wedersydse aanvaarding en die buigbaarheid wat mettertyd ingetree het, blyk uit die volgende insidente:

- Op die 1944 kongres versoek die lede van die NCVV 'n kursus wat, deur die maatskaplike werkers, aan die vrywilligers aangebied moet word. Daardeur het die vrywilligers erken dat hulle kennis en leiding nodig het vir die werk wat hulle as lede van die NCVV moet verrig.
- In 1946 vra die Pietermaritzburgse tak vir samesprekings met die maatskaplike werker, mej Du Plessis ten einde enersyds werksaamhede te koördineer en andersyds vir meer doeltreffende dienslewering te beplan. Die noodsaaklikheid vir maatskaplike werkers word weer eens besef.
- Tydens 'n vergadering van die Pietermaritzburgse tak (6 November 1957) is die leiding van die maatskaplike werker aangaande kantoorwerk, die insameling van fondse en klubwerk versoek.
- Mevrou Lombard, eggenote van 'n predikant en een van die NCVV vrywilligers, se erkenning van maatskaplikewerkteorieë, blyk uit haar verklaring dat "... gesinsbesoek 'n diagnose ... en klubwerk 'n behandeling (is)".

Nadat 'n maatskaplike werker in Pietermaritzburg se hoofkantoor onder meer 'n leggerstelsel vir 23 behoeftige gesinne ingestel het, word sy volgens die taknotule van die Pietermaritzburgse tak (4 Desember 1946) deur ds Pretorius as volg bedank: "... die NCVV baat deur haar opleiding, haar ondervinding en haar gevoel vir haar mede-Afrikaner. Sy beskou hulle nie enkel as gevalle nie. Sy is in besit van 'n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

deeglike kennis van die Afrikaanse volk, sy agtergrond en hulle het haar hulp en leiding nodig". Die werk van die maatskaplike werker is weliswaar nog steeds gesien binne die konteks van die sogenaamde opheffing van die Afrikaner, maar haar leiding is toenemend aanvaar.

Die vrywilligers het ook die noodsaaklikheid van hulpmiddels vir die maatskaplike werker se dienslewering besef en, met die aanskaffing van 'n afrolmasjien en die verkryging van 'n fiets as 'n vervoermiddel, het hulle dit probeer voorsien (Hoofbestuursnotule 25 Februarie 1947). Die bestel van 'n motor vir die maatskaplike werkers was 'n verbetering op die fiets as 'n vervoermiddel (Hoofbestuursnotule 27 Mei 1953).

Waardering vir die professionele dienste van die maatskaplike werker kom in die 1948-kongres verslag voor, waarin versoek word dat 'n tikster vir die hoofkantoor aangestel moet word sodat die maatskaplike werker se tyd hoofsaaklik vir opheffingswerk benut kan word. Die maatskaplike werker het toenemend vrymoedigheid verkry om hulp te versoek en bestaande omstandighede te kritiseer. So byvoorbeeld maak mej Dreyer, volgens die 1951 Hoofbestuursnotule, beswaar teen die onvoldoende tyd wat, as gevolg van 'n oormaat van hoofkantoor-administrasie vir maatskaplike werk beskikbaar is. Tydens die 1951-kongres te Newcastle, versoek dieselfde mej Dreyer dat nog 'n maatskaplike werker aangestel moet word.

Die Volkswelsynbeampte het ook daartoe bygedra dat maatskaplike werk as 'n professie gegroei het en vir die vrywilliger aanvaarbaar gemaak is. Volgens die Hoofbestuursnotules van 17 Februarie 1953, het mnr Beckwart, die volkswelsynbeampte, sy ontevredenheid oor die dienslewering van die maatskaplike werker uitgespreek. 'n Besluit is toe deur die lede van die Hoofbestuur geneem en "... aan die werkster is opdrag gegee om twee uur per dag op kantoor te wees en die res van die tyd moes sy aan die takke se takwerk bestee".

Vrywilligers van die NCVV het gewoond geraak aan die professionele kennis van die maatskaplike werkers en was daarmee

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gediend gewees. As voorbeeld kan 'n referaat gemeld word wat tydens die 1952 kongres oor gesinsorgwerk gelewer is. In hierdie tydperk na 1952 is daar berigte van gesinsorgkomitees, bestaande uit vrywilligers wat onder die leiding van die maatskaplike werkers tot stand gekom het. Hierdie gesinsorgkomitees het verbeterde en gekoördineerde dienslewering tot gevolg gehad en volgens 'n ongedateerde notule van 'n gesinsorgkomitee word die totstandkoming van een van dié komitees as volg gemotiveer: "Hierdie komitee verkry fondse van die verskillende takke en daaruit moet materiële hulp verleen word. 'n Uitvloeisel van die komitee is dat die NCVV meer selfstandig is en nie meer afhanklik van ander verenigings om hulp aan ons kliënte te verleen nie".

Die toetrede van maatskaplike werkers tot die diens van die NCVV het 'n deurslaggewende verskil in die geskiedenis van die NCVV gebring. Die invloed van die maatskaplike werkers het veroorsaak dat die NCVV, wat as liefdadigheidsvereniging ontstaan het professionele status verkry het. Die NCVV het van 'n liefdadigheidsorganisasie tot 'n welsynsorganisasie gegroei en sou onafhanklik van die NG Kerk kon voortbestaan. Alhoewel daar nooit 'n lynregte botsing tussen die NCVV maatskaplike werkers en die NG Kerk was nie, het die maatskaplike werkers nietemin 'n groter mate van selfstandigheid van die NCVV as welsynsorganisasie geëis.

4.5 DIE VERHOUDING TUSSEN DIE NCVV EN DIE NG KERK

Die NCVV is deur vroulike lidmate van die NG Kerk gestig. Soos reeds in hoofstuk twee geblyk het, het die NCVV as 'n liefdadigheidsorganisasie, en nie as 'n kerklike beweging ontstaan nie. Die Afrikanervroue wat met ander woorde hierdie vereniging gestig het, is nie deur die NG Kerk versoek om dit te doen nie, maar is deur hulle sosiale gewete aangespreek om dié vereniging tot stand te bring. Hierdie NCVV vroue het 'n Christelike gelowige ingesteldheid teenoor liefdadigheidswerk gehad. Die aanvanklike naam van die NCVV,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

naamlik die "Natal Vrouwen Vereniging", het dan ook binne 'n kort tydperk verander na die Natalse Christelike Vrouevereniging.

Ook die gemeenskap het die NCVV as 'n kerklike organisasie beskou. In die notule van byvoorbeeld die 21ste NCVV-kongres wat in Pietermaritzburg op 9 en 10 September 1941 gehou is, verklaar mev Allison, die burgermeestersvrou van Pietermaritzburg, tydens die opening van die kongres dat sy bly is "... om by 'n kerklike liggaam te wees".

Die algemene sinode van die NG Kerk was dankbaar vir die beskikbaarheid van vroue-lidmate wat liefdadigheidsgeoriënteerd was. Sedert die stigting in 1912 van die Zusterswerkgezelschap is dié dames as diakens gebruik, aangesien daar nie genoeg mans in die gemeente van Pietermaritzburg was wat beskikbaar vir die gemeentelike werk was nie.

Hierdie interafhanklike verhouding tussen die NCVV en die NG Kerk het egter uiteindelik op konflik afgestuur. Terwyl die NCVV besig was om in 'n onafhanklike welsynsorganisasie te groei en te ontwikkel, wou die NG Kerk daarenteen 'n welsynsaksie hê waaroor hulle as Kerk volledige beheer kon uitoefen.

4.6 FINALE BREUK TUSSEN DIE NCVV EN DIE NG KERK

Daar was, sover vasgestel kon word, in geen stadium voor 1953 enige werksafbakening of skriftelike ooreenkoms tussen die NCVV en die NG Kerk nie. Die twee instansies het mekaar goed aangevul en na gelang van die behoeftes van die onderskeie partye opgetree. Die koms van die maatskaplike werkers het ook geen noemenswaardige invloed op die verhouding tussen die twee organisasies uitgeoefen nie.

Met sy sterk infrastruktuur het die NG Kerk in Natal die nodige statuur aan die NCVV verleen ten einde 'n staanplek en 'n aanspraak in die Afrikanergemeenskappe in Natal te hê. Die vier sustersverenigings, die ACVV, SAVF, OVV en die NCVV

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- met die Federale Vroueraad as oorkoepelende liggaam - het landswyd met die NG Kerk saamgewerk. Net soos hulle aanvanklik saamgewerk het, het daar egter landswyd 'n geleidelike losmaking van hierdie interafhanklikheid tussen die vier sustersverenigings enersyds en die NG Kerk andersyds begin geskied. In dié verband meld Wiese (1985:13) dat die Christelike Maatskaplike Rade (CMR), die welsynsarm van die NG Kerk, reeds so vroeg as 1937 aan die Witwatersrand ontstaan het. In 1947 was daar reeds Christelike Maatskaplike Rade in die Transvaal, Kaapland en die Vrystaat en het die onderskeie Rade reeds vyftig maatskaplike werkers in diens gehad.

Wiese (1985:13) verklaar voorts: "Van toe af het hierdie organisasies wat die welsyndienste van die NG Kerk moes verrig, geweldig uitgebrei." Die kerkwet van die NG Kerk in Kaapland maak sedert 1949 amptelik voorsiening vir die bestaan van Christelike Maatskaplike Rade. Slegs in Natal was dit steeds die NCVV wat die NG Kerk se welsyndienste behartig het.

Op 11 Maart 1948 het daar landwyd samesprekings tussen die Federale Vroueraad, die oorkoepelende liggaam van die vier sustersverenigings, en die NG Kerk plaasgevind. Op hierdie samesprekings is 'n Skakelraad tussen dié twee instansies voorgestel. Die NG Kerk het die behoefte aan 'n eie vroueverenigingen uitgespreek. Die rede daarvoor was dat hy nie sy welsynswerk aan 'n organisasie wou toevertrou waaroor hy geen seggenskap gehad het nie. Die kerk was van oortuiging dat werksafbakening nie sy behoefte, naamlik om op alle terreine sy roeping uit te leef, sou bevredig nie. Tydens hierdie samesprekings het Dominee de Vos ook verwys na wat hy geglo het die Bybelse standpunt was, naamlik dat die vrou aan die man ondergeskik moet wees. Daarmee het hy probeer suggereer dat manlike predikante in beheer van die kerk se welsynsaksie moes bly.

'n Verdere probleem wat die NG Kerk tydens dieselfde samesprekings geopper het, was dat die lede van die vier vroueorganisasies aan verskillende kerke verbonde was. Nie almal

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat lede van die organisasies was, was noodwendig lidmate van die NG Kerk nie. Alhoewel erkentlikheid dus teenoor die vier vrouevereenigings uitgespreek is vir die groot bydrae wat hulle op die gemeenskapsterrein lewer, is vroue oor die hele Suid-Afrika versoek om deel te word van die sustersvereniging van die NG Kerk.

Die Federale Vroueraad was egter volgens die notule van die vergadering op 11 Maart 1948, nie daarvoor te vinde om ondergeskik aan die NG Kerk te wees nie. Die volgende redes vir hierdie besluit is aangegee:

- Die vier vroue-organisasies sou nie doeltreffend kon werk nie
- Uniale bande sou heel waarskynlik verdwyn
- Hulle status in die volkslewe en staatsdepartemente sou verdwyn
- Probleme sou rondom hulle vaste eiendomme ontstaan
- Dit sou nie in belang van die Afrikanervolk wees nie
- Daar het by hierdie raad twyfel bestaan of die Armsorg-raad die aangewese liggaam sou wees om mee te onderhandel oor die verhouding tussen die NG Kerk en die vier vroue-organisasies.

In 1949 neem die Federale Vroueraad die besluit "... dat hulle nie bereid is om hulle identiteit prys te gee nie, maar dat hulle te alle tye bereid is om die grootste mate van samewerking met die kerk te voer".

Op 'n Federale Vroueraad vergadering wat op 13 Junie 1950 te Bloemfontein gehou is, het die verhouding tussen die NG Kerk en die Vrouevereenigings as besprekingspunt op die tafel gekom. Daar word berig dat:

- die Oranje Vroueverenigingin die Vrystaat op 'n ooreen-koms wag
- die NG Kerk in Transvaal besluit het om sy eie kerklike Vrouevereenigings te stig, wat tot gevolg gehad het dat die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie onafhanklik was

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- die NCVV op 'n sinodale besluit wag ten einde tot 'n ooreenkoms te kom.

Die NCVV in Natal het egter 'n sterker motief as die ander provinsies se vrouevereenigings gehad om deel van die NG Kerk te bly. Hierdie motief was naamlik dat met die beperkte aantal Afrikaners wat in Natal gewoon het, die voortbestaan van twee vroue-organisasies moeilik voorsien kon word. Betrokkenheid by 'n NG-Kerkgemeenskap, en die gepaardgaande morele verpligting teenoor sodanige gemeente, sou dus prioriteit hê bo onafhanklikheid as welsynsorganisasie. Uit 'n 1958 Hoofbestuursnotule blyk vertoë wat die NCVV aan die NG Kerk gerig het as volg "Die NCVV moet dit duidelik aan die kerk stel dat ons die Kerk se Vereniging sal wees en dan moet die NCVV liewers die Federale Vroueraad se houding teenoor hierdie saak probeer verander".

In Natal sou die finale breuk tussen die NCVV en die NG Kerk eers in 1959 plaasvind. Volgens mnr Pierre Cronje - voorheen 'n predikant van die NG Kerk sowel as die eerste armsorg-sekretaris van die NG Kerk in Natal - kan daar nooit sprake wees van 'n finale breuk nie, aangesien die NCVV en die NG Kerk nooit werklik deel van mekaar was nie. (Persoonlike onderhoud, Kaapstad: Sondag 1 April 1990). Die mate van integrasie wat tussen die NCVV en die NG Kerk bestaan het, asook die samesprekings wat tussen die twee organisasies gevoer is, dui nietemin daarop dat daar wel 'n sterk verbondenheid was. Ter stawing van hierdie standpunt word 'n gedeelte uit 'n ongedateerde brief van mev Kaemingk, 'n NCVV hoofbestuurslid, aangehaal wat as volg lui: "Daar is 'n ooreenkoms getref en by my wete nog nooit opgehef nie". Dat die ooreenkoms skriftelik was, kon nie bevestig word nie.

Uit al die geskrifte het 'n band van noue interafhanklikheid tussen die NG Kerk en die NCVV geblyk. In 1940 reeds word berig dat die verhouding tussen die NCVV en die NG Kerk goed is. Op Utrecht het die NG Kerk selfs een dag van die gemeente se week van gebed vir voorbidding vir die NCVV afgestaan. Met die verwelkoming van mej Crause, die nuwe maatskaplike

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

werker in Durban op 1 Julie 1943 (Vrou en Moeder September 1943:25), verklaar ds Botha, een van die NG Kerk predikante, dat verskeie Kerke nie in Natal sou bestaan het nie as dit nie vir die NCVV was nie.

Nietemin was daar reeds vroeg in die geskiedenis van die twee instellings berigte van spanning. Die eerste werklike aanduidings van 'n breuk tussen die NG Kerk en die NCVV was egter eers waarneembaar in 'n berig wat vermeld het dat die Durbanse Kerkraad in 1944 twee maatskaplike werkers aangestel het wat onafhanklik van die NCVV sou funksioneer. Die bedrywighede van die NCVV in Durban het blykbaar nie meer in die behoeftes van die NG Kerk voorsien nie.

Volgens die Hoofbestuurskorrespondensie, gedateer 25 Mei 1948, het die NCVV ontken dat die organisasie met die NG Kerk wil breek. In 'n brief, gedateer 6 Junie 1948, stel die NG Kerk die verloop van die geskil tussen die NG Kerk en die NCVV uiteen. Volgens dié brief was een van die groot geskilpunte die staatsubsidie wat vir maatskaplike poste beskikbaar was. Die NG Kerk was van mening dat hulle dié subsidie reeds sedert 1941 van die Departement van Volkswelsyn ontvang vir administratiewe doeleindes - en nie vir die subsidiëring van maatskaplike werkers nie. Volgens alle beskikbare inligting blyk die NG Kerk verkeerd te gewees het. Die subsidiëring van maatskaplike werkers is aan die NCVV toegeken op grond van sowel hulle status as welsynsorganisasie as hulle indiensneming van maatskaplike werkers. Die NCVV het in 1940 die eerste maatskaplike werker indiens geneem en op daardie tydstip het die NG Kerk geen maatskaplike werkers in diens gehad nie. Daar het egter geen amptelike kontrak tussen die NCVV en die NG Kerk bestaan nie. Hierdie onduidelikhede het probleme veroorsaak.

Aan die begin van die vyftigerjare het die NCVV steeds geglo dat die organisasie deel van die NG Kerk sou bly. Op die 29ste kongres van die NCVV in 1950 is die moontlikheid selfs bespreek om "NG Kerk" voor die benaming van die NCVV in te

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

voeg. Aangesien die benaming te lank sou wees, is daar egter daarteen besluit.

Tydens die dertigste NCVV-kongres, op 18 en 19 April 1951, verklaar dominee Ebersohn in die openingsrede van die kongres dat die NG Kerk in Natal nie 'n eie vrouevereniging sal stig nie. Die NG Kerk was egter besig om homself geleidelik los te maak van die NCVV en het begin beweeg in die rigting van 'n eie vrouehulpdiens vir dié kerk. Die poging om van die NCVV weg te beweeg blyk duidelik uit die gewysigde konsep-ooreenkoms tussen die NG Kerk en die NCVV, gedateer 11 Augustus 1953. Die ooreenkoms is deur die NG Kerk opgestel en lui as volg:

"1. (a) Die NG Kerk van Natal se plig is om deur die Armsorg Kommissie van Kerkrade, Ringe en Sinodes, alle fases van armsorgwerk onder sy lede te behartig.

(b) Die NCVV as vereniging het die reg om alle aspekte van liefdadigheidswerksaamhede te behartig aan alle gevalle sonder uitsondering en afgesien van kerkverband.

(c) Volgens Sinodale besluit mag die Kerk geen Susters-vereniging stig nie, of deur so 'n vereniging sy armsorg werksaamhede verrig nie, maar wel deur 'n diakonesse hulpdiens.

(d) Die Kerk wil egter nogtans 'n goeie verstandhouding met die NCVV handhaaf.

2. Op grond van bogenoemde kom ons tot die volgende ooreenkoms:

(a) Die NCVV verrig as liefdadigheidsvereniging sy werksaamhede soos in die verlede, onafhanklik van die Kerk aan wie hy egter jaarliks verslag deur die Sinodale Armsorg Kommissie by die Sinode sal lewer.

(b) Wat egter die behartiging van die lidmate van die NG Kerk van Natal betref, beveel die Sinode by die Kerkrade aan om die lede van die NCVV takke wat binne hul grense mag bestaan, wat lidmate van die NG Kerk van Natal is, te benoem as 'n diakonesse hulpdiens in die gemeentes. Hierdie hulpdiens sal

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

subkommissies van die plaaslike Armsorgkommissies vorm en sal saam in oorleg daarmee die liefdadigheidswerk aan lidmate van die gemeentes verrig.

3. Verslae: Hierdie diakonesse hulpdiens lewer saam verslag en/of deur die Plaaslike Armsorgkommissies aan die Kerkrade.
4. Hierdie ooreenkoms vervang alle vorige en bestaande onderlinge reëlings van hierdie aard.

Alhoewel die NG Kerk met die opstel van die konsep-ooreenkoms in 1953 homself van die NCVV losgemaak het, is daar nogtans gepoog om die NCVV tegemoet te kom. Op die dorpe waar daar NCVV-takke bestaan het, sou die lede van die NCVV deel van die NG Kerk se diakonale hulpdiens wees en sou daar geen ander vroueaksie gestig word nie.

Hierdie besluit word ook omskryf in die grondreëls van die Armsorgraad van die NG Kerk van Natal in Durban wat, volgens Wiese (1985:10), as volg lui: "Twee afgevaardigdes primarii susters uit elke geaffilieerde gemeente benoem deur die kerkraad wat die diakonesse hulpdiens verteenwoordig. Waar daar 'n tak van die NCVV is, benoem die Kerkraad op voordrag van die NCVV twee lede van die NCVV as afgevaardigdes".

Die NG Kerk het reeds in 1953 'n Armsorgraad in Pietermaritzburg tot stand gebring. Probleme het met die NCVV ontstaan betreffende werksafbakening, maar na gesamentlike beraadslaging tussen die twee organisasies is daar voorgestel dat die Voortrekker- en Oribi-gemeentes deur die maatskaplike werker van die NCVV bedien sal word. Gesinsorgwerk moes weer by die Kerkarmsorgkommissie ingesluit word. Maatskaplike werkers in diens van die NCVV het groter professionaliteit en selfstandigheid aan dié organisasie verleen, wat 'n verdere oorsaak vir wrywing tussen die organisasie en die NG Kerk kon wees.

Op 19 November 1953 is die konsep-ooreenkoms van 1953 deur die NCVV se hoofbestuur bespreek, maar 'n finale uitspraak is nie gelewer nie. Die sinode van die NG Kerk het in 1954, en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die NCVV kongres tydens die 34ste NCVV kongres op 4 Mei 1955, die konsep-ooreenkoms aanvaar.

Na die aanvaarding van die konsepooreenkoms het een van die NCVV-lede op hulle 1955 kongres as volg verklaar: "Dames, ons wil graag ons Kerk dien na die beste van ons vermoë. Ons was nog nooit teen die Kerk gekant nie maar ons wil ons identiteit behou omdat ons daardeur ons Volk en Kerk beter sal kan dien". Die NCVV-lede wou klaarblyklik graag deel van die NG Kerk bly, maar was nie bereid om hulle eie identiteit prys te gee nie. Hulle het ook aan alle Protestante hulp verleen en nie slegs aan NG Kerk lidmate nie. Verder wou hulle finansieel onafhanklik wees. Die NG Kerk daarenteen, het 'n toenemende behoefte aan 'n eie vroue-hulpdiens gehad, ten spyte van die 1953 ooreenkoms.

Gedurende die jare 1953, tot en met die finale samesprekings in 1959, het die NCVV en die NG Kerk wat gesinsorgwerk betref op 'n ongedefinieërde manier saamgewerk. Die verhouding tussen die NG Kerk en die NCVV is weer eens op die 1956 NCVV kongres bespreek. Op dié kongres het ds Cronje van die Sinodale Armsorgkommissie verklaar dat "die NG Kerk die soewereiniteit van die NCVV sal erken, vertroetel en ondersteun en sal meehelp dat die NCVV hul selfstandigheid sal behou". Ds Cronje het egter die kongres ook meegedeel dat die Armsorgraad jeugsentrums in Durban en Pietermaritzburg wou oprig, asook 'n ouetehuis in Pietermaritzburg. Die NCVV is ook versoek om alle gesinsorgwerk wat in Pietermaritzburg deur die NCVV verrig word, na die Armsorgraad te verwys. Die NCVV het egter ten spyte van die optrede van die NG Kerk voortgegaan om die organisasie se normale dienste te lewer.

Na 'n NCVV Hoofbestuursvergadering, op 19 Februarie 1959, is lede van die NCVV gevra om aan die Hoofkantoor kommentaar in verband met die samewerking tussen die NCVV en die NG Kerk te stuur. In 'n ongedateerde brief van mev Kaemingk, een van die NCVV se Hoofbestuurslede, aangaande die kwessie dat die NG Kerk al sy vrouelidmate ipso facto lede van die Vrouehulpdiens wou maak, verklaar sy dat "... 90% van alle vroue niks

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(sal) doen nie al sou 'n engel uit die Hemel kom om 'n organisasie te stig. As almal ipso facto lid is, sal daar nooit 'n kworum wees nie".

Die finale samesprekings tussen die NG Kerk en die NCVV het op 7 April 1959 in die NCVV se hoofkantoor te Pietermaritzburg plaasgevind. Die NCVV se afgevaardiging het bestaan uit mevv H M Stander (voorsitter); E S Maarshalk (Vise Voorsitter); C S Botha; H Steenkamp; Von Wielligh en mev Van der Vyver (sekretaresse). Die afvaardiging van die NG Kerk het bestaan uit die Dagbestuur van die Sinodale Armsorgkommissie, naamlik, di Adler, Snyders en Cronje. Die samesprekings het die einde van die verbintenis tussen die NCVV en die NG Kerk ingelei. Met die totstandkoming van 'n eie vroue-hulpdiens vir die NG Kerk, het die rol van die NCVV binne die NG Kerk verdwyn.

Volgens die notule van die Spesiale Hoofbestuursvergadering van die NCVV, gehou op 7 & 8 April 1959 (1959:1), lui die NCVV se standpunt oor die samespreking as volg: "Die NCVV was nog ten alle tye bereid om kerkaangeleenthede te steun maar nou blyk dit dat die Kerk 'n Vroue-hulpdiens in die lewe wil roep. Ons is oortuig daarvan dat daar in Natal nie vir twee Afrikaanse Vroueverenigings met soortgelyke doelstellings plek is nie. Dit sal verdeeldheid van werkkragte meebring en moontlik ook verdeeldheid in gemeentes en dit kan die klein Afrikaanse Gemeenskap in Natal nie bekostig nie."

Uit hierdie opmerking is duidelik waar te neem dat die NCVV veronreg gevoel het deur die NG Kerk se houding teenoor hul organisasie, veral weens die feit dat die organisasie sedert sy ontstaan as liefdadigheidsvereniging, nou verbonde aan die NG Kerk was. Die werksaamhede van die NCVV is immers van die kansels van die NG Kerk gepropageer.

Die volgende voorbeelde van hoe die verbintenis tussen die NCVV en die NG Kerk verloop het, word in die Hoofbestuursnotule van 7 & 8 April 1959 (1959:2) vermeld. Hierdie voorbeelde sal deur argiefmateriaal en inligting wat uit die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

voorafgaande hoofstukke uiteengesit is, toegelig word. Die voorletters van die betrokke persone ontbreek in die inligting wat uit die NCVV, Die eerste skof 1915 tot 1965 verkry is. Die eggenote van predikante se voorletters verskyn nie, slegs die afkorting "ds" (NCVV, Die Eerste Skof 1965:26).

(a) Predikantsvroue, waaronder mevv de Beer, Pellisier, Odendaal, Snyman, Morgenthal, Koornhof, De Vos, Hofmeyer, Brink, Schoon, J Flemming, Linde, van Rooyen, van der Merwe, Lombard, Steyl, Ackerman, L Botha, Pretorius, Lourens, H Erlank, van den Heever, E Cilliers, A van Niekerk, Zeeman, du Toit, C A E Fourie, P Stander, Terburgh en Snyders, het óf as voorsitters van NCVV-takke opgetree, óf was by die verskillende takke betrokke, óf het as Hoofbestuurslede óf as Presidentes gedien.

(b) Die kerk het by verskeie geleenthede hulp van die NCVV ontvang, naamlik -

- Hulp aan Melmothgemeente;
- Hulp aan Wezagemeente;
- Geldelike hulp aan Mount Prospect en Ingogo gemeentes;
- Matte, orrels, doopbakke, gordyne is vir sommige gemeentes aangekoop;
- Die ontvangs en vertrek van dominees is deur die NCVV-lede behartig;
- Die NCVV-lede het diakonale werk verrig.

(c) Die NCVV het voluit aan kerkbasaars deelgeneem.

(d) Die takke het jaarliks ruimskoots tot die NG Kerk se Greytown kinderhuis bygedra.

(e) Uit die studieleningsfonds is studente wat vir predikante wou studeer, gehelp.

Lede van die NCVV se houding teenoor die NG Kerk word verder in die Hoofbestuursnotule van 7 en 8 April 1959 (1959:2) vermeld: "In daardie dae het die kerk die NCVV gebruik as hy iets gedoen wou hê. Waarom kan sy ons nie vandag as haar Vereniging gebruik nie. Ons vra min genoeg - die behoud van ons identiteit en beheer van ons fondse. 'n Ondergeskikte

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vereniging sal net moet optree soos haar hoofbestuur van haar verlang en sal geen erkenning van owerheidsweë geniet nie. Met 'n selfstandige vroueliggaam aan die kerk se sy sal sy eie saak soveel verstrek. Die NCVV sal bereid wees om werk te doen wat die kerk haar oplê. Hier is 'n liggaam - waarom wil die kerk haar nie gebruik nie. Iemand wat gebore en groot geword het in Natal weet dat twee Afrikaanse Vrouevereenigings in dieselfde gemeente om dieselfde soort werk te doen, nie kan bestaan nie. Een sal moet verdwyn. Dit help nie om aan die NCVV te sê dat hulle werk op prys gestel word en dat die noodsaaklikheid vir hulpdienste bestaan en dan 'n ander kerklike vroueverenigingte stig wat haar tog uiteindelik sal verdring. Al wat ons vra is gebruik ons, maar laat ons ons identiteit behou."

Die NCVV se misnoeë met die NG Kerk, wat oor 'n tydperk van vier en veertig jaar van die organisasie se dienste gebruik gemaak het en in 1959 van hulle ontslae wou raak, is verstaanbaar. Verder het die NCVV die standpunt ingeneem dat organisasies, ooreenkomstig die beleid van die Departement van Volkswelsyn moet koördineer ten einde oorvleueling uit te skakel. Daarenteen wou die NG Kerk 'n nuwe liefdadigheidsvereniging skep.

Die NCVV was selfs bereid om sy dienste te verbeter indien die NG Kerk nie daarmee tevrede is nie. Mev von Wielligh verklaar in die Hoofbestuursnotule van 7 Augustus 1959 dat "Ons is gewillig om gekritiseer te word en as ons skuldig is aan die kritiek, dan te verbeter".

Die NG Kerk se kritiek teenoor die NCVV tydens die skeuring tussen die twee partye was, volgens Botha (1957: 395), dat dié organisasie die NG Kerk uitgesluit het van sy werksaamhede en dat die NG Kerk nie hulle verantwoordelikheid wou oorlaat aan 'n vrywillige organisasie nie. Die afwesigheid van takke van die NCVV op sommige Natalse dorpe het die NG Kerk se behoefte aan 'n eie vroueaksie verder versterk. Daarbenewens wou die NG Kerk slegs aan sy eie lidmate dienste lewer, en nie aan alle Protestante, soos dit die gebruik by

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die NCVV was nie. Finansiële wedywering na die indiensneming van die maatskaplike werkers en die instelling van staatsubsidies, was nog 'n rede waarom die NG Kerk sy eie welsyndienste wou behartig. Sodoende sou die kerk sy eie staatsubsidies kon verkry.

Behalwe bogenoemde, het die NG Kerk die NCVV, tydens die samesprekings op 7 April 1959 ook daarvan beskuldig dat laasgenoemde organisasie geen nuwe takke stig en daarom ook nie uitbrei nie. Die Sinodale Armsorgkommissie was egter erkentlik teenoor die NCVV se bydrae tot die welsynsgebied, maar wou nietemin hulle eie vroue liggaam stig. Daarna het die afvaardiging onderneem om 'n werksooreenkoms op te stel sodat daar duidelikheid kon wees oor wat elkeen se gebied was. Die grootste van die probleme was egter dat gesinsorgwerk die kern van die NCVV se werk was en dat die NG Kerk alle armsorgwerk, insluitende gesinsorgwerk self wou hanteer. Hierdie probleem sou in die toekoms onderling opgelos moes word.

In die Hoofbestuursnotule van 7 & 8 April 1959 (1959:3), word genotuleer dat die NCVV besin het oor die toekoms van dié organisasie, en die volgende plan van aksie is voorgestel: "Die vergadering besluit dat dit ons grootste taak is om terug te gaan, meer lede te werf vir die NCVV en ook meer takke te stig, sodat ons 'n sterk Vereniging sal wees. Indien 'n tak nie die finansiële verpligtinge kan nakom nie, behoort hy tydelik daarvan onthef te wees. Die NCVV moet hom daarop toelê om werkklubs (vroue sowel as kinderklubs) te stig waar enigsins 'n behoefte daarvoor bestaan. Ander werksaamhede wat die NCVV moet behou is: opvoeding van volwassenes, Kleuter en Kinderbewaarskole, Klinieke, versorging van oues van dae (insluitend tehuis, klubs) inrigtings van alle aard en Burgergrafte".

Die lede van die NCVV het aanmoediging nodig gehad ten einde met gesinsorgwerk in Natal voort te gaan. Die lede was twyfelagtig of hulle sou slaag. Die voorsitter van die Hoofbestuur, mev H Stander, skryf in omsendbrief nommer 6 van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1959 ter bemoediging die volgende: "Die Hoofbestuur spreek die vertroue uit dat die NCVV-lede hulle plekke sal volstaan in die toekoms, miskien nog meer as in die verlede. Daar is 'n groot arbeidsveld en ons het u almal nodig om voort te gaan op die pad wat ingeslaan is naamlik - Liefdesdiens aan ons medemens".

Die breuk tussen die NCVV en die NG Kerk was dus, na die voorneme van die NG Kerk om 'n eie vroueaksie te begin, finaal gewees. Na 'n leeftyd se diens aan die NG Kerk, moes die NCVV, van gebondenheid aan die NG Kerk, van rigting verander en 'n nuwe, onafhanklike koers inslaan.

4.7 SAMEVATTING

Die twee belangrikste gebeurtenisse in die verloop van die geskiedenis van die NCVV, naamlik die indiensneming van die maatskaplike werkers en die finale breuk met die NG Kerk, het in die tydperk vanaf 1940 tot 1960 plaasgevind. Hierdie gebeure sou beide 'n deurslaggewende rol speel om die NCVV 'n volwaardige welsynsorganisasie te vestig.

Die indiensneming van die eerste maatskaplike werker in 1940 het 'n nuwe tydvak van kundige leiding binne die geledere van die NCVV ingelei. 'n Hoë mate van aanpassing is van vrywilligers vereis om maatskaplike werkers binne hulle geledere te aanvaar en te akkommodeer. Hierdie wedersydse samewerking het van die NCVV 'n sterk welsynsorganisasie gemaak.

Die aandrang van die NG Kerk op die totstandkoming van 'n eie vrouehulpdiens, was egter vir die NCVV 'n traumatiese gebeurtenis, aangesien die NCVV van sy ontstaan af, 'n interafhanklike verhouding met die NG Kerk gehad het. Behalwe vir die feit dat hulle die bestaansreg van twee Afrikaansgeoriënteerde welsynsorganisasies in Natal betwyfel het, was die NCVV ook nie bereid om hulle eie identiteit prys te gee nie. Die finale breuk met die NG Kerk is gevolglik aanvaar en die lede van die vereniging is op 'n positiewe wyse gemotiveer om as 'n volwaardige welsynsorganisasie voort te gaan.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die NCVV moes voortgaan sonder die gerusstellende ondersteuning van die NG Kerk. Met die hulp van die maatskaplike werkers, sou dit die NCVV uiteindelik tot voordeel strek om die organisasie tot 'n selfstandige, volwaardige welsynsorganisasie uit te bou. Beide hierdie gebeure, wat in die tydperk vanaf 1940 tot 1960 plaasgevind het, het binne takverband en op hoofbestuursvlak plaasgevind, waar die vrywilligers werksaam was. Dít sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

DIE UITBREIDING VAN NCVV-TAKKE EN DIE MOTIVERING, BELONING EN WERKSAAMHEDE VAN DIE NCVV VRYWILLIGERS BINNE TAKVERBAND IN DIE TYDPERK 1940 TOT 1960

5.1 INLEIDING

Gedurende die stigtingsjare van die NCVV, soos reeds in Hoofstuk twee gemeld, is die persone wat as vrywilligers tot die diens van hierdie organisasie toegetree het, enersyds deur Afrikanernasionalisme en andersyds deur Christelike naastelief de tot hulle optredes gemotiveer. Om die sosio-kulturele omstandighede van die Afrikaners te verbeter, was hoofsaaklik die aansporing vir hulle aksies gewees. In die tydperk vanaf 1940 tot 1960, het die ekonomiese omstandighede van die Afrikaner egter reeds in 'n groot mate verbeter en was Afrikanernasionalisme ook reeds gevestig. Dit het egter nie beteken dat liefdadigheidswerk nie meer nodig was nie, want maatskaplike probleme het steeds ontstaan weens toenemende verstedeliking en industrialisasie. Alhoewel Afrikanernasionalisme dus nie meer die sterkste dryfveer vir hulle liefdadigheidswerk was nie, het die lede van die NCVV steeds vanuit hulle Christelike lewensbeskouing met die werk van die NCVV voortgegaan en aandag aan maatskaplike wantoestande geskenk. Hierdie werk het hoofsaaklik binne takverband geskied.

5.2 DIE UITBREIDING VAN DIE TAKKE VAN DIE NCVV

Die inligting betreffende die takke van die NCVV in die tydperk ná 1940, was meer geredelik beskikbaar in die Pietermaritzburg argief as inligting aangaande hierdie selfde onderwerp in die tydperk vóór 1940. Die invloed wat die maatskaplike werkers op die werksaamhede van die NCVV gehad het, blyk duidelik uit die verbetering van die bewaring en ordening van dié organisasie se dokumente. Sowel die notules as die Hoofbestuursverslae wat in die argief gevind kon word, skep die indruk van 'n standvastige en lewendige vereniging, in teenstelling met die tydperk tussen 1930 en 1940 - 'n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tydperk waaroor daar baie min inligting aangaande die NCVV in die argief beskikbaar is.

Die gegewens in die Jubileum-uitgawe, die NCVV, Die Eerste Skof, 1915-1965, blyk redelik korrek te wees wanneer dit vergelyk word met die inligting wat vir die tydperk ná 1940 in die argief gevind kon word. Dit kan verklaar word deur die feit dat hierdie Jubileum-uitgawe in 1965 verskyn het en dié spesifieke inligting oor die ontwikkeling van die NCVV dus nuut en beskikbaar was. Dit vorm 'n sterk teenstelling met die inligting wat oor die ontstaansjare van die NCVV gevind kon word, wat nie altyd korrek is nie as gevolg van ontbrekende argiefmateriaal en ongeverifieerde hoorsê-inligting.

In die tydperk vanaf 1940 tot 1960 het, sover bekend, die volgende takke ontstaan:

- Weenen, 18 November 1943 (NCVV, die Eerste Skof 1965:17). Hierdie takstigting word deur 'n ongedateerde brief, geteken deur "tant Hester" bevestig. Die Vrou en Moeder (Maart 1944:27) verklaar ook dat die tak teen die einde van 1943 tot stand gekom het
- Glencoe-tak herleef in 1945 (NCVV, die Eerste Skof 1965:18)
- Dannhauser-tak, 1945 (NCVV, die Eerste Skof:17)
- Estcourt-tak, 1948 (NCVV, die Eerste Skof:15)
- Port Shepstone-tak, 16 November 1950 (Taknotule)
- Danskraal-tak, 1954 (NCVV, die Eerste Skof:18)
- Mandini-tak, 12 Mei 1956 (Hoofbestuurnotules)
- Pietermaritzburg-Suid-tak, 1951-1956 (presiese stigtingsdatum onbekend)
- Die Babanango-tak, 1959 (Babanango-takverslag:1959).

Die presiese aantal takke van die NCVV is vir die eerste keer in die tydperk ná 1940, op die 1946 NCVV-kongres, vermeld. Die kongresnotules noem dat daar 15 takke van die NCVV was wat in vyf wyke opgedeel is. Hierdie indeling was as volg:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Wyk 1 : Vryheid-, Dundee-, Utrecht- en Newcastle-tak
- Wyk 2 : Dannhauser-, Glencoe-, Ladysmith-, Wasbank- en Weenen-tak
- Wyk 3 : Pietermaritzburg- en Pietermaritzburg-Wes-tak, ook genoem die Prestbury-Mayorsweg-tak
- Wyk 4 : Die Durban- of Montclair-tak
- Wyk 5 : Eshowe-, Empangeni- en Melmoth-takke.

In die Hoofbestuursnotules van 4 Februarie 1948 word, net soos in die geval van die 1946 kongresnotules, berig dat die NCVV uit vyftien takke bestaan. Die Estcourt-tak moes derhalwe eers later in 1948 ontstaan het. Die takke van die NCVV wat in die tydperk vanaf 1948 tot 1956 ontstaan het, was die Estcourt-, Danskraal-, Mandini-, Pietermaritzburg-Suid- en die Port Shepstone-tak. Dit toon 'n aanwins van vyf takke, maar in die tydperk vanaf 1951 tot 1956 het drie takke van die NCVV weer ontbind, naamlik die Melmoth-, Empangeni- en Wasbank-takke. In 1956 moes daar dus 17 takke van die NCVV bestaan het. Daar blyk egter onduidelikheid te wees met betrekking tot die aantal takke as die 1957 Hoofbestuursnotules raadpleeg word, waarin steeds berig word dat daar 15 takke van die organisasie bestaan.

Die inligting wat verkry is, dui dus nie op 'n beduidende uitbreiding van die takke van die NCVV nie, maar eerder op 'n wisseling daarvan. Dit is nie alleen die aantal takke wat redelik konstant gebly het nie, maar ook die ledetal. In 1950 het die NCVV volgens kongresverslae 'n ledetal van vyfhonderd gehad. In 1956 word berig dat die ledetal op 496 staan, wat op die geringe afname van slegs vier lede in die verloop van ses jaar dui.

Die NCVV blyk dus 'n stabiele welsynsorganisasie te gewees het wat nie deur óf buitengewone groei óf 'n dramatiese afname in ledetal of takke gekenmerk is nie. Die notules gee geen blyke daarvan dat die toetrede van die maatskaplike werkers tot die geledere van die NCVV enige noemenswaardige invloed op die uitbreiding of afplatting van die takke gehad het nie. In die volgende afdeling sal die werksaamhede van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die vrywilligers in die onderskeie takke derhalwe bespreek word.

5.3 DIE BESIELING VAN DIE LEDE VAN DIE NCVV

Die NCVV is as liefdadigheidsorganisasies deur vrywilligers gestig, met die beweegrede om naastediens te verrig. Hierdie naastediens is binne die welsynstrukture van die NG-gemeentes in Natal verrig en het as "armsorgwerk" bekend gestaan. Die term "armsorgwerk" het sy oorsprong gehad in die Armsorgkommissie van die NG Kerk, wat in 1915 ontstaan het en dié benaming in 1919 ontvang het (Theron en Stulting 1961:48).

Die term armsorgwerk het verwys na die versorging van die behoeftiges wat in die NG Kerk gemeenskappe was, en is as sulks dus deur lede van die NCVV verrig. Die rede hiervoor was tweërlei. Eerstens was dit weens 'n gebrek aan 'n vroueaksie binne die NG Kerk en tweedens weens die onvermoë van diakens om liefdadigheidswerk te verrig. Armsorgwerk het hoofsaaklik bestaan uit materiële en finansiële bystand, asook uit persoonlike kontak deur middel van huis-, hospitaal- en siekebesoeke.

Die lede van die NCVV is deur hulle Christelike lewensbeskouing tot hierdie vrywillige dienslewering besiel - 'n besieling wat die NCVV dwarsdeur sy geskiedenis sou kenmerk. Ter voorbeeld hiervan word die volgende aangehaal:

- Die verslag van die Glencoe-tak wat in 1948 deur mev Kaemingk gelewer is, en waarin die volgende verklaar is: "...in die ewigheid verantwoording sal moet aflê, van ons persoonlike lewe, maar ook as gemeenskap, dus ook as NCVV tak. Hoe is ons tyd nie in beslag geneem deur ons persoonlik belange en hoe min van ons tyd en kragte was daar oor voor ons Heer en Sy werk hier op aarde! Het ons altyd die NCVV met ons gebede gedra?"
- Die Pietermaritzburgse taknotule van 1958 wat as volg lui: "Elke lid moet haarself ondersoek en of sy die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

regte gesindheid besit om lid van die NCVV te wees. Ons moet deur liefde gedryf word om die werk te doen want dis liefdeswerk. Ook moet ons die werk uit dankbaarheid doen vir die genade en voorreg wat ons van die Hemelse Vader ontvang om in redelike goeie omstandighede te lewe, waar liefde en eensgesindheid is. Ons moenie mismoedig word as ons nie dadelik groot prestasies lewer nie of as ons min in getal is nie. Laat ons in ons eie huise begin as ons die doelstellings van die NCVV wil uitleef".

Alhoewel die lede van die NCVV liefdadigheidswerk vanuit 'n Christelike oortuiging verrig het, verklaar Towle (1957:8): "... but, literally man does not live by bread alone. Demoralization and disintegration of the individual are prevented, in part, through opportunity to work and to take one's place in the community. But spiritual needs of the individual must also be recognized, understand and respected. Conditions and circumstances dictate the actions of men".

Ten einde egter emosioneel sodanig herlaai te word dat daar met liefdadigheidswerk voortgegaan kon word, het selfs besielde vrywilligers stimulering en beloning nodig. Derhalwe het vrywilligers nodig om by gemeenskapswerk betrokke te wees, aangesien so 'n betrokkenheid stimulering, en selfs 'n mate van beloning, bied.

5.4 DIE STIMULERING EN BELONING VAN VRYWILLIGERS

Volgens Aves (1969:4) lewer vrywilligers nie alleen diens om altruistiese redes nie, maar ook weens eie belange en 'n begeerte tot samehorigheid. Die vrywilliger het 'n behoefte daaraan om êrens tuis te hoort en deel te hê aan die beplanning van welsynsaksies. Hierdie welsynsaksies moet sinvolle doelstellings hê wat binne die vrywilligers se bereik is en die vrywilligers moet voel dat hy vordering maak.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie behoeftes kan ook van toepassing gemaak word op die vrywilliger wat vir die NCVV werk. Dit is egter behoeftes wat grootliks, as gevolg van die lede se betrokkenheid by die verskillende takke, die hoofbestuursvergaderings en die kongresse, binne die raamwerk van die NCVV bevredig is. As voorbeelde kan die volgende gebruik word:

- Die motiveringstoespraak in die 1940 takverslag van Newcastle kan aangehaal word om as voorbeeld te dien van wat die NCVV as organisasie vir sy lede gebied het: "...die vroue op te lei om behendige spaarsamige en netjiese huisvrouens te wees - 'n ideale vrou en moeder want die sukses van 'n gelukkige gesin hang af van die vrou en die moeder".
- In 1958 stel die Studiekomitee 'n konsepjaarprogram op om as voorbeeld te dien vir die NCVV lede betreffende hoe om die algemene spangees van die tak deur samesyn te bevorder, asook hoe om die individuele lede te verryk, te inspireer en te motiveer vir hulle werk as vrywilligers. Die voorbeeld van die konsepprogram is as volg aangegee:

Januarie	Opvoedkundig. Praatjie oor kleuter- en adolessensieprobleme.
Februarie	Gesondheidswerke. Versorging van tande, hare, vel, tuisverpleging en noodhulp.
Maart	Kultuur. Sang, voorlesing, opvoerings.
April	Voorbereiding vir kongres. Bespreking van finansiële en jaarverslae en beskrywingspunte.
Mei	Voeding. Bespreek geregte en eetgewoontes.
Junie	Behandel kongresverslae.
Julie	Inrigtings. Bespreek en besoek.
Augustus	Jaarlikse funksie.
September	Streekkonferensies. Artikels vir uitstalling word voorberei.
Oktober	Bespreek maatskaplike aksie. Klubwerk, gesinsorgwerk, asook ledewerwing.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

November — Naaldwerk en tuinbou. Demonstrasies word gelewer.

Desember — Gesellige middag of aand saam met eggenotes of trakteer jongmense en immigrante.

Hierdie konsepjaarprogram was daarop ingestel om, deur samesyn, die spangees onder die lede van die NCVV te bevorder asook om individuele lede te verryk, te inspireer en te motiveer vir hulle aandeel aan welsynsaksies wat geloods gaan word, soos byvoorbeeld fondsinsamelings en betrokkenheid in die gemeenskap.

Die program is op dié standpunt gebaseer dat vrywilligers slegs behoorlike welsynswerk sal kan verrig en dienslewe-ringswerk sal kan verbeter indien hulle deur die welsynsorganisasie geestelik versterk en geïnspireer word. Mev C Breytenbach berig in 'n ongedateerde stuk dat sy in Maart 1950 by die Ladysmith-tak as lid aangesluit het. Sy het haar betrokkenheid by dié tak as volg beleef: "My liefde vir die NCVV het daar begin. Ladysmith het destyds al bewys dat die oues nie moet lei nie, maar dat jonk en oud saam moet werk. Ladysmith het die wonderlike gewoonte gehad om 'n jong lid onder die vlerk van elke bestuurslid te plaas."

Die vrywilliger het egter nie alleen stimulasie nodig nie, maar ook 'n vorm van beloning. Vrywilligers kan beloning ontvang deur:

- hulle interaksie met tydgenote
- die erkenning wat aan hulle gegee word
- indien hulle geprys word vir die werk wat hulle verrig
- indien gesagsposisies uiteindelik verkry word
- indien daar selfontwikkeling by hulle plaasvind.

Hierdie beloning is geensins anders as wat 'n gewone werkende persoon sou verwag nie - met die een verskil naamlik, dat die vrywilliger nie 'n salaris ontvang nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

As 'n vrywilliger geen beloning ontvang nie, sal hy uiteindelik ophou om 'n diens te lewer of sal hy sy verwagtings modifiseer om by die bestaande beloning aan te pas. Die grootste beloning wat 'n vrywilliger kan kry, is lofprysing van die personeel van die organisasie waarvoor hy werk. Vrywilligers wat egter té selfopofferend is, kan geestelik en liggaamlik uitgebrand raak en 'n organisasie soos die NCVV, uiteindelik heeltemal verlaat.

Die NCVV was in die tydperk vanaf 1940 tot 1960 'n aktiewe welsynsorganisasie wat daarop dui dat die vrywilligers, ten spyte van die verbeterde ekonomiese toestand van die Afrikaners en die koms van die maatskaplike werkers, steeds stimulasie en beloning binne die struktuur van die NCVV ontvang het en derhalwe met hulle dienslewering voortgegaan het.

5.5 DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE VRYWILLIGER BINNE DIE NCVV

Volgens 'n referaat gelewer deur Pieterse (1977:geen) word die taak van enige vrywilliger binne 'n welsynsorganisasie as drieledig gesien, naamlik dié van

- fondsinsameling
- bestuur van die organisasie en
- direkte dienslewering.

5.5.1 Die insameling van fondse

Sedert die ontstaan van die NCVV in 1915, was fondsinsameling die belangrikste taak van die vrywilliger. Aangesien geen dienste daarsonder gelewer kan word nie, kan geen welsynsorganisasie sonder fondse voortbestaan nie.

Die volgende voorbeelde van fondsinsamelingsprojekte gedurende die tydperk vanaf 1940 tot 1960 binne die NCVV, is uit taknotules verkry:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Basaars is gehou met kollektelyste
- Onthale vir troues is teen betaling gereël soos in die geval van die Pietermaritzburgse tak in 1956
- Rommelverkopings is ook deur die Pietermaritzburgse tak gehou
- Straatkollektes is deur die Newcastle-tak in 1950 gehou
- Die Pietermaritzburgse tak het 'n kraampie by die stad se jaarlikse Landbouskou gehad
- Verversings is by funksies verkoop
- Die Durbanse tak het 'n stalletjie vir Suid-Afrikaanse gebak tydens die Durbanse eeufees gehad.

Uit die Hoofbestuursnotules blyk dit dat die lede van die NCVV vir vele organisasies straatkollektes behartig het, waaronder die Skool vir Blindes, die Skool vir Dowes, die Skool vir Epileptici, Santa, Volkstrust, Geestesgesondheid en die Greytownse Kinderhuis, geval het.

Die toetrede van die maatskaplike werkers tot die NCVV en die gepaardgaande wetenskaplike benadering wat toe ten opsigte van hulpbehoewendheid gevolg is, het die gevolg gehad dat vrywilligers nie meer fondse vir spesifieke behoeftige gevalle ingesamel het nie. Die kontak tussen die hulpbehoewendes en die vrywilligers het derhalwe in die tydperk vanaf 1940 tot 1960 dienooreenkomstig verminder. Die doel van fondsinsamelings het minder persoonlik geraak en fondse is hoofsaaklik vir bedryfskoste aangewend. Hierdie fondse is gebruik om die oorkoepelende bestuur van die NCVV, asook Hoofbestuursprojekte, te behartig.

Met die fondsinsameling vir die oprigting van inrigtings is 'n nuwe fase wat inrigtingsorg betref betree. Dit het die individuele lede nog verder verwyder van die direkte kontak wat deur persoonlike dienslewering aan die hulpbehoewende verkry word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.5.2 Die bestuur van die NCVV

Wat die tydperk tussen 1940 en 1960 betref, is daar geen gedateerde grondwet in die NCVV se besit oor dié vereniging as welsynsorganisasie nie. Daar is ook geen argiefmateriaal beskikbaar aangaande 'n grondwet wat die bestuur van die NCVV in hierdie tydperk omskryf het nie.

Die eerste konstitusie wat in die argief gekry is, is ongedateerd en meld dat die samestelling van die NCVV se bestuur op daardie stadium as volg was:

1. Takke met besture en subkomitees
2. Inrigtingsbesture
3. 'n Hoofbestuur met subkomitees
4. Die Kongres (Ongedateerde konstitusie:1)

Hierdie konstitusie is ná 1959 opgestel, nadat die breuk tussen die NCVV en die NG Kerk ontstaan het, aangesien daar geen melding van die NG Kerk daarin gemaak word nie. Direkte dienslewering deur die vrywilliger word vervolgens bespreek.

5.5.3 Direkte dienslewering deur die lede van die NCVV

Direkte dienslewering het op drie vlakke geskied, naamlik:

- Maatskaplik
- Opvoedkundig
- Kultureel.

A. Die <u>maatskaplike vlak</u> was die belangrikste vertakking van dienslewering deur die NCVV. Hierdie vlak van dienslewering kan weer verdeel word in persoonlike kontak met die hulpbehoewendes, die praktiese gebruik van fondse en inrigtingsorg.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dit was veral die persoonlike kontak met die hulpbehoewendes wat die vrywilligers se betrokkenheid by liefdadigheidswerk gekenmerk het. In hierdie verband kom daar verskeie voorbeelde in die notules voor, soos byvoorbeeld uit die jaarverslag (1956) van die Vryheid-tak wat as volg lui: "... een van die belangrikste werke van die NCVV (is) om opheffingswerk te doen en 'n vriendelike handdruk te gee aan hulle wat minderbevoorreg is dan ons, daar so min in die rigting gedoen word. Sal u nie in die toekoms hierdie taak op u hart dra nie". Hierdie tak het ook sieke- en bejaardebesoek gedoen.

Reeds in 1940 het die tak van Newcastle besoek-, gesondheids-, finansiële- en werkklaskomitees gehad. Die toetrede van maatskaplike werkers tot die diens van die NCVV het egter tot 'n nuwe verhouding tussen die vrywilliger en die hulpbehoewendes gelei.

Vrywilligers het bewus geword van hulle eie gebrek aan skoling betreffende die hantering van maatskaplike probleme. Só notuleer die Pietermaritzburgse tak byvoorbeeld in 1943 dat: " (L)ede het dit moeilik gevind om besoek af te lê en dan persoonlike vrae te stel". Die Pietermaritzburgse takbestuur het voorgestel dat die kliënte net "vriendelik" besoek moet word.

Die vrywilligers het besef dat 'n persoon wat maatskaplike probleme het meer gespesialiseerde aandag nodig het wat deur maatskaplike werkers aan hulle gegee kan word, en het om dié rede tydens die 1941 kongres die behoefte uitgespreek dat kursusse vir vrywilligers aangebied moet word wat hulle sou oplei om maatskaplike werkers doeltreffend te kan bystaan. Daar is op hierdie selfde kongres ook 'n voorstel gemaak dat die vrywilligers genoeg ruimte binne die struktuur van die NCVV moet maak ten einde aan maatskaplike werkers die geleentheid te bied om hulle taak te kan verrig.

Die werk van beide die maatskaplike werkers en die vrywilligers, is steeds in die gemeentes verrig wat binne die kring van die Algemene Armsorgkommissie van die NG Kerk in Natal

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geval het. Die goeie kontak wat die vrywilligers van die NCVV, deur die aflê van huisbesoeke, met die hulpbehoewendes gehad het, het aanvanklik voortgeduur, ten spyte van die koms van die maatskaplike werkers. Tydens die 1950 kongres van die NCVV is daar voorgestel dat nie meer as drie gesinne aan een lid van die organisasie vir huisbesoek toegeken moet word nie.

Ten spyte van die feit dat die ekonomiese probleme van die Afrikaner verbeter het, het die maatskaplike probleme egter toegeneem. In 1956 was drankmisbruik as die grootste maatskaplike probleem beskou, terwyl die volgende maatskaplike probleme op die 1957 Kongres aangedui is: gesinsverbrokkeling, diefstal, swak behuising, swak gesondheid, ongehude moeders, liggaamlike en geestelike siektes, werkloosheid, werkskuheid en boemelary (Kongresnotules 1957).

Maatskaplike probleme het van so 'n aard geword dat professionele hulp nodig was, soos uit die maatskaplikewerk-verslag van 1958-1959 blyk, waarin die maatskaplike werker, E Barnard, die volgende verklaar: "In teenstelling met die jare na depressie het die Afrikaner nie meer 'n armblanke probleem nie. Kenmerkend is egter probleme as gevolg van verkeerde lewenswaardes en lewenshoudings. Verhoogde salaris beteken hoër lewenspeil, maar nie noodwendig hoër opvoedingspeil nie. Dit bring oppervlakkige lewensbeskouing mee en dit beïnvloed die mens se verhouding tot homself, sy medemens, sy gesin, omgewing en volk. Daarom is daar die toename in huweliksprobleme, gesinsprobleme, geestelike versteuring en ten spyte van goeie salarisse is daar nog altyd ekonomiese probleme".

Alhoewel die vrywilligers van die NCVV nog steeds in die tydperk vanaf 1940 tot 1960, soos tydens die stigtingsjare, direkte kontak met hulpbehoewendes gehad het, het die aard van hierdie kontak verander en het die betrokkenheid by die hulpbehoewendes afgeneem as gevolg van die maatskaplike werkers se professionele benadering tot maatskaplike werk. Die huisbesoeke van die vrywilligers het dus onnodig geword

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en dus die vrywilligers verwyder van direkte kontak met hulpbehoewendheid.

Op materiële gebied, wat die gebruik van fondse betref, het die lede van die NCVV tot 'n groot mate as 'n vrouehulpdiens vir NG Kerk gemeentes opgetree. Matte, gordyne, preekstoele en kerkorrels is met behulp van hierdie fondse aangekoop. 'n Voorbeeld hiervan is die tak van Danskraal wat aan die gemeente van Danskraal 'n orrel geskenk het en die orrel is op Saterdag 17 November 1956 ingewy (Inwydingsbrosjure NG Gemeente Danskraal 1956:geen). Bystand is voortdurend aan die Greytownse Kinderhuis gegee. Die Glencoe-tak het volgens Breytenbach (ongedateerde inligtingstuk) finansieel gehelp met verdere uitbreidings aan die gebou van die Greytown Kinderhuis en die laaste betaling van hierdie projek is deur dié tak in 1957 gemaak (Breytenbach, Inligtingstuk:ongedateerd).

Nog 'n voorbeeld is die aankoop van 'n luidsprekerstelsel in 1959 vir die doopkamer van die Ladysmith gemeente, sodat moeders met klein kinders na die diens kon luister. Die NCVV was ook betrokke by die reël van verversings en blommerangskikkings vir enige kerkaangeleenthede.

Ook kos en klere is aan behoeftige gesinne verskaf soos onder meer uit die 1950 notules van die Newcastle tak blyk, waar vermeld word dat klere, eetware en komberse aan behoeftige persone gegee is. In die Port Shepstone taknotules van 1955 word ook melding gemaak van skoolklere wat aan behoeftige kinders verskaf is.

Elke tak van die NCVV het deur direkte hulpverlening in die behoeftes van hulle plaaslike gemeenskap voorsien. Na 1940 het daar egter, binne die NCVV as liefdadigheidsvereniging, 'n klein verskuiwing begin plaasvind wat hulle finansiële en materiële hulpverlening betref het. Twee nuwe gemeenskapsbehoeftes het op die maatskaplike terrein na vore getree, naamlik die versorging van sowel stedelike, werkende jong-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mense as bejaardes. Die eerste projek wat aangepak sou word, was die oprigting van 'n tehuis, Die Damestehuis in Durban.

Reeds tydens die 1937 kongres van die NCVV het die Ladysmith-tak 'n beskrywingspunt insake die oprigting van 'n hostel vir werkende jongmense ingedien. In die 1944 kongresnotule word berig dat 'n besluit geneem is om 'n tehuis vir dames teen 'n boukoste van 20,000 pond in Durban op te rig. Hierdie tehuis sou ongeveer 80 tot 'n 100 meisies kon huisves. In 1947 is daar vir hierdie doel 'n utiliteitsmaatskappy gestig, en op 25 Junie 1952 verleen die Durbanse Stadsraad goedkeuring vir 'n lening met dié voorwaarde dat: "... the land (is) to be used for the purpose of promoting residential accommodation for women of pure European descent, in employment in Durban" (NCVV, Die Eerste Skof 1965:12). Die hoeksteenlegging is op 6 Mei 1954 deur mev Mabel Jansen waargeneem en die Damestehuis is op 20 November 1954 in gebruik geneem. Dit was vir die NCVV die verwesenliking van 'n groot ideaal en was die eerste groot projek wat die organisasie aangepak het.

Die tweede inrigtingsprojek waaraan aandag geskenk is, was die oprigting van inrigtings vir die versorging van bejaardes. Die versorging van bejaardes het reeds in die vyftigerjare begin aandag geniet. Volgens Theron en Stulting (1961:77) het die Nasionale Raad vir die Welsyn van Bejaardes in 1956 tot stand gekom. Ook by die ander takke van die NCVV in Natal het die oprigting van ouetehuise begin plaasvind.

Volgens die Pietermaritzburgse taknotule, gedateer 5 Mei 1955, is die wenslikheid van 'n ouetehuis, wat oor 'n afdeling vir kroniese siekes sou beskik, op hierdie vergadering bespreek. Die resultaat van hierdie bespreking was die amptelike opening op 15 Maart 1957 van 'n NCVV-ouetehuis in Pietermaritzburg. Ook in Utrecht, Noord-Natal, is daar in 1955 met 'n ouetehuis begin en was die mure ten tye van die taknotule wat 12 Augustus 1955 gedateer is, reeds dakhoogte. Hierdie ouetehuis is in 1956 amptelik geopen. Volgens die Hoofbestuursnotules het ook die Dannhauser-tak 'n fonds vir die oprigting van 'n ouetehuis gestig.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

B. Die betrokkenheid van die lede van die NCVV het op opvoedkundige gebied afgeneem in die tydperk vanaf 1940 tot 1960. Nietemin was daar steeds deurlopende opvoedingsaksies aan die gang.

Klubs is vir bejaardes en kinders gestig asook werkklasse en liggaamsoefeningklubs vir vroue. Die werkklasse vir vroue is in Oribi, 'n sub-ekonomiese behuisingskema in Pietermaritzburg, begin. Dié werkklasse is hoofsaaklik deur vroue van spoorwegwerkers bygewoon. Die Houmoedtak in Durban het ook 'n werkklas vir volwasse vroue aangebied. Dié klubkomitee het byeengekom om probleemgevalle te bespreek. 'n Aanvang is ook met kinderklubs geneem. Tydens die 1958 NCVV Kongres word die takke wat groepwerk verrig het, soos volg aangedui:

- Op Mandini het daar op daardie stadium 'n kinderklub bestaan
- Die Pietermaritzburg-Suid-tak het twee vroueklubs, asook twee Landsdiensklubs en 'n liggaamsoefeningklub, behartig
- Die Pietermaritzburg-Wes-tak het 'n Landsdiensklub in Napierville, wat ook 'n spoorweggebied was, behartig
- In Durban is 'n Houmoedwerkklub vir dames deur die lede van die NCVV behartig
- Die Pietermaritzburgse tak het sowel 'n werkklub vir dames as twee landsdiensklubs aan die gang gehad
- Die NCVV-tak op Utrecht het 'n klub vir ouerwordende persone in die ouetehuis hanteer.

Hierdie klubs was sowel opvoedkundig as terapeuties van aard en die vrywilligers het met hulle hulpverlening direkte kontak met die kliënte gehad. Daarbenewens het die klubs die behoefte bevredig wat die vrywilliger aan persoonlike dienslewering het.

Uit die beskywingspunte wat op die verskillende kongresse vir bespreking ingehandig is, blyk die verdere bydraes wat die NCVV op opvoedkundige gebied gelewer het, duidelik. Die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bekommernis van die Afrikanervroue oor die lae onderwyspeil en die vroeë skoolverlating van die Afrikanerkind, het op hierdie kongresse te berde gekom. Reeds tydens die 1941 kongres van die NCVV is bevindings bespreek wat daarop dui dat daar nie 'n enkele matriekleerling onder die armblankes in Suid-Afrika was nie. Hierdie vroeë skoolverlating het tot vroeë huwelike gelei, wat op hulle beurt weer dikwels bygedra het tot die aanvulling van armlastige Afrikaners (NCVV Kongresnotules 1947).

Tydens die 1946 kongres van die NCVV is die redes vir die vroeë skoolverlating en die lae onderwyspeil aangedui as enersyds "die drywende tipe" onderwys en andersyds onverantwoordelike ouerskap. Gratis onderwys was slegs tot standerd ses beskikbaar gewees. Die erns waarmee die NCVV die onderwysprobleme aangepak het, kan afgelei word van die feit dat die 1947 kongres van die NCVV onderwys as hooftema gehad het.

Tydens die 1946 kongres van die NCVV, is oplossings aangebied vir die opvoedingsprobleme. Versoeke is gerig om verpligte onderwys tot op sestien jaar in te stel, tensy 'n skolier hom ná standerd ses vir 'n vakleerlingskap inskryf. Die NCVV was ook deur middel van groepwerk en maatskaplike werk by die oplossing van die opvoedingsprobleem betrokke. Geen verdere kongresse is ná 1946 uitsluitlik aan onderwysprobleme gewy nie. Dit blyk dat die NCVV se betrokkenheid by onderwys na hierdie jare afgeskaal is.

Op 28 Mei 1951 word in die Tweede Stelsel (NCVV korrespondensie 1951) berig dat die NCVV ook nie meer studielenings beskikbaar gestel het nie. Aansoekers vir studiehulp is na die Helpmekaarstudiefonds verwys. Die NCVV het op opvoedkundige gebied voortaan slegs organisatoriese bystand verleen, soos in die geval van die "Skool op Wiele" wat die Natalse onderwysdepartement deur Natal laat reis het ten einde filmvertonings en lesings aan te bied. Die belangstelling wat die NCVV egter in die onderwys behou het, blyk uit die versoek wat tydens die 1953 kongres van die NCVV ter tafel

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gekom het, naamlik dat musiek op Hoërskool as vak aangebied moet word. Teen 1960 was die opvoedingstaak van die NCVV grootliks afgehandel, aangesien die Afrikaner reeds opgehef en Afrikaans as taal reeds gevestig was op die onderwysgebied in Suid-Afrika.

'n Nuwe opvoedkundige behoefte aan kleuterskole, het egter in die laat vyftigerjare ontstaan. Op 'n onthaal wat die NCVV in Junie 1958 ter ere van mev Mabel Jansen gegee het, doen dieselfde mev Jansen 'n beroep op die vroue vir die totstandkoming van kleuterskole. Dit is dus duidelik dat die NCVV ook betreffende die opvoedingstaak, reeds sedert sy ontstaan gegroei en aangepas het ten einde met die veranderde eise tred te hou.

C. Die volgende gebied waar die vrywilligers van die NCVV in die tydperk vanaf 1940 tot 1960 diens gelewer het, was op die kulturele terrein. In hierdie tydperk was die Afrikanerkultuur meer gevestig as vóór 1940. Alhoewel die NCVV na 1940 steeds betrokke gebly het by die handhawing en bewaring van Afrikanerbelange, het hulle kultuurtaak ooreenkomstig hierdie vestiging van die Afrikanerkultuur afgeneem. Die NCVV se volgehoue betrokkenheid by die Natalse monumentekomitee en burgergrafte, blyk egter steeds uit byvoorbeeld die herstel van die Kampkerkhof ten einde die Afrikanergeskiedenis te bewaar. Die NCVV was tesame met die MOTH-vereniging betrokke by die herstel van die verwaarloosde Engelse- en Boeregrafte tot 'n Tuin van Herinnering (Die Nataller 14 Augustus 1959). Die NCVV het dus in die tydperk 1940 tot 1960 nie meer doelgerigte kultuuraksies geloods nie.

Ten einde die Afrikaner se kultuur en belange te beskerm, te handhaaf en te bewaar, het die NCVV egter twee nuwe verpligtinge aanvaar. Die NCVV het naamlik opgetree as sedebewaker en was ook 'n voorstander vir die beskerming en bevoordeling van die Afrikaner as blanke rassegroep.

Die rol van die NCVV as sedebewaker het duidelik in hulle kongresbeskrywingspunte en besprekings tot uitdrukking gekom.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n Deel van die kultuuraksie van die NCVV, was om te bepleit vir die beskerming en bewaring van die Afrikaner se sedes en morele standaarde. Verskeie aksies getuig hiervan, naamlik:

- Boeke, soos onder meer die "Turning Wheel" moes, as gevolg van die morele omstredenheid daarvan, uit die biblioteek verban word.
- Bekommernis is uitgespreek oor dogters wat atletiekbroekies in plaas van rompe dra, aangesien die atletiekbroekies as te gewaagd beskou is.
- Tydens die 1944 kongres is die onderwyseresse se tennisdrag gekritiseer.
- Tydens hierdie selfde kongres is ook die Kinderwelvaartvereniging, wat 'n dansparty ter stuiwing van fondse gereël het, gekritiseer. Dans is deur sommige lede van die NCVV as sonde beskou, en dit was derhalwe verkeerd om geld vir liefdadigheid deur middel van 'n dansparty in te samel.

Klagtes wat deur die lede van die NCVV in hulle rol as sedebewakers op verskeie terreine ingedien is, het 'n wye veld gedek.

- Die lede van die NCVV het versoek dat die sogenaamde "comics" verban moes word as gevolg van hulle oortuiging dat dit 'n verderwende invloed op die jeug gehad het.
- Coca-Cola moes verbied word, aangesien hierdie koeldrank verdowingsmiddels bevat het wat as gevaarlik vir die jeug beskou is.
- 'n Lewendige bespreking oor die wenslikheid al dan nie van hoogspring vir dogters, is tydens een van die kongresse gehou. Dit het daartoe gelei dat die Provinsiale Administrasie na 'n lang korrespondensie berig het dat daar geen mediese redes is waarom dogters nie mag hoogspring nie.
- 'n Aanval is ook tydens die 1948 kongres geloods op die mejuffrou Suid-Afrika wedstryd. Hulle het die klagtes op die Bybel gegrond en die mening is gehuldig dat modepara-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

des 'n verlaging van die vrou se morele standaarde sal veroorsaak.

- Sabbatsontheiliging was 'n verdere morele knelpunt wat dikwels bespreek is.

Die laat vyftigerjare se kongresse is gekenmerk deur 'n afname in klagtes betreffende die morele standaarde en gedrag van die Afrikaner, en tydens die 1955 kongres is daar slegs voorgestel dat onderwyseresse om betaamlikheidsredes kouse moes dra. Lede van die NCVV het ook tydens die 1959 streekskonferensie negatiewe gevoelens uitgespreek ten opsigte van kunsmatige bevrugting. Alhoewel die NCVV se terrein van kritiek vanaf 1940 tot 1960 verander het, het hulle steeds 'n belangrike rol gespeel in wat hulle geglo het die bewaring van die sedelike en morele standaarde van die Afrikaner was.

'n Verdere kultuuraksie wat die NCVV geloods het, was die skeiding tussen blank en nie-blank. Hierdie aksie het die apartheidsbeginsel ten grondslag gehad, 'n beginsel wat in daardie jare ook deur onder andere die vroue van die NCVV gepropageer is. Die lede van die NCVV het baie daartoe bygedra dat die Afrikaner se kultuur en belange op grond van hulle ras bewaar en bevoordeel is.

Die bevoordeling van die Afrikaner op grond van die feit dat hy 'n sogenaamde blanke was, was belangrike beskrywingspunte tydens die kongresse van die NCVV tydens hierdie jare. Lede van die NCVV het 'n sterk oortuiging gehad dat apartheid - die skeiding tussen blank en nie-blank, die regte pad was. Hierdie beskerming en bevoordeling van Afrikanerbelange moet gesien word teen die agtergrond van die Afrikaner se swak sosio-kulturele omstandighede tydens die depressiejare en die gepaardgaande armblanke vraagstuk. Die begeerte onder Afrikaners om hulle mede-Afrikaners op te hef, het tot die bevoordeling gelei van die blanke, en dan veral die Afrikaner.

Ter illustrasie van die stryd wat gevoer is vir die verkryging van apartheid, word die volgende kronologiese voorbeelde

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gegee, wat verkry is uit NCVV-korrespondensie en kongres-notules in die tydperk vanaf 1940 tot 1960:

- In 'n korrespondensiestuk van 4 Maart 1940, word vermeld dat "... aparte woonbuurte vir nie-blankes 'n voorwaarde is vir opbouende maatskaplike sorg onder blankes en ook vir die beskerming van Europese rassesuiwerheid. Die gemengde woonbuurtes is 'n groot struikelblok in die weg van ware volksredding". Die aandrang op apartheid en die bevoordeling van die blanke, en dan veral die Afrikaner, was kenmerkend van die politieke era van hierdie jare wat deur die NCVV onderskryf is.
- Tydens die 1949 kongres van die NCVV bepleit die lede dat treine nader aan die platforms op die stasies moet stop, sodat dit vir blankes makliker moet wees om af te klim.
- Aparte telefoongeriewe is ook vir blank en nie-blank bepleit.
- Vermenging in dokters se spreekkamers moes beëindig word.
- Die aanranding van blanke vrouens deur nie-blanke mans het klaarblyklik ernstige afmetings aangeneem in die veertigerjare. Dit het gelei tot die 1947- kongres, waar daar in 'n beskrywingspunt gepleit is dat nie-blanke mans nie vuurwapens mag besit nie. Blanke vrouens, daarenteen, moes 'n goeie rewolwer en patrone teen 'n billike prys kon verkry of selfs gratis ontvang.
- Bogenoemde probleem van aanranding, word verder in die Hoofbestuurskorrespondensie, gedateer 25 Mei 1948, bespreek, waar die doodstraf vir nie-blanke aanrandingsoortreders versoek word. Die instroming van werklose swartes is beskou as die oorsaak vir hierdie aanrandings.
- In 1948 het die Nasionale Party aan bewind gekom. Hierdie party het hom vir die bevordering van Afrikaner belange beywer (Grütter 1981:53). Alhoewel die NCVV hulleself as 'n a-politiese organisasie beskou het, het hierdie vereniging nietemin die Nasionale Party se beginsel van apartheid ondersteun en hulleself selfs vir die realisering daarvan beywer. Tydens die 1949 kongres van die NCVV is versoek dat die Ontugwet van 1927 uitgebrei

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

moet word. Dié wet het seksuele kontak tussen blankes en swartes verbied en die versoek wat op die 1949 kongres ingedien is, was dat dié verbod ook die sogenaamde Kleurlinge en Indiërs moes insluit.

Alhoewel die kulturele betrokkenheid van die NCVV as welsynsorganisasie in die jare ná 1940 verminder het, het die organisasie nietemin hulleself daarvoor beywer om die Afrikanerkultuur te probeer bewaar. Hulle het hulle as organisasie beywer vir die handhawing van die Afrikaanse taal en die voortbestaan van die Afrikaner as volk deur op die gebied van die sedelike lewe sekere standaarde te stel en dan veral ook rasseskeiding te bepleit. Voorbeelde van die aandrang vanuit die geledere van die NCVV op apartheid, het in die vyftigerjare afgeneem, moontlik omdat die Afrikaner as ras en kultuurgroep meer gevestig was, maar waarskynlik ook omdat baie van die apartheidswette toe al deurgevoer was.

5.6 SAMEVATTING

In die tydperk vanaf 1940 tot 1960 het daar geen noemenswaardige uitbreiding van die NCVV plaasgevind nie. Dit was steeds die betrokkenheid van die vrywilligers by die NCVV, wat dié organisasie se voortbestaan verseker het. Die lede van die NCVV was deur hulle Christelike naasteliefde besiel gewees om by gemeenskapsdiens betrokke te wees en het uit juis hierdie betrokkenheid hulle beloning vir hulle werk ontvang.

Direkte diens is op maatskaplike, opvoedkundige en kulturele gebied gelewer. Die maatskaplike dienslewering is, as gevolg van die koms van maatskaplike werkers, verbeter. Alhoewel die bydrae op opvoedkundige en kulturele vlak afgeneem het, het die aandrang op rasseskeiding in hierdie tydperk sterk aandag geniet.

Aan die einde van die 1940-1960 tydperk was die NCVV, as gevolg van die koms van die maatskaplike werkers en die breuk met die NG Kerk, 'n selfstandige welsynsorganisasie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6

DIE VERDERE ONTWIKKELING VAN DIE NCVV AS WELSYNSORGANISASIE IN DIE TYDPERK VANAF 1960 TOT 1992, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE ORGANISASIE SE STRUKTUUR EN GRONDWET, ASOOK OPVOEDKUNDIGE TAAK

6.1 INLEIDING

Die NCVV was na die finale breuk met die NG Kerk in 1959 'n onafhanklike welsynsorganisasie met geen verbintenis met die NG Kerk nie.

Aanvanklik was die NCVV in direkte kompetisie met die NG Kerk vir 'n staanplek in die Afrikaanse gemeenskap van Natal. Die lede van die NCVV het reeds in die tydperk van die skeuring hul bekommernis uitgespreek dat daar nie ruimte in Natal vir twee Afrikaanse organisasies is nie. Die doeltreffende leiding en deelname van die predikantsvroue sou ook verlore gaan as gevolg van die skeiding met die NG Kerk, aangesien dié vroue hul na die skeuring met die NCVV van hierdie organisasie onttrek het omdat hulle die NG Kerk se vroueaksie op die been wou bring.

In die relatief klein Afrikaanse gemeenskappe in die oorheersend Engelssprekende provinsie van Natal, was vrywilligers 'n skaars kommoditeit. Dat die vrywilliger nou 'n keuse moes maak tussen die vrouediens van die NG Kerk en die NCVV, was 'n gevoelige slag vir laasgenoemde organisasie, aangesien die NG Kerk 'n groter aanspraak op sy gemeentelede gehad het as wat die NCVV op hulle gehad het. 'n Nuwe vrywilligerkorps moes dus deur die NCVV opgebou word sonder die invloedryke hulp van die predikantsvroue van die NG Kerk.

Die skeiding met die NG Kerk het die NCVV egter geforseer om sy situasie as welsynsorganisasie te her-evalueer. Die skeiding met die NG Kerk het die vereniging in sy voorneme verstrek om as 'n onafhanklike welsynsorganisasie voort te be-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

staan. Die NCVV se dienste sou in die tydperk vanaf 1960 tot 1992 in maatskaplike, opvoedkundige en kulturele aksies gema-nifesteer word.

Die NCVV was egter in die tydperk 1940 tot 1960 steeds deel van die Federale Vroueraad, die oorkoepelende liggaam van die vier Afrikaanse vroue-welsynsorganisasies in Suid-Afrika. Die NCVV het ook in hierdie tydperk die gebruik ingestel dat die hoofbestuur 'n beskermvrou vir die organisasie vir 'n tydperk van twee jaar benoem. 'n Beskermvrou kan volgens die grondwet van die NCVV (Bylae II:260 & 261) die NCVV se vergaderings op uitnodiging bywoon, maar het geen stemreg nie. Op 12 Mei 1951 het mevrou Mabel Jansen die eerste Beskermvrou van die NCVV geword en sedertdien het die gebruik ontstaan om die Administrateursvrou van Natal as Beskermvrou van die NCVV te benoem. Administrateursvroue wat oor die jare heen al as beskermvroue opgetree het, is mevv K. Havemann, Lucy Botha en Ann Cadman. Sedert 1990 is mev Leonore Botha, Administrateursvrou van Natal, beskermvrou van die NCVV. Die gebruik om 'n vername persoon in die gemeenskap as beskermvrou te benoem, verleen status aan die NCVV as welsynsorganisasie.

Die ontwikkeling van die NCVV as welsynsorganisasie, binne die tydperk van 1960 tot 1992 sal oor die verloop van die twee hoofstukke bespreek word. Die struktuur en personeelhiëragie van die NCVV asook die taaktoedeling aan sowel vrywilligers as maatskaplike werkers, asook die organisasie se opvoedkundige taak, word in hierdie hoofstuk bespreek. In hoofstuk 7 word die sedelike, kulturele en maatskaplike werksaamhede van die NCVV tesame met die fondsinsamelingsaksies en bemarkingsaksies van die NCVV, gedurende die tydperk ter sprake, bespreek.

Die NCVV staan sedert 1917 bekend as die Natalse Christelike Vroueverenigingen het geen naamsverandering oor die jare ondergaan nie. Selfs in 'n Engelsgeoriënteerde provinsie soos Natal is daar geen Engelse vertaling vir die NCVV nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die voertaal van die vereniging is steeds volgens die grondwet, Afrikaans (Bylae I:232).

6.2 DIE STRUKTUUR VAN DIE NCVV EN DIE TAAKTOEDELING AAN NCVV VRYWILLIGERS

Om die werksaamhede van die NCVV in die tydperk vanaf 1960 tot 1992 te bespreek, is dit nodig om die struktuur van die NCVV asook die taaktoedeling aan sowel vrywilligers as betaalde personeel te beskryf. Die bestuurstelsel van die NCVV bestaan, volgens die 1989 NCVV Jaarverslag (1989:1), uit 'n wisselwerking tussen vrywillige- en betaalde personeel.

Die vrywilligers bestaan uit diensgeoriënteerde, gemotiveerde vroue wat uit eie keuse by die NCVV aansluit en in hulle vrye tyd diens binne hierdie organisasie lewer. Hierdie groep vroue gebruik hulle kundigheid, kennis, energie en geld vrywilliglik vir die doeleindes van hierdie organisasie. Die vrywilligers onderskryf die grondwet, beleid, vereistes en verwagtinge, asook die toepaslike wetgewing van die NCVV. Hierdie lede, plus gekoöpteerde kundiges, bestuur die verskillende projekte wat onderneem word en hanteer ook die bestuur van die takke. Die verskillende NCVV takke moet verslag aan die NCVV Hoofbestuur en die NCVV kongres doen. Die volledige uiteensetting van die werksaamhede en pligte van die kongres, hoofbestuur, dagbestuur, hoofbestuurkomitees en takke kan in die grondwet van die NCVV in bylae I en II verkry word. 'n Skematiese voorstel van die taakindeling van die vrywilligers van die NCVV volgens die 1989 NCVV Jaarverslag (1989:2) word onder figuur 6.1 geplaas.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Figuur 6.1 : Skematiese voorstel van die taakindeling van die vrywilligers binne die NCVV

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.2.1 Kongres

Die kongres is, volgens bogenoemde skematiese voorstelling, die hoogste gesag binne die struktuur van die NCVV en bestaan uit afgevaardigdes wat deur die NCVV vrywilligers binne die NCVV genomineer word. Alle takke word dus deur hulle afgevaardigdes op die NCVV kongres verteenwoordig. Dit het tot gevolg dat die NCVV deur sy vrywilligers bestuur en bedryf word. Die kongres van die NCVV is 'n beleidmakende en 'n besluitnemende liggaam en vergader elke tweede jaar.

Die NCVV kongresse was deur die geskiedenis van die NCVV as welsynsorganisasie altyd 'n saambindende en rigtinggewende faktor. As gevolg van die belangrike rol wat sy kongresse in die geskiedenis van die NCVV gespeel het, is dit van historiese waarde om die beskikbare kongresdatums in die tydperk 1916 tot 1992 chronologies volgens kongresverslae weer te gee.

- Eerste kongres, 13 April 1916 : Dundee
- Tweede kongres, 5 April 1917 : Vryheid
- Derde kongres, 20 & 21 Feb 1918 : Pietermaritzburg
- Vierde kongres, 26 & 27 Maart 1919 : Greytown
- Vyfde kongres, 24 & 25 Maart 1920 : Durban
- Sesde kongres, 30 & 31 Maart 1921 : Utrecht
- Sewende kongres, 7 April 1922 : Ladysmith

Vir die tydperk vanaf 1923 tot 1924 is daar geen kongresdatums beskikbaar nie. Kongresse moes nietemin plaasgevind het, want in 1925 word reeds die negende kongres vermeld. Dit strook met die aantal jare wat die NCVV reeds bestaan het.

- Negende kongres, 29 en 30 April 1925 : Newcastle

Geen inligting aangaande die 1926 kongres is beskikbaar nie. Die 1927 kongres het, op 12 en 13 April te Greytown en die 1928 kongres het te Utrecht plaasgevind.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In 1929 het die NCVV geen kongres gehou nie. Hierdie gevolgtrekking word gemaak op grond van die feit dat die dertiende kongres volgens verslae in 1930 plaasgevind het, asook volgens Die Afrikaner van 29 April 1930 (1930:2).

- Dertiende kongres, 29, 30 en 31 Mei 1930 : Vryheid

Die kongresdatums vir die tydperk vanaf 1931 tot 1936 ontbreek.

- Agttiende kongres, 23 en 24 Maart 1937 : Newcastle

In 1938 is die NCVV kongres te Utrecht gehou

- Twintigste kongres, 5 en 6 September 1939 : Ladysmith

In 1940 het daar geen kongres plaasgevind het want die kongresnotule verklaar dat die een-en-twintigste kongres in 1941 gehou is.

- Een-en-twintigste kongres, 9 & 10 September 1941: Pietermaritzburg

9 en 10 Maart 1942 word as 'n kongresdatum aangegee maar kan moontlik 'n streeks- of buitengewone kongres gewees het, want in die 1943 kongresnotule word vermeld dat hierdie kongres die twee-en-twintigste NCVV kongres was. Dit kom ook voor asof kongresse in die ongelyke jaartalle gehou is - 1937, 1939 en 1941; en 1942 se datum van 9 en 10 Maart 1942 waarskynlik nie dié van 'n jaarlikse kongres is nie.

- Twee-en-twintigse kongres, 19 April 1943 : Vryheid
- Drie-en-twintigste kongres, 19 April 1944 : Dundee
- Vier-en-twintigste kongres, 1945 : Newcastle
- Vyf-en-twintigste kongres, 10 en 11 April 1946 : Ladysmith
- Ses-en-twintigste kongres, 23 en 24 April 1947 : Pietermaritzburg. Die tema van die 1947 NCVV kongres was onderwys.
- Sewe-en-twintigste kongres, 21 & 22 April 1948 : Utrecht
- Agt-en-twintigste kongres, 20 en 21 April 1949 : Glencoe
- Nege-en-twintigste kongres, 11 en 12 Mei 1950 : Durban
- Dertigste kongres, 18 en 19 April 1951 : Newcastle
- Een-en-dertigste kongres, 14 en 15 Mei 1952 : Weenen
- Twee-en-dertigste kongres, 22 en 23 April 1953 : Ladysmith

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Drie-en-dertigste kongres, 5 Mei 1954 : Durban
- Vier-en-dertigste kongres, 4 Mei 1955 : Vryheid
- Vyf-en-dertigste kongres, 2 en 3 Mei 1956 : Utrecht
- Ses-en-dertigste kongres, 1957 : onduidelikheid bestaan of hierdie kongres wel op Estcourt plaasgevind het
- Ses-en-dertigste kongres, 27, 28 en 29 Mei 1958

Streekkonferensies vind in 1959, 1961 en 1963 plaas.

- Agt-en-dertigste kongres, 9, 10 & 11 Mei 1960 : Newcastle
- Nege-en-dertigste kongres, 15, 16 en 17 Mei 1962 : Glencoe. Die tema was "Die vrou en haar taak ten opsigte van Volksgesondheid" (Vrou en Moeder Oktober 1962:14).

Die kongresse van 1958, 1960 en 1962 het oor drie dae plaasgevind, die langste tydperk wat jaarlikse kongresse tot sover tydens die bestaan van die NCVV geduur het. Dit is in dié tydperk wat die breuk met die NG Kerk ontstaan het en dui op die belangrikheid van daardie tydperk in die geskiedenis van die NCVV.

- Veertigste kongres, 27 en 28 Mei 1964 : Pietermaritzburg
- Goue Jubileum kongres : 18 tot 20 Mei 1965 : Dundee

Daar het wel 'n kongres op 3, 4 en 5 Mei 1966 volgens die Hoofbestuursnotule, 2 Februarie 1966 (1966:3) plaasgevind met Bejaardheid as tema. Streekkonferensies is weer eens in 1967 gehou. In 1968 het 'n kongres te Ladysmith plaasgevind. Geen inligting is egter beskikbaar oor 'n kongres of streekkonferensies in 1969 nie, maar die volgende NCVV kongres het op 25, 26 en 27 Augustus 1970 te Vryheid plaasgevind. Streekkonferensies het in 1971 en 1973 plaasgevind en 'n NCVV kongres is weer in 1972 in Durban gehou.

Daar word in die 1974 kongresnotule (1974:1) verkeerdelik vermeld dat die dertigste NCVV kongres op 17-19 September 1974 te Mooirivier plaasgevind het. Dit het veroorsaak dat al die daaropvolgende kongresdatums verkeerd was, want die VEERTIGSTE NCVV KONGRES het reeds tien jaar vantevore in 1964 te Pietermaritzburg plaasgevind, dus kan die dertigste kongres nie in 1974 plaasgevind het nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In 1975 en 1977 het NCVV streekkonferensies plaasgevind. Die 1976 en 1978 NCVV kongresse het onderskeidelik op 14 en 15 September en 12 en 13 September in Durban plaasgevind.

In 1980 het die NCVV kongres, met die tema "Die vrou as bron van energie", ook in Durban plaasgevind. Volgens die NCVV se 1984 Kongresnotule (1984:1) het die VYF-EN-DERTIGSTE KONGRES OP 28 EN 29 AUGUSTUS 1984 in Pietermaritzburg plaasgevind met "Die NCVV en u Mevrou" as tema. Hierdie kongresjaar is weer eens verkeerd aangegee aangesien die VYF-EN-DERTIGSTE KONGRES reeds in 1956 soos vroeër berig, plaasgevind het.

Streekkonferensies het in 1985 en 1987 plaasgevind en 'n NCVV kongres is in 1986 in Pietermaritzburg gehou. In 1988 het die direkteur van die NCVV 'n versoek aan die navorser gerig om te probeer vasstel wat die korrekte jaardatums is waarop NCVV-kongresse gehou is. Na aanleiding van hierdie versoek het die navorser aan die hand van beskikbare inligting berekeninge om die korrekte kongresdatum vas te stel, gemaak. Die inligting, soos reeds vermeld, dui daarop dat die veertigste kongres in 1964 plaasgevind het, die een-en-veertigste kongres in 1965 en die twee-en-veertigste kongres in Durban in 1966. Die jaar 1967 word aangegee as 'n jaar waarin streekkonferensies gehou is. In 1968 het dus die drie-en-veertigste kongres, 1970 die vier-en-veertigste kongres en in 1972 die vyf-en-veertigste kongres plaasgevind. Die tendens toon dat in gelyke jare soos steeds die gebruik in 1992 is, is NCVV kongresse vir die hele Natal gehou en word in die ongelyke jare streekkonferensies gehou. Volgens hierdie berekening het die DRIE-EN-VYFTIGSTE NCVV KONGRES in 1988 plaasgevind.

In 1989 en 1991 vind NCVV streekkonferensies plaas. Die volgende twee kongresnotules dui aan dat die laaste twee kongresdatums as volg is:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Vier-en-vyftigste kongres, 4 en 5 September 1990 : Dundee. Die kongrestema vir 1990 was "Die vrou as presteerder", en hierdie kongres het ook die vyf-en-sewentigste bestaansjaar van die NCVV herdenk.
- Vyf-en-vyftigste kongres, 2 en 3 September 1992 : Pietermaritzburg. Die kongrestema was "Die gesin in die Nuwe Suid-Afrika" (1992 NCVV Kongresbrosjure).

Tydens kongresse van die NCVV het die NCVV vrywilligers, soos ook uit die vorige hoofstukke blyk, kwel- en knelpunte uit hulle onderskeie gemeenskappe ter tafel gebring. Dit is dan ook tydens van hierdie kongresse dat dit gebeur het dat die lede van hierdie vereniging aangedring het op die skep van apartheidswetgewing en die bevoordeling van die blankes, veral die Afrikaners, op sedelike en kulture gebied. In die tydperk 1960 tot 1992 is dit weer eens sake van algemene belang wat in kongresbeskrywingspunte behandel is en die volgende dien as voorbeelde hiervan:

- Kinders moet meer beleefd teenoor bejaardes optree (NCVV Kongresnotule 1962:13).
- Nasorg en behuising is versoek vir verstandelik vertraagde en epileptiese persone tot 'n hoë ouderdom (NCVV Kongresbeskrywingspunte 1964:1).
- Kinders moes geleer word om te swem (NCVV Kongresbeskrywingspunte 1964:2).
- Skoolinspektrises moes nie deur swart gebiede reis nie (NCVV Kongresbeskrywingspunte 1964:2).
  Gemeenskapsplase moes ontwikkel word vir gesinne wat nie op die opemark kon meeding nie (NCVV Kongresbeskrywingspunte 1964:2).
- Die middele toets vir pensioenarisse moes verslap word (NCVV Kongresbeskrywingspunte 1964:2).
- Naskoolse weermag opleiding moet ook aan dogters verskaf word (NCVV Kongresbeskrywingspunte 1964:3).
- Die volgende behoeftes is uitgespreek: "Ons versoek die wenslikheid daarvan dat die klerenywerheid versoek word om meer, beter en deftiger klere vir die groter figuur te

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vervaardig (Beskrywingspunt opgedra aan die Kongres van 1964:geen).

- Brood moet in 'n plastieksakkie geplaas word of toegedraai word (NCVV Kongresbeskrywingspunte 1964:2).
- 'n Versoek dat die Departement Finansies eerstens onmiddellik en indringend ondersoek moet instel na die drastiese styging in voedselpryse en tweedens, beheermaatreëls moet instel om die styging aan bande te lê (Kongresnotule 1992:12).
- 'n Versoek is aan die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn gerig dat reëlings getref moes word en goedkeuring verkry moes word dat die bejaardes se betaling van R6 vir mediese behandeling en aptekersdienste ook by apteke en dokters gedoen moes kon word, in plaas van slegs by Landdroskantore (Kongresnotule 1992:11).

Die kongresse van die NCVV was dus 'n uitdrukking en 'n weerspieëling van die behoeftes van die Afrikaanse gemeenskap in Natal. Die beskrywingspunte rakende opvoedkundige, kulturele, sedelike en maatskaplike belange, word onder die betrokke afdelings behandel.

6.2.2 Hoofbestuur

Die Hoofbestuur van die NCVV word deur die kongres gekies en bestaan uit elf lede. Die Hoofbestuur vergader drie maal per jaar en beheer, bestuur en bedryf die NCVV as welsynsorganisasie. Die voorsitter van die Hoofbestuur is ook die presidente van die NCVV. Sedert 1978 vul mev Kathy van Schalkwyk hierdie portefeulje (Vrouevolksdiens Mei 1986:1). Dit is die hoogste pos wat deur 'n vrywilliger binne die struktuur van die NCVV bereik kan word. Hierdie pos verg algehele toewyding aan, en betrokkenheid by die NCVV. Geen vergoeding word tans aan hierdie pos gekoppel nie.

Die presidente of voorsitters van die NCVV soos hierdie posbenaming ook in die verlede bekend gestaan het, was volgens

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die NCVV, Die Eerste Skof (1965:6, 7, en 11) sedert die ontstaan van die NCVV as volg:

1916 tot 1918 - Mev Odendaal. Sy was tydens die eerste kongres in 1916 weens swak gesondheid afwesig en mev Bierman het as voorsitter waargeneem.

1919 tot 1939 - Mev E Z J de Beer (die voorletters van haar man, ds E Z J de Beer word in dokumente gebruik). Volgens die NCVV, Die Eerste Skof (1965:11) was mev de Beer sedert 1915 voorsitter van die NCVV se hoofbestuur. Hierdie inligting moet egter foutief wees, aangesien die eerste kongres eers in 1916 plaasgevind het en die Zusterswerkgeselschap, waarvan mev De Beer 'n stigterslid was, eers in 1916 by die NVV aangesluit het. In 1918 (De Afrikaner 5 Maart 1918:2) tree mev De Beer in die plek van 'n ongestelde mev Odendaal as voorsitter op. Volgens Die Afrikaner (1 April 1919:3) was mev De Beer die voorsitter by die vierde NCVV kongres te Greytown. Mev de Beer verdien egter spesiale erkenning vir haar werk as stigterslid van die Zusterswerkgeselschap asook as lid van die eerste NCVV hoofbestuur en haar lang dienstermyn - die langste in die geskiedenis van die NCVV - as voorsitter van die hoofbestuur. Op 4 September 1939 bedank mev De Beer, volgens die Pietermaritzburgse taknotule, as voorsitter van die NCVV. Tydens die Pietermaritzburg-tak se vergadering op 4 Augustus 1942 het mev De Beer die taklede bedank vir die gelukwensing met haar tagtigste verjaardag. Na haar afsterwe het lede van die NCVV op die herdenking

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van haar geboortedag op 29 Junie 1947, 'n gedenkplaat by haar graf onthul.

1939 tot 1944 - Mev L Botha
1945 tot 1946 - Mev H Erlank
1947 tot 1950 - Mev Koornhof
1951 tot 1953 - Mev T Flemming
1954 tot 1957 - Mev Morgenthal

Al hierdie dames wat sedert die eerste kongres in 1916 tot die kongres in 1957 voorsitters van die Hoofbestuur was, was die eggenotes van predikante gewees. Dit bewys dus die betrokkenheid van predikentsvroue by die NCVV tot met die breuk met die NG Kerk in 1959.

1958 tot 1962 - Mev H M Stander
1963 tot 1964 - Mev E Cilliers - weer 'n predikantsvrou
1965 tot 1974 - Senator H Steenkamp
1974 tot 1978 - Mev Jeanette Smit, na wie 'n ouetehuis in Durban vernoem is.

In 1978 neem mev Cathy van Schalkwyk die taak as voorsitter van die Hoofbestuur, en gevolglik presidente van die NCVV by mev J Smit oor.

Die hoofbestuur bestaan, sedert sy ontstaan in 1915 uit Afrikaanse vroue, wat sterk leiding binne die takke van die NCVV sowel as die Afrikaanse gemeenskappe van Natal geneem het. Volgens inligting verkry uit die NCVV, die Eerste Skof (1965:11, 14, 17, 26), wat die tydperk 1915 tot 1965 behandel asook volgens beskikbare tak- en hoofbestuursverslae, word die volgende NCVV lede se name herhaaldelik vermeld: Mevv Mabel Jansen, Dorothea Kemp, A Jansen, mej E Neethling, mevv F Euckermann, E S Maarshalk, Bella Spies, G Kaemingk, H Gregory, A F Neser en Nantie van Rooyen. Hierdie inligting sluit nie die presidentes in nie.

Tydens die ontstaansjare van die NCVV is die organisasie van sowel die hoofbestuur as die hoofkantoor deur die vrywilligers vanuit hulle huise bedryf. Later is 'n kantoor in Pietermaritzburg vir die NCVV gehuur en in 1992 besit die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

NCVV die kantoorgebou wat die NCVV hoofkantoor huisves. Hierdie gebou staan langs die NCVV ouetehuis in Pietermaritzburg (Hoofbestuursnotule 26 en 27 Maart 1992:1). Alle hoofbestuursprojekte word vanuit die hoofkantoor bedryf.

Die provinsie Natal, binne wie se grense die Hoofbestuur van die NCVV funksioneer, is in drie streke opgedeel naamlik: die Noorde, die Suide en die Middelland. Die streekleiers wat tydens die 1992 NCVV kongres verkies is was die volgende persone:

- Noorde : Mev F Gouws (Glencoe-tak)
- Middelland : mev J Hoffman (Estcourt-tak)
- Suid : mev E Fourie (Durban-tak)

Al drie die streke, asook die meeste van die takke is op die Hoofbestuur verteenwoordig. Volgens die 1992 Kongresnotule (1992:16), is die takke deur die volgende persone op die Hoofbestuur verteenwoordig:

Mevv	S Potgieter	(Vryheid)
	C Davel	(Utrecht)
	D Botha	(Dundee)
	M van Doorn	(Estcourt)
	H Marais	(Pietermaritzburg)
	M Maree	(Durban-Saamwerk)
	M Klingenberg	(Durban)

6.2.3 Dagbestuur

Die hoofbestuur het ook 'n dagbestuur, waarby die uitvoerende bestuur van die NCVV as organisasie by berus. Die dagbestuur van die NCVV bestaan uit 6 lede - die lede wat die drie verskillende streke van die NCVV teenwoordig, die president en die twee vise-presidente. Die twee vise-presidentes in 1992, is mev Jeanne Hoffman as eerste vise-presidente, en mev Essie Fourie, as tweede vise-president.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.2.4 Hoofbestuurkomitees

Die hoofbestuur funksioneer deur subkomitees wat die hoofbestuursbedrywighede en -projekte behartig. Hierdie komitees word volgens keuse en belangstelling gekies en ingedeel en is in 1992 as volg:

- Dagsorg/ouerleidingkomitee
- Bejaardesorgkomitee
- Diensveldekomitee.

Die werksaamhede van die Dagsorg/ouerleidingkomitee asook die Bejaardesorgkomitee word in die volgende hoofstuk bespreek. Die Diensveldekomitee het na die 1992 kongres tot stand gekom en behartig die bemarking en beplanning van die werksaamhede van die NCVV, uitsluitend die werksaamhede van die maatskaplike werkers. Hierdie komitee vervang die studie- en publisiteitskomitee wat vroeër bestaan het (Rootman 8 Desember 1992). Alhoewel die Studiekomitee dus tans nie meer bestaan nie, verdien hierdie komitee en sy werksaamhede van die verlede vanuit 'n historiese perspektief, spesiale vermelding.

Die Studiekomitee het vir die eerste keer op 9 Augustus 1960 aan huis van mev S van Wyk, te Utrecht, vergader. Die lede vir die eerste drie jaar van die komitee se bestaan was mevv Het Steenkamp, Nantie van Rooyen, Sarah van Wyk, Joyce van Niekerk en Erra Cilliers.

Die werksaamhede waarin die Studiekomitee homself in die beginjare, volgens die NCVV Die Eerste Skof (1965:23), onderskei het, was as volg:

- 'n Streekkonferensie is 1961 vir die gesinsjaar gereël.
- Programme vir takke is opgestel.
- Kompetisies vir handwerkartikels is gereël.
- Omsendbriewe oor aktuele onderwerpe is uitgestuur.
- 'n NCVV resepteboek is in 1963 saamgestel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Geskenke byvoorbeeld teelepels, met die NCVV wapen daarop, is verkry.
- Die gesinseëlveldtog is geloods.
- Gesinsaande en hoflikheidsveldtogde is gereël.
- Die eerste Lenteskool vir NCVV vrywilligers by die Natal Spa op 3 tot 5 September 1963, waar die tema "Die Vrou en haar Volk op Maatskaplike gebied" was, is deur die Studiekomitee gereël en
- in 1964 stel die komitee die Dogtersleierskursus as opvoedkundige diens in.
- Volgens die Hoofbestuursnotule van 2 Februarie 1966 reël die NCVV ook 'n Lenteskool in die Drakensberg op 20, 21 en 22 September 1966.

Volgens die 1988 Hoofbestuursverslag (1988/1989:8) was die taak van die Studiekomitee verder ook om:

- 'n Inligtingspamflet op te stel
- 'n Beleid namens die NCVV saam te stel rakende verskillende ondernemings en diensterreine
- Die NCVV grondwet te bestudeer en te hersien en
- die NCVV kongresse te beplan.

Die Hoofbestuursnotule van 24 Julie 1992, meld dat die Studiekomitee ook die donateursbrief opgestel het asook die kompetisies by takke aangebied het, wat die Afrikaanse taal beskerm en bevorder.

In 1976 het daar volgens die Jaarverslag van die Hoofbestuur (1975/1976:11) die volgende Hoofbestuurskomitees bestaan: die Finansiële komitee, die Studiekomitee, die Gesinsorgkomitee en die Utiliteitskomitee. Laasgenoemde komitee was vir die oprigting van inrigtings verantwoordelik gewees. Uit die veranderde benamings van die Hoofbestuurskomitees in 1992, naamlik die Dagsorg/ouerleiding-, Bejaardesorg- en Diensveldekomitee, kan afgelei word dat die gemeenskapsbehoeftes van 1992 verskillend is van die behoeftes in 1976 waar daar nie komitees vir bejaardesorg, ouerleiding en dagversorging bestaan het nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Alle werksaamhede van die Hoofbestuur, dagbestuur- en hoofbestuurskomitees, word deur vrywilligers verrig wat eerstens in NCVV takke werksaam is en wat as gevolg van hul bereidwilligheid en bekwaamheid in bogenoemde posisies tot die besture verkies word.

6.2.5 NCVV-takke

Die gesag van die NCVV kongres word gedesentraliseer na die NCVV takke, waarbinne die vrywillige werk plaasvind. Die vrywilligers doen dan weer tydens die NCVV kongresse, verslag van hul werksaamhede. Elke NCVV tak vergader maandeliks - minimum nege vergaderings per jaar. Tydens die NCVV takke se jaarvergaderings word 'n nuwe bestuur verkies wat in subkomitees verdeel word en die ooreengekome projekte aanpak. Die grondwet van die NCVV-takke word volledig in Bylae II uiteengesit.

Die takprojekte bestaan uit ouetehuise, dienssentra, behuisingskemas, dagversorgingsoorde, pre-primêre skole, werkgroepe en klubs. By die takprojekte waar ook inrigtingversorging by betrokke is, is daar weer 'n infrastruktuur van bestuurskomitees, matrones en personeel, wat bygestaan word deur maatskaplike werkers en taklede. Die NCVV takke is outonoom en neem dus hulle eie besluite. 'n Organigram van die NCVV en sy takstelsel volgens die 1989 NCVV Jaarverslag (1989:2) is aangepas by die 1992 omstandighede en word onder figuur 6.2 uiteengesit.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Figuur 6.2 : Organigram van die NCVV en sy takstelsel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die werksaamhede van die NCVV vrywilligers, wat verantwoordelik is vir die instandhouding en werksaamhede van die NCVV-takke, word volledig onder die opvoedkundige-, kulturele- en maatskaplike aksies van die NCVV bespreek.

Na die breuk met die NG Kerk in 1959, was daar aanvanklik onsekerheid of die NCVV as welsynsorganisasie sterk genoeg sal wees om sonder die infrastruktuur van die NG Kerk voort te bestaan. Met die NCVV-takke as die basis van die organisasie, was die NCVV egter nie alleen in staat om onafhanklik van die NG Kerk te kan voort bestaan nie maar was hierdie organisasie ook in staat om uit te brei en nuwe hoogtes te bereik.

Om die ontwikkeling van die NCVV as welsynsorganisasie te evalueer, is dit nodig om die stigting **en ontbinding** van die takke van die NCVV, die aantal takke en die ledetal van die NCVV gedurende die tydperk van 1960 tot 1992 te bespreek.

(a) Die stigting van takke van die NCVV

Die volgende datums is deur middel van die taknotules beskikbaar oor die stigting van die takke van die NCVV:

- In 1961 kom die Winterton-tak tot stand (Vrou en Moeder Julie 1961:2).
- Die Cato Ridge-tak ontstaan op 23 Maart 1966 as gevolg van 'n gemeenskapsbehoefte aan 'n kliniek in die dorp Cato Ridge.
- Op 12 Augustus 1966 kom die Mkuze-tak in Zoeloeland tot stand.
- Die Hlobane-tak word op 19 Februarie 1976 gestig.
- Die Kiepersol-tak wat op 11 Maart 1981 in Pietermaritzburg, hoofstad van Natal, ontstaan het, het nuwe lewe in die NCVV vrywilligerkorps geblaas. Die tak is gestig vir jonger vrywilligers maar het egter 'n breuk met die gevestigde Pietermaritzburg-tak wat uit ouer lede bestaan het, veroorsaak. Die gevestigde Pietermaritzburg-tak het

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

in 1981 hoofsaaklik die NCVV ouetehuis in Pietermaritzburg, se bestuur behartig.
- Op 16 Maart 1982 kom die Durban Saamwerk-tak tot stand en
- op 30 Junie 1982 die Pietermaritzburg-Suid-tak.

Die Kiepersol- en die Pietermaritzburg-Suid takke het egter in 1983 saamgesmelt om weer eens die Pietermaritzburg-tak te vorm. In 1987 sluit daar sewe nuwe lede by die tak aan en in 1988 het dié tak 'n ledetal van ses-en-veertig.

Sedert 1980 het daar dus geen nuwe plattelandse takke van die NCVV ontstaan nie, maar wel takke in die enigste twee stede in Natal, naamlik Pietermaritzburg en Durban. Hierdie ontwikkeling kan moontlik dui op die ontvolking van die platteland en die gevolglike vermindering van vrywilligers wat by takstigting betrokke kan raak.

(b) Die ontbinding van die takke van die NCVV

Volgens die taknotules, takverslae, hoofbestuursnotules en kongresnotules wat oor die tydperk vanaf 1960 tot 1992 beskikbaar is, het die volgende takke óf probleme ondervind óf ontbind:

- In 1961, twee jaar na die breuk met die NG Kerk, wou die Pietermaritzburg-Suid-tak ontbind, maar het daarteen besluit.
- Die Pietermaritzburg-Suid-, Pietermaritzburg-Wes- en Voortrekker-takke verklaar volgens die taknotule van 18 September 1963 dat hulle wil saamsmelt en staan daarna weer as die Pietermaritzburg-tak bekend.
- Die Hoofbestuur spreek sy kommer uit oor die voortbestaan van die Cato Ridge- en Ladysmith-takke.
- Die Hoofbestuursnotule van 17 en 18 Oktober 1974 behandel die deregistrasie van die Monument-tak. Al inligting wat oor dié tak beskikbaar is, is 'n ongedateerde artikel

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

getiteld "Geskiedenis van die NCVV: Kingsley- Doringberg-Bloedrivier". Hierdie artikel maak as volg melding van die Monument-tak: "Na baie jare is daar weereens 'n tak van die NCVV gestig in die omgewing, in September 1966 word dan die Monument-tak gestig."

- Tydens 17 September 1974 se Hoofbestuursvergadering word berig dat probleme met die Cato Ridge en Pietermaritzburg-Suid-takke ondervind word.
- Volgens die 26 Junie 1976 Hoofbestuursnotule besluit die Weenen-tak ná 'n Hoofbestuursbesoek, teen ontbinding.
- Die Pinetown-tak asook die Cato Ridge-tak ontbind in die tydperk 1975/1976.
- Die Mkuze-tak ontbind in 1977. Die Cato Ridge- sowel as die Mkuze-tak het, as gevolg van werkverskaffingsprojekte wat in hul onderskeie omgewings afgehandel was, ontbind.
- Op 24 April 1980 ontbind die Danskraal-tak.
- Die Empangeni-tak ontbind op 18 Junie 1980 en
- die Weenen-tak ontbind op 13 Maart 1981.

Al vyf hierdie takke wat na 1976 ontbind het, was platteland-se takke. Hulle ontbinding kan weer eens verband hou met die ontvolking van die platteland. 'n Ander moontlikheid is dat die plattelandse gemeenskappe nie 'n verdere behoefte aan die dienste van die NCVV as welsynsorganisasie gehad het nie.

In die 1981/1982 NCVV Jaarverslag (1981/1982:18) word verder oor ontbinding van NCVV takke berig: "Met die ontbinding van takke in die meer afgeleë areas soos Babanango, Weenen, Empangeni en Danskraal, is die ledetal 'n gevoelige verlies toegedien. Met die stigting van nuwe takke in die stede is die vooruitsigte vir 'n toename van ledetal egter optimis-ties."

Alhoewel twee Pietermaritzburgse takke in 1982 ontbind het, het daar reeds in hul plek twee nuwe takke in die stad ont-staan. Die twee takke wat ontbind het is die Pietermaritz-burg-tak op 9 Maart 1982 en Pietermaritzburg-Wes-tak op 16 Mei 1982. Die rede vir die ontbinding van hierdie twee takke

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

was die stagnasie, met betrekking tot werksaamhede en uitbreiding van die ledetal wat by hierdie twee gevestigde takke ingetree het. Die twee nuwe takke wat ontstaan het, het bestaan uit jonger entoesiastiese lede.

Die takke wat in 1990 ontbind het was die Colenso-tak asook die Weenen-tak wat op 3 Maart 1990 ontbind het. Die Dundee-tak het nooit ontbind nie maar twee keer "rustend" gegaan (NCVV, Eerste Skof 1965:16).

(c) Die aantal NCVV-takke en die ledetal

Volgens Hoofbestuursnotules is die aantal takke en die ledetal in die tydperk 1960 tot 1992 as volg:

	Aantal takke	Ledetal
1963	Onbekend	599
1971	22	Onbekend
1973	22	536
1974	20	469

Die twintig takke in 1974 was volgens die 1974/1975:4 Hoofbestuursverslag as volg:

- In die Noorde: Babanango, Dannhauser, Dundee, Glencoe, Newcastle, Noord-Zoeloeland, Utrecht, Vryheid
- In die Middellande: Danskraal, Estcourt, Ladysmith, Weenen en Winterton
- In die Suide: Durban, Durban Noord, Empangeni, Pietermaritzburg, Pietermaritzburg-Wes, Pietermaritzburg-Noord en Pinetown.

	Aantal takke	Ledetal
1975	19	469
1976	19	479
1979	17	Onbekend
1981	15	Onbekend
1982	14	319

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1983	14	Onbekend
1985	14	300
1987	13	Onbekend
1988	Onbekend	258
1990	12	275
1992	12	259

Die name van die 12 NCVV takke is volgens 'n 1991/1992 verslag as volg: Durban-Sentraal, Durban-Saamwerk, Pietermaritzburg, Estcourt, Winterton, Ladysmith, Glencoe, Dundee, Vryheid, Utrecht, Newcastle en Dannhauser.

Na 'n aanvanklike onsekerheid oor die voortbestaan van die NCVV, beleef dié organisasie 'n bloeitydperk van tien jaar in die tydperk 1963 tot 1973. In 1963 was die NCVV ledetal 599, die grootste aantal lede in die geskiedenis van die NCVV en in 1973 het die aantal NCVV takke op 22 gestaan het - die grootste getal takke wat die NCVV in sy sewe-en-sewentig jare bestaan vanaf 1915 tot in 1992 gehad het. Sover bekend, het geen takke in hierdie tien jaar periode ontbind nie.

Die afname in ledetal en die gepaardgaande vermindering van die aantal takke het geleidelik begin, totdat die NCVV in 1992 uit 12 takke en 259 lede bestaan. 'n Kleiner vrywilligerskorps kan dui op 'n afname in belangstelling aan die kant van die gemeenskap. 'n Afname in ledetal plaas 'n groter verantwoordelikheid op die kleiner getal lede ten opsigte van dienslewering en fondswerwing. Hierdie omstandighede kan op die lang duur slegs 'n negatiewe groei in fondse en dienslewering tot gevolg hê. Die groei en ontwikkeling al dan nie, van 'n welsynsorganisasie hang ten nouste saam met die betrokkenheid van die vrywilliger.

6.3 DIE PERSONEELHIëRARGIE EN TAAKTOEDELING BINNE DIE NCVV

Aan die hoof van die personeel in diens van die NCVV, staan die Direkteur. Die direkteur beplan, organiseer en beheer

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die NCVV in totaliteit. Dit behels die organisasie van die hoofkantoor met sy professionele en administratiewe dienste, die finansies van die NCVV, die hoofbestuur en sy projekte, sowel as die instandhouding en uitbreiding van NCVV takke en projekte. Mej Sita Rootman is sedert 1985 die Direkteur van die NCVV (Vrouevolksdiens Oktober 1985:7).

Die maatskaplike werkers lewer professionele dienste ten opsigte van gesinsorg, bejaardesorg, inrigtingsorg, groepe, dienssentra en dagversorging. Die administratiewe personeel behartig die boekhouding en administrasie ten opsigte van dienste wat gelewer word. Daar is ook verpleegkundiges in diens van bejaardesorgprojekte sowel as onderwyseresse by dagversorgingsoorde.

Die skematiese voorstelling in figuur 6.3 gee 'n duidelike beeld van die taaktoedeling van die direktrise, maatskaplike werkers en die administratiewe beamptes.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za



Figuur 6.3 : Betaalde personeel van die NCVV se werksverdeling en hiërargie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n Gedeeltelike staatsubsidie word ontvang vir sommige van die NCVV dienste. Dié dienste is in 1992 die ses maatskaplikewerk-poste, die drie ouetehuise en die drie dienssentra. Die onderwysdepartement besoldig die opgeleide personeel in pre-primêre skole. Die tekort op gesubsidieerde projekte en die res van die dienste word uit die heffing van tariewe en eie fondse bedryf. Fondsinsamelings word nie deur betaalde personeel verrig nie maar wel deur die NCVV vrywilligerkorps. Die NCVV is ingevolge die wet op Fondsinsamelings 1978, geregistreer as fondsinsamelingsorganisasie. Hierdie wet bepaal dat die NCVV 'n welsynsorganisasie is, wat fondse mag insamel vir die lewering van maatskaplike dienste. Die NCVV is ook deel van die Pietermaritzburgse gemeenskapskas (Hoofbestuursverslag 1989/1990:19).

Geen welsynsorganisasie kan sonder 'n grondwet funksioneer nie en in die geval van die NCVV beskryf die grondwet die werksaamhede van die kongres, hoofbestuur en takke en die raamwerk waarbinne hierdie instellings funksioneer. Die volledige grondwet van die NCVV word in Bylaes I en II uiteengesit. Vir die evaluering van die NCVV as welsynsorganisasie is dit nodig om die doelstellings van die organisasie soos ver- vat in die grondwet te bespreek en die werksaamhede van die NCVV te evalueer ten opsigte van die uitvoering van die doel-stellings soos bepaal in die grondwet.

6.4 DIE DOELSTELLINGS VAN DIE NCVV

Die doelstellings van die NCVV soos verwoord in die grondwette van die NCVV kon nie vir die tydperk voor 1960 opgespoor word nie aangesien geen gedateerde NCVV grondwette in die Pietermaritzburgse argief of by die Hoofkantoor van die NCVV te Pietermaritzburg vir daardie tydperk verkry kon word nie. In die NCVV kongresnotules van 1941 en 1948, word wel verwys na statute wat nagesien en gewysig is, maar geen beskrywing van die statute of die wysigings word gegee nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Daar is twee ongedateerde grondwette by die NCVV Hoofkantoor in Pietermaritzburg verkry. In hierdie twee grondwette is daar geen verwysing na die NCVV se verbintenis met die NG Kerk nie. Aangesien die breuk tussen die NG Kerk en die NCVV in 1959 finaal was, moet hierdie grondwette na 1959 opgestel gewees het.

Die eerste van die twee ongedateerde grondwette se opskrif op die buiteblad lui as volg: "Konstitusie van die Natalse Christelike Vrouevereniging". Die doel van die NCVV word op die eerste bladsy kort en bondig beskryf, naamlik: "Die doel van die vereniging is die voorkoming van behoeftigheid en maatskaplike wanaanpassing deur die bevordering van die sedelike, kulturele en maatskaplike belange van die Afrikanervolk, in besonder die belange van die Jeug ooreenkomstig Nasionale Christelike beginsels."

In 'n notule (1974:8) van die kongres van die NCVV is ook 'n voorstel met dieselfde bewoorde doelstellings gevind. Hierdie doelstelling bepaal dat hulp op maatskaplike gebied aan die Afrikanervolk verleen sal word en die sedelike en kulturele belange ook van die Afrikanervolk bevorder sal word. Hierdie spesifisering van hulp aan die Afrikanervolk is in teenstelling met die volgende ongedateerde grondwet wat bepaal dat hulp op "geestelike, sedelike, verstandelike en stoflike gebied" aan "die Suid-Afrikaanse volk" verleen sal word. Die doelstellings en die NCVV en die uitvoering daarvan soos vervat in hierdie tweede beskikbare ongedateerde grondwet is uitgebreid en omskrywend. Dit word in klousule 3 van die grondwet beskryf en lui as volg: "Die doel van die vereniging is om insonderheid binne die grense van Natal vir die behoud en die vooruitgang van die Suid-Afrikaanse volk op geestelike, sedelike, verstandelik en stoflike gebied te ywer, deur:

(a) In eie huis te strewe na 'n Christelike Nasionale opvoeding van die jeug;
(b) Deur kragtig op te tree teen Sabbatsontheiliging;

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(c) Deur ons kinders 'n voorliefde vir die Kerk van ons Vaders in te boesem;

(d) Self 'n voorbeeld te gee van Christelike handel en wandel tesame met 'n eenvoudige en selfstandige lewenswyse ooreenkomstig nasionale sedes en gewoontes, ook alle eerlike arbeid hoog te waardeer en andere op te wek om dit te doen;

(e) Om 'n wakende oog te hou oor alle behoeftige en noodlydendes, toe te sien dat die veragterdes nie laer sink nie en om te verhoed dat die verarmde wat hulp kry hul selfstandigheid verloor;

(f) Om alle kragte in te span tot bevordering van 'n gesonde volksopvoeding;

(g) Om ons taal te waardeer en soveel moontlik as spreek- en skryftaal te gebruik en om goeie Afrikaanse en Hollandse boeke en pamflette wat die belange van die Afrikaanse vrou en haar volk raak, te help versprei;

(h) Om die studie van Afrikaanse geskiedenis te bevorder;

(i) Om inrigtings wat nodig mag wees vir die bevordering van die doeleindes van die Vereniging op te rig;

(j) Belangstelling op te wek in en aandag te skenk aan die sosiale wetgewing van ons land;

(k) Al sulke geoorloofde middele aan te wend wat daartoe strek om die bogenoemde doel ten uitvoer te bring."

Volgens hierdie doelstellings moet hulp aan die "Suid-Afrikaanse volk" verleen word in teenstelling met die vorige grondwet waar hulp spesifiek aan die Afrikanervolk verleen moet word. Die bedoeling van hulp aan die Suid-Afrikaanse volk moet egter dieselfde wees as die verwysing na die Afrikanervolk in die vorige grondwet, want dit is slegs die Afrikaanse taal en kultuur wat onder subklousules (g) en (h) vermeld word. Die NCVV het dus as organisasie steeds die belange van die Afrikanergroep bevorder.

Laasgenoemde grondwet verwys nie na die lewering van maatskaplikewerk-dienste nie. Slegs subklousule (e) verwys na die versorging van behoeftiges en noodlydendes. Die kerk,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

opvoeding, taal en kultuur, geniet voorrang. Hierdie tweede grondwet se bewoording is dieselfde as die beskrywing van die doelstellings van die NCVV in 'n studie-stuk gedateer 26 Februarie 1970, wat in die Pietermaritzburgse argief gevind is. Die tweede grondwet het dus waarskynlik in die tydperk rondom 1970 sy ontstaan gehad.

'n Poging wat aangewend is om 'n nuwe grondwet daar te stel, blyk volgens 'n Hoofbestuursnotule van 'n hoofbestuursvergadering gehou op 4 Augustus 1977 (1977:1), nie suksesvol te gewees het nie. Na samesprekings met die Volkswelsynbeampte, is besluit om die finalisering van dié grondwet uit te stel, as gevolg van verwagte verandering in wetgewing met betrekking tot welsynsorganisasies.

Die eerste volledige grondwet is die "Hersiene grondwet van die Natalse Christelike Vrouevereniging" (soos gewysig deur die NCVV Kongres, 1980 en 1982) Die volledige doelstellings in hierdie grondwet, is as volg:

"4. Doelstelling

Die doelstelling van die vereniging is die bevordering van die sedelike, kulturele en maatskaplike belange van die bevolking, dienslewering aan alle bevolkingsgroepe, die voorkoming van maatskaplike wanaanpassing asook die bevordering en handhawing van fisiese en geestelike weerbaarheid ten opsigte van enige bedreiging van die volkseie.

Die vereniging streef daarna om dié doel te bereik deur:

4.1 Die Maatskaplike toerusting, versorging en rehabilitasie van die gesin in al sy verhoudinge, individue en groepe, deur middel van Maatskaplike werk, vakkundig en andersins.

4.2 Die voorsiening van voorkomingsprojekte vir die opvoeding en ontwikkeling van die individu vir die gesins- en gemeenskapslewe.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.3 Die versorging van spesifieke groepe in die samelewing deur middel van Gemeenskapswerk, en die oprigting en instandhouding van inrigtings.

4.4 Daadwerklike belangstelling in en deelname aan Welsynsbeplanning, samewerking met ander Welsyn-organisasies en die formulering van Welsynsbeleid.

4.5 Die handhawing van 'n Christelike lewenswyse in eie huis en gemeenskap, die waardering van alle eerlike arbeid en die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur.

4.6 Die bevordering van belangstelling in die volkseie.

4.7 Die aanmoediging van liefde vir die Kerk en ondersteuning van die Kerk in sy stryd teen maatskaplike euwels.

4.8 Die bevordering en handhawing van fisiese en geestelike weerbaarheid ten opsigte van enige bedreiging van die volkseie."

Die hersiene grondwet van 1980/1982 van die NCVV beskryf die doelstellings van die NCVV onduidelik. Dit is nie presies duidelik aan watter bevolkingsgroepe diens gelewer moet word en wat die omvang van daardie diens moet wees nie. Die eerste deel van die doelstelling verklaar dat die doel van die vereniging is om die sedelike, kulturele en maatskaplike belange "van die bevolking" te bevorder en diens te lewer aan "alle bevolkingsgroepe". Die beskerming van maatskaplike belange, sowel as die lewering van maatskaplike dienste kán ten opsigte van en aan enige bevolkingsgroepe geskied. Selfs ook op sedelike gebied kon die sedes van enige groep beskerm en bewaar word maar op die terrein van die kultuur egter, kan dit slegs die Afrikanerkultuur wees wat die NCVV wou beskerm en bevorder. Dit blyk duidelik uit die gedeelte van die doelstelling na die woord "asook" wat verklaar dat die volgende moet geskied: "die bevordering en handhawing van fisiese en geestelike weerbaarheid ten opsigte van enige bedreiging van die volkseie." Die woord "volkseie" dui op

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die Afrikaners as groep want die NCVV het in 1915 as welsyns-organisasie ontstaan maar ook as Afrikaner kultuurorganisasie - wat die Afrikaners se belange wou beskerm en bevorder op sedelike, kulturele, opvoedkundige en maatskaplike gebied.

Alhoewel daar onduidelikheid oor die beskrywing van die doelstellings bestaan met betrekking tot die die aard van die dienslewering en aan welke bevolkingsgroep dit gelewer moet word, word die maatskaplike taak beter en duideliker in klousules 4.1 tot 4.4 omskryf in vergelyking met die vorige ongedateerde grondwette. Hieruit kan afgelei word dat die maatskaplike taak van die NCVV voorrang geniet het. Die voorrang plasing van die uitvoering van die maatskaplike doelstellings beklemtoon ook die belangrikheid van die maatskaplike taak van die NCVV,

In klousules 4.5 tot 4.8 word die NCVV se verbintenis tot die kerk asook die handhawing van die Afrikaanse taal en kultuur beskryf. Alhoewel die NCVV voor 1960 noue bande met die NG Kerk gehad het, word die NG Kerk nie by name in hierdie 1980/1982 grondwet vermeld nie en moet die woord "Kerk", wat in klousule 4.7 met 'n hoofletter geskryf word, vertolk word as 'n verbintenis met die kerke van Suid Afrika in die algemeen, en nie slegs die NG Kerk nie. Met die beskerming, bewaring en handhawing van taal en kultuur word die Afrikaner se belange by name genoem en uitgesonder.

'n Voorstel vir 'n verbeterde grondwet is tydens die 1988 NCVV kongres ingedien (Beskrywingspunte NCVV Kongres 1988:8). Klousule 4 wat die doelstelling omskryf, sou volgens die voorstel as volg lui: "Om die lewenskwaliteit van die breë gemeenskap van Natal te verhoog deur maatskaplike, kulturele en opvoedkundige dienste te lewer."

Die langdradige klousule 4.1 tot 4.9 in die hersiene grondwet van 1980/1982 wat die wyse waarop die doelstellings uitgevoer moet word beskryf, sou vervang word met die volgende weergawe:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

"4.1 Maatskaplik

Om maatskaplike wanfunksionering te voorkom en te behandel.

4.2 Kultureel

Om kulturele belange te bevorder.

4.3 Opvoedkundig

Om opvoedkundige geleenthede daar te stel en uit te bou."

Die sedelike komponent van die doelstellings in die voorgestelde wysigings van 1988, is vervang deur 'n opvoedkundige komponent wat meer strook met die werklike diens wat die NCVV lewer. Die sedelike komponent is in werklikheid deel van die opvoedings-, maatskaplike- en kulturele taak van die NCVV en was, volgens hierdie voorstel, nie as noodsaaklik beskou om in die doelstellings pertinent omskryf te word nie. Die voorstelle is egter nie deur die 1988 Kongres aanvaar nie. Dit is betreurenswaardig, aangesien hierdie voorstelle sonder twyfel die doelstelling van die NCVV en die strewe daarna op 'n verkorte en duidelike wyse omskryf en behandel.

Die hersiene grondwet wat wel tydens die 1988 Kongres aanvaar is, se doelstelling is dieselfde as wat tydens die 1980/1982 kongresse aanvaar is. Die woordomskrywing van die wyse waarop die NCVV as vereniging daarna streef om dié doelstelling te bereik, het egter verander en lui as volg:

"4.1 Die maatskaplike toerusting, versorging en rehabilitasie van die gesin, individue en groepe in al hul verhoudinge, deur middel van professionele maatskaplike werk en andersins."

Hierdie klousule het enkele sinstruktuur veranderinge ondergaan maar 4.2, 4.3 en 4.4 se bewoording het presies dieselfde gebly. Dit lui as volg:

"4.2 Die voorsiening van voorkomingsprojekte vir die opvoeding en ontwikkeling van die individu vir die gesins- en gemeenskapslewe.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.3 Die versorging van spesifieke groepe in die samelewing deur middel van gemeenskapswerk en die oprigting en instandhouding van inrigtings.

4.4 Daadwerklike belangstelling in en deelname aan welsynsbeplanning, samewerking met ander welsynorganisasies en die formulering van welsynsbeleid."

Klousules 4.5 tot 4.8 het presies dieselfde inhoud as die 1980/1982 grondwet, met betrekking tot Christelike Nasionale opvoeding, die bevordering en beskerming van die Afrikaanse taal, kultuur en volkseie, asook die ondersteuning van die Kerk, maar die sinkonstruksies het verander om soos volg te lees:

"4.5 Die handhawing en bevordering van 'n Christelike-Nasionale lewenswyse en opvoeding in eie huis en in die gemeenskap.

4.6 Die bevordering van die Afrikaanse taal, kultuur en belangstelling in die volkseie.

4.7 Die bevordering en handhawing van fisiese en geestelike weerbaarheid ten opsigte van enige bedreiging van die volkseie.

4.8 Die aanmoediging van liefde vir die Kerk en ondersteuning van die Kerk in sy stryd teen maatskaplike euwels."

4.9 is 'n nuwe toevoeging tot die uitvoering tot die doelstelling van die NCVV en is as volg verwoord:

"4.9 Op regmatige wyse fondse in te samel ter bereiking van die doelstelling en werksaamhede."

Die behoefte aan meer fondse vir die uitbreiding van die werksaamhede van die NCVV asook die eis van die Staat dat welsynsorganisasies moet privatiseer, het veroorsaak dat die belangrikheid van fondsinsameling toegeneem het en gevolglik omskryf moes word in die grondwet van die NCVV. Hierdie hersieningsgrondwet van 1988 het ook ander wysigings verkry, maar dit was slegs organisatories van aard.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In 1992 is dieselfde bewoording ten opsigte van die doelstelling van die NCVV en die uitvoering daarvan, geldig as wat tydens die 1988 NCVV kongres aanvaar is. Tydens die 1990 en 1992 kongresse is slegs wysiginge ten opsigte van lidmaatskap en affiliasiefooie aangebring en geen wysiging ten opsigte van die doelstellings van die NCVV nie.

Die 1988-bewoording met betrekking tot lidmaatskap wat as volg was: "Lidmaatskap is beperk tot alle blanke Christen vroue wat as LEDE goedgekeur is en dié grondwet van die NCVV onderskryf" is verander na "Alle Christen vroue wat op uitnodiging of aansoek as LEDE goedgekeur is en die grondwet van die NCVV onderskryf" in 1990. Volgens die openbare mening is dit egter ongewens om lidmaatskap van 'n organisasie soos die NCVV op rasse grondslag eksklusief te hou - veral na die aankondiging van die Staatspresident tydens die Parlementsopening op 2 Februarie 1990 dat alle rassediskriminasie afgeskaf word en die apartheidsbeleid van die wetboeke in Suid-Afrika geskrap word (Die Burger 3 Februarie 1990:1).

Tydens die 1992 kongres is die woord "affiliasiefooi" in Klousule 9.3.5 van die Hoofbestuursgrondwet en klousule 9.2.17 van die takgrondwet verander na "donasie". Die rede vir hierdie verandering is as gevolg van die voordeel dat op 'n donasie nie toegevoegde belasting betaal hoef te word nie in teenstelling met 'n affiliasiefooi waar wel belasting op betaal moet word. Die volledige aanvaarde klousules lui as volg:

> Klousule 9.3.5 : "Takke betaal jaarliks 'n donasie soos deur Kongres of Hoofbestuur bepaal, vir administratiewe doeleindes aan die Hoofbestuur."
>
> Klousule 9.2.17 : "Die Tak betaal jaarliks 'n donasie soos deur Kongres of Hoofbestuur bepaal, vir administratiewe doeleindes aan die Hoofbestuur."

Dit sou tot voordeel van die NCVV wees as die doelstelling en die uitvoering van sy werksaamhede in die grondwet hersien word. Die beskrywing van die doelstelling en die uitvoering

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

daarvan in die huidige NCVV grondwet is langdradig en herhalend. Die omskrywing van die doelstelling kan verkort en ook aangepas word by die ontwikkelende en veranderende behoeftes van die Suid-Afrikaanse gemeenskap. As grondslag kan die voorstel wat tydens die 1988 NCVV kongres verwerp is, gebruik word. Hierdie voorstel bepaal dat die NCVV dienste op maatskaplike, opvoedkundige en kulturele gebied aan alle bevolkingsgroepe lewer en dat fondse ingesamel moet word om hierdie dienste moontlik te maak. Hierdie doelstellings stem ook ooreen met 'n NCVV donateursbrief (17 Augustus 1990) sowel as 'n ongedateerde NCVV inligtingspamflet "Ons weet, weet U?", wat verklaar dat hulp op welsyns-, opvoedkundige- en kulturele gebied gelewer word en dat fondse vir die lewering van hierdie dienste ingesamel word.

Die sedelike taak van die NCVV word dus, in die inligtingspamflet, die donateursbrief en die verwerpte 1988 NCVV grondwetlike voorstel, vervang met 'n opvoedkundige taak. Ten einde die doelstellings van die NCVV, soos dit vervat is in sy grondwet, te laat voldoen aan die eise van die tyd, behoort die volgende bewoording van die doelstellings in die grondwet oorweeg te word: "Die doelstelling van die NCVV is om die lewenskwaliteit van die breë gemeenskap van Natal te verbeter deur:

- Maatskaplike wanfunksionering te voorkom en te behandel, deur maatskaplike-werk-hulpverlening aan individue, gesinne, groepe en gemeenskappe en ook maatskaplike hulpwerkers en vrywilligers op die gebied van maatskaplike sorg te benut.
- Opvoedkundige dienste daar te stel en uit te bou.
- Die Afrikaanse taal en kultuur asook Christelike lewenswaardes te beskerm en te bevorder en
- Fondse in te samel om dienste te kan lewer."

Die aktiwiteite van die NCVV, in ooreenstemming met die doelstellings van die NCVV soos vervat in die 1992-grondwet, word in hoofstuk sewe bespreek. Die opvoedkundige taak van die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

NCVV, wat nie in die grondwetlike doelstellingsartikel vervat word nie, word vervolgens toegelig.

6.5 DIE OPVOEDKUNDIGE TAAK VAN DIE NCVV

Alhoewel die opvoedkundige taak, soos reeds vermeld, nie in die doelstellings van die NCVV-grondwet vervat word nie, word daar in 'n beperkte mate daarna verwys in Klousule 4.2 wat as volg lui: "Die voorsiening van voorkomingsprojekte vir die opvoeding en ontwikkeling van die individu vir die gesins- en gemeenskapslewe"

Hierdie omskrywing is baie vaag en word geag meer op die terrein van die maatskaplike werk te lê. Alhoewel deur navorsing bewys sal word dat die NCVV 'n opvoedkundige taak het, word die belangrikheid daarvan binne die raamwerk van die NCVV doelstellings in die organisasie se grondwet nie erken nie.

Die NCVV het sedert sy ontstaan in die eerste instansie, 'n welsynsfunksie verrig. Die opvoedingstaak van die NCVV het egter nooit agterweë gebly nie. Veral in die tydperk voor 1960 het die NCVV hom beywer vir Afrikaanse medium skole, Afrikaans as medium van onderrig, asook die algemene opheffing van die opvoedingspeil van die Afrikaner. Hierdie taak het die NCVV met behulp van die Suid-Afrikaanse Regering in die tydperk voor 1960, suksesvol deurgevoer. Nuwe opvoedkundige eise het na 1960 ontstaan en die sukses van die voortbestaan van die NCVV is te danke aan die aanpasbaarheid van hierdie organisasie by veranderde behoeftes en omstandighede.

Die opvoedkundige dienste wat die NCVV in die tydperk van 1960 tot 1992 gelewer het was op die terrein van dagversorging van kinders, ouerleidingaksies, kursusse, klubs en groepe.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.5.1 Dagversorging van die voorskoolse en skoolgaande kind

Die behoefte aan dagversorging van kinders, het reeds in die tydperk voor 1960 ontstaan soos vermeld in die voorafgaande hoofstuk. In die tydperk na 1960 sou hierdie behoefte aan dagversorging voorrang geniet.

Die Federale Vroueraad, waarvan die NCVV deel is, beklemtoon die belangrikheid van die taak van die vier vrouevereenigings op die terrein van dagversorging, in 'n berig gedateer 3 November 1969: "Met die oog op die noodsituasie in die arbeidsmark, neem die Vrouevereenigings soos saamgesnoer in die Federale Vroueraad, opnuut 'n standpunt in insake die noodsaaklikheid al dan nie van die daarstelling van bewaarskole, kleuterskole en naskoolsentra."

Op 1 Maart 1976 neem die NCVV se eerste Dagversorgingsdienste in Natal by die sub-ekonomiese behuisingskema, Oribi, in Pietermaritzburg 'n aanvang. Ander organisasies soos die Lions, die orde van die Ridders van Da Gama en die Junior Rapportryerskorps word by die projek betrek (Oribi Gemeenskapsontwikkelingsprogram:1). Die amptelike opening van die pre-primêre skool in hierdie gemeenskapsprojek geskied op 24 Julie 1979 (The Natal Witness 14 Julie 1979:2). Opnames vir 'n dagversorgingsentrum vir die Grange, 'n ander sub-ekonomiese skema in Pietermaritzburg word ook gedoen, maar die projek is nooit voltooi nie. Die Haas Das Kleuterskool te Ladysmith het volgens die Ladysmith taknotule, op 17 Januarie 1977 geopen en bestaan steeds.

Die verskaffing van dagversorgingsdienste vir blanke kinders in Natal deur die NCVV het in die 1980's 'n hoogtepunt bereik. Volgens die Jaarverslag van die NCVV se Dagversorgingsdienste vir die tydperk 1 April 1987 tot 31 Maart 1988 (1987/1988:1), beskik dié organisasie oor die volgende dienste:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Vyf pre-primêre skole
  Klein Spoortjies - NCVV tak, Newcastle
  Haas Das - NCVV tak, Ladysmith
  Dannhauser - NCVV tak, Dannhauser
  Glencoe - NCVV tak, Glencoe
  Kalinka - NCVV Hoofbestuur
- Drie versorgingsoorde
  Klein Spoortjies - NCVV tak, Newcastle
  Kalinka - NCVV, Hoofbestuur
  Mother Goose - NCVV, Hoofbestuur
- Twee Naskoolversorgingsoorde in Pietermaritzburg
  Gert Maritz - NCVV, Hoofbestuur
  Voortrekker - NCVV, Hoofbestuur

Die Mother Goose bewaarskool is in 1982 deur die Pietermaritzburgse tak aangekoop (Hoofbestuursverslag 1981/1982:12) maar is op 'n latere stadium aan die NCVV Hoofbestuur oorgedra. Hierdie dagversorgingsentrum is egter volgens die Dagbestuursnotule (31 Januarie 1992:7) verkoop. Hierdie diens is beëindig as gevolg van 'n ooraanbieding van bewaarskole vir blanke kinders in Pietermaritzburg (Hoofbestuursnotule van 1 November 1990:4). 'n Verdere oorsaak vir die beëindiging van dié diens was die swak ekonomiese klimaat in Suid-Afrika, wat voedselpryse en salarisse buite verhouding laat styg het en gevolglik die bedryf van die Mother Goose bewaarskool onmoontlik gemaak het.

Die naskoolversorgingsoord by Voortrekker Primêre Skool in Pietermaritzburg se dienste is ook beëindig as gevolg van die samesmelting van die Gert Maritz- en Voortrekker primêre skole, aan die begin van 1992. Daar word dus slegs een nasorgdiens by Gert Maritz Primêre skool aangebied. Volgens die statistiese verslag van die NCVV wat in 1992 aan die Federale Vroueraad gestuur is, verskaf die NCVV dagsorgdienste aan 633 kinders en werksgeleenthede aan 67 persone. Ongeveer die helfte van hierdie projekte word deur die Hoofbestuur behartig.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bekostigbare toesig oor kinders van alle bevolkingsgroepe is van groot belang. Die getal moeders wat, as gevolg van die swak ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika, verplig is om buitenhuise arbeid te verrig, neem toe. Die hoë vraag na die diens van die dagversorging van kinders, word ook volgens die 1989/1990 NCVV Hoofbestuursverslag (1989/1990:16) toegeskryf aan die prominensie wat in die pers aan die seksuele molestering van kinders gegee word. Ouers is dus bekommerd oor die veiligheid van hul kinders en wil hulle nie onversorgd tuis laat nie.

Tydens die 1990 NCVV kongres, wat ook die vyf-en-sewentigste bestaansjaar van die NCVV herdenk het, is besin oor die taak van die NCVV ten opsigte van dagversorging. Twee van die beskrywingspunte het as volg gelui: "Kongres besluit dat Pre-primêre onderrig veral vir dié voorskoolse ouderdomsgroep (5-6jr) noodsaaklik is en dat die Onderwys Departement alles in die stryd moet werp om die diens in stand te hou."

Die motivering vir hierdie voorstel was volgens die 1990 NCVV kongresnotule (1990:13) as volg: "Vanuit die alombekende navorsinggegewens is die noodsaaklikheid van pre-primêre skoolonderrig as voorbereiding tot suksesvolle formele skoolopleiding, van kardinale belang. Wanneer daar 'n derdewêreld-opset bestaan, het kinders uit mileiugestremde gemeenskappe hierdie opvoeding nog meer nodig en behoort hierdie diens nie net behou te word nie maar dramaties uitgebrei te word. Pre-primêre onderrig kan 'n hoë uitvalsyfer in primêre en sekondêre onderwys teenwerk en is dit gevolglik ook meer koste-effektief."

Hierdie motivering bevat 'n opdrag en 'n uitdaging aan die NCVV om met hulle kennis en ervaring op die terrein van preprimêre onderrig, nuwe dienste aan agtergeblewe bevolkingsgroepe te lewer. Die volgende besprekingspunt van die 1992 kongres sluit aan by die reeds vermelde besprekingspunt ten opsigte van pre-primêre skole: "Kongres besin oor die wens-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

likheid aldan nie van oopstelling van NCVV pre-primêre skole vir alle bevolkingsgroepe."

Hierdie beskrywingspunt is nie positief deur die afgevaardigdes ontvang nie. Uitgangspunte wat op aanbeveling deur die kongres in gedagte gehou moes word, voordat 'n besluit oor die voorstel geneem word, was volgens die 1990 NCVV kongresnotule (1990:11 & 12) die volgende:

"1. Elke groep behoort die geleentheid gegun word om 'n eie kultuur en taal te hê
2. Christelik-nasionale onderwys moet beoefen kan word
3. Moedertaalonderrig veral by 'n pre-primêre onderwyspos is belangrik omdat 'n kleuter se taal nog in 'n proses van ontwikkeling is en hy gewoonlik net daardie taal ken
4. Daar is verskillende tradisies, al is almal verstedelik en verwesters
5. Daar bestaan tans onderontwikkelde derdewêreld-agtergronde wat 'n kind mileugestremd maak. 'n Vermenging van sulke kinders sal 'n verlaging in die standaard tot gevolg het."

Die voorstel vir die oopstelling van die NCVV pre-primêre skole is nie volgens die 1990 NCVV kongresnotule (1990:11 & 12) goedgekeur nie. As rede is voorgehou dat die beleid van die Onderwysdepartement in Natal teen die oopstelling van pre-primêre skole is.

As gevolg van hierdie beleid van die verskaffing van dagversorgingsdienste slegs aan blankes kom die NCVV nie die doelstelling in die grondwet na, wat bepaal dat dienste aan alle bevolkingsgroepe gelewer moet word nie. Indien dagversorgingsdienste aan alle bevolkingsgroepe gelewer kon word, kon dit dalk verhoed het dat die Mother Goose bewaarskool verkoop moes word en kon die NCVV Hoofbestuur moontlik 'n waardevolle diens in Pietermaritzburg ten opsigte van dagversorging aan ander bevolkingsgroepe gelewer het. Die diens is onder andere as gevolg van 'n ooraanbod van blanke bewaarskole beëindig.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n Verdere voorbeeld in dié verband word gevind in die Hoofbestuursnotules van 31 Oktober 1991 en 1 November 1991 (1991: 16) waar berig word oor 'n voorval by die NCVV se Pre-primêreskool, Klein Spoortjies te Newcastle, waar die personeel onoordeelkundig opgetree het en as gevolg van die ras van 'n ouer, 'n kind benadeel het. Hierdie voorval het veroorsaak dat die Onafhanklike Ontwikkelingstrust gedreig het om fondse vir ontwikkelingswerk te onttrek.

Die NCVV het ondervinding op opvoedkundige gebied oor sewe-en-sewentig jaar opgebou en kan agtergeblewe bevolkingsgroepe met raad en leiding bystaan om onder andere dagversorgingsdienste tot stand te bring, asook om toe te sien dat hierdie dienste deur die NCVV vir alle bevolkingsgroepe beskikbaar gestel word.

6.5.2 Die Ouerleidingsaksie

Die ouerleidingsaksie is die belangrikste nuwe opvoedkundige taak wat binne die diensterrein van die NCVV in die tydperk 1960 tot 1992 ontwikkel het. Dit is 'n voorkomingsaksie en behels besprekingsgroepe vir ouers oor enige onderwerp rakende die opvoedingstaak van hulle kinders asook die hantering van probleem situasies. Die NCVV skep op dié wyse geleenthede vir ouers om hulself vir ouerskap toe te rus. Dié groepe word dus as "helpmekaargroepe" beskou - ouers neem self die leiding, verskaf self inligting - uit die teorie en eie ondervinding en vind self oplossings, maar kan ook van professionele sprekers en professionele hulp gebruik maak.

Daar was aanvanklik in die bestaansjare, ouergroepe (gesprek met N van Rooyen) maar die ouerleidingsaksie soos dit vandag bekend staan, is in 1983 geïnisieer. Aanvanklik was daar baie belangstelling in dié groepe. In die 1985/1986 NCVV Jaarverslag word 35 ouerleidingsgroepe, wat 420 moeders betrek, vermeld.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Voorbeelde van werksaamhede wat volgens Hoofbestuurs- en taknotules deur die ouerleidingsgroepe aangebied is, is die volgende:

- Hulp is aan enkelouers asook aanneemouers verskaf.
- Simposia is gereël.
- 'n Nuusbrief en 'n tydskrif is uitgegee.
- Die taak van die groepe is voorkomend sowel as opvoedkundig.
- Die ouerleidingsgroepe werf nuwe lede vir die NCVV aangesien die dames wat by ouerleidingsgroepe betrek word, jonger is en geen maatskaplike probleme het nie. Hierdie vroue is dus potensiële vrywilligers en kan aan die werksaamhede van die NCVV bekend gestel word (Pietermaritzburgse takverslag 1986/1987:2).
- Daar is gepoog om 'n ouerleidingsaksie vir milieugestremde ouers te begin maar was onsuksesvol (NCVV Hoofbestuurverslag 1987/1988:5).

'n Voltydse ouerleidingspos is in 1987 ingestel om die hoë koste aan die ouerleidingsaksie te probeer bekamp, die lae persentasie van persone wat die groepe bywoon te verbeter en 'n inligtingspamflet saam te stel. Volgens die 1987/1988 Hoofbestuursverslag (1987/1988:5) was hierdie poging onsuksesvol. Die groepe kon nie koste-effektief bedryf word nie en die takke se groter betrokkenheid kon nie verkry word nie. Die doelwit om meer ouerleidinggroepe te stig, het ook nie gerealiseer nie.

Volgens die 1989/1990 Hoofbestuursverslag (1989/1990:17) het daar 'n dagsorg/ouerleidingkomitee as een van die Hoofbestuurkomitees tot stand gekom. Hierdie komitee behartig die opvoedkundige taak van die NCVV en formuleer beleid ten opsigte van dagversorging, stel 'n inligtingspamflet ten opsigte van ouerleiding op en dra nuwe kennis op opvoedkundige gebied aan NCVV vrywilligers, ouerleidinglede en die NCVV personeel, oor.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In 1992 bestaan daar nie meer 'n voltydse ouerleidingspos nie - dit is die gemeenskaplike werkers se taak om te sorg dat opgeleide vrywilligers die ouerleidinggroepe op verskillende dorpe en stede in Natal behartig. Die Hoofbestuursnotule van 5 Maart 1991 (1991:9) maak dan ook melding van die feit dat daar gepoog word om vir Noord- en Suid-Natal 'n vrywillige ouerleidingkoördineerder te werf.

6.5.3 "Dogtersleierkursusse" en ander kursusse

Volgens die NCVV, Die Eerste Skof (1965:24) is die eerste leierskursus vir skooldogters in Oktober 1964, in samewerking met die Afdeling, Opvoeding buite skoolverband van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap te Durban, aangebied. Agt-en-veertig skooldogters het die kursus bygewoon en volgens bogenoemde verslag was dit 'n groot sukses. Die 1987/1988 Hoofbestuursverslag (1987/1988:15) berig dat hierdie tipe kursus vir die eerste keer in 1969 aangebied is. Dieselfde berig verskyn ook in die 1990 NCVV kongresnotule (1990:1). Hierdie twee berigte is foutief want die Hoofbestuursnotules van 2 Februarie 1966 (1966:1) en 1 April 1966 (1966:2) vermeld dat soortgelyke leierskursusse vir skooldogters reeds plaasgevind het en die eerste kursus kon dus nie in 1969 plaasgevind het nie.

Leierkursusse vir skooldogters word jaarliks aangebied en verdere voorbeelde van kursusse wat plaasgevind het is 25 September tot 2 Oktober 1976 te Illovo (Dogtersleierskursusverslag 1976:1 & 2); 29 Junie tot 5 Julie 1991 (Hoofbestuursnotule 24 & 25 Julie 1991:18) en vanaf 2 tot 9 Oktober 1987 word die kursus by Wagendrift naby Estcourt aangebied (NCVV Hoofbestuurverslag 1987/1988:15).

Om hierdie dogtersleierkursusse te kon bywoon, is deur die hoërskoolleerlinge van Natal as 'n eer beskou en die dogters het die kursusse as 'n positiewe ervaring beleef. (Dogtersleierskursusverslag 1976:1 & 2). Die kursusse is van opvoedkundige waarde omdat dit ingestel is om die leierseienskappe

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die dogters na vore te bring en ook leerlinge voor te berei vir volwassenheid (Hoofbestuursverslag 1987/1988:15).

Hierdie kursusse is in samewerking met die Departement van Nasionale Opvoeding aangebied. In 1977 (Hoofbestuursnotule, 4 Augustus 1977) kon die Departement van Nasionale Opvoeding weens 'n gebrek aan fondse, as gevolg van die swak ekonomiese toestande in Suid-Afrika, nie die kursus subsidieer nie. Dié Departement verleen egter steeds hulp aan die NCVV met betrekking tot fondse (NCVV Jaarverslag 1989:19 en Hoofbestuursjaarverslag 1991/1992::8) maar ten spyte daarvan is die kursusse 'n groot finansiële uitgawe vir die NCVV.

Behalwe die finansiële uitgawes verbonde aan die leierskursusse vir skooldogters, kon geen noemenswaardige probleme in Hoofbestuursnotules ten opsigte van hierdie kurusse gevind word nie. In 'n Hoofbestuursnotule van 1976 word slegs melding gemaak van aanpassingsprobleme tussen Engels- en Afrikaanssprekende kinders as gevolg van kultuurverskille gedurende die kursus in dié betrokke jaar. Hierdie kursusse kan as belangrik beskou word want Afrikaanssprekende blanke leerlinge vind opvoedkundig by dié blootstelling aan ander bevolkingsgroepe baat en die kontak wat die ander bevolkingsgroepe weer met die Afrikaanse taal en kultuur kry, verryk die groepe en bou ook die Afrikaanse taal en kultuur uit.

In 1986 word vir die eerste keer ook 'n kursus vir seuns aangebied (NCVV Hoofbestuurverslag 1987/1988:15). Verdere kursusse en kampe wat deur die NCVV in die tydperk 1960 tot 1992 aangebied is, is as volg:

- Die Hibberdene Vakansiekamp vir tagtig seuns en dogters in samewerking met die Natal Mercury Children Holiday Association, is in 1988 aangebied (Hoofbestuursverslag 1987/1988:15).
- 'n Drumpelkursus vir kinderhuis kinders is deur die NCVV in Oktober 1987 vir die eerste keer aangebied. Dit blyk

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

baie geslaagd te wees (Maatskaplike werkverslag 1986/ 1988:3). Verdere kursusse word ook aangebied.

- 'n Kamp vir bejaardes is ook by die FAK Kampterrein aangebied (Hoofbestuursverslag 1987/1988:12).
- Skolingskursusse vir personeel en vrywilligers word gereeld deur die NCVV aangebied (Hoofbestuursverslag 1987/ 1988:5 & 15; Hoofbestuursnotule 24 & 25 Julie 1991:6; en die NCVV Dagversorgingsdienste verslag 1987/ 1988:1).

6.5.4 Klubs en groepe

Die waarde van die NCVV klubs is hoofsaaklik opvoedkundig sowel as voorkomend van aard. Die groepe word hoofsaaklik deur vrywilligers hanteer (Streekskonferensieverslag 15 September 1977:5). Voorbeelde van klubs en groepe wat in die tydperk 1960 tot 1992 gefunksioneer het, en steeds bestaan, is as volg:

- In 1960 bestaan die Voortrekkerklub, die Oribi-klub en die kinderklubs te Newtonweg en Napierville asook die Oribiliggaamsoefeningklub in Pietermaritzburg.
- Die Houmoedwerkklub se groepwerkkomitee ontstaan in Maart 1963 in Durban (Maatskaplike werkverslag 1963:3).
- Die 1966 NCVV kongresnotule verklaar dat drie soorte klubs deur die NCVV aangebied word, naamlik die klubs vir bejaardes, werkklubs en dogtersklubs. 'n Werksentrum, wat ook klubwerk behartig, het op 1 Maart 1965 in Pietermaritzburg 'n aanvang geneem. Hierdie werksentrum is begin vir dames bo die ouderdom van veertig wat nie op die ope arbeidsmark kon meeding nie.
- Gedurende 1971 is groepwerk onder die dames by die NPA Padkamp in die New Hanover-, Schoeders-, Albert Fallsgebied net buite Pietermaritzburg verrig. 'n Program vir kinderopvoeding is onder andere aangebied.
- In 1973 is 'n poging deur mev E du Preez, voormalige NCVV direkteur aangewend om dogtersklubs by skole te begin, met die doel om hoërskoolleerlinge welsynsbewus te maak. Op 7 November 1973 berig die Natalse Onderwysdepartement

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

dat hierdie klubs nie deel van die skoolleerplanne kan word nie en hierdie plan moes laat vaar word.

- Die 1975/1976 Hoofbestuursverslag (1975/1976:6, 7 & 8) berig dat die Durbanse tak 'n Vroueklub het, met 'n gemiddelde bywoning van 15 lede per vergadering.
- Die Dundee Dogtersklubs bestaan uit 23 matrikulante en die Glencoe-tak se dogtersklubs bestaan uit 30 standerd agt dogters.
- Die volgende klubs vir bejaardes het volgens die Hoofbestuursverslag (1975/1976:6, 7 & 8) bestaan:
  (i) In Durban was daar drie klubs: die Goue Are klub; Silwerjare klub en die Skemergenotklub met die grootste aantal lede, naamlik vyf-en-veertig.
  (ii) By die Glencoe-klub op Glencoe was die gemiddelde aantal lede wat die byeenkomste bygewoon het, vyf-en-twintig.
  (iii) Op Estcourt was die Op-en-wakkerklub met twintig lede.
  (iv) Vryheid se klub vir bejaardes het uit honderd lede bestaan. Die byeenkomste het kwartaalliks plaasgevind.
  (v) Utrecht het 'n klub vir bejaardes by die plaaslike ouetehuis, Huis Joanna gehou.
  (vi) Die inwoners van die Pietermaritzburg tehuis vir bejaardes het weekliks ontmoet.

Volgens 'n statistiese verslag vir die tydperk 1 April 1991 tot 31 Maart 1992, wat die NCVV aan die Federale Vroueraad voorsien het, bestaan die volgende groepe wat deur vrywilligers gereël is:

- vier tienergroepe en
- een kinderklub - "Koester ons Jeug 2000"

Klubwerk en groepwerk het egter 'n nuwe betekenis verkry met die uitbeweeg van klubs en groepe na ander bevolkingsgroepe. Volgens die Hoofbestuursnotule (24 Julie 1991:8) word daar op die volgende plekke groepe vir swart vroue gereël:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Glencoe-, Durban- en Vryheid-takke het begin met groepwerk met swart vroue en het onderskeidelik 6, 15 en 10 lede
- Die Utrecht-tak het die eerste byeenkoms beplan vir September 1991 en die Estcourt-tak beplan gespreksgroepe op 'n professionele vlak.

Tydens die Hoofbestuursvergadering van 31 Oktober 1991 word berig dat nuwe aanvullende groepe met swart vroue gestig is. Op Dundee het die NCVV-tak 'n opvoedkundige groep met 4 lede begin. Newcastle-tak het 'n professionele gespreksgroep asook twee opvoedkundige groepe met swart vroue. 'n Verdere professionele gespreksgroep word vir die dorp beplan.

Die Hoofbestuursnotule (31 Januarie 1992:8) berig dat 'n naaldwerk en kookkursus vir swart- en blanke vroue by die Oribi-gemeenskapsentrum aangebied word. Fondse vir die doel is van die Ontwikkelingstrust verkry.

Die Hoofbestuursnotule (26 en 27 Maart 1992:5) berig dat die ledetal van die swart vrouegroepe in 1992 as volg is:

Utrecht	-	13 lede
Durban	-	14 lede
Vryheid	-	12 lede
Glencoe	-	8 lede
Glencoe (professionele gespreksgroep)	-	6 lede
Estcourt (professionele gespreksgroep	-	80 (wisselend)
Dundee	-	4 lede

In die verlede is NCVV klubs as opvoedkundige instrumente gebruik om blankes opvoedkundig van hulp te wees en handvaardighede aan te leer. Die behoefte het verminder as gevolg

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die goeie onderwysstelsel vir blankes in Suid-Afrika. In die huidige swak ekonomiese toestande is daar weer 'n behoefte aan onderrig in handvaardigheid vir blanke vroue, egter tot 'n geringe mate, soos in die geval van Oribi, die subekonomiese behuisingskema in Pietermaritzburg. Die grootste behoefte aan opvoedkundige groepwerk lê egter by die mileugestremde swart bevolkingsgroepe.

6.5.5 Opvoedkundige werk binne takverband

Opvoedkundige werk wat in takverband verrig word, is tweeledig van aard. Eerstens word taklede self opvoedkundig verryk en tweedens lewer NCVV vrywilligers self in takverband 'n bydrae op opvoedkundige gebied.

NCVV vrywilligers word verryk deur programme en kompetisies wat op takvlak, tydens streekskonferensies en op kongresse aangebied word. 'n Voorbeeld van 'n takjaarprogram wat in 1973 aangebied is, is as volg:

- Lesings oor "oordeelkundige aankope", "My Kind", Kleuterskole is bespreek, asook die maak van blommerangskikking. "Ons manne op die Grens" en "Is ons huwelik uitgedien?", is behandel en inligting oor die aanpassings van immigrante in Suid-Afrika is verskaf.
- Handwerkkompetisies byvoorbeeld om sokkies te brei, die maak van piesangblatjang, hoe om skouerruikers en muurbehangsels te maak en die bak van brood het plaasgevind.

Kompetisies wat opvoedkundige waarde het en mededinging aanmoedig word volgens die 1992 NCVV kongresverslag steeds gehou. Daar is ook tydens dié kongres pryse toegeken aan die skool wat die meeste gesinseëls verkoop het, die NCVV-tak met die beste jaarprogram en die beste NCVV-tak. 'n Fondsinsamelingstrofee vir die tak wat die meeste fondse ingesamel het, is ook toegeken.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ten einde die beste diens aan die gemeenskap te lewer en tred te hou met die ontwikkeling op welsyns-, opvoedkundige en kulturele gebied, bied die NCVV verskeie skolingsprogramme vir NCVV lede en personeel volgens notules aan, onder andere oor:

- Die beplanning en bestuur van 'n welsynsorganisasie
- Bestuur en instandhouding van bestaande projekte
- Die verduideliking oor voorskrifte, vereistes en wetgewing met betrekking tot projekte
- Verskillende fondsinsamelingstegnieke
- Die bevordering van kultuur
- Opstel van interessante programme en
- kompetisies om handvaardighede aan te leer.

Sprekers se optredes by NCVV takvergaderings en kongresse is ook van opvoedkundige waarde vir NCVV lede. Voorbeelde van temas waaroor toesprake tydens NCVV streekskonferensies en kongresse gehou is, is die volgende:

1965: Die vrou en ons ekonomie
1973: Ken u kind
1974: Die opvoedkundige taak van die vrou
1980: Die vrou as bron van energie
1990: Die vrou as presteerder
1992: Die gesin in die nuwe Suid-Afrika met onderwerpe oor die bestaansreg van Afrikaans; Wie gee om?; Ontwikkeling is nodig; Uitdagings en Veranderings; en die Swart gesin.

Behalwe die reeds vermelde dienste wat deur die NCVV op opvoedkundige gebied aangebied word, verleen NCVV-takke ook volgens taknotules, hulp in hierdie gebied:

- Boekpryse aan blanke skole is deur die volgende takke verskaf: Babanango, Dundee, Durban, Estcourt, Glencoe, Newcastle, Noord Zoeloeland, Pietermaritzburg Wes en Vryheid (Hoofbestuursverslag 1974/1975:7) en Estcourt,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Glencoe, Pietermaritzburg-Wes, Dundee, Babanango en Winterton (Hoofbestuursverslag 1975/1976:9).

- Boekpryse is aan swart skole verskaf (Verslag aan die Federale Vroueraad 1981/1982:14).
- Redenaarsbeker vir Hoërskoolleerlinge is deur die Dundee-tak verskaf (Dundee-takverslag 1968/1969:1).
- Uniforms vir behoeftige skoolkinders deur die Durban-Noord (Hoofbestuursverslag 1975/1976:9) en Newcastle-takke (Maatskaplikewerk-verslag 1966/1967:1).
- Boekpryse is deur die Weenen-tak aan die hoflikste seun en dogter gegee (Vrouevolksdiens Maart 1965:35).
- Prestasiepryse is deur die Noord-Zoeloeland-tak beskikbaar gestel en die Glencoe-tak het sakgeld aan die studente voorsien (Hoofbestuursverslag 1975/1976:9)
- Opstel- en kunskompetisies is ter viering van die groen-erfenisjaar deur die Mkuze-tak gereël (Mkuze-Takverslag 1971, 1974, 1975:geen).

Die verskaffing van beurse aan behoeftige leerlinge vind nie meer plaas nie. Melding word in 'n Hoofbestuursverslag (1974/1975:7) gemaak van 'n bedrag per maand wat aan 'n leerling beskikbaar gestel is om 'n operaskool by te woon. Dit het R403,93 beloop en is die totaal wat deur die Hoofbestuur in daardie boekjaar aan opvoeding bestee is. Die nood op welsynsterrein was van so 'n aard dat die Hoofbestuur alle fondse vir welsynswerk beskikbaar gestel het en die opvoedingstaak nie die regmatige aandag geniet het wat dit verdien het nie. Opvoedkundige omstandighede het egter sedertdien dramaties in Suid-Afrika verander as gevolg van 'n proses van regstellende aksies aan agtergeblewe bevolkingsgroepe, en die behoeftes op opvoedkundige gebied het weer toegeneem.

In die tydperk 1960 tot 1989 is weinig aandag tydens NCVV kongresse aan opvoedkundige sake bestee. Enkele voorbeelde van gevalle waar wel aan die opvoedkundige taak aandag geskenk is, is die volgende:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Tydens die 1970 kongres te Vryheid is daar versoek dat meer kleuterskole beskikbaar gestel word "sodat die jeug nie in die sorg van nie-blankes gelaat word nie"
- Op die 1972 kongres word die instelling van Nywerheid-skole vir swart jeugdiges bepleit en
- tydens die 1974 kongres word die opvoedingstaak van die vrou bespreek.

Tydens die 1990 kongres egter het die opvoedingstaak weer indringende aandag ontvang. Die volgende beskrywingspunt is volgens die NCVV kongresnotule (1990:13) behandel:

"1. Die vier blanke onderwysdepartemente (moet) saamsmelt
2. Die amptenary (moet) besnoei word, nie onderwysposte nie en wanneer onderwysposte noodwendig besnoei word weens dalende kindergetalle, die amptenary dienooreenkomstig besnoei word
3. Skooldienste, geboue en fasiliteite deeglik geëvalueer word met die oog op samesmelting van blanke skole en die beskikbaarstelling van onder- en nie-benutte fasiliteite aan ander bevolkingsgroepe."

Volgens die besluit van dié kongres, word die ouers van blanke leerlinge aangemoedig om by ouerkomitees in te skakel en hulle invloed te laat geld sodat die regte besluite geneem word. Hierdie deelname sal volgens die kongresnotule ook ondersteuning aan die Natalse Onderwysdepartement bied wat die blanke kinders kan bevoordeel.

Alhoewel die NCVV se opvoedkundige taak slegs as 'n onderafdeling van een van die maatskaplike doelstellings behandel word, het die rol wat hierdie taak, binne die werksaamhede van die NCVV speel, toegeneem.

6.6 SAMEVATTING

Die NCVV as organisasie funksioneer na die breuk met die NG Kerk onafhanklik en doeltreffend as gevolg van 'n goeie organisasiestruktuur, professionele personeel en toegewyde

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vrywilligers. Die bestuur van die NCVV word behartig deur 'n wisselwerking tussen die betaalde personeel en die vrywilligers. Die aantal NCVV takke en die NCVV ledetal het in die tydperk 1960 tot 1992 drasties verminder. Dit kan 'n nadelige uitwerking op die insameling van fondse en die dienslewering van die NCVV tot gevolg hê.

Die grondwet van die NCVV is omslagtig en onduidelik. Die doelstellings bevat slegs sedelike, kulturele en maatskaplike komponente en die opvoedkundige taak van die NCVV word nie ingesluit nie. Alhoewel die opvoedkundige taak van die NCVV, bestaande uit dagversorging van kinders, ouerleidingsaksie, kursusse en groepe in die tydperk na 1960 tot 1990 afgeneem het, het die NCVV nogtans 'n belangrike diens op opvoedkundige gebied in Natal gelewer. Die opvoedkundige taak van die NCVV het egter sedert 1990 toegeneem en daar is ook begin met hulpverlening op dié gebied aan milieugestremde bevolkingsgroepe.

Die drie hoof aktiwiteite van die NCVV soos blyk uit die hoofdoelstellings in die grondwet van die NCVV, naamlik die kulturele, sedelike en maatskaplike taak van die NCVV, asook die insameling van fondse word in hoofstuk sewe bespreek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 7

DIE UITVOERING VAN DIE NCVV SE DOELSTELLINGS OP SEDELIKE, KULTURELE EN MAATSKAPLIKE GEBIED ASOOK DIE FONDSINSAMELINGS- EN BEMARKINGSAKSIES

7.1 INLEIDING

In die tydperk vanaf 1960 tot 1992 het daar op staatkundige en politieke gebied ingrypende veranderinge in Suid-Afrika plaasgevind. Hierdie veranderinge het 'n groot invloed op die werksaamhede van die NCVV gehad. Kort na die breuk in 1959 tussen die NCVV en die NG Kerk, het Suid-Afrika in 1961 'n Republiek geword en dus van Britse oorheersing weggebreek (Grütter 1981:50 tot 55). Die Republiekwording het nie alleen die gesag van die regerende Nasionale Party versterk nie maar ook die posisie van die NCVV verbeter. Aangesien die NCVV en die Nasionale Party dieselfde sentimente rondom Afrikanerskap gedeel het, het die NCVV het as gevolg van die Nasionale Party se magsposisie in bevoorregte omstandighede verkeer en kon daardeur die Afrikaners, maar ook die blankes se posisie op maatskaplike en opvoedkundige gebied, versterk.

Die afskaffing van die Senaat en die Provinsiale Rade, en die instelling in 1983 van die Drie-kamer Parlement, het die "eie sake" stelsel ten opsigte van Blanke-, Kleurling- en Indiër-bevolkingsgroepe ingestel. Op sowel welsyns- as opvoedkundige gebied het hierdie stelsel 'n gefragmenteerde welsyns- en onderwysbeleid sowel as administrasie tot gevolg gehad. Ofskoon die stelsel van eie-sake-administrasies die NCVV as blanke welsynsorganisasie bevoordeel het, het dit ook hierdie organisasie van dienslewering aan ander bevolkingsgroepe verwyder.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die derde belangrike politieke en staatkundige gebeurtenis wat die tydperk vanaf 1960 tot 1992 gekenmerk het, was die aankondiging deur die huidige Staatspresident, mnr F W de Klerk, tydens die Parlementsopening op 2 Februarie 1990 dat die era van apartheid, waarvoor die NCVV hom op 'n stadium aktief beywer het, verby is en dat alle rassediskriminasie van die wetboeke verwyder sal word (Die Burger 3 Februarie 1990:1). Na hierdie aankondiging is politieke gevangenes vrygelaat en 'n proses van onderhandeling vir 'n nuwe politieke bedeling, wat ook die swart bevolkingsgroepe sou insluit, het 'n aanvang geneem. Hierdie nuwe politieke beleid beteken onder meer regstellende aksies tot die voordeel van agtergeblewe swart bevolkingsgroepe, sowel as 'n groter aanspraak van hierdie groepe op staatsfondse. Hierdie omstandighede bied aan die NCVV nuwe uitdagings op kulturele, opvoedkundige en maatskaplike gebied.

Ten spyte van veranderinge op politieke, ekonomiese, maatskaplike en opvoedkundige gebied het die NCVV oor 'n tydperk van sewe-en-sewentig jaar bly voortbestaan, in teenstelling met ander Afrikaanse hulporganisasies soos die Vrouwen Nationale Helpmekaarvereniging en die Saamwerk Unie van Natal, wat in dieselfde tydperk as die NCVV ontstaan het maar sedertdien van die toneel in Natal verdwyn het. Die NCVV het bly voortbestaan as gevolg van sy vermoë om aan te pas by veranderde omstandighede in Suid-Afrika.

Die uitvoering van die NCVV se doelstellings op sedelike, kulturele en maatskaplike gebied, soos wat dit in die NCVV grondwet vervat is, asook die fondsinsamelings- en bemarkingsaksies van die NCVV word vervolgens in hierdie hoofstuk bespreek. Hierdie hoofstuk sluit die geskiedenis van die NCVV oor 'n tydperk van tagtig jaar, sedert die ontstaan van die voorlopervereniging van die NCVV - die Zusterswerkgesels-chap in 1912 - tot en met die funksionering van die NCVV in 1992 as volwaardige welsynsorganisasie, af.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

7.2 DIE TAAK VAN DIE NCVV OP SEDELIKE GEBIED

Alhoewel daar wel in die doelstellingsklousule van die grondwet van die NCVV bepaal word dat die NCVV die sedelike belange van die bevolking moet bevorder, word daar geen verdere beskrywing gegee van die wyse waarop dit moet geskied nie. Die NCVV het hom sedert sy ontstaan beywer vir die handhawing van Christelike norme en standaarde en het gereeld tydens kongresse van die NCVV die gemeenskap gemaan tot beter optrede op die gebied van die sedelike.

In die tydperk 1960 tot 1992 het die volgende voorbeelde voorgekom van waar die NCVV sy rol as sedebewaker in die gemeenskap vervul het:

- Tydens die 1960 NCVV kongres het die lede van die NCVV hul teen kunsmatige bevrugting uitgespreek.
- Tydens die 1962 kongres is 'n kongresbesluit geneem dat 'n brief aan die Durbanse Stadsraad gerig sal word waarin die dra van bikini's deur vroue op die Durbanse strande verbied sal word.
- Tydens hierdie selfde kongres is daar afkeuring uitgespreek teen ontkleedanse, onsedelike kleredrag van vroue asook die gebruik van buite-egtelike saamwoon (NCVV kongresnotule 1962:15).
- Tydens 'n Hoofbestuursvergadering (22 en 23 Julie 1983) is ontevredenheid uitgespreek oor artikels en vraelyste aangaande seks, wat in die Afrikaanse Vrouetydskrif "Sarie" verskyn het.

Mev H Steenkamp, voormalige presidente van die NCVV, spreek in haar voorsittersboodskap van 1965 (NCVV, Die Eerste Skof 1965:5) haar bekommernis oor die sedelike en morele lewe van die Afrikaner as volg uit: "Nou is dit weer ons wat in hierdie donker dae geroep word om koers te hou. Ons leef in tye waar ontwrigting, vreemde ideologieë, ontaarding, die skending van alles wat heilig en edel is, soos 'n vloedgolf oor ons spoel. Ons klein volkie staan alleen teenoor die magtige

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wêreldmening wat so teenstrydig met ons eie is. Laat ons mekaar se hande vasvat en ons opnuut toewy: Ons volk ten diens, ons God ter eer dan sal dit met ons wel wees, God regeer!"

Dit is duidelik dat hierdie organisasie vas geglo het dat hulle, soos dit ook vasgelê is in die grondwet van die NCVV, 'n sedebewarende taak het om te vervul ten opsigte van die gemeenskap wat hulle bedien. Hierdie oortuiging het egter stelselmatig afgeneem en volgens die inligtingspamflet van die NCVV, "Ek weet, weet U?" (ongedateerd) word die sedelike taak van die NCVV nie eers as een van die take van die NCVV beskryf nie. Die sedebewakerstaak is ook nie meer sedert 1980 in donateursbriewe, kongresnotules en hoofbestuursjaarverslae gemeld nie.

Alhoewel die NCVV steeds deur sy kulturele, opvoedkundige en maatskaplike aksies sedebewarend kan optree, is dit die oortuiging van die navorser dat daar geen regverdiging daarvoor is dat die bewaring van die gemeenskap se sedes 'n doelstelling kan wees wat in die grondwet van die NCVV as een van die hoofdoelstellings aan die kulturele, opvoedkundige en maatskaplike doelwitte gelykgestel kan word nie.

7.3 DIE ROL VAN DIE NCVV AS KULTUURORGANISASIE

Sedert sy ontstaan in 1915, het die NCVV homself, naas sy rol as welsynsorganisasie, as 'n Afrikaner kultuurorganisasie beskou. Selfs so onlangs as in die Hoofbestuursjaarverslag van 1985/1986, is daar verwys na die feit dat die NCVV homself as 'n Afrikaanse kultuurorganisasie beskou.

Die kultuurtaak van die NCVV word dan ook in die doelstellingsklousule van die NCVV-grondwet as volg beskryf (Bylae I: 4.6 & 4.7):

"Die bevordering van die Afrikaanse taal, kultuur en belangstelling in die volkseie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die bevordering en handhawing van fisiese en geestelike weerbaarheid ten opsigte van die bedreiging van die volkseie."

Alhoewel die Afrikaanssprekendes in die provinsie van Natal nog altyd in die minderheid was, was die Afrikaanse taal en die Afrikaanse kultuur in 1960 gevestig in Natal. Mev H Stander, voormalige Presidente van die NCVV, het tydens die 1965 Kongres van die NCVV (NCVV Kongresnotule 1965:7) verklaar dat kultuur as volg beskou moet word: Kultuur is die kweek van goeie geestesgoedere. Die kultuur van 'n Volk groei saam met hom en is nie staties nie. Sommige invloede is ons ten goede maar ander nie en daarom moet die smaak vir kultuurwaardes gekweek word en in ons tyd moet hierdie waardes opnuut herwaardeer word. Kultuur bestaan volgens mev Stander uit taal, letterkunde, drama, musiek en kuns.

'n Artikel in die Vrou en Moeder (Oktober 1961:12) wys daarop dat die grootste kultuurtaak, naamlik die kerkdiens en volksdiens, binne gesinsverband plaas moet vind en bevorder moet word. Ten einde hierdie kultuuraksie van die NCVV uit te bou en te bevorder, was takke van die NCVV by verskillende projekte betrokke gewees. Voorbeelde hiervan is die volgende:

- Die Danskraal- en Estcourt-takke het geld gekollekteer vir die bewaring van die Howick Burgergrafte, laasgenoemde wat vir die Afrikaners 'n simbool van hul verlede is (Vrou en Moeder Julie 1961:26 en Hoofbestuursnotule 15 en 16 Februarie 1962:1).
- Die Mkuze-tak het in 1969, 1975 en 1977 Afrikaanse kunswedstryde gereël. Hierdie tak het ook geld ingesamel vir die oprigting van 'n Afrikaanse Universiteit in Natal, waarvan die doel sou wees om studente wat in Natal aan die Afrikaanse kultuurgroep behoort, in Afrikaans te onderrig. Die oprigting van 'n Afrikaanse Universiteit in Natal het tot dusver nog nie gerealiseer nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- In 1976 is kunswedstryde deur die takke van Empangeni en Estcourt gereël.
- In 1985 ontvang die NCVV-tak te Utrecht 'n sertifikaat van die FAK vir die bevordering van Afrikaans (Vroue-volksdiens Oktober 1985:7).
- Vanaf 13 Oktober tot 20 Oktober 1986 bied die NCVV in Natal "'n Praat Afrikaans week" aan (Hoofbestuursnotule, 16 en 17 Julie 1986:1).
- Die NCVV lied, wat die Afrikaner se stryd in die verlede in herinnering roep en die vroue terselfdertyd aanmoedig om hulle werksaamhede ooreenkomstig Christelike oortuiging met ywer te verrig, word tydens takvergaderings en kongresse gesing. Dié lied wat in 1937 deur mnr John Burr vir die ACVV geskryf en deur mnr Joseph Manca getoonset is, word sedert 1955 ook as lied van die NCVV gesing (Feite NCVV ongedateerd:2). Die sing van die NCVV-lied tydens takvergaderings en kongresse is nie volgens die NCVV grondwet verpligtend nie. Die woorde van hierdie lied lui as volg:

"Dis heerlik om die naam te dra
van dogters van Suid-Afrika,
Daar's werk, daar's werk my susters,
werk vir vroue vroom en vry en sterk!
Haar volk ten diens, haar God te eer,
Lei U haar self, die vrou, O Heer!

Ons Moeders het die volk gelei
deur menig donker doodsvallei,
en trots is ons die naam te dra
van Vroue van Suid-Afrika.
Ons volk te dien ons God te eer
Gee ons onsself aan U, O Heer."

(NCVV lied, ongedateerde afgerolde stuk)

Op kulturele gebied skakel die NCVV in die tydperk vanaf 1960 tot 1992 met die Federale Vroueraad asook die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings. In 1968 stig die Federale

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vroueraad die Federale Vroueraad Volksbelang (FVRV) en hierdie organisasie het volgens hulle inligtingspamflet (ongedateerd) agt-en-twintig vroueorganisasies onder andere die NCVV, "saamgesnoer in hul geloof, arbeid en roeping" ten einde die Afrikaanse taal en kultuur te bevorder. Die doelstellings van hierdie organisasie, volgens bogenoemde inligtingspamflet, was die volgende:

- Beywering vir die heil van alle Afrikaners op geestelike, sedelike, kulturele en stoflike gebied.
- Verhoging van die algemene ontwikkelingspeil van die Afrikaner.
- Bestudering en beter begrip vir volksvraagstukke.
- Bestryding van volksvreemde en ondermynende ideologieë (ateïsme, sekulêre humanisme, Kommunisme, pasifisme, ens.)
- Inspirering van die jeug om hul geestelike-kulturele erfenis te waardeer en te bewaar.
- Samesnoering van die Afrikanervroue-organisasies om sodoende eenheid van denke en optrede te bewerkstellig.

Die FVRV het die NCVV aangemoedig om sy kultuuraksies uit te bou deur byvoorbeeld die "Praat Afrikaans week" elke jaar in die tweede week van Oktober te laat plaasvind. In die laaste beskikbare brosjure wat van die FVRV (1988/1989:1) gevind kan word, verklaar hierdie kultuurorganisasie: Ons bly steeds bewus van ons kultuurerfenis maar moet dit altyd sien teen die agtergrond van ons nypende landsprobleme want hierdie probleme is die realiteite wat ons omvou en ons kultuur en ons toekoms bedreig.

Hierdie verklaring is 'n goeie versinnebeelding van die gemoedstoestand van die Afrikaner in die laat tagtiger en vroeg negentiger jare, naamlik dat die klem eerder op die oplossing van Suid-Afrika se breëre vraagstukke geplaas moet word as op die bekrompe bevordering van seksionele kultuurbelange.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK), met wie die NCVV reeds sedert die FAK se ontstaan geaffilieer was, en wie se jaarlikse kongresse die NCVV ook bygewoon het, het in 1992 'n nuwe afdeling vir vroueorganisasies gestig - die FAK Vroueraad (Vroueraad van die FAK Reglement 1992:1). Op 16 Julie 1992 het die FVRV by hierdie FAK Vroueraad ingeskakel en is die Federale Vroueraad Volksbelang ontbind. Die doelstellings van die Vroueraad van die FAK is as volg: Die Vroueraad beywer hom in die algemeen vir die heil van alle Afrikaners op geestelike-, godsdienstige-, sedelike-, kulturele- en stoflike gebied met die Bybel as grondslag. (Vroueraad van die FAK Reglement 1992:3)

Die NCVV sluit by hierdie FAK Vroueraad aan en moet dienooreenkomstig 'n affiliasiefooi betaal. Die luukse van die betaling van 'n affiliasiefooi aan 'n Afrikaanse Kultuurorganisasie, asook die verskaffing aan kultuurprojekte van fondse wat vir noodsaaklike maatskaplike dienste in Natal nodig is, is tans 'n morele probleem vir die uitvoerende persone van die NCVV as welsynsorganisasie.

'n Verdere botsing van belange ontstaan by die uitvoering van die doelstellings van die NCVV, laasgenoemde wat bepaal dat dienslewering aan alle bevolkingsgroepe moet geskied, terwyl die Afrikaanse taal, kultuur en volkseie terselfdertyd bewaar, behou en bevorder moet word. Die ander bevolkingsgroepe in Natal is oorwegend Engels en Zoeloesprekend. Dienslewering aan hierdie groepe kan as gevolg van die NCVV se verbintenis tot die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur bemoeilik word.

Die rede vir bogenoemde siening is die feit dat daar onder die meeste swart bevolkingsgroepe 'n negatiewe gesindheid ten opsigte van Afrikaans mag bestaan as gevolg van die etikettering van Afrikaans as die taal van die onderdrukker. Hierdie opvatting dat Afrikaans die taal van die onderdrukker is, het waarskynlik ontstaan uit die feit dat die regerende Nasionale Party wat die apartheidsbeleid ingestel het, wat blankes ten

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

koste van die swart bevolking bevoordeel het, hoofsaaklik uit Afrikaanssprekendes bestaan het.

Die NCVV kan egter nie sy gebondenheid aan die Afrikaanse taak en kultuur ontken nie. Die vereniging is immers deur Afrikaner vroue gestig en die vereniging het deur die jare op hierdie vroue staatgemaak om as werkers vir die NCVV in Natal op te tree. Indien die NCVV hom as welsynsorganisasie van die Afrikaanse taal en kultuur sou distansieer, sal die NCVV geen verdere morele aanspraak op Afrikanervroue in Natal ten opsigte van lidmaatskap en betrokkenheid kan maak nie. Dit kan veroorsaak dat die kwynende getal vrywilligers verder verminder en die voortbestaan van die NCVV as welsynsorganisasie dus in die weegskaal geplaas word.

Volgens die kongresnotules van die NCVV, het die NCVV se kultuurtaak in die tydperk vanaf 1960 tot 1990 afgeneem. Volgens beskikbare inligting het geen kongrestema byvoorbeeld die kultuurtaak van die NCVV bespreek of belig nie. Die beskerming van die Afrikaanse taal en kultuur het egter weer tydens die 1992 NCVV kongres aandag geniet. Tydens hierdie kongres, met as kongrestema "Die gesin in die nuwe Suid-Afrika", is 'n referaat gelewer en bespreek oor Afrikaans as taal en die voortbestaan daarvan in 'n toekomstige Suid-Afrika (NCVV Kongresnotule 1992:3). Die bespreking van die toekoms van die Afrikaanse taal tydens die jongste NCVV kongres dui daarop dat daar opnuut weer probleme rondom die voortbestaan van Afrikaans as taal bestaan.

As gevolg van die onsekerheid oor 'n toekomstige politieke bedeling vir Suid-Afrika, en die gepaardgaande vraagstuk of die Afrikaanse taal naas Engels en ander tale amptelike erkenning in 'n nuwe staatkundige bedeling sal geniet, het relevansie verleen aan die bespreking van die vraagstuk oor die beskerming van Afrikaans.

Indien die NCVV as welsynsorganisasie besluit om voort te gaan met sy verbintenis tot die beskerming, bewaring en uitbouing van die Afrikaanse taal en kultuur, het hierdie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

organisasie 'n groot uitdaging om, vanuit hierdie standpunt en agtergrond, welsyns- en opvoedkundige dienste aan alle bevolkingsgroepe te lewer.

7.4 DIE TAAK VAN DIE NCVV AS WELSYNSORGANISASIE OP DIE GEBIED VAN MAATSKAPLIKE WELSYNSWERK

Volgens die Woordeboek vir Maatskaplike werk (1971:483) is die definisie van 'n welsynsorganisasie as volg: "'n Vereniging in die kader van maatskaplike sorg met omskrewe doelstellings wat deur private inisiatief in die lewe geroep is, gewoonlik sy inkomste van die publiek ontvang en deur die staat gesubsidieer word."

Dit is duidelik dat die NCVV voldoen aan hierdie beskrywing. Die organisasie is deur vrywilligers tot stand gebring, en die maatskaplike dienste wat deur hulle gelewer word, word deur maatskaplike werkers verrig. Die NCVV se fondse word wel deur vrywilligers ingesamel, maar die organisasie word ook deur die staat gesubsidieer.

Die doelstellings op die gebied van welsynswerk word soos volg in die grondwet van die NCVV vervat (Bylae I:232 & 233).

"4.1 Die maatskaplike toerusting, versorging en rehabilitasie van die gesin, individue en groepe in hul verhoudinge, deur middel van professionele maatskaplike werk en andersins.

4.2 Die voorsiening van voorkomingsprojekte vir die opvoeding en ontwikkeling van die individu vir die gesins- en gemeenskapslewe.

4.3 Die versorging van spesifieke groepe in die samelewing deur middel van gemeenskapswerk en die oprigting en instandhouding van inrigtings.

4.4 Daadwerklike belangstelling in en deelname aan welsynsbeplanning, samewerking met ander welsynsorganisasies en die formulering van welsynsbeleid."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Welsynswerk binne die NCVV is en word steeds in vennootskap tussen die maatskaplike werkers en die vrywilligers verrig. Die NCVV lewer welsynsdienste aan bejaardes, gesinne, kinders en gemeenskappe (Ons Weet, Weet U?:ongedateerd).

Tydens die 1965 Jubileum kongres van die NCVV wat te Dundee gehou is, het mnr C J B Vorster verklaar dat "welsynswerk 'n dinamiese proses (is) en moet voortdurend gereed wees om by die veranderings en ontwikkelings wat plaasvind aan te pas." Hierdie siening kenmerk die werksaamhede van die NCVV op die gebied van welsynswerk. Die NCVV moes sedert 1960 by veranderinge op politieke en maatskaplike gebied aanpas, veral in die tydperk na 2 Februarie 1990.

7.4.1 Die vrywilliger se bydrae op die gebied van maatskaplike sorg

Die NCVV het sy ontstaan en voortbestaan te danke aan die hulp en insette van sy vrywillige werkers. Die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1971:483) verklaar dat 'n vrywilliger "'n persoon is wat sonder geldelike vergoeding welsyndienste verrig of daarmee behulpsaam is." Die NCVV word deur vrywilligers bestuur - diensgeoriënteerde, gemotiveerde vroue wat vrywillig by die organisasie aansluit en in hul vryetyd diens lewer wat hul kundigheid, kennis, energie en geld tot voordeel van die NCVV aanwend en die grondwet en beleid van die vereniging onderskryf (NCVV inligtingspamflet:ongedateerd). Mev H Stander, 'n voormalige president van die NCVV, beskryf die taak van die NCVV as welsynsorganisasie as volg: "Die NCVV as 'n Afrikaanse vrouevereniging vervul in 'n behoefte om persone wat besig is om langs die lewenspad uit te sak, te help." (Kongresnotule 1960).

Alhoewel hierdie vrywilliger werkers nie opgelei is om maatskaplike werk te verrig nie, besef die maatskaplike werkers die waarde van die onbaatsugtige liefdesdiens wat deur die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vrywilligers verrig word. Dit kan gesien word in 'n maatskaplikewerk-jaarverslag vir die tydperk 1 April 1962 tot 31 Maart 1963 waarin die volgende gesê word: "In ons gekompliseerde samelewing van vandag waar gemeenskappe nie meer in hulle intieme samehorigheidsverband leef nie vereis ons openbare sorgbehoewendheid, meer hulp en wetenskaplike benadering. Tog bly die sleutel tot die geheim van alle suksesvolle welsynswerk die dienende liefde."

Burger (1989:264) ondersteun hierdie standpunt en verklaar as volg oor die vrywilliger: "Haar bereidwilligheid om haar medemens onvoorwaardelik te dien en ten volle by hom betrokke te raak, behoort vandag nog as 'n vereiste vir die vrywilliger gestel te word."

Die NCVV se maatskaplike werksaamhede geskied binne die grense van Natal - die kleinste van die vier provinsies van die Republiek van Suid-Afrika. Weens die feit dat die Afrikaners, die groep waaruit die NCVV sy vrywilligers werf, 'n minderheidsgroep in Natal is, het die NCVV nog nooit oor 'n groot vrywilligerskorps beskik nie. Mev D Nel, 'n voormalige direkteur van die NCVV, berig as volg oor die grootte van die NCVV: "Die NCVV is, soos die mier, nie 'n groot volkie nie maar die ywer en entoesiasme van hierdie vroue verdien die bewondering en die respek van ons gemeenskappe. Veel is reeds vermag en ten spyte van inflasie en 'n toenemende gees van materialisme in die wêreld, word veel verwag, veel beoog en word die vertroue uitgespreek dat hierdie Vrouevereniging nog veel in die Geloof sal bereik."

Voorbeelde van werksaamhede wat die NCVV vrywilligers volgens taknotules, hoofbestuursnotule en kongresverslae in die tydperk 1960 tot 1992 verrig het, was die volgende:

- Alle NCVV ouetehuise, bejaardesorgskemas, dienssentra en tuishulpskemas is deur vrywilligers geïnisieer en word met die hulp van betaalde personeel, deur hulle bedryf.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Alle fondsinsamelings word deur vrywilligers verrig.
- Alle opvoedkundige dienste, soos dagversorgingsprojekte en ouerleidingaksies, word deur die vrywilligers bedryf.
- Gemeenskapswerkprojekte word deur die vrywilligers ondersteun.
- Bejaarde-, kinder- en vroueklubs word deur die vrywilligers aangebied.
- Damestehuis, 'n tehuis vir werkende jong dames in Durban, is deur die NCVV vrywilligers geïnisieer en word in 1992 steeds deur sewentig dames bewoon.
- Praktiese hulp word verleen, byvoorbeeld die aankoop van kruideniersware en groente vir NCVV kliënte en skoolklere vir behoeftige skoolkinders sowel huurgeld as ook tweedehandse klere word aan NCVV-kliënte voorsien; reënjasse word vir die kinders in Greytown se kinderhuis voorsien; NCVV-kliënte word hospitaal toe vervoer en ongeskikt-ongeskiktheidspensioene word geadministreer; aan doopouers word Nuwe Testament Bybels voorsien en nuwe intrekkers word besoek; bejaardes geniet versorging - etes word vir hulle gehou, kerskoekies word vir hulle gebak en uitstappies word gereël; rokke en kamerjasse word aan die meisies in die NG Kerk se tehuis vir ongehude moeders voorsien; hospitaalbesoeke en huisbesoeke word afgelê.
- Takwerk word behartig, takprogramme word opgestel en vergaderings word hanteer.
- Straatkollektes word vir die Skool vir Dowes, die Greytownse kinderhuis en verskeie ander instansies gedoen en gesinseëls word verkoop.

In die tydperk na die breuk met die NG Kerk, het die vrywilligers van die NCVV 'n belangrike rol in die opbou van die NCVV as welsynsorganisasie gespeel. Hierdie betrokkenheid van die lede van die NCVV by die selfstandigwording van die NCVV as welsynsorganisasie in die tydperk vanaf 1963 tot 1973 kan, soos reeds in die vorige hoofstuk vermeld is, as 'n bloeityd-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

perk in die geskiedenis van die NCVV gesien word. Die ledetal, soos reeds in die vorige hoofstuk vermeld, het in 1963 op 599 gestaan, en die aantal takke het in 1973 op twee-en-twintig gestaan - in albei gevalle die hoogste ooit in die geskiedenis van die NCVV.

Na 1973 het die vrywilligers meer op die agtergrond begin tree en het die ledetal asook die getal takke verminder. Hierdie onbetrokkenheid by die lede van die NCVV kan onder meer daaraan toegeskryf word dat die voortbestaan van die NCVV na die bloeijare nie meer so in gedrang was in vergelyking met die tydperk net na die skeuring met die NG Kerk nie. Die meeste maatskaplike dienste was teen 1973 reeds gevestig en van die lede van die NCVV was tot 'n groot mate slegs verwag om takvergaderings by te woon en fondse in te samel. In die Vrouevolksdiens van Mei 1986 (1986:4) meen Grobbelaar dat die professionalisering van welsyndienste veroorsaak het dat die welsynswerk te simptoom gerig en te min gemeenskapsgerig geraak het, 'n verskynsel wat veroorsaak dat die vrywilliger verdring word.

Tydens die 1978 kongres van die NCVV word voorgestel dat 'n poging aangewend moet word om vrywilligers meer by direkte diens betrokke te maak (Kongresnotule 1978:8). Schoeman (1984:102) verklaar in hierdie verband dat dit nodig is om indien vrywilligers vir diens aanmeld, indiensopleiding vir sekere take aan hulle gegee moet word. Schoeman beweer verder dat maatskaplike werkers dit sal waardeer om hulp uit die gemeenskap te ontvang en deur hierdie samewerking kan 'n goeie vennootskap tussen die maatskaplike werkers en die vrywilligers opgebou word.

Wat die NCVV betref, is skolingskursusse wel vir vrywilligers aangebied en die 1987/1988 NCVV Hoofbestuurjaarverslag (1987/1988:2) beklemtoon die belangrikheid van sodanige kursusse: "Die behoud en voortbestaan van 'n vrywillige welsynsorganisasie hang ten nouste saam met die ontwikkeling van die lede en of laasgenoemde tred hou met ontwikkelings op welsynsterrein."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In die NCVV Jaarverslag (1989:15) word daar verwys na die probleme rondom die krimpende getal vrywilligers en die ontstellende tendens van die kwynende betrokkenheid van gemeenskappe in Natal by die NCVV - ten spyte van al die bemarkingspogings om die teendeel te verkry. In bogenoemde jaarverslag word die mening uitgespreek dat die werwing van vrywilligers in die toekoms selfs nog moeiliker gaan word.

Tydens die Hoofbestuursvergadering (24 en 25 Julie 1991:16) is 'n beskrywingspunt na die Federale Vroueraad gestuur waarin versoek word dat ernstig besin moet word oor die werwing, rol, plek, taak en behoud van vrywilligers in die vinnig veranderende Suid-Afrikaanse welsynsisteem.

Die kwynende getal vrywilligers veroorsaak probleme vir die NCVV, want 'n welsynsorganisasie soos die NCVV kan nie sonder vrywilligers voortbestaan nie. Die getal vrywilligers het in die periode 1963 tot 1992 met die helfte verminder. Hierdie tendens dui op 'n gebrek aan belangstelling in die werksaamhede van die NCVV aan die kant van die gemeenskap. Redes vir die skerp daling in die vrywilligerkorps, moet onder die volgende oorsake gesoek word:

- 'n Vrywilliger is 'n skaars kommoditeit in 'n gemeenskap en dieselfde groep word by kerk, skool en ander aktiwiteite ingespan.
- Vroue verrig as gevolg van ekonomiese druk en beroepsgerigtheid al hoe meer buitenshuise arbeid.
- Minder tuishulp is beskikbaar vir vroue wat dus beteken dat hierdie vroue minder tyd vir liefdadigheidswerk het.
- Die NCVV vrywilligers is volgens indrukke uit takverslae in die tydperk na 1973 meestal slegs gebruik vir fondsinsamelingsaksies en om takvergaderings by te woon en dit het veroorsaak dat die vrywilligers apaties geword het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Daar is nie sigbare nood onder die blanke bevolking nie - die blanke gemeenskap het voldoende welsyndienste en bestaande dienste moet slegs in stand gehou word - dit veroorsaak dat die NCVV vrywilligers van mening is dat daar nie meer nood bestaan op die gebied van die maatskaplike terrein in Suid-Afrika nie.
- Weens die afgesonderdheid van die woonbuurte van die agtergeblewe bevolkingsgroepe, is hul maatskaplike behoeftes onbekend aan die blankes.

Die volgende voorstelle is gemaak om die probleem van die kwynende vrywilligerkorps die hoof te bied:

- NCVV takke kan vrywilligers op 'n "kontrakbasis" vir spesifieke take, benut.
- Vrywilligers kan 'n honorarium ontvang vir kundige dienste, asook pos-, reis- en verblyfgeld. Hierdie sisteem van vergoeding kan tot gevolg hê dat vrywilligers nie buitenhuise arbeid hoef te verrig nie en dus deur die NCVV benut kan word.
- Vrywilligers moet skoling ontvang ten einde die maatskaplike werker by te staan in die lewering van direkte hulp asook met die besoeke tuis van persone met maatskaplike probleme.
- Die kongresnotule van 1988 (1988:11) bevat voorstelle vir die aanmoediging van 'n positiewe houding by vrywilligers ten opsigte van hulle vrywillige werk. Hierdie voorstelle was die volgende:
  1) Verklaar jou bereid om deel te neem
  2) Bevry die ondernemende vrywilliger wat in jou skuil. Moenie verskonings uitdink waarom jy nie betrokke moet raak nie.
  3) Geniet die status en uitdagings wat die NCVV bied.
  4) Laat u gemeenskap sien wat u as mens werd is.
- NCVV vrywilligers moet bewus gemaak word van die maatskaplike nood in die agtergeblewe swart bevolkingsgroepe sodat vrywilligers gemotiveer kan word om betrokke te

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

raak by direkte dienslewering of by die oordra van kennis op die gebied van maatskaplike sorg.

Die NCVV het reeds begin om, soos in die beginjare van die NCVV, vrywilligers by direkte hulpverlening te betrek. Dienste wat deur die dienssentra en gemeenskapsentrums verrig word, byvoorbeeld by die Estcourt- en die Oribidienssentra, kan nie sonder die hulp van die vrywilligers verrig word nie en dit veroorsaak dat die NCVV lede betrokke is by direkte hulpverlening.

Die NCVV was ook betrokke by die administrering van voedselhulpprogramme in die Natalse Middellande (Hoofbestuursnotule 4 & 5 November 1992:3). Volgens die NCVV Dagbestuursnotule (16 September 1992:4) word die NCVV as die enigste welsynsorganisasie in Natal beskou wat oor die nodige infrastruktuur beskik ten einde die Raad vir Bejaardes behulpsaam te wees met hulp aan die bejaardes van agtergeblewe bevolkingsgroepe, aan wie hulp deur die Ontwikkelingstrust verleen is. Moontlike terreine waar die NCVV volgens bogenoemde dagbestuursnotule (1992:4) ook betrokke kan wees is by voedingskemas; by gesprekvoering en onderhandeling; by pogings om 'n beter verstandhouding tussen gemeenskappe te vestig en by die oordra van kennis en inligting aan swart vroue met betrekking tot die bestuur en bedryf van die voedingskemas.

In die program wat vir 1990 se maatskaplikewerk-dienste opgestel is, is die "waarde" van 'n vrywilliger wat by gemeenskapswerk in Pietermaritzburg betrokke is, bereken. Dié berekening kom daarop neer dat indien tien vrywilligers sewe uur per week vrywillige werk vir die NCVV verrig (7x10 = 70 ; 70x52 - 3 640), 3 640 uur per jaar bespaar word aan werksure wat deur betaalde personeel verrig moes word. Hierdie dienste sou nie andersins gelewer kon word nie aangesien die NCVV dit nie sou kon bekostig nie.

Die verhouding tussen die maatskaplike werkers en die vrywilligers binne die struktuur van die NCVV is baie positief en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

volgens 'n maatskaplikewerk-verslag van 1992 wat tydens hierdie jaar se kongres gelewer is, berig die maatskaplike werker as volg: "Die NCVV is een van die min welsynsorganisasies waar die maatskaplike werker 'n hulpmiddel vir die vrywilliger is en nie andersom nie. Die strewe van beide vrywilliger en maatskaplike werker is egter dieselfde - om 'n betekenisvolle diens aan die gemeenskap te lewer."

Wat vrywilligers betref, het die NCVV 'n trotse verlede. In die NCVV, die Eerste Skof (1965:20 & 21) is 'n hele afdeling gewy aan families waar vroue oor drie geslagte heen by die werksaamhede van die NCVV betrokke was en steeds is. Ook in die Vrouevolksdiens (Augustus 1986:3) is melding gemaak van dié families wat reeds geslagte lank betrokke is by die NCVV. Hierdie vroue van die NCVV het dus die vermoë om, soos in die verlede, aanpassings te maak op die gebied van maatskaplike sorg. In die Vrouevolksdiens van April 1985 (1985:3) verklaar Venter in hierdie verband dat sy die taak van die Afrikanervrou sien as: "... om betrokke te raak by die maatskaplike opgradering van ander groepe - nie as paternaliste of "do gooders" nie, maar deur Christelike oortuigings."

Op die terrein van maatskaplike sorg is die vrywilliger en maatskaplike werker in 'n vennootskap met mekaar. Die taak van die maatskaplike werkers in dié verband word in die volgende afdeling bespreek.

7.4.2 Maatskaplike werk in die tydperk 1960 tot 1992

Maatskaplikewerk-hulp is in die tydperk vanaf 1960 tot 1992 aan blankes in Natal verleen. Na die breuk met die NG Kerk in 1959 het die maatskaplike werkers saam met die vrywilligers stappe geneem om die NCVV as welsynsorganisasie onafhanklik van die kerk te laat voortbestaan.

Ten spyte van hierdie breuk met die NG Kerk was die verhouding tussen die NG Kerk en die NCVV in die tydperk vanaf 1960 tot 1992 baie goed. Die Hoofbestuursnotule (16 en 27 Oktober

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1961:2) berig oor die verhouding as volg: "Uit die bespreking blyk dit dat die NCVV en Kerk veral op die Platteland goed saam werk, maar dat daar oorvleueling is in Pietermaritzburg".

Die Utrecht-takverslag vir die jaar 1962/1963 berig oor die samewerking van die NCVV en die NG Kerk dat: "Ons weereens saam met die NG Kerk gesinsorgwerk op die dorp gedoen het". Behalwe vir probleme betreffende werkoorvleueling, kan die verhouding wat in hierdie tydperk tussen die NCVV en die NG Kerk bestaan het, dus as positief beskou word.

In 1960 was die maatskaplike werkers binne die bestuur van die NCVV gevestig en was hulle deur die vrywilligers aanvaar binne hierdie posisies. In die tydperk na 1960, het die NCVV hoofsaaklik gesinsorgwerk verrig en mej E Theron, 'n maatskaplike werker in diens van die NCVV het tydens die Jubileumkongres van die NCVV in 1965 (1965:6) in dié verband verklaar dat: "Maatskaplike werk vir persone (is) wat nie selfstandig die probleme van die lewe die hoof kan bied nie. Gewoonlik bespeur ons eerste die stoflike tekens, maar gewoonlik is daar dieper liggende emosionele probleme."

Na 1970 het die NCVV toenemend tyd aan bejaardesorg begin bestee terwyl die belangrikheid van gemeenskapswerk in 1980 na vore getree het. Gemeenskapswerk bied aan die maatskaplikewerk-professie 'n nuwe uitdaging, veral gesien teen die huidige politieke en maatskaplike omstandighede in Suid-Afrika. Suid-Afrika word as 'n ontwikkelende land beskou, met sowel eerste as derde wêreld komponente (Smith 1985:186 & 187). Hierdie situasie, sowel as die politieke en staatkundige ontwikkeling in Suid-Afrika, het veroorsaak dat daar op die terrein van dienslewering en staatsubsidies ongelykhede bestaan waar dit verskillende rasse-groepe betref. Die welsynsdienste wat deur die NCVV aan blankes gelewer is, was van hoogstaande gehalte in vergelyking met dié welsyndienste wat deur die staat en vrywillige welsynsorg aan agtergeblewe be-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

volkingsgroepe gelewer is. Tans verg hierdie situasie dringende aandag. Terwyl die grondwet van die NCVV bepaal dat die organisasie dienste aan alle bevolkingsgroepe moet lewer, lê die grootste uitdaging vir die NCVV dus juis op die terrein van dienslewering aan ander bevolkingsgroepe. Uiteraard sal so 'n nuwe situasie aanpassings verg van sowel die vrywilligers as die personeel van die NCVV. McKendrick (1992:1) verklaar in hierdie verband: "Of all types of change, one of the most complex in a welfare agency is change in the nature and direction of services."

(a) Gesinsorg

In die tydperk na 1960 het die NCVV hoofsaaklik gesinsorgwerk verrig onder die blankes, maar veral dan die Afrikaners in Natal. Hierdie dienste aan veral die Afrikaners is in 'n artikel in die Vrou en Moeder (Julie 1961:25), beklemtoon waarin onder meer die volgende stelling gemaak word: "Die NCVV (het) 'n onmisbare plek in die bouproses van die gesinslewe van ons volk en (is) 'n beslissende faktor in die handhawing van 'n blanke beskawing in Suid-Afrika."

(i) Gevallewerk in die tydperk vanaf 1960 tot 1970

Die maatskaplike probleme wat in die tydperk vanaf 1960 tot 1970 op die terrein van gesinsorg onder blankes voorgekom het was hoofsaaklik die volgende: drankmisbruik, werkloosheid, armoede, kinderverwaarlosing, huweliksprobleme, behuising, swak gesondheid en finansiële probleme as gevolg van die huurkoopstelsel. Bogenoemde probleme word ook in die Maatskaplikewerk-jaarverslag (1966/1967:1) sowel as in die Vrou en Moeder (Desember 1962:2 & 3) herhaal.

Die 1962 en 1963 maatskaplikewerk-verslae asook die 1960 en 1962 NCVV-kongresnotules maak van drankmisbruik melding as die grootste enkele maatskaplike probleem onder kliënte van die NCVV in die tydperk vanaf 1960 tot 1982. Die maatskaplikewerk-verslag van die NCVV in die Vrou en Moeder van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Desember 1962 (Desember 1962:3) berig die volgende in hierdie verband: "Die grondoorsaak van die meeste huweliksprobleme, gesinsontwrigtings, finansiële krisisse, ens. is gewoonlik drankmisbruik. Die tragiese is dat dit eers onder die werkster se aandag kom wanneer dit in so 'n gevorderde stadium is en die probleem al omvangryke afmetings aangeneem het. Indien die persoon hom nie gewillig verklaar om behandeling te ontvang nie, is hulp nutteloos."

Nog 'n maatskaplike probleem wat in die tydperk vanaf 1960 tot 1970 aandag geniet het, was dié van werkloosheid. Die probleem van werkloosheid is deur die 1959/1960 maatskaplike-werkverslag (1959/1960:1) as volg beskryf: "Dit is geen onbekende feit dat die swak geleerde blanke man sukkel om werk te kry nie. Is hy so gelukkig om 'n werkie iewers te kry - is die loon gewoonlik nie hoog nie en daarom vind 'n mens dikwels dat hierdie persoon maklik sy werk los om na groter betaling te soek, maar instede dat hy werk vind bly hy soms vir maande werkloos. Die meeste (werkloses) is na die Departement van Arbeid verwys vir gereelde aanmelding. Werkskuheid as oorsaak van werkloosheid het ook 'n groot rol in hierdie probleem gespeel."

'n Verslag in die Vrou en Moeder (Desember 1962:2) wat die probleem van werkloosheid aangespreek het, berig in dié verband as volg: "In Suid-Afrika is dit (werkloosheid) besonder laag en is plus minus 2.5% van die bevolking werkloos. Volgens die amptelike syfers is daar steeds ongeveer 100 werklose blanke mans in Pietermaritzburg. Ongelukkig is dit meestal die ongeskoolde arbeider wat werkloos is en is dit juis hulle wat dit die minste kan bekostig."

Die probleem van werkloosheid asook drankmisbruik, veroorsaak maatskaplike probleme binne gesinsverband en lei noodwendig tot armoede. Die maatskaplike verslag (1959/1960:2) berig egter dat armoede nie meer in dieselfde mate voorkom as tydens die depressiejare nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ook deel van die multi-probleemgesin is kinderverwaarlosing en huweliksprobleme en die maatskaplikewerk-verslag van 1959/1960 (1959/1960:3) dui aan dat: "In gevalle van werklike ernstige (kinder) verwaarlosing, vind die werkster gewoonlik dat ander probleme soos werkloosheid of drankmisbruik, verwaarlosing van die kinders veroorsaak. In gevalle van Kinderverwaarlosing was dit ook noodsaaklik om raad i.v.m. (in verband met) kinderopvoeding te gee."

Behuisingprobleme word nie deur die maatskaplike werker in haar verslag in 1962 as van ernstige omvang beskou nie (Vrou en Moeder Desember 1962:3). Aangaande probleme as gevolg van swak gesondheid meld die maatskaplike werker (Maatskaplikewerk-verslag 1959/1960:3) dat alhoewel "(d)ie Maatskaplike Werkster geen verpleegster of geneesheer (is) nie, (hy/sy) nòg- tans aandag aan die probleem (moet) skenk."

Die instelling van die huurkoopstelsel het egter, as gevolg van die onoordeelkundige besteding van inkomste op huurkoopaankope, baie finansiële probleme veroorsaak. (Maatskaplikewerk-jaarverslag 1966/1967:1)

In die tydperk vanaf 1960 tot 1970 het die maatskaplike werkers hulp betreffende maatskaplike probleme op die terrein van gesinsorgdienste deur middel van gevallewerk en groepwerk verleen. Gevallewerk-dienste het ook behels dat direkte hulpverlening in die vorm van die verskaffing van kruideniersware en groente (Maatskaplikewerk-verslag 1966/1967:1) nuwe klere, tweedehandse klere en huishoudelike artikels direk verskaf is (Maatskaplikewerk-verslag 1959/1960:3). Hulpbehoewende persone is ook na hospitale en dokters vervoer.

Die maatskaplike werker berig in die 1959/1960 verslag (1959/1960:4) oor die stand van gevallewerk as volg: "Maatskaplike Werk is een van die beroepe wat nie sy sukses of mislukkings in ponde sjielings en pennies of andersins in syfers kan lees nie. Een geval kan soms vir dae en selfs weke die grootste gedeelte van die werkster se aandag vereis. Dienste wat heel dikwels gelewer word is van raadgewende aard en geld is daar

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geensins op die spel nie. Daar is byvoorbeeld die gevalle van Huweliksonenigheid waar materiële hulp glad nie op die spel is nie - tog neem hierdie gesinne oneindig baie tyd en aandag in beslag."

Die belangrikheid van die taak van die NCVV op die terrein van gesinsorgwerk is in die 1963 maatskaplikewerk-verslag beklemtoon, waarin berig is dat die NCVV hom as gesinsorgorganisasie op voorkomingsdienste toespits sodat statutêre stappe verhoed kan word. Indien voorkomingsdienste nie suksesvol is nie, word volgens hierdie verslag, rekonstruksiedienste gelewer.

In die 1966/1967 Maatskaplikewerk-jaarverslag (1966/1967:1) is melding gemaak van die bestaan van 'n Gesinsorgkomitee. Die presiese stigtingsdatum van hierdie komitee is egter nie bekend nie. Die funksie van hierdie komitee was om 'n ondersteunende rol vir die taak van die maatskaplike werker te vervul. Sowel maatskaplike probleme in gesinne as die uitdeel van finansiële en materiële hulp is tydens die vergaderings van hierdie komitee bespreek (Gesinsorgnotule Pietermaritzburg 22 Januarie 1976:1). Die Gesinsorgkomitee het in Pietermaritzburg bly voortbestaan in die tagtigerjare. In die 1981/1982 NCVV Jaarverslag is oorweging daaraan geskenk om dié komitee te ontbind, aangesien die oorspronklike doelstellings daarvan nie meer relevant was nie. Hierdie Komitee het inderdaad dan ook ontbind en bestaan in 1992 nie meer in Pietermaritzburg nie. Behalwe in Durban, waar daar in 1992 (Maatskaplikewerk-verslag 1992:geen) 'n gesinsorgkomitee tot stand gekom het, bestaan daar geen soortgelyke komitees van die NCVV in Natal nie.

(ii) Gesinsorgwerk in die tydperk 1970 tot 1992

In die tydperk vanaf 1970 tot 1992 het die maatskaplike werkers van die NCVV steeds gesinsorgdienste deur middel van gevallewerk gelewer. Die Hoofbestuursverslag van 1974/1975

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(1974/1975:5) berig as volg oor maatskaplikewerk-hulpverlening: "Die Gesinsorgkomitees van takke werk saam met die maatskaplike werksters van ander organisasies op plekke soos Vryheid, Dundee, Glencoe, Newcastle, Estcourt, Empangeni omdat die NCVV slegs werksters het in Pietermaritzburg. Pinetown, Empangeni, Pietermaritzburg, PMB (Pietermaritzburg) Wes het die Maatskaplike werk van die Gesinsorgkomitee PMB (Pietermaritzburg) ondersteun."

Melding word ook in die Hoofbestuursverslag van 1975/1976 (1975/1976:6) gemaak van die NCVV se werksaamhede op die terrein van bejaardesorg en die daarstelling van opvoedkundige dienste. Volgens die NCVV se bemarkingspamflet wat deur die Federale Vroueraad uitgegee is, het die NCVV in 1985/1986 tien maatskaplike werkers in diens gehad en word dienste aan gesinne, bejaardes, kinders en gemeenskappe gelewer.

Vanaf 1960 tot 1986, bied die maatskaplike werkers volgens die Maatskaplikewerk-verslae (1985/1986:1 & 2) die volgende dienste aan: statutêre en nie-statutêre dienste; bejaardesorgwerk; ouer-leidingsaksies; dogtersleierskursusse en die hantering van krisisse van sowel korttermyn as langtermyn van aard.

Tydens die 1992 NCVV kongres is daar twee verslae rakende maatskaplike werkers wat gevallewerk verrig, ingedien. Die poste was onderskeidelik in Durban en in Pietermaritzburg gesetel. Die NCVV in Durban het deur middel van die maatskaplike werkers statutêre dienste aan gesinne gelewer, byvoorbeeld: kinderhofsake, administrasie van toelaes, gesinsaannemings, en die skryf van welsynsprogramme. Nuwe dienste wat deur hierdie kantoor in 1992 (Maatskaplikewerkverslag 1992:geen) aangepak is, is die volgende:

- 'n Gesinsorgkomitee is tot stand gebring.
- Voedselnoodhulp is aan 383 kinders verskaf met behulp van R8 000 per maand vir ses maande, wat deur die Departement van Bevolkingsontwikkeling bewillig is en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- een maal per jaar vir een week lewer die NCVV 'n na-uurse nooddiens aan mishandelde kinders en ouers in samewerking met ander welsynsorganisasies.

Die maatskaplike werker in die pos in Pietermaritzburg lewer maatskaplikewerk-hulpverlening en voorkomingsdienste aan gesinne in Pietermaritzburg en distrik. Die multi-probleemgesinne het die volgende probleme in volgorde van belangrikheid, volgens die 1992 verslag van die maatskaplike werker, gehad: "... werkloosheid en materiële nood; beweerde sorgbehoewendheid; gefolterde kinders; verhoudingsprobleme; pleegsorgtoesig en keuring; rekonstruksiedienste en toesig; afhanklikheid van alkohol en dwelms; onbeheerbaarheid; regshulp; ongehude moeders; volwasse wetsoortreders en geestesgesondheid".

Hierdie pos is op aanbeveling van die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn sedert die middel van 1992 in Pietermaritzburg by 'n deel van die gemeenskapswerk-pos in Oribi, 'n sub-ekonomiese behuisingskema in Pietermaritzburg, ingeskakel. Sedert middel 1992 lewer die NCVV slegs maatskaplikewerk-dienste binne die grense van Oribi-staatsdorp en dus geen verdere dienste in Pietermaritzburg en distrikte nie. Die volgende probleemareas het na aanleiding van hierdie dienste wat in Oribi-staatsdorp gelewer word na vore gekom (Maatskaplikewerk-verslag 1992:geen).

- Pensioenadministrasie neem baie tyd in beslag.
- Werkloosheid en die gepaardgaande probleme van behuisingsnood, voedseltekort, finansiële probleme en 'n gebrek aan klere het geweldig toegeneem.
- As gevolg van verpligte skoolfondse en hoër skoolgelde sal kinders probleme ondervind om skool by te woon.
- Ongeskoolde werklose mans met 'n lae intelligensie is 'n groot probleem en werkverskaffing is nodig.
- Sub-ekonomiese behuising en selfs goedkoper behuising as dit, is nodig. (Blankes kan en wil nie plak nie, en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

selfs al is 'n tent beskikbaar kos 'n staanplek in 'n karavaanpark 'n aansienlike bedrag.)

- Programme om lewensvaardighede soos huweliks- en ouerskapvaardighede aan te leer is nodig.
- Toename in aansoek om finansiële hulp is ondervind en
- die voorkomingsdienste is nie genoeg nie.

Met betrekking tot die oorskakeling van 'n pos, waarin die maatskaplike werker net gevallewerkdienste gelewer het, na een waarin gemeenskapswerkaksies voorrang geniet, verklaar Van Niekerk (1986:210) dat gevallewerk alleen oor die algemeen nie bevredigende resultate in Natal lewer nie. Indien daar meer gemeenskapsgerig gewerk word, sal dienslewering 'n meer voorkomende effek hê. Dit is dus vir maatskaplikewerkresultate voordelig dat daar meer gemeenskapsgerig gewerk word. Behalwe dat die effektiwiteit van gemeenskapswerk al meer besef word, verwag die staat ook dat welsyndienste volgens gemeenskapsprogramme prioriteit moet geniet (Maatskaplikewerk-verslae 1986/1988:4). Hierdie beleid van dienslewering volgens welsynsprogramme veroorsaak dat programme of projekte en nie meer poste soos voorheen nie, geëvalueer en gesubsidieer gaan word.

Maatskaplike werk het aan die begin van die 20ste eeu ontstaan uit die gee van finansiële en materiële bystand aan noodlydendes - met ander woorde armsorgwerk. Die NCVV het wegbeweeg van dié beleid en wou nie slegs gesien word as 'n organisasie wat kos en klere aan armes uitdeel nie. Saam met ander vrywillige welsynsorganisasies in Suid-Afrika het die NCVV dus aangedring op statutêre erkenning en het dit 'n vakkundige diens geword. Volgens 'n artikel in die Maatskaplike Werk/Social Work (1992(28)2:70) het armeversorging, as gevolg van swak ekonomiese en maatskaplike omstandighede, weer in die negentigerjare in Suid-Afrika op die voorgrond begin tree en in die artikel word as volg daaroor berig: "In die jongste tyd word daar opnuut aan armeversorging aandag geskenk - waarskynlik as gevolg van die werkloosheidsprobleem wat vir baie mense ook 'n tekort aan bestaansmiddele teweeggebring het. Dit word gewoonlik gekoppel aan gemeenskapswerk wat in onderontwikkelde gebiede gedoen word."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Op die gebied van "armesorg" lewer die NCVV egter steeds 'n bydrae:

- Voedselnoodhulp is aan boere en plaaswerkers verleen (Hoofbestuursnotule van 26 en 27 Maart 1992:9).
- Die Hoofbestuurslede het tydens 'n Hoofbestuursvergadering voedselvoorrade saamgebring vir verspreiding onder behoeftiges (Hoofbestuursnotule 24 en 25 Julie 1991: 11).
- Die NCVV was in samewerking met 'n kettingwinkelgroep betrokke by die gee van voedsel aan behoeftige persone in Pietermaritzburg (Hoofbestuursnotule 24 en 25 Julie 1991: 11).
- NCVV takke is deur die Federale Vroueraad aangemoedig om op plaaslike vlak by verarmde gemeenskappe betrokke te raak en vas te stel wat die spesifieke maatskaplike behoeftes in daardie gemeenskappe is (Hoofbestuursnotule 26 en 27 Maart 1992:8).

Die probleem van armoede, wat op 'n groot skaal voorkom in die agtergeblewe swart gemeenskappe in Natal, kan nie effektief deur gevallewerk aangespreek word nie, maar wel deur gemeenskapswerk. Volgens Sturgeon en Conradie (1992:25) moet 'n welsynsorganisasie, die NCVV kan ook as voorbeeld gebruik word, daarteen waak om swart gesinne in Suid-Afrika sonder meer as multi-probleem gesinne te beskou omdat armoede onder hulle heers en omdat hulle swak behuising het. Volgens dieselfde skrywers moet daar ingegaan word op die gesinne se agtergrond betreffende verstedeliking asook op die invloed wat instromingsbeheer op hulle gesinslewe gehad het, voordat besluit kan word of die gesinne wel multi-probleem gesinne is. Maatskaplike werkers moet ook daarteen waak om die "normaliteit van armoede en swak behuising" in swart gemeenskappe te aanvaar en moet eerder met behulp van gemeenskapsprojekte 'n poging aanwend om hierdie omstandighede te verbeter.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die taak van die NCVV op die terrein van gesinsorgwerk onder die agtergeblewe swart groepe, soos voorgestel deur die Federale Vroueraad, lê dus op die gebied van gemeenskapswerk. Die NCVV beskik oor sewe-en-sewentig jaar se ondervinding in opheffingswerk onder die Afrikaners, 'n taak waarin hulle baie suksesvol was. Alhoewel probleme soos die verskille in kultuur en taal in die weg kan staan van bovermelde gemeenskapswerkprojekte onder swart bevolkingsgroepe moet sodanige probleme nie as onoorkomlik beskou word nie, maar eerder as die Christelike plig van die NCVV, en 'n uitdaging vir elke tak, om in sy omgewing betrokke te raak by gemeenskappe in nood.

(iii) Groepwerk in die tydperk vanaf 1960 tot 1992

Groepwerk is ook in die tydperk na 1960 as metode van maatskaplike werk vir die lewering van gesinsorgdienste aangewend. Volgens die 1959/1960 Maatskaplikewerk-verslag (1959/1960:4) het die volgende groepe gedurende daardie tydperk bestaan:

- Die Voortrekkerklub in Pietermaritzburg, wat 'n werkklub vir vrouens was. Die klub het ook in 1960 die dames van die Oribiwerkklub, wat in 1960 volgens bogenoemde verslag tot niet gegaan het, by hulle aktiwiteite betrek.
- By die Houmoedwerkklub in Durban wat deur vrywilligers bedryf is, het die maatskaplike werker maandeliks besoeke afgelê.
- Daar was drie kinderklubs in Pietermaritzburg, naamlik die Landsdiensklub te Newtonweg, Napierville en die twee Oribiliggaamsoefeningklubs.

Die maatskaplike werker verklaar in die verslag (1960:5): "Soos in die geval van Gesinsorg, soek ons ook nie resultate in syfers by Klubwerk nie."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

'n Maatskaplikewerk-verslag (1971:1 & 2) wat oor groepwerk berig wat met vroue in die New Hanover, Schoeders en Albert Falls omgewing verrig is, laat dit blyk dat hierdie groepwerk terapeuties van aard asook baie geslaagd blyk te gewees het. Die groep het bestaan uit vroue wie se mans werksaam was by 'n Natalse Provinsiale Administrasie Padkamp en wat maatskaplike probleme gehad het.

In die 1975/1976 Hoofbestuursverslag (1975/1976:6 & 7) word na 'n Vroueklub in Durban verwys - die Wentworthklub waar die dames handvaardighede aangeleer het. Dogtersklubs is ook op Dundee en Glencoe georganiseer en 'n "Ouerleiding - Algemene Studiegroep" het ook by die Dundee-tak bestaan. Alhoewel daar in die maatskaplikewerk-verslae melding van groepwerk gemaak word, is dit eintlik groepsorg wat in die tydperk vanaf 1960 tot 1992 deur die NCVV as gesinsorg organisasie verrig is, aangesien dit merendeels deur vrywilligers bedryf is. Sodanige groepwerk het dus opvoedkundige waarde, en nie maatskaplike terapeutiese waarde gehad nie. Soos reeds in hoofstuk ses bespreek, bestaan die groepsorg wat in 1992 deur die NCVV verrig word uit groepe vir swart vroue, tienergroepe en vroueklubs. Volgens die statistiese verslag (1991/1992: 2 & 3) wat aan die Federale Vroue Raad gestuur is, doen die NCVV geen groepwerk wat terapeuties van aard is nie.

(b) Bejaardesorg

Aan die begin van die sestigerjare het die werksaamhede van die NCVV hoofsaaklik op die terrein van gesinsorg gelê. Die noodsaaklikheid van bejaardesorgdienste het egter toegeneem en die feit dat die tema van die NCVV se 1968 kongres "bejaardheid" was, beklemtoon die belangrikheid van hierdie diens. Tydens die 1968 kongres is dan ook daarop klem gelê dat slegs vyf persent van alle bejaardes in Natal op daardie stadium in tehuise was. Die ander vyf-en-negentig persent het steeds in die gemeenskap gewoon. Hierdie omstandighede hou sekere implikasies vir die NCVV in en voorstelle vir die versorging van die bejaardes wat steeds in die gemeenskap gewoon

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het, het die daarstel van dienssentra en tuishulpskemas behels. Hierdie voorstelle sou eers in die tagtigerjare tot uitvoer gebring word.

Volgens 'n dokument "NCVV behoeftes in Noord-Natal" (30 Augustus 1977:geen), is die eerste maatskaplike werker vir bejaardesorgwerk vir Natal in Augustus 1975 in Noord-Natal aangestel. Hierdie bejaardesorgpos het take soos klubwerk en die bestuur van die ouetehuise, behels.

Die volgende bejaardesorginrigtings en dienssentra het volgens Hoofbestuurs- en taknotules gedurende die tydperk vanaf 1960 tot 1992, tot stand gekom:

- In 1965 het die Jubileumtehuis, wat die versorging van vyf-en-dertig verswakte bejaardes moontlik gemaak het, in Vryheid tot stand gekom.
- In 1968 is die Rusoord behuisingskema te Vryheid, met akkommodasie vir tagtig bejaardes, geopen.
- In 1970 is die NCVV tehuis vir bejaardes in Pietermaritzburg vergroot ten einde addisionele verblyf aan drie-en-sewentig verswakte bejaarde dames te verskaf.
- In 1977 het die Glencoe bejaardeskema, met plek vir agt-en-twintig bejaardes, geopen.
- In 1982 is die dienssentrum te Oribi, Pietermaritzburg, geopen.
- Die Senior Burgersentrum te Newcastle het in 1983 tot stand gekom.
- Die Jeanette Smit-sentrum het in 1984 te Durban geopen.
- In 1986 het NCVV tuistes, wat uit klein woonstelletjies vir bejaardes gestaan, te Winterson tot stand gekom.
- Die Durban-saamwerktak begin in 1987 'n NCVV dienssentrum.
- Op 1 Mei 1987 het die dienssentrum te Dundee tot stand gekom.
- Huis Joanna wat vyftig bejaardes kon akkommodeer, is in 1988 te Utrecht geopen.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Op 1 Maart 1988 het die dienssentrum in Estcourt tot stand gekom. In Desember 1992 ontvang die NCVV se tak in Estcourt dan ook 'n oorkonde van die Estcourt dorpsraad om dank en waardering uit te spreek vir die waardevolle bydrae wat aan die gemeenskap gelewer word deur middel van sowel die dienssentrum as die tak se werksaamhede op die welsynsterrein.

Volgens die 1987/1988 Bejaardesorgverslag, is klubs vir bejaardes op daardie stadium ook te Colenso, Utrecht en Vryheid, aangebied. Volgens 'n pamflet (ongedateerd) oor die werksaamhede van die NCVV, is die eerste gebou wat die NCVV opgerig het, met die oog op die versorging van die mens in nood, ten behoewe van bejaardes opgerig. Die NCVV het egter volgens die verslag in 1975 reeds besef dat die bejaarde nie net binne inrigtingsverband nie, maar veral ook binne gemeenskapsverband versorg moet word en daarom is die diens wat die gemeenskapsentra lewer van kardinale belang. Die diens wat by die gemeenskapsentra gelewer word, voldoen aan 'n behoefte van bejaardes wat graag in hul eie behuising in die gemeenskap wil aanbly, maar nietemin versorging wil geniet.

Volgens 'n NCVV Inligtingstuk van waarskynlik 1985 (ongedateerd:1 -die datum is afgelei uit die feit dat die pamflet berig dat die NCVV sewentig jaar gelede gestig is) word gemeld dat die NCVV se dienste aan bejaardes nie by inrigtingsorg geëindig het nie, maar dat die dienste by die eise van die tyd aangepas het en dat die NCVV toenemend konsentreer op die bejaarde in die gemeenskap en gevolglik dienssentrums oprig. Die 1987/1988 Bejaardesorgdienste-verslag van die NCVV (1987/1988:9) berig dat die gemeenskappe in Natal die NCVV beskou as 'n toonaangewende organisasie op die gebied van bejaardesorg.

Volgens die 1985 Inligtingspamflet van die NCVV (1985:1), het bejaardesorg die volgende vertakkings, naamlik individuele sorg, ontspanningsdienste wat klubs insluit, en inrigtingsorg. Individuele sorg word deur middel van gevallewerk

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gelewer. Ontspanningsdienste word onder leiding van die NCVV vrywilliger deur groep- en klubwerk aangebied. Alhoewel die vrywilligers en die maatskaplike werkers met die inrigtingsdienste van die NCVV behulpsaam is, is dit hoofsaaklik betaalde personeel in die inrigtings wat hierdie diens lewer veral wat die fisiese versorging van bejaardes betref. Die Hoofbestuursnotule van 12 en 13 Oktober 1982 bevestig die NCVV se betrokkenheid by bejaardesorg deur te noem dat die NCVV meelewend deelgeneem het aan die aktiwiteite van die Jaar van die Bejaarde in 1982.

Gereelde skolingskursusse word aangebied vir die personeel wat by bejaardesorg betrokke is. Hierdie kursusse word aangebied deur die Bejaardesorgkomitee van die Hoofbestuur. Hierdie Bejaardesorgkomitee het volgens die 1987/1988 Hoofbestuursverslag (1987/1988:10) ook 'n kamp aangebied vir die bejaardes wat in NCVV ouetehuise geakkommodeer word.

Daar word ook van persone en instansies buite die NCVV gebruik gemaak om bejaardes te vermaak. Hier word byvoorbeeld gedink aan die Parkeraad, Kerkjeugverenigings, Rotary Annes, Lions en die Gevangenisdiens (Hoofbestuursverslag 1974/1975:7 & 8).

In 1987 het 'n nuwe ontwikkeling op die gebied van bejaardesorg ontstaan. Volgens Omsendbrief 37 van 1987 van die Departement Gesondheidsdienste en Welsyn moet welsynsorganisasies ook ten opsigte van tehuise en dienssentrums welsynsprogramme opstel ten einde vir staatsubsidie te kwalifiseer.

Om by die Staat se nuwe beleid van subsidiëring volgens welsynsprogramme ook ten opsigte van bejaardesorg aan te pas, maak die Bejaardesorgkomitee in 1988 (Bejaardesorgverslag 1987/1988:8) die volgende aanbevelings:

- Slegs verswakte bejaardes moet in ouetehuise opgeneem word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Fasiliteite moet in die gemeenskappe beskikbaar gestel word vir dienste aan bejaardes.
- Maaltye-op-wiele en tuishulp moet vanuit ouetehuise gereël word.
- Tydelike opnames moet na hospitalisasie van die bejaardes toegelaat word.
- Dagsorgdienste moet by tehuise of dienssentrums geskep word.

Na aanleiding van bogenoemde aanbevelings, is die Noord-Natal bejaardesorgpos dan ook in 1989 omskep in 'n gemeenskapswerkpos. Volgens die 1992 maatskaplikewerk-verslag is die aard van die probleme van die bejaardes wat die maatskaplike werker in die nuwe pos in Noord-Natal moet hanteer, as volg: Finansiële probleme, behuisingsnood, onderlinge gesinsprobleme, fisiese agteruitgang as gevolg van veroudering, persoonlikheidsprobleme en nasorg vir die Town Hillgevalle. Laasgenoemde persone het probleme met betrekking tot drankmisbruik, depressie of seniliteit ervaar en het versorging benodig nadat hulle uit die inrigting vir sielsiekes ontslaan is.

Twee nuwe dienste wat in 1992 op die terrein van bejaardesorg op die voorgrond getree het, is 'n moontlike dienssentrum vir die bejaardes van Richardsbaai en die Bale-trustprojek. Die eerste projek is begin na aanleiding van 'n ondersoek wat volgens die 26 en 27 Maart 1992 Hoofbestuursnotule (1992:12) deur die maatskaplike werker gedoen is ten einde te bepaal of 'n gemeenskapsentrum op Richardsbaai ontwikkel moet word. Alhoewel daar 'n behoefte aan 'n gemeenskapsentrum bestaan, is daar geen NCVV tak op Richardsbaai nie en inisiatief sal deur die maatskaplike werker geneem moet word ten einde 'n belangstellende en gemotiveerde vrywilligerskorps op die been te bring om hierdie projek te inisieer (Hoofbestuursnotule 4 en 5 November 1992:6).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die tweede projek waarby die NCVV betrokke is, is volgens die Hoofbestuursnotule (31 Oktober 1991 en 1 November 1991:8) deur die Hooggeregshof aan die NCVV toegeken. Hierdie toekenning bestaan uit die Bale-trust, 'n eiendom met aansienlike waarde, wat vanaf 'n ander instansie na die NCVV oorgedra is. Dié taak wat aan die NCVV opgedra is, bewys dat die gemeenskap agting het vir die NCVV se bydrae op die gebied van bejaardesorg ten spyte van die NCVV se Afrikaanse inslag in 'n Engels-georiënteerde gemeenskap in Pietermaritzburg.

Die Trust beskik egter oor geen kapitaal nie en die vaste eiendom sluit in agt enkel wooneenhede wat gerestoureer en aan enkellopende vroue verhuur kan word. Hierdie projek is in die verlede tot die voordeel van bejaarde vroue gebruik en dit sal moontlik weer deur die NCVV op dieselfde manier aangewend word. Die NCVV beoog ook om dames van ander bevolkingsgroepe te werf vir verblyf in hierdie wooneenhede. Gelde vir restourasie gaan verkry word van fondse wat na die verkoop van die Mother Goose dagversorgingsoord, beskikbaar is.

Die bejaardesorgtaak van die maatskaplike werkers van die NCVV het in die tydperk 1960 tot 1992 toegeneem en verskeie nuwe dienste is geïnisieer. Die maatskaplike werkers koördineer die bejaardesorgdienste en die vrywilligers lewer 'n groot bydrae om hierdie dienste in stand te hou.

(c) Gemeenskapswerk

Volgens Scott (1981:1) moet welsynsorganisasies nie alleen gesien word as dat hulle uitdrukking gee aan piëteit en goeie bedoelings nie, maar ook as instellings wat dit ernstig bedoel met hervormings op die terrein van maatskaplike sorg. Die NCVV voldoen aan hierdie vereiste wat Scott aan welsynsganisasies stel want die organisasie het ten spyte van verandering op maatskaplike en politieke gebied, bly voortbestaan. Die NCVV het weliswaar as 'n liefdadigheidsvereniging ontstaan, maar het mettertyd ontwikkel tot 'n welsynsorganisasie wat kon aanpas by die veranderde behoeftes van die gemeenskap

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat hy bedien. Daarvan getuig die instelling van verskillende gemeenskapswerkprojekte. In 'n inligtingspamflet van die organisasie (1985:2) is die taak van die NCVV op die gebied van gemeenskapswerk, as volg beskryf: "Om gemeenskappe betrokke te maak by die welsyn van die volk; vroue betrokke te maak by die NCVV; gemeenskapsontwikkelingsprogramme te onderneem."

Gemeenskapswerk as 'n metode van maatskaplikewerk, het in die tagtigerjare by die NCVV begin voorrang geniet. Volgens Grobbelaar in die Vrouevolksdiens van Mei 1986 (1986::4) het hierdie wegbeweeg van slegs gevallewerk begin omdat maatskaplikewerk-dienste te veel simptoomgerig in plaas van gemeenskapsgeoriënteerd geraak het. Hierdie tendens het veroorsaak dat staatsuitgawes met betrekking tot gevallewerk bly styg het terwyl die beskikbare fondse daarvoor onvoldoende geraak het. Daar moes dus gekyk word na 'n oplossing vir die situasie en gemeenskapswerk was die antwoord.

Gemeenskapswerk is egter nie sonder meer deur die NCVV-vrywilliger aanvaar nie. Die Hoofbestuursverslag (1987/1988: 12) meld dat die takke op daardie tydstip nie die waarde van gemeenskapswerk besef het nie. In 1992 egter, lewer die vrywilligers van die NCVV 'n belangrike bydrae om, in samewerking met die maatskaplike werkers, die gemeenskapsdienste in stand te hou. Die gemeenskapswerkdienste is in 1992 as volg:

A. Die Oribi-projek is 'n model projek en die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn het in 1991 voorgestel dat die NCVV, wat reeds in Oribi - 'n sub-ekonomiese behuisingskema in Pietermaritzburg - goeie dienste lewer, die hele ontwikkelingsprogram in die gebied moet behartig. Daar is 365 wooneenhede in hierdie behuisingskema met 'n inwonertal van 1 000 (Maatskaplikewerk-verslag 1992:geen). Maatskaplikewerk-dienste wat verleen word, is die volgende:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Materiële hulpverlening (voedsel, water en ligte, huishuur).
- Hantering van gesinskonflik.
- Versorging van die fisiese en psigiese gesondheid van die gemeenskap.
- Die administrasie van pensioene.

Die vrywilligers is baie betrokke by die Oribi-projek. Behalwe die individuele werk, word blanke- en swart vrouegroep ook binne die gemeenskapsprojek hanteer. Aangesien die kliënte in hierdie staatsdorp oor 'n lang tydperk heen aan maatskaplike hulpverlening onderworpe was, het die maatskaplike werkers wat in persoonlike onderhoude betrek is, te kenne gegee dat die kliënte nou maatskaplike hulpverlening van die Staat as hul reg beskou en baie onwillig is om enigsins betrokke te raak by persoonlike probleemoplossings.

B. Volgens die maatskaplikewerk-verslag (1992:geen) word die maatskaplike werker van Noord-Natal se taak in terme van die gemeenskap as volg gesien:

"- Betrokke in die lewering van direkte dienste aan kliënte (individue, gesinne, groepe, lede van gemeenskapsorganisasies)
- Betrokke by die lewering van indirekte dienste (beplanners, administrateurs en beleidvormers)
- Tree as opvoeders en navorsers op."

C. Die maatskaplike werker wat die Suid-Natal maatskaplikewerk-pos beman, kom in die evaluasieverslag vir 1991/1992 oor die werksaamhede van die pos, tot die volgende gevolgtrekking: "Werksaamhede van die gemeenskapswerker is tot 'n groot mate gemik op die instandhouding van takke en projekte van die NCVV wat deur vrywilligers bestuur word. Om effektiewe dienslewering deur die vrywilliger te bevorder is deurlopende insette van kardinale belang. Die welsynsterrein kan nie dienslewering sonder vrywilliger betrokkenheid bekostig nie - vir hierdie rede word die voortsetting van hierdie program as belangrik geag."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Volgens die 1992 verslag behels hierdie pos die volgende werksaamhede:

- Die aanbied van die NCVV Leierskapkursus.
- Skolingsessie, indiensopleiding en groepbespreking.
- Gevallewerk.
- Gemeenskapsontwikkeling van Ladysmith tot Durban.

Alhoewel die grondwet bepaal dat dienslewering aan alle bevolkingsgroepe kan geskied, lewer die NCVV slegs dienste aan blankes. In 'n maatskaplikewerk-diensteprogram (1990:3) word soos volg berig oor die persone aan wie dienste deur die NCVV gelewer word: "Die NCVV beleid is om enige blanke persoon wat homself aanmeld omdat hy 'n maatskaplike probleem het of waar maatskaplike wanfunksionering voorkom, van dienslewering volgens die aard en omvang van die probleem te lewer wat veral gekoppel is aan probleme met betrekking tot kinder-, gesin- en bejaarde en huweliksorg. Daar is dus geen beperking of seleksie van taal-, kerk-, kultuurverband nie. Kliënte waarby misdaad alkoholisme en gestremdheid betrokke is word ingeskakel by gespesialiseerde dienste."

Daar is wel in die verlede besprekings gehou oor die moontlikheid om ander bevolkingsgroepe by die NCVV in te skakel en dienste te lewer. In 1967 rig die FAK 'n skrywe aan die NCVV gerig waarin versoek is dat welsynswerk ook onder nie-blankes gedoen moet word. Die FAK waarsku dat, indien dit nie gebeur nie, die indruk geskep mag word dat Afrikaners nie in goeie menslike verhoudings belangstel nie. Daar is egter nie aan die versoek gehoor gegee nie. Tydens die 1977 streekskonferensie wat op Newcastle plaasgevind het, word die lede aangemoedig om kontak te maak met ander bevolkingsgroepe (Verslag van streekskonferensie 1977:1). Die kongresgangers was egter van mening dat hulp nie aan ander bevolkingsgroepe verleen kan word nie, aangesien die NCVV beswaarlik aan die eise van die Afrikaanse gemeenskap kan voldoen. Ook hierdie poging om

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ander bevolkingsgroepe by die werksaamhede van die NCVV te betrek, was dus onsuksesvol.

Met die afskaffing van apartheid in 1990 en die daarmee gepaardgaande gelykstelling op alle gebiede van alle bevolkingsgroepe, het die welsyndienste 'n nuwe tydperk in Suid-Afrika betree. Agtergeblewe bevolkingsgroepe moet regstellende aksies op maatskaplike gebied ontvang en welsynsorganisasies wat staatsubsidies ontvang en slegs aan blankes hulp bied soos die NCVV, moet na aanleiding van die Staat se finansiële beleid aanpassings maak. Alhoewel die Staat aan welsynsorganisasies subsidies voorsien, is die Staat volgens Ramasar (1987:38) nie primêr verantwoordelik vir welsynsdienste aan sy burgers nie. Ramasar (1987:38) verklaar voorts dat volgens 'n verslag van die Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning in Maart 1985, wentel die verantwoordelikheid van die welsyn van die burgers voortaan af na die familie, die gemeenskap en die private sektor in handel, industrieë, nywerhede en landbou.

Die NCVV het dus 'n groot taak om te verrig op die gebied van maatskaplike werk onder ander bevolkingsgroepe, veral op die gebied van werkverskaffing, opvoeding en behuising. Volgens die Dagbestuursnotule (31 Januarie 1992:9) het die NCVV reeds 'n poging aangewend om met werkverskaffing- en opleidingsprojekte te begin deur goedkeuring van die Sobantu Town Committee te probeer verkry ten einde 'n weefskool van die Stadsraad oor te neem. Ongelukkig het die Stadsraad besluit om met die diens voort te gaan en die NCVV sal dus die weefapparaat wat reeds aangekoop is, vir ander toekomstige gemeenskapswerkprojekte gebruik.

Ten slotte kan ten opsigte van die beskikbaarheid van maatskaplike werkers vir bogenoemde dienste soos gesinsorgwerk, bejaardesorg en gemeenskapswerk vermeld word dat dit in die tydperk na 1980 'n probleem was om genoeg maatskaplike werkers vir die maatskaplike poste te verkry. In die NCVV Jaarverslag (1981/1982:14) word na 'n chroniese tekort aan

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

maatskaplike werkers verwys en dieselfde probleem word ook in die NCVV Jaarverslag (1985/1986:5) vermeld.

Die probleem rondom die gebrek aan maatskaplike werkers in diens van die NCVV, is moontlik opgelos want in 'n 1990 maatskaplikewerk-diensteprogram (1990:4) word geensins na dié probleem verwys nie, slegs na die lae personeel omset van die NCVV wat dui op bevredigende werksomstandighede vir die maatskaplike werkers. Hierdie verslag lui as volg: "Maatskaplike werkers en die administratiewe personeel bly jare in diens as gevolg van die kwaliteit insette wat gemaak word. Daar bestaan lojaliteit, oorgawe en toewyding wat onbekend in ander strukture is. Die hele personeel is in hul vrye tyd beskikbaar as vrywilligers en ondersteun alle projekte en fondsinsamelings wat vrywilligers aanpak. Binne die NCVV is daar baie ruimte vir inisiatief, onderneming, selfstandige aksies en produktiewe besluitneming, taakbevrediging wat kompenseer vir lae salarisse en swakker byvoordele."

Die maatskaplike werkers ontvang genoeg stimulering op die gebied van maatskaplike werk en woon gereeld kursusse by om hulle kennis uit te brei soos vermeld in die maatskaplikewerk-verslag 1986 tot 1988 (1986/1988:4) byvoorbeeld kursusse in:

- die skryf van welsynsprogramme
- die Heimlerskaal
- behoeftebepaling in maatskaplike werk
- bemarking.

Die NCVV beskik dus oor 'n span professionele en toegewyde maatskaplike werkers. In teenstelling met die eerste maatskaplike werkers in die 1940's wat óf per voet óf per fiets maatskaplike werk moes verrig het, het die huidige maatskaplikewerk-korps die gebruik van rekenaars, faksmasjiene en moderne vervoermiddels.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die maatskaplike werkers, sowel as die vrywilligers, moes in die tydperk vanaf 1960 tot 1992, aanpas by die eise wat veranderde maatskaplike behoeftes aan hulle gestel het. In die feesbrosjure van die NCVV - die NCVV 75 - wat die vyf-en-sewentigste bestaansjaar van die NCVV in 1990 herdenk, word die aanpasbaarheid van die NCVV soos dit in sy toekomsvisie verwoord is, weerspieël: "Die toekoms is 'n uitdaging. Die NCVV ken sy taak in 'n veranderde wêreld met veranderende leefwyses en maak homself gereed vir diens aan almal wat dit nodig het. Om toekomsgerig te bly hou die NCVV homself op die hoogte met ontwikkelings, rus homself toe met kennis en maak aanpassings om aan die eise te voldoen - tot nut van land en volk."

7.5 FONDSINSAMELING

'n Welsynsorganisasie is slegs so sterk soos die twee pilare waarop hy staan - die vrywilligers en die organisasie se fondse en ook die NCVV kan nie sonder fondse dienste lewer nie (NCVV Hoofbestuursverslag 1989/1990:1). As gevolg van hierdie belangrike rol wat fondse dus speel vir die lewering van noodsaaklike dienste, word die fondsinsamelingfunksie van die NCVV in die 1988 grondwet as volg beskryf: "4.9 Op 'n regmatige wyse fondse in te samel ter bereiking van die doelstelling en werksaamhede."

In die tydperk voor 1960 was die NCVV deel van die NG Kerk en kon die NCVV finansieel op die steun van die NG Kerk se gemeentelede staatmaak. Na die breuk met die NG kerk het die NCVV finansieel noustrop getrek. 'n Maatskaplikewerk-verslag van 1960 berig dat kliënte wat op daardie tydstip by die NCVV om materiële hulp aansoek gedoen het, weggewys moes word. Die lede van die NCVV en die Hoofbestuur het die insameling van fondse egter so ernstig opgeneem dat mev T Flemming tydens 'n Hoofbestuursvergadering wat op 17 Augustus 1960 gehou is, genoodsaak was om te waarsku teen die oordrywing van fondsinsameling. Sy verklaar dat: "... daar gewaak moet word teen dat die tak net as 'n fondsinsamelingsinstansie beskou word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dit maak beslis 'n tak dood. Praktiese aktuele sake van die dag moet by vergaderings behandel word."

7.5.1 Maniere van fondsinsameling in die tydperk vanaf 1960 tot 1980

Die fondinsamelingsprojekte wat in die tydperk na 1960 aangepak is het verskeie vorms aangeneem. In die Vrou en Moeder (Julie 1961:25) word die volgende maniere van fondsinsameling deur die NCVV vermeld: "Spyseniering by huweliksonthale; rommelverkopings; bediening van verversings by opvoerings; teeskakels bedien beurtelings tee en koek tot styging van fondse. Verversings is verskaf by die Uniefeesvierings. Etes is verskaf by 'n jukskeisaamtrek, en dan is donasies ook ontvang. Die tak Ladysmith hou elke maand 'n "bring en koop"-tafel om die insameling van fondse te styf."

In die 1968 verslag van die Pietermaritz-tak, word berig dat insameling van fondse daardie jaar deur middel van koekverkopings, spyseniering by huweliksonthale, gesinseëlverkope sowel as die insamel en verkoop van tweedehandse klere geskied het. Die 1967/1968 Dundee takverslag maak van dieselfde manier van fondsinsameling as die Pietermaritzburgse-tak melding, maar sluit daarby in die verkoop van verversings by vendusies. Die Newcastle-tak verskaf ook in 1976 verversings by sowel 'n skou as by 'n troue. Die NCVV-takke se betrokkenheid by fonsinsameling word bewys met 'n ongedateerde stuk wat in die Pietermaritzburgse argief gevind is, waarin 'n uiteensetting van ses-en-dertig interessante fondsinsamelingswenke gegee word.

Fondsinsamelingsmetodes wat in die 1975/1976 Hoofbestuurjaarverslag (1975/1976:13) vermeld word, is die verkoop van Gesinseëls; donasies wat gemaak word; straatkollektes, kerskaart verkope; die verkoop van NCVV resepteboeke; spyseniering vir funksies sowel as basaars is gereël.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

7.5.2 Maniere van fondsinsameling in die tydperk vanaf 1980 tot 1992

In die tydperk vanaf 1980 tot 1992, het die NCVV hulle fondsinsamelingsaksies opgeskerp, aangesien die swak ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika met die gepaardgaande probleme van werkloosheid en behoeftigheid daartoe gelei het dat hierdie dienslewering deur die NCVV uitgebrei moes word. Die staat het ook volgens die Hoofbestuursverslag van 1987/1988 (1987/ 1988:17) begin met 'n nuwe subsidie beleid vir welsynorganisasies. Dit kan lei tot verminderde subsidies aangesien nood onder agtergeblewe bevolkingsgroepe meer finansiële bystand van die staat vereis. Die NCVV is dus gedwing om, wat fondsinsamelings betref, innoverend te dink.

Voorbeelde van fondsinsamelingsaksies wat in die tydperk vanaf 1980 tot 1992 geloods is, is die volgende:

- Die verkoop van gesinseëls. Hierdie aksie geniet jaarliks baie aandag. Volgens die Hoofbestuursvergadering wat op 1 November 1990 (1990:12) gehou is, was plakkers en plakkate vir hierdie veldtog beskikbaar. Wedstryde word aan die verkope van seëls gekoppel en kompetisies is tussen streke gereël.
- Stalletjies by die Pietermaritzburgse skou en Kerskaartverkope (Gesinsorgnotule 24 Januarie 1980).
- 'n Oggendtee, 'n wynproe-aand en 'n broodbuffet wat in 1983 deur die Kiepersoltak aangebied is.
- Donateursfooie wat van donateurslede verkry is (NCVV Kongres 1990:6).
- Spyseniering wat by 'n kunsuitstalling gedoen is, 'n modeparade wat aangebied is asook 'n tuinparty wat gehou is waar 'n strykkwartet musiek verskaf het tydens 'n funksie by die administrateurswoning in Pietermaritzburg (Pietermaritzburg-tak Jaarverslag 1986/ 1987:2 & 3). Hierdie tak hou ook op 5 Junie 1986 'n potjiekosjolyt (Pietermaritzburg-tak Jaarverslag 1985/ 1986:3).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- "Brei/Hekel-'n-Blok"-fondsinsamelingsaksie (Hoofbestuursnotule 26 en 27 Maart 1992:3). Hierdie projek het behels dat individue, maar dan veral bejaardes, 'n blok óf brei óf hekel teen R5 per blok - maar 'n borg vir elke blok kry. Hierdie fondse, sowel as die blokke, word aan die Hoofkantoor gestuur. Die Hoofkantoor ver-skaf dit weer aan tehuis en dienssentra wat dit weer uitloot of verkoop vir dié instansies se eie fondsinsamelingsaksies (Hoofbestuursnotule, 24 en 25 Julie 1991:5).

7.5.3 Wedersydse betrokkenheid van die NCVV en die gemeenskap by fondsinsamelingsprojekte

Ook buite instansies is betrokke by die insameling van fondse vir die NCVV. In die Hoofbestuursnotule (24 en 25 Julie 1991: 5) word berig dat die Offisiersdamesklub van Korrektiewe Dienste kompetisiekaartjies verkoop ter stywing van die NCVV se fondse. Die Joolkomitee van die Yskorvakleerlinge te Newcastle het ook 'n insameling ten behoewe van die NCVV gehou (NCVV behoeftes in Noord-Natal 30 Augustus (1977:geen). Erflatings van goedgesinde persone is 'n ander bron van inkomste vir die NCVV (Hoofbestuursnotule 19 Junie 1973:3).

As organisasie het die NCVV weer op sy beurt gereeld fondse vir ander organisasies ingesamel. So het die Greytownse Kinderhuis deur die jare finansiële en materiële steun van die NCVV ontvang (Breytenbach Inligtingstuk:ongedateerd; 1968 Taknotules van Danskraal-, Ladysmith- en Newcastletakke). Gereelde straatkollektes is ook namens die Nasionale Raad vir Blindes gehou (Korrespondensie 22 September 1979). Volgens die Glencoe 1968 takverslag is fondse ook ingesamel ten behoewe van die Skool vir Dowes, die Nasionale Raad vir die versorging van Bejaardes en die Rehabilitasie van Gevangenes. Alhoewel die NCVV dus as welsynsorganisasie genoeg van sy eie projekte gehad het waarvoor fondse benodig is, het hierdie organisasie nietemin hulp verleen aan organisasies in Natal wat nie die nodige infrastruktuur vir fondsinsameling

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gehad het nie. Volgens 'n gesinsorgnotule van 2 Januarie 1980, is daar reeds in 1980 oorweging daaraan geskenk om, as gevolg van 'n tekort aan NCVV vrywilligers, nie meer hierdie fondsinsamelings vir ander instansies te hou nie. Hierdie diens aan ander organisasies het dus grootliks in 1992 verdwyn.

7.5.4 Die bedrae ingesamel deur die NCVV vrywilligers en die besteding van die fondse van die NCVV

Alhoewel die betaalde personeel van die NCVV betrokke is by die beplanning en hantering van die NCVV se fondse, is dit egter die vrywilligers wat die fondse insamel. Alhoewel die lede van die NCVV in die tydperk vanaf 1960 tot 1985 groot bedrae geld vir fondse vir die NCVV as welsynsorganisasie ingesamel het, is die erns van die noodsaaklikheid van suksesvolle fondsinsamelingsprojekte in die tydperk na 1985 verhoog.

In die Hoofbestuursverslag van 1974/1975 (1974/1975:11) word berig dat 486 vrywilligers van die NCVV R95,515-73 ingesamel het. Verdere inligting in verband met die insameling van fondse vir die NCVV deur lede van die NCVV is as volg (Hoofbestuursverslag 1989/1990:3):

Jaar	Fondse	Ledetal
1985	R295 632	296
1986	R394 694	292
1987	R318 084	281
1988	R628 590	251
1989	R637 066	236
1990	R743 466	275

Hierdie inligting toon dat die NCVV lede, ten spyte van 'n daling in getalle in 1990, R447 834 meer as in 1985 ingesamel het.

Die groot bedrae wat deur die NCVV in resente tyd ingesamel word, in vergeleke met die fondsinsamelingsaksies van die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

stigtingsjare van die NCVV, word weerspieël in 'n feesbrosjure van die NCVV wat in 1990 uitgegee is. Volgens dié brosjure, wat met die vyf-en-sewentigste bestaansjaar van die NCVV uitgegee is, is daar tydens die eerste NCVV kongres op 13 April 1916 bekend gemaak dat daar een-honderd-en-sestig pond aan liefdadigheid spandeer is terwyl daar tydens die kongres van 4 September 1990 berig is dat die NCVV in daardie jaar R3 miljoen aan gemeenskapsdienste bestee het. Hierdie bedrag wat in 1990 aan gemeenskapsdienste bestee is, toon die omvang van die dienste wat deur die NCVV gelewer word, asook die omvang van die fondse wat deur die vrywilligers van die NCVV ingesamel word. Die NCVV-vrywilligers het in die boekjaar 1989/1990 R750 000 ingesamel (NCVV 75:geen).

Dit is nie slegs die takke van die NCVV wat fondse ingesamel het nie, maar ook die hoofbestuur het in die verband 'n spesiale poging aangewend. Die fondse wat in die tydperk vanaf 1985 tot 1990 deur die Hoofbestuur (Hoofbestuursverslag 1989/1990:3) ingesamel is, was as volg:

1985 - R51 917
1986 - R85 485
1987 - R87 826
1988 - R110 921
1989 - R145 292
1990 - R150 129

Die hoofbestuur het beplan om vir die jaar 1990, R200 000 in te samel. Die hoofbestuur kon dit egter nie bybring nie en die vernaamste oorsake van hulle onvermoë om hierdie finansiële aanslag te bereik, was volgens die 1989/1990 Hoofbestuursverslag (1989/1990:6) die volgende:

- Die hoofbestuurslede woon nie in een geografiese gebied nie en dit bemoeilik die insameling van fondse.
- Indien hoofbestuurslede by hulle onderskeie gemeenskappe fondse insamel, belemmer en oorvleuel dit met die plaaslike NCVV-takke se fondsinsamelingsprojekte.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Die benutting van takke om namens die NCVV Hoofbestuur fondse in te samel, plaas nog groter druk op die takke.
- Die effek van die steeds knellende droogtes en die swak ekonomiese klimaat het 'n negatiewe uitwerking op donateurslede en borge wat gewoonlik bydraes lewer.

As gevolg van die botsing en oorvleueling van belange betreffende dieselfde finansiële bronne wat deur sowel takke as die Hoofbestuur gebruik word, is die Hoofbestuursfondsinsamelingsprojekte in die tydperk 1991/1992 afgeskaal (S Rootman 24 November 1992).

As voorbeeld van die besteding van die fondse van die NCVV kan die uiteensetting van die inkomste en verdeling van die gesinsorgdienste van die NCVV volgens die 1988/1989 Jaarverslag (1988/1989:11 & 12) voorgehou word. Die inkomste van die NCVV was in die boekjaar 1988/1989 as volg uiteengesit:

- Van die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn word 71,9% van die NCVV se inkomste verkry.
- Die NCVV Hoofbestuur samel 21,2% in.
- Die Gemeenskapskas se bydrae is 3,6%.
- Ander bydraes beloop 1,7%.
- Die Departement Onderwys en Kultuur voorsien 1,6% van die NCVV se inkomste en hierdie fondse word hoofsaaklik vir kulturele en opvoedkundige aksies aangewend.

Die verdeling van die uitgawes was as volg:

- Salarisse en bydraes beloop 70,3%.
- Administrasie maak 25% van die uitgawes uit.
- Spesiale dienste en noodhulp 4,7%.

Volgens die statistiese jaarverslag wat die NCVV in 1992 aan die Federale Vroueraad voorsien het, beloop die subsidie van die Staat aan die NCVV R1 898 688, terwyl die NCVV self die bedrag van R999 877 deur middel van donasies, fondsinsamelings en rente op beleggings bygebring het. Die bedrag vir

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

byvoorbeeld losies en gelde wat deur die begunstigdes wat van die NCVV se dienste gebruik maak, betaal moes word was R1 925 928. Alle ander inkomstes beloop R192 912. Die totale inkomste het R5 017 405 beloop, terwyl die totale uitgawes, tesame met noodleniging, R4 078 007 was. Volgens bogenoemde verslag is die eiendom van die NCVV gewaardeer op R3 736 660.

7.5.5 Faktore wat fondsinsameling bemoeilik en voorstelle vir nuwe fondsinsamelingsprojekte

Alhoewel die NCVV as gevolg van die staat se subsidie beleid meer fondse nodig het (NCVV Hoofbestuursverslag 1987/1988:17) is dit moeilik om fondse te bekom. Faktore wat die insameling van fondse bemoeilik, is die volgende:

- Die knellende droogte en die swak ekonomie in Suid-Afrika het tot gevolg dat die gemeenskap nie die nodige bydraes kan maak nie.
- Die NCVV as welsynsorganisasie is die kleinste van die vier sustersverenigings en Natal is die kleinste van die vier provinsies. Die hulpbronne in Natal is dus min en daar bestaan in elke gemeenskap verskeie organisasies wat fondse insamel.
- Die NCVV samel slegs fondse in Natal in en kan dus nie met organisasies meeding wat landwyd fondse insamel nie.

Oorweging moet aan nuwe metodes van fondsinsameling geskenk word. Moontlikhede wat deur die NCVV volgens die Hoofbestuursnotule van 4 & 5 November 1992 (1992:11 & 12) ondersoek kan word, is as volg:

- Die gesinseëlveldtog kan beter bemark word en 'n rekenaar sal aan die skool wat die meeste seëls verkoop verskaf word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Dienste moet aan ander bevolkingsgroepe gelewer word sodat goedgesindheid meer fondse van die gemeenskap kan verkry.

Die hoofbestuursnotule van 1 November 1990 (1990:3) versoek dat 'n fondswerwer aangestel behoort te word. Nog 'n voorstel is dat lede aangemoedig moet word om die Federale Vroueraad se projek 2000 te ondersteun (Hoofbestuursnotule 31 Oktober 1991 en 1 November 1991:15).

Die NCVV se betrokkenheid by die finansiële probleme van die gemeenskap word in die 1990 NCVV kongresnotule (1990:2) weerspieël. Hierin is 'n beskrywingspunt genotuleer waarin die Departement van Finansies versoek word om eerstens onmiddellik en indringend ondersoek in te stel na die drastiese styging in voedselpryse en om tweedens beheermaatreëls in te stel om sodanige styging aan bande te lê. As motivering vir hierdie versoek is gemeld dat voedseluitgawes gemiddeld met 30% per jaar gestyg het en dat dit veroorsaak dat persone óf verhonger, óf ongebalanseerd eet en daarom vatbaar is vir siektetoestande. Volgens hierdie verslag veroorsaak die drastiese styging in voedselpryse ook finansiële probleme by ouetehuise en dagversorgingsoorde.

Alhoewel die insameling van fondse 'n prioriteit binne die werksaamhede van die NCVV is, sal dit in die toekoms nog groter aandag moet geniet. Cole (1975:428) verklaar dat welsynorganisasies meer besigheidsgeoriënteerd moet word en dat dit nadelig vir die organisasies is om te afhanklik van die staat te wees - dit veroorsaak dat dienste slegs in stand gehou word en dat daar nie beplan word om fondse vir die werklike behoeftes van die gemeenskap te verkry nie. Die NCVV begin reeds as gevolg van die Staat se beleid van subsidiëring volgens welsynsprogramme, minder afhanklik van staatshulp word. Dit is 'n prestasie dat so 'n klein getal NCVV vrywilligers, so effektief fondse kan insamel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die insameling van fondse en die werwing van vrywilligers, die twee deurslaggewende faktore in die voortbestaan van die NCVV, kan deur doeltreffende bemarking aangehelp word.

7.6 BEMARKING VAN DIE NCVV

Die bemarkingstaak van die NCVV word nie as 'n doelstelling in die grondwet van die NCVV vermeld nie. Nietemin hang hierdie taak ten nouste saam met ledewerwing en fondsinsameling. Sonder bemarking kan daar geen groei van ledetal of opbou van fondse plaasvind nie.

Voorbeelde van bemarkingsaksies wat deur die NCVV in die tydperk vanaf 1960 tot 1992 verrig is, is die volgende:

- Die NCVV skakel met ander organisasies in die gemeenskap en verleen samewerking aan daardie organisasies. Volgens die 1966/1967 Hoofbestuursverslag (1966/1967:1) het die NCVV in die tydperk 1966 tot 1967 met die volgende organisasies geskakel, naamlik die "Nasionale Raad vir Dowes, Kreupelsorg, Huweliksvoorligting, Kersseëls, welsyn van Bejaardes, Federale Vroueraad, Blindes, Nasionale Welsynsraad, Departement van Arbeid en die Adviserende Verbruikerskomitee." Die skakeling met ander organisasies is kenmerkend van die NCVV se werksaamhede en dit is 'n aksie wat die NCVV bemark en lei tot goeie verhoudinge tussen die organisasies.
- Die NCVV se verhouding met die NG Kerk is ook goed. Die NCVV skenk in 1973, R500 aan die Christelike Maatskaplike Raad van Ladysmith (ongedateerde koerantberig - berig langsaan is getiteld "Kersseëlfonds 1973"). Tydens die 1973 streekskonferensie van die NCVV, word dank teenoor die NG Kerk predikantsvroue uitgespreek vir hulle goeie samewerking met die NCVV. 'n Goeie verhouding tussen die NCVV en die NG Kerk bou aan die beeld van die NCVV, veral in die Afrikaanse gemeenskappe in Natal.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Die NCVV woon ook ander organisasies se kongresse by. So is die FAK- en Kreupelsorgkongresse in 1970 bygewoon (Hoofbestuursnotule 26 Mei 1970:4).
- Die NCVV het, in medewerking met CMR, Kindersorg en die Departement van Volkswelsyn in 1974, 'n pleegsorgsimposium gereël, (Hoofbestuursnotule 17 September 1974:5) wat daarop dui dat daar goeie verhoudinge tussen die NCVV en ander welsynsinstellinge bestaan.
- Tydens 'n NCVV Streekskonferensie op 15 September 1977 te Pietermaritzburg, is die behoefte aan meer publisiteit vir die NCVV bespreek en beplan (Streekskonferensie-verslag 1977:5).
- Die NCVV-tak van Pietermaritzburg het volgens die 1978/1979 jaarverslag (1978/1979) 'n uitstalling in die Pietermaritzburgse biblioteek gehou waarin die werksaamhede van die NCVV bekend gestel is.
- Standerd agt dogters by die Gert Maritz Hoërskool, Pietermaritzburg is volgens bogenoemde jaarverslag oor die werksaamhede van die NCVV ingelig en hierdie voorligting lei daartoe dat die skool verskeie kere die Gesinseëlbeker gewen het.
- 'n Artikel oor die NCVV is aan mev Alba Bouwer, 'n Afrikaanse skrywer, gestuur om oor die radio voor te lees.
- Gereelde berigte verskyn in die Tempo, 'n Afrikaanse weeklikse koerant in Natal (1981/1982 Jaarverslag:11)
- 'n "Ek word vrou"-oggend is vir die standerd nege en matriekleerlinge in Pietermaritzburg gereël ten einde leerling bewus te maak van die NCVV (Vrouevolksdiens April 1985:5).
- In die 1981/1982 Jaarverslag van die NCVV (1981/1982: 11) word berig dat die NCVV dokumente vir veilige bewaring na die Pietermaritzburgse argief geneem is. Dit plaas die NCVV in sodanige gunstige omstandighede dat navorsing aangaande hierdie organisasie gedoen kan word. Publisiteit is ook aan hierdie aangeleentheid verleen.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- In 1983 is 'n publisiteitskomitee in die lewe geroep. Hierdie komitee bestaan egter nie meer nie.
- Artikels verskyn gereeld in die Vrouevolksdiens, die amptelike blad van die vier vroueverenigings.
- Toesprake deur die NCVV Direkteur, personeel en vrywilligers word by verskillende instansies gehou.
- Die betrokkenheid van die NCVV-vrywilligers by spysenier ing en straatkollektes stel die NCVV aan die gemeenskap bekend.
- Die aanbied van opvoedkundige geleenthede, byvoorbeeld kunswedstryde, dra 'n positiewe beeld van die NCVV uit.
- 'n Bemarkingspamflet, met die oog op ledewerwing is in 1985 onder die verskillende takke versprei en behandel. Taklede is ook, volgens die 1989 NCVV Jaarverslag (1989: 15) geskool om die NCVV te bemark.
- Die NCVV is tans besig om 'n video saam te stel wat vir bemarkingsdoeleindes versprei gaan word (Hoofbestuursnotule, 26 en 27 Maart 1992:10).
- Die jaarlikse gesinseëlveldtogte bied groot bemarkingsmoontlikhede aan die NCVV. In 1985 het mev Elize Botha (eggenote van 'n voormalige Staatspresident) die Gesinseëlveldtog in Natal geloods. Televisiedekking het publisiteit aan die NCVV verleen. Die gesinseëls is goed ontwerp en kon met trots aan die gemeenskap verkoop word. Op 29 April 1991 was dit weer eens die NCVV se beurt om in Natal die landswye loodsing van die Gesin-seëlveldtog te hanteer en die funksie het by die admimistrateurswoning te Parkside in Pietermaritzburg plaasgevind (Hoofbestuursnotule 1 November 1991:10). Ook hierdie gebeurtenis het televisiedekking geniet.

Die gesinseëlveldtog onder leerlinge verdien spesiale vermelding. Die gesinseëlveldtog is deur die NCVV geïnisieer en word sedert 1962 jaarliks landswyd deur die vier vroueorganisasies geloods. Die betrokkenheid van die skole by die gesinseëlveldtog veroorsaak dat leerlinge van die NCVV as welsynsorganisasie bewus gemaak word. Tydens die 1971 gesin-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

seëlveldtog (Gesinseëlverslag 1971:1) is berig dat omsendbriewe na 255 skole in Natal gestuur is, maar dat die NCVV teleurgesteld was in die terugvoering naamlik dat slegs 62 skole seëls verkoop het.

Sedert 1971 is die reëlings vir die verkope van seëls beter deur die NCVV gekoördineer en pryse word uitgeloof vir die skool wat die meeste gesinseëls verkoop. Die Hoërskool Gert Maritz in Pietermaritzburg verdien in die verband, spesiale vermelding. Reeds in die 1981/1982 NCVV Jaarverslag (1981/1982:7) is berig dat die Hoërskool Gert Maritz vir die derde agtereenvolgende jaar die wenner was van die trofee vir die skool wat die meeste gesinseëls verkoop het. Dié skool het ook in 1984 die beker gewen (NCVV Kongresnotule 1984:4). In 1992 het die Hoërskole Gert Maritz en Voortrekker in Pietermaritzburg saamgesmelt onder 'n nuwe naam, Voortrekker Hoërskool. Hierdie skool het volgens die NCVV Kongresnotule van 1992 die beker vir die meeste seëlverkope in Natal ontvang.

Die NCVV is ernstig in sy pogings om die NCVV te bemark (Jaarverslag 1989:15). Voorbeelde van die bemarking van die NCVV, is die inligtingstukke Die NCVV 75 jaar en Ons Weet, Weet U? In hierdie stukke is die bestaande dienste wat die NCVV aan blanke Suid-Afrikaners lewer, feitlik weergegee. Alhoewel Kotze (1975:19) verklaar dat sensasionele, persoonlike persberigte ten alle koste vermy moet word ter wille van respek vir persoonlike sake en die privaatheid van die individu, moet daar nietemin gelet word op die standpunt wat tydens 'n Hoofbestuursvergadering (1 November 1990:11) deur du Randt ingeneem is, naamlik dat "... die mens terug (gebring moet word) in fondsinsameling". Daar moet volgens hierdie standpunt, gespesifiseer word dat "fondse benodig (word) vir die seksueel gemolesteerde kind (of) Tant Sannie in die tehuis (en) nie vir die versorgingsoord (of) ouetehuis nie." Hierdie benadering van persoonlike bemarking, sonder om die privaatheid van die individu te benadeel, het beslis meriete en is 'n gedagte waaraan die NCVV verdere aandag kan gee. 'n Bemarkingsaksie is slegs doeltreffend indien die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gemeenskap se harte geraak en hulle gewete aangespreek word. Daar word soveel aansprake op die gemeenskap vir fondse en vrywillige werk gemaak, dat vae en ongespesifiseerde behoeftes nie meer 'n impak maak nie.

7.7 SAMEVATTING

Die uitvoering van die doelstellings van die NCVV op sedelike, kulturele en maatskaplike gebied, soos deur die grondwet bepaal, vereis 'n vennootskap tussen die vrywilligers en die maatskaplike werkers. Hierdie dienste kan alleen moontlik gemaak word deur die goeie bemarking van die saak en die insameling van noodsaaklike fondse.

In die tydperk na die skeuring met die NG Kerk na 1960, moes die NCVV aanpassings maak ten einde selfstandig te kan voortbestaan. Dié organisasie het vanaf 1963 tot 1973, 'n bloeitydperk beleef maar die ledetal het geleidelik verminder totdat die getal in 1992 gehalveer is. Ten spyte van 'n verminderde ledetal styg die fondse van die NCVV. Hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan die bekwame bestuur deur die betaalde personeel van die NCVV en die kwaliteitsbydrae van die toegewyde vrywilligers.

Die bydrae van die NCVV op sedelike gebied het gekrimp tot slegs enkele aanmerkings wat tydens NCVV kongresse in dié verband gemaak is. Die kulturele taak van die NCVV is as gevolg van politieke en staatkundige omstandighede wat op 'n toekomstige Suid-Afrika wag in die spervuur. Die NCVV staan bekend as 'n Afrikaner-kultuurorganisasie, maar wil ook vanweë die maatskaplike en opvoedkundige nood onder hierdie groepe, uitreik na agtergeblewe bevolkingsgroepe. So 'n uitreiking mag dalk nie vir hierdie groepe aanvaarbaar wees nie as gevolg van die konnotasie van die Afrikaners met die apartheidsbeleid.

Die werksaamhede van die NCVV op die gebied van maatskaplike sorg, word binne takverband deur die vrywilliger verrig. Dit

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geld veral op die gebied van inrigtingsorg, dienssentra en materiële ondersteuning. Die maatskaplike werkers verrig maatskaplike werk en het 'n veeleisende taak, as gevolg van die regering se nuwe beleid vir subsidiëring van welsynsorganisasies, wat welsynsorganisasies nou verplig om welsynsprogramme vir dienste te skryf. Die nuwe subsidiëringsbeleid van die regering veroorsaak ook dat die NCVV nog meer onafhanklik sal moet funksioneer en nog meer fondse sal moet insamel. Gevolglik sal die organisasie homself en sy behoeftes beter moet bemark. Die groot uitdaging vir die NCVV lê op die terrein van maatskaplike en opvoedkundige dienste, veral om aan agtergeblewe bevolkingsgroepe leiding en dienste te voorsien.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 8

SLOTBESKOUING

In die voorafgaande sewe hoofstukke is die geskiedenis van die NCVV oor 'n periode van tagtig jaar beskryf - vanaf die stigting van sy voorlopervereniging die Zusterswerkgeselschap in 1912, tot en met 1992, 'n jaar waarin die NCVV as volwaardige welsynsorganisasie bestaan. Die geskiedenis van die NCVV, 'n organisasie wat deur vrywilligers tot stand gebring is en tot 'n professionele welsynsorganisasie ontwikkel het, wat tans deur maatskaplike werkers én vrywilligers bedryf word, strek oor 'n periode van sewe-en-sewentig van dié tagtig jaar.

In hierdie periode van sewe-en-sewentig jaar het die NCVV verskeie veranderinge op politieke, maatskaplike en kulturele gebied beleef. Onder hierdie verandering was daar onder meer die rebellie in 1914, die verkryging van Afrikaans as amptelike landstaal in 1925, die bewindoorname van die Nasionale Party in 1948, Republiekwording in 1961, die instelling van die Drie-kamer Parlement in 1983 en die afskaffing van die beleid van apartheid in 1990. Op die welsynsterrein moes die NCVV aanpas by 'n totaal nuwe formule van subsidiëring in welsynsorganisasies wat ooreenstem met die subsidiëring van welsynsdienste in ander wêrelddele. Die NCVV het dit reg gekry om by al hierdie veranderinge aan te pas en te bly voortbestaan.

Die NCVV het ontwikkel uit 'n klein groepie begeesterde, gelowige Afrikaner vroue, wat deel van die Nederduits Gereformeerde (NG) Kerk was en die welsynsnood onder die Afrikaanse gemeenskappe in Natal raakgesien, en hulp verleen het. Die liefdadigheidsvereniging in Natal het begin met die stigting van die Zusterswerkgeselschap in Pietermaritzburg op 1 Maart 1912 en sou uitbrei na Noord-Natal waar die Natal Vrouwe Vereniging op 4 September 1915 tot stand gekom het. Die begeesterde vroue van die NVV het voortgegaan om hul vereniging deur die stigting van nuwe takke uit te bou.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die taak van die NCVV in die tydperk vanaf 1920 tot 1940, voor die indiensneming van die eerste maatskaplike werker in 1940, was nog steeds eerstens liefdadigheidsgerig. Hierdie liefdadigheidsdienste het in samewerking met die NG Kerk geskied en die NCVV het as die vroue-aksie van die NG Kerk opgetree. Hulp is aan behoeftige persone op materiële en finansiële gebied verleen. Die NCVV was egter ook as gevolg van sy ontstaan uit 'n Afrikanervroue-aksie, kultuurgebonde en het dus die Afrikaanse Taal en Kultuur bevorder sowel as na die opvoeding van die Afrikanergemeenskappe omgesien.

Die armblankevraagstuk, wat veral onder die Afrikaners in Suid-Afrika sy hoogtepunt in die dertiger jare bereik het, het verdere stukrag aan die voortbestaan van die NCVV verleen. Hulp is op 'n georganiseerde wyse aan dié mense in die Afrikaanse gemeenskappe in Natal verleen. As gevolg van hierdie armblankevraagstuk, en die gepaardgaande proses van verstedeliking in Suid-Afrika, het maatskaplike probleme landwyd ernstig toegeneem. Professionele maatskaplike sorg was nodig om hierdie probleme die hoof te kan bied. Die materiële hulp wat deur vrywilligers verleen is, was op sigself nie meer voldoende nie en gegee die ontwikkeling wat op die gebied van die sielkunde en sosiologie plaasgevind het, het hierdie omstandighede veroorsaak dat daar in 1929 met die opleiding van maatskaplike werkers in Suid-Afrika begin is.

In 1940 neem die NCVV die eerste maatskaplike werker in diens en betree daarmee 'n nuwe tydvak wat professionele dienslewering betref. Die aanvanklike aanpassingsprobleme tussen die meer ervare vrywilligers en die minder ervare maatskaplike werkers binne die NCVV as welsynsorganisasie, het spoedig verdwyn. Daar het 'n suksesvolle vennootskap tussen die vrywilligers en maatskaplike werker ontstaan. Die vrywilligers het besef dat hulle die professionele hulp van die maatskaplike werkers nodig het. Die maatskaplike werkers het op hulle beurt weer die ondersteuningsrol van die vrywilligers na die regte waarde geag.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Alhoewel die NCVV en die NG Kerk, sedert die ontstaan van die Zusterswerkgeselschap in 1912, ten nouste saamgewerk het, het die onenigheid tussen hierdie twee instellings veral in die tydperk ná 1940 toegeneem. Die NG Kerk wou 'n eie vroueaksie daar stel wat slegs diens aan lidmate van die NG Kerk sou lewer. Die NCVV daarenteen, het hulp gelewer aan persone, ongeag hul taal, kultuur of geloof, en wou dié omvattende diens nie beëindig nie. Die NCVV was ook nie bereid om sy onafhanklikheid as welsynsorganisasie te verloor en ondergeskik aan die NG Kerk te word nie. Hierdie omstandighede het veroorsaak dat die NCVV in 1959 finaal met die NG Kerk sou breek.

Die breuk met die NG Kerk was vir die NCVV aanvanklik 'n terugslag, maar 'n bloeitydperk begin vir dié welsynsorganisasie in 1963. Die ledetal van die NCVV het in 1963 die hoogte in geskiet tot 'n rekordgetal van 599 lede. Hierdie bloeitydperk van die NCVV het oor 'n periode van tien jaar, vanaf 1963 tot 1973, gestrek. In 1973 word berig dat die aantal takke van die NCVV op twee-en-twintig staan - die grootste getal takke in die geskiedenis van die NCVV. Die vrywilligers van die NCVV was gemotiveerd om hierdie organisasie suksesvol en onafhanklik van die NG Kerk te laat voortbestaan en het in hierdie onderneming geslaag.

Die NCVV staan bekend as 'n gesinsorganisasie en verrig 'n groot taak op die gebied van bejaardesorg. Die bejaardesorgdiens wat die NCVV aan die gemeenskappe in Natal lewer, is uitstekend. In 1992 bestaan daar drie tehuise en 4 behuisingskemas vir bejaardes wat deur takke van die NCVV opgerig is. Die agt gemeenskapsentrums vir bejaardes is 'n nuwe geslaagde diens wat deur die NCVV lede aangebied word. Hierdie diens veroorsaak dat bejaardes langer binne die gemeenskap versorg kan word en verminder die druk op ouetehuise om bejaardes op te neem. Die versorging van die bejaardes binne gemeenskapsverband verminder ook die behoefte aan meer inrigtings vir bejaardes. Sodoende word die finansiële las van sowel die Staat, wat die subsidies voorsien, as die finansiële

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

las van die NCVV ten opsigte van uitgawes gepaardgaande met die oprigting en instandhouding van ouetehuise verlaag.

Die gesinsorgdiens wat deur die NCVV gelewer word, word sowel deur die maatskaplike werkers op individuele sowel as binne groepsverband aangebied. In die tydperk ná 1960 het die maatskaplike werkers op die gebied van maatskaplike sorg grotendeels die taak van die vrywilliger oorgeneem. Dit het veroorsaak dat die taak van die vrywilliger binne die NCVV geleidelik oorgeskakel het na dié van slegs die insameling van fondse en die bywoning van vergaderings.

Hierdie onbetrokkenheid van die vrywilligers by direkte dienslewering het 'n negatiewe uitwerking gehad op die getal vrywilligers wat by die NCVV ingeskakel het. Die ledetal van die NCVV het vanaf 1963 tot 1992 gehalveer. Ander faktore wat ook tot die krimpende vrywilligerkorps van die NCVV bygedra het is enersyds die swak ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika wat vroue forseer om buitenshuise arbeid te verrig en andersyds die beroepsgerigtheid van die hedendaagse Suid-Afrikaanse vrou wat veroorsaak dat sy buitenshuis wíl werk. Hierdie tendens van vroue wat buitenshuis werk, laat weinig tyd vir die vroue van Natal om liefdadigheidswerk te verrig en veroorsaak dus 'n vermindering in die getal vrywilligers.

As gevolg van die Regering se nuwe beleid van subsidiëring, het die klem van die maatskaplike werkers en die vrywilligers se dienslewering verskuif van die individu na die gemeenskap. Hierdie beleid veroorsaak dat, in plaas daarvan dat maatskaplikewerk-poste gesubsidieer word soos die gebruik was, programme nou vir welsynsdienste in die gemeenskap geskryf moet word en dat sodanige programme deur die Regering gesubsidieer word. Vrywilligers se ondersteunende hulp is ook nodig om hierdie programme in die gemeenskap uit te voer. Soos in die verlede, voor die koms van maatskaplike werkers, sal die vrywilligers dus weer direk by die proses van maatskaplike sorg betrokke gemaak moet word. Hierdie betrokkenheid van die vrywilligers by direkte maatskaplike sorg, kan 'n positiewe

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

invloed tot gevolg hê op die groei van die NCVV ledetal, die fondsinsamelingsaksies en die werksaamhede van die NCVV.

Die grondwet van die NCVV bepaal dat die doelstellings van die organisasie nie alleen welsynsgerig is nie, maar ook 'n sedelike en 'n kulturele inslag het. Na die sedelike taak van die NCVV word slegs tydens die NCVV kongresse in die vorm van kongresbeskrywingspunte en in die bespreking daarvan, verwys. Die sedelike taak van die NCVV behoort dus nie op gelyke vlak met hulle maatskaplike en kulturele taak in die grondwet van die NCVV geplaas te word nie. Die beskerming van die sedelike lewe van die gemeenskap kan moontlik in die uitvoering van die doelstellings van die NCVV vermeld word. Die kulturele taak van die NCVV het ook as gevolg van die gevestigheid van die Afrikaanse taal en kultuur in Natal in belangrikheid afgeneem. In hulle doelstelling om die Afrikaanse taal en kultuur van waarde te wees, kan die NCVV in konflik kom met hulle doelstelling wat bepaal dat daar ook aan ander bevolkingsgroepe diens gelewer moet word. Daar is 'n behoefte aan 'n duideliker omskrywing van die doelstellings betreffende hierdie aspek soos vervat in die grondwet van die NCVV. Die kultuurtaak van die NCVV in Natal mag dalk weer, met 'n nuwe toekomstige politieke bedeling in Suid-Afrika, vergroot indien die Afrikaanse taal en kultuur in hierdie nuwe bedeling bedreig gaan word.

Die opvoedkundige taak van die NCVV word nie in die grondwet vermeld nie, maar is van groot belang veral op die gebied van sowel die dagversorging van kinders as ouerleidingsaksies. Groepsorg met jeugdiges, swart vrouens en bejaardes, is grotendeels opvoedkundig van aard maar kan ook maatskaplike probleme verhoed.

Alle dienste wat deur die NCVV gelewer word, benodig die beskikbaarheid van fondse. Die belangrikheid van fondsinsameling het oor die jare toegeneem en word tans omskryf as een van die doelstellings van die NCVV. Alhoewel die getalle van die vrywilligers vanaf 1963 tot 1992 skerp gedaal het, het

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die fondse van die NCVV nietemin gestyg. Dit dui daarop dat, ten spyte van 'n daling in die aantal vrywilligers, die NCVV steeds doeltreffend deur die direkteur en hoofbestuur bestuur word.

As die afgelope tagtig jaar se geskiedenis van die Zusters-werkgeselschap as voorlopervereniging en die NCVV as welsyns-organisasie in oënskou geneem word, kan die vraag tereg gevra word of Natal werklik beter daaraan af is met die NCVV as sonder die NCVV, en of die NCVV 'n verskil gemaak het aan die lewe van dié persone tot wie se voordeel die NCVV aanvanklik as organisasie in die lewe geroep is. Na hierdie histories-evaluatiewe studie kan daar egter met oortuiging verklaar word dat die NCVV geslaag het as welsynsorganisasie, met ook kulturele en opvoedkundige oogmerke.

Die provinsie Natal het groot baat gevind by die werksaamhede van die NCVV. Deur die meewerking van hierdie organisasie is heelparty belangrike take deurgevoer. Op die opvoedkundige terrein is Afrikaans as onderwysmedium erken, is Afrikaanse skole en dagversorgingsoorde gestig, ouerleidingsgroepe daar-gestel en klubs vir blanke sowel as swart vroue in die lewe geroep. Op kulturele gebied is die Afrikaanse taal en kultuur deur verskeie projekte uitgebou. Verder het die NCVV 'n monumentale bydrae gelewer op die maatskaplike terrein deur onder meer die oprigting van ouetehuise, die daarstel van behuisingskemas vir bejaardes asook die Damestehuis, die daarstelling van gemeenskapsentrums en die doeltreffende maatskaplikewerk-dienste wat hulle gelewer het en nog steeds lewer.

Maatskaplike dienslewering is in 1992 nog steeds die hoof taak van die NCVV. Geen ander organisasie in Natal kon sedert 1912 die werksaamhede verrig het wat deur die Zusterswerkge-selschap en die NCVV verrig is nie. Die Christelike Maatskap-like Raad het immers eers in die vyftigerjare ontstaan. Ver-der lewer die Staat nie dieselfde dienste as wat die NCVV lewer nie, terwyl die Organisasie vir Bejaardes slegs dienste

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aan bejaardes lewer en nie, soos die NCVV, ook gesinsorgwerk doen nie. Die Kindersorgvereniging in Natal is weer oorwegend Engels georiënteerd en lewer dienste hoofsaaklik aan kinders en hulle gesinne. Die NCVV is as organisasie uniek en kon sedert sy ontstaan in 1915 tot 1992, oor 'n tydperk van sewe-en-sewentig jaar by veranderde omstandighede en behoeftes aanpas en na gelang van veranderde omstandighede steeds die nodige dienste lewer.

Wat die toekoms betref lê die staat se prioriteite op welsynsgebied in Suid-Afrika eerstens by die agtergeblewe bevolkingsgroepe wat maatskaplike hulpverlening dringend nodig het. Die NCVV se ondervinding op die gebied van maatskaplike sorg strek oor 'n tydperk van sewe-en-sewentig jaar en plaas 'n verpligting op hierdie organisasie om sy kennis en ervaring te deel met die agtergeblewe bevolkingsgroepe. Die NCVV kan 'n groot bydrae lewer ten einde aan die agtergeblewe bevolkingsgroepe ondersteuning te bied in die proses van selfopheffing. Die NCVV het immers as organisasie ondervinding in die opheffing van die Afrikaanse gemeenskappe in Natal.

Die NCVV het reeds begin om deur middel van groepwerk, wat met swart vroue in Natal gedoen word, 'n hand uit te reik na ander bevolkingsgroepe. Die dienste wat tans deur die NCVV aan blankes gelewer word op maatskaplike, kulturele en opvoedkundige gebied, verg slegs instandhouding aangesien die behoeftes van die blankes in Suid-Afrika tot 'n groot mate bevredig is. In 'n toekomstige politieke bedeling kan die staat se bydrae op die gebied van die welsyn aan blankes egter nog verder verminder en mag dit weer nodig word dat die NCVV nuwe dienste aan die blanke bevolkingsgroep sal moet inisieer. Die NCVV se aanpasbaarheid by die omstandighede oor die verloop van sewe-en-sewentig jaar, het egter bewys dat dié organisasie daartoe in staat is. Die voortbestaan van die NCVV is dus verseker deur sy vermoë om bestaande dienste voortdurend te evalueer, probleemareas en nuwe behoeftes te identifiseer en nuwe dienste tot stand te bring.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die nuwe eise wat nou aan die NCVV gestel word, is hoofsaaklik opvoedkundig en maatskaplik van aard en behoort na die agtergeblewe bevolkingsgroepe uitgebrei te word.

Vir die toekoms word aanbeveel dat die NCVV op die terrein van dagversorging - weens dié organisasie se ondervinding op die gebied, aandag skenk aan die behoeftes van milieugestremde bevolkingsgroepe. Onderrig aan volwassenes van laasgenoemde groepe kan ook deur die NCVV aangebied word. Verdere uitbreidings kan geskied met betrekking tot die swart vrouegroepe en ouerleidingsgroepe kan moontlik 'n uitvloeisel van hierdie groepe wees. Vir opvoedkundige doeleindes sowel as om die Afrikaanse taal en kultuur te bevorder kan boekpryse en beurse aan anderstalige leerlinge en studente geskenk word om die Afrikaanse taal en kultuur op skole, kolleges en universiteite te bevorder.

Werkverskaffingsprojekte, wat deur die NCVV in werking gestel kan word, is 'n verdere moontlike manier om hulp aan agtergeblewe groepe te bied. Werkloosheid is die grootste enkele maatskaplike vraagstuk in Suid-Afrika en buitelandse- en staatshulp kan vir sodanige werkverskaffingsprojekte verkry word.

Die uitdaging vir die NCVV lê dus daarin om die bestaande dienste aan die blankes in stand te hou en moontlik te verbeter, maar veral om hierdie organisasie se werksaamhede na ander bevolkingsgroepe uit te brei. Die NCVV se aanpassingsvermoë om oor 'n tydperk van sewe-en-sewentig jaar in veranderende omstandighede te oorleef, was fenomenaal en die personeel van die NCVV sowel as die vrywilligers is in staat om die taak vir die toekoms met waagmoed en durf aan te pak. Ervaring van sewe-en-sewentig jaar op welsyns- en opvoedkundige terrein, kan met groot vrug vir die toekoms aangewend word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

LITERATUURLYS

ARGIVALE BRONNE - NCVV

A HOOFKANTOOR

Volume nr Notules	Beskrywing	Tydperk
1-6	Hoofbestuur	1936-1974
7	Dagbestuur	1950 Mar - 1959 Nov
8-12	Kongres	1937 Mar - 1960 Mei
13-18	Algemene Vergaderings	1924 Apr - 1969 Feb
19	Vergadering	1963 Okt - 1969 Nov
20	Kantoorkomitee	1963 Jan - 1969 Apr
21	Armsorgkommissie	1954 Mei - 1958 Mar
22-29	Dagboeke	1946 Jul - 1961 Mei
30-36	Kasboeke	1915-1977
37-39	Grootboeke	1944-1957
40	Grootboek (Uitgifte)	1962-1964
41	Grootboek (Klubs)	1956-1961
42	Joernaal	1943-1947
43-45	Vervoerboeke	1954-1961
46	Presensielys	
47	Posboek	1962
48	Gesinsorg: Kleinkas	1959-1960
49	Tweedehandse Klere	1957-1962
50-53	Vrou en Moeder	Sept 1943
	Vrou en Moeder	Maart 1944
	Vrou en Moeder	Julie 1961
	Vrou en Moeder	Okt 1961
	Vrou en Moeder	Okt 1962
	Vrou en Moeder	Des 1962
	Vrou en Moeder	Okt 1963
	Vrouevolksdiens	Tweede kwartaal 1965

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

	Nataller, Die	14 Aug 1959
	Natal Witness, The	14 Julie 1979

NCVV - KORRESPONDENSIE

1	Eerste Stelsel: Korrespondensielêers	1946-1949
1-3	Tweede Stelsel:	1948-1958
1-5	Derde Stelsel:	1947-1958
1-59	Vierde Stelsel:	1948-1980
-	Allerlei ongesorteerde stukke i.v.m. streeks-konferensies, kongres jaarverslae, amptelike publikasies, foto's, eie publikasies, resepteboek	

B **TAKKE**

(a) Cato Ridge

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1	Korrespondensie	1966-1972

(b) Danskraal, Ladysmith

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1	Notule	1963 Aug - 1980 Mar
	Brieweboeke	1954 Mar - 1973 Des
2	Kasboeke	1954 Apr - 1980 Feb
3-5	Diverse	
	Inwydingsbrosjure, orrel	1956

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(c) Dannhauser

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1	Brieweboeke	1947 Apr - 1959 Okt
	Algemene Korrespondensie	1946-1955
2	Algemene Korrespondensie	1957-1072
3		1954-1973
4	Omsendbriewe	1956-1967
5	Jaarverslae, Klub vir Bejaardes, Jaarprogram, Resepte.	

(d) Durban

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1	Notule: Bestuur	1963 Okt - 1969 Sept
	: Alg Vergadering	1940 Jun - 1952 Nov
2	: Alg Vergadering	1963 Nov - 1971 Nov
	: In As Much - tehuis Sunwich Port	1960 Aug - 1963 Sept
3-4	Korrespondensie	1946 Sept - 1967 Jun
5	Kasboeke	1965-1976
	Kasboek (Werkklub)	1962-1971
	Kasboek (Gesinsorg)	1954-1960
6	Kasboek (Sentrale Studiekomitee)	1964-1965
7	Finansiële Stukke	
	Dagboek	1955
	Diverse	

(e) Estcourt

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1	Korrespondensie	1958
	Posboek	

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(f) **Hlobane**

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1	Notule	1976 Feb - 1977 Okt
	: Bestuur	1976 Mar - 1977 Okt
	Presensielys	1976 Feb - 1977 Okt
	Brieweboek	1976 Jun - 1977 Des
	Kasboek	1976 Mar - 1977 Des
	Inbetalingstrokies	1976 Mei - 1977 Des
	Kwitansieboeke	1976 Mar - 1977 Nov
	Diverse finansiële stukke	

(g) **Houmoed**

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1	Notule	1951 Okt - 1953 Mar
	: Klubkomitee	1950 Mar - 1953 Sept
	Kasboek	1947 Jun - 1953 Mei
	Rekeningboek	

(h) **Newcastle**

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1	Notule	1922 Apr - 1964 Jun
2	Notule	1976 Mar - 1980 Feb
	Korrespondensie	1939-1949
3-7	Korrespondensie	1945-1969
	Brieweboek	1963 Mar - 1968 Des
8-12	Finansiële Stukke	1921-1969
13-15	Pamflette	

DEPT. MAATSKAPLIKE WERK
UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(i) Noord Zululand (Mkuze)

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1	Notule	1966 Aug - 1977 Jan
	: Komitee/Bestuur	1968 Feb - 1977 Des
	Kladnotule	
2-4	Korrespondensie	1970-1977
5	Korrespondensie: Kunswedstryd	1967-1973
6	Brieweboek	1975 Mar - 1978 Mar
7	Finansiële Stukke	1966-1976
8	Jaarprogramme	1968-1977
	Tafeldoek	
9	Diverse	

(j) Pietermaritzburg

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1	Notule (Werkgeselskap)	1912 Mar - 1916 Sept
	Notule	1917 Okt - 1941 Des
2	Notule	1942 Feb - 1958 Jul
3	: Bestuur	1926 Nov - 1952 Feb
	Dagboek	1951-1954

(k) Pietermaritzburg-Suid

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1	Notule	1951 Aug - 1984 Mar
2	: Bestuur	1953 Aug - 1984 Mar
	: Werkklub	1954 Nov - 1956 Sept
	: Pollie Landsdiens-klub	1958 Jan - Jun
3-4	Korrespondensie	1956-1983
5-6	Finansiële Stukke	1956-1984
7	Presensielyste	1982-1983

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

	Bywoningsregister- Landsdiensklubs	1957
	Takstigting (gedig)	1982

(l) **Pietermaritzburg-Wes**

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1	Notule	1925 Apr - 1964 Mei
2	Kasboek	1950 Jan - 1966 Des

(m) **Pinetown**

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1	Kasboek	1968 Okt - 1976 Feb
	Gevallelêer	1950 Apr - 1951 Jan
	Koerantuitknipsels	

(n) **Port Natal**

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1	Notule	1947 Nov -
	: Gesinsorg	1951 Okt - 1953 Nov
	Register	1948-1955
2	Gevallelêers	

(o) **Port Shepstone**

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1	Notule	1950 Nov - 1963 Sept
	Brieweboek	1954 Mar - 1963 Okt
2-3	Korrespondensie	1955-1963
4-7	Kasboeke	1951-1964
8	Grootboek	1960-1962
9	Depositoboek	1962-1964
10	Diverse Finansiële Stukke	
11	Diverse	

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(p) **Utrecht**

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1	Notule: Algemene/Bestuur	1951 Sept - 1955 Des
	: Ouetehuiskomitee	1955 Feb

(q) **Voortrekker**

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1	Notule	1958 Aug - 1963 Sept

(r) **Vryheid**

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
	Vryheid-taknotule	
1	Korrespondensie	1957-1958

(s) **Weenen**

Volume nr	Beskrywing	Tydperk
1-5	Notule: Algemene Vergaderings	1952 Jun - 1981 Mar
6	: Bestuur	1971 Feb - 1975 Feb
7	Kladnotule	1962 Feb - 1971 Aug
8-14	Brieweboeke: Eerste Reeks	1952 Mar - 1970 Sept
15-17	: Tweede Reeks	1960 Okt - 1977 Mei
18-22	Korrespondensie	1952-1981
19-20	Kasboeke	1945 Jan - 1981 Apr
21	Kasboek : Tee	1953 Feb - 1981 Mar
22-23	Lede en Subskripsie-lyste	1947-1980
24-26	Depositoboeke	1944 Jul - 1981 Mar
27-29	Kwitansieboeke	1953 Feb - 1981 Feb
30-33	Kompetisies	1952 Aug - 1975 Feb
34	Jaarprogram	1965 Apr - 1966 Mar
35	Diverse	

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Mev N van Tooyen (Dundee)

1 Korrespondensie 1958-1967
2 1967-1970

Neon Aug 1975

NG Kerkargief, Gedenkboek. Die Herbevestiging van die Gelofte:1955.

NG Kerkargief, Notulen der vier-en-veertigste Kerkvergadering van die NG Kerk in Natal. 17 April 1915.

NG Kerkargief, Notulen der Zes-en-veertigste Algemene Kerkvergaderings van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Natal. 20 April 1917.

ARKAVA, M.L. & LANE, T.A. 1983. Beginning social word reseach. Massachusets : Allyn and Bacon Inc

AVES, G.M. 1969. The Voluntary worker in the Social Services. Londen. National Council of Social Services London and National Institute for Social Work Training : The Bedford Square Press of the NCSS & George Allen & Unwin Ltd

BEKKER, Annette. Voormalige NCVV vrywilliger. Pretoria. Telefoniese gesprek: 1985-1988.

BOTHA, J.J.N. 1957. Die Maatskaplike sorg van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1928 - 1953. Paarl: Paarlse Drukpers (Edms) Bpk.

BURGER, M.J. 1989. Die bydrae van Daisy Theron op die gebied van Maatskaplike sorg. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. (M.A. tesis)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

CAMERON, T. 1986. Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika. Kaapstad : Human en Rousseau.

COLE, J.P. 1975. Factors in mergers of voluntary agencies, Social Casework, 56(7):427-432.

CRONJE, P. Voormalige Armsorg Sekretaris. Onderhoud in Kaapstad : 1 April 1990.

De Synode der Ned Ger Kerk van Natal. De Afrikaner, 25 April 1912:3.

Een Nationale Vrouwebeweging. De Afrikaner, 7 September 1915:2

Aan die Editeur van "Die Afrikaner". De Afrikaner, 12 Oktober 1915:4.

Natal Vrouwen Vereniging. De Afrikaner, 26 Oktober 1915:3.

Vrouwen Nationale Helpmekaar Vereniging. De Afrikaner, 7 April 1916:2.

Natal Vrouwen Vereniging. De Afrikaner, 21 April 1916:5.

Natal Vrouwen Vereniging. De Afrikaner, 25 April 1916:3.

Saamwerk Unie van Natalse Vereniginge. De Afrikaner, 26 Junie 1917:3.

Saamwerk Unie van Natalse Vereniging. De Afrikaner, 14 September 1917:3.

Helpmekaar. De Afrikaner, 26 Oktober 1917:3.

Natalse Christelike Vroue Vereniging. De Afrikaner, 1 Februarie 1918:1.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kongres van N.C.C.V. De Afrikaner, 22 Februarie 1918:5.

N.C.C.V. Kongres. De Afrikaner, 5 Maart 1918:2.

Saamwerk Unie van Natalse Vereniginge. De Afrikaner, 29 Maart 1918:5.

NVHV. De Afrikaner, 9 Julie 1918:3.

NCVV Een Nieuwe tak gesticht. De Afrikaner, 12 Julie 1918:1.

NCVV en NVHV. Die Afrikaner, 11 Maart 1919:2.

NCVV Kongres. Die Afrikaner, 1 April 1919:3.

Kongres N.C.C.V. Vervolg. Die Afrikaner, 4 April 1919:5.

Kongres N.C.C.V. Vervolg. Die Afrikaner, 8 April 1919:1.

Natalse Christelike Vrouevereniging. Die Afrikaner, 13 April 1920:5.

Vroue Nasionale Party. Die Afrikaner, 4 Mei 1920:3.

NVHV Winterton. Die Afrikaner, 1 Junie 1920:3.

N.C.C.V. Kongres op Ladysmith. Die Afrikaner, 11 April 1922:4.

Saamwerk-Unie van Natalse Vereniginge. Die Afrikaner, 12 Januarie 1923:2.

Saamwerk-Unie van Natalse Vereniginge. Die Afrikaner, 9 Maart 1923:3.

N.C.C.V. Kingsley-Doringberg-tak nr 6. Die Afrikaner, 27 Februarie 1925:3.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Natalse Christelike Vroue-vereniging. Die Afrikaner, 5 Mei 1925:3.

Saamwerk-Unie. Die Afrikaner, 8 Mei 1925:2.

Natalse Christelike Vroue-vereniging. Die Afrikaner, 15 Mei 1925:7.

N.C.C.V. Kongres. Die Afrikaner, 16 Maart 1928:8.

N.C.C.V. Kongres op Utrecht. Die Afrikaner, 20 April 1928:1.

Vraagstuk van die Verwaarloosde kind. Die Afrikaner, 1 Februarie 1929:1.

Verslag van die Hoofbestuur van die Jaar 1928. Die Afrikaner, 7 Mei 1929:6.

Die Armblanke-vraagstuk. Die Afrikaner, 31 Mei 1929:3.

Dertiende kongres van die NCVV. Die Afrikaner, 29 April 1930:2.

Ons Verenigingslewe, Taal en Kultuur. Die Afrikaner, 16 Mei 1930:1.

Saamwerkunie - Wedstryde. Die Afrikaner, 20 Februarie 1931:7.

N.C.C.V. Hoofbestuurs-verslag vir 1930. Die Afrikaner, 24 April 1931:1.

Natal Voel Depressie Minste. Die Afrikaner, 22 September 1931:8.

DE JAGER, Etta. Vrywilliger van die NCVV. Dundee. Telefoniese gesprek: 1984-1988.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

DEPARTEMENT VAN GESONDHEIDSDIENSTE EN WELSYN. Omsendbrief 37: 1987.

DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN EN PENSIOENE. Woordeboek van Maatskaplikewerk. 1971. Pretoria : Staatsdrukker.

S.A. en wêreld jubel. Die Burger, 3 Februarie 1990:1.

DU PREEZ, E. Voormalige Direkteur van die NCVV. Pietermaritzburg. Onderhoude:1984-1985.

DU TOIT, S. Vrywilliger van die NCVV. Pietermaritzburg. Telefoniese gesprek: 1992.

ELOFF, D.J. 1967. 'n Historiese Prinsipiële beskouing oor die Sosiologiese aspekte van hulpverlening in die ontwikkeling van maatskaplike werk. Potchefstroom : Universiteit van Potchefstroom. (D.Phil. verhandeling)

FEDERALE VROUERAAD, Jaarliks evalueringsverslag : 1 April 1991 tot 31 Maart 1992.

FEDERALE VROUERAAD, Volksbelang Brosjure : 1981/1982.

FEDERALE VROUERAAD, Volksbelang Brosjure : 1988/1989.

FEDERALE VROUERAAD, Volksbelang Inligtingspamflet:ongedateerd.

FEDERALE Vroueraad-kongresverslag : 1956.

FEDERALE Vroueraad-vergadering : 13 Junie 1950.

FITZDALE, R. 1974. The voluntary agency structure vs accountability. Social Casework, 55(8):478-483.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

GRüTTER, W. 1981. The Story of South Africa. Cape Town: Human en Rousseau.

HOFFMAN, Jeanne. Eerste Vise-presidente, NCVV. Estcourt. Telefoniese gesprekke: 1992.

KOTZE, G. 1975. Die gebruik van publisiteitsmedia in Maatskaplike werk. Maatskaplike werk/Social Work, 11(4):189-199.

LAMBRECHTS, H.C. Destydse Direkteur ACVV. Kaapstad. Onderhoud: 1984.

LAMBRECHTS, H.C. 1957. ACVV as Partikulêre welsynsorganisasie. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. (D.Phil tesis)

LAMBRECHTS, H.C. & THERON, E. 1959. Vrouevolksdiens. Kaapstad en Pretoria : HAUM.

LEEDY, P.D. 1974. Practical Research, Planning and Design. New York : MacMillan Publishing Co. Inc.

News from Professional Associations. Maatskaplike Werk/Social Work, Junie 1982:70.

McKENDRICH, B.W. 1987. Introduction to Social Work in South Africa. Pinetown : Owen Burgess Publishers.

McKENDRICH, B.W. 1992. Strategic planning : critical element in changing the nature of welfare service. Maatskaplike Werk/Social Work. 28(3):1-12.

MULLER, C.F.J. 1968. Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Pretoria en Kaapstad : Academica.

NCVV, 75 : 1990.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

NCVV, Behoeftes in Noord-Natal : 1977.

NCVV, Bejaardesorg-verslag: 1 April 1987 tot 31 Maart 1988.

NCVV, Beskrywingspunte Kongres : 1964.

NCVV, Beskrywingspunte Kongres : 1988.

NCVV, Brief, Tant Hester : Ongedateerd.

NCVV, Dagbestuursnotule : 31 Januarie 1992.

NCVV, Dagbestuursnotule : 16 September 1992.

NCVV, Dagversorgingsdienste Jaarverslag : 1 April 1987 tot 31 Maart 1988.

NCVV, Die Eerste Skof 1915 - 1965 : 1965.

NCVV, Dogtersleierskursus-verslag : 1976.

NCVV, Donateursbrief : 17 Augustus 1990.

NCVV, Dundee-takverslag : 1968/1969.

NCVV, Dundee-takverslag : 1978/1979.

NCVV, Ek Weet, Weet U? : ongedateerd.

NCVV, FEITE : ongedateerd.

NCVV, Geskiedenis van die NCVV Kingsley - Doringberg - Bloedrivier : geen.

NCVV, Gemeenskapswerk-verslag, Suid-Natal : 1991/1992.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

NCVV, Gesinseëlverslag : 1971.

NCVV, Gesinsorgnotule : 22 Januarie 1976.

NCVV, Gesinsorgnotule : 24 Januarie 1980.

NCVV, Glencoe-tak. Hoe sien ek my vereniging? : 1978.

NCVV, Grondwet : 1980/1982; 1984; 1986; 1988 en 1990.

NCVV Hoofbestuursnotule : 26 Junie 1976

NCVV Hoofbestuursnotule : 4 Augustus 1977

NCVV Hoofbestuursnotule : 12 en 13 Oktober 1982

NCVV Hoofbestuursnotule : 22 en 23 Julie 1983

NCVV Hoofbestuursnotule : 16 & 17 Julie 1986

NCVV Hoofbestuursnotule : 5 September 1990

NCVV Hoofbestuursnotule : 1 November 1990

NCVV Hoofbestuursnotule : 5 en 6 Maart 1991

NCVV Hoofbestuursnotule : 24 en 25 Julie 1991

NCVV Hoofbestuursnotule : 31 Oktober 1991 en 1 November 1991.

NCVV Hoofbestuursnotule : 26 en 27 Maart 1992

NCVV Hoofbestuursnotule : 4 en 5 November 1992.

NCVV Hoofbestuursverslag : 1959/1960.

NCVV Hoofbestuursverslag : 1974/1975.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

NCVV Hoofbestuursverslag : 1 April 1975 tot 31 Maart 1976.

NCVV Hoofbestuursverslag : 1 April 1981 tot 31 Maart 1982.

NCVV Hoofbestuursverslag : 1 April 1987 tot 31 Maart 1988.

NCVV Hoofbestuursverslag : 1 April 1988 tot 31 Maart 1989.

NCVV Hoofbestuursverslag : 1 April 1989 tot 31 Maart 1990.

NCVV Hoofbestuursverslag : 1 April 1991 tot 31 Maart 1992.

NCVV Inligtingspamflet : 1985.

NCVV Inligtingstuk, Breytenbach C. : Ongedateerd.

NCVV Inligtingstuk, Horak : Ongedateerd.

NCVV Inligtingstuk, Jordaan : Ongedateerd.

NCVV Inligtingstuk, Neethling E.J. : Ongedateerd.

NCVV, Jaarverslag : 1981/1982.

NCVV, Jaarverslag : 1985/1986.

NCVV, Jaarverslag : 1989.

NCVV, Kongresbeskrywingspunte : 1964.

NCVV, Kongresbeskrywingspunte : 1988.

NCVV, Kongresbrosjure : 1992.

NCVV, Kongresnotule : 15 - 17 Mei 1962.

NCVV, Kongresnotule : 18 - 20 Mei 1965.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

NCVV, Kongresnotule : 1968.

NCVV, Kongresnotule : 17 - 19 September 1974.

NCVV, Kongresnotule : 14 - 15 September 1976.

NCVV, Kongresnotule : 12 - 13 September 1978.

NCVV, Kongresnotule : 28 - 29 Augustus 1984.

NCVV, Kongresnotule : 1988.

NCVV, Kongresnotule : 4 - 5 September 1990.

NCVV, Kongresnotule : 2 - 3 September 1992.

NCVV Konstitusie : Ongedateerd.

NCVV Lied, afgerolde stuk : Ongedateerd.

NCVV Maatskaplike Werkdienste Program : 1990.

NCVV Maatskaplikewerk-verslag : 1 April 1959 - 31 Maart 1960.

NCVV Maatskaplikewerk-verslag : 1 April 1962 - 31 Maart 1963.

NCVV Maatskaplikewerk-verslag, Groepwerk : 1963.

NCVV Maatskaplikewerk-verslag : 1966-1976.

NCVV Maatskaplikewerk-verslag : 1 April 1985 - 31 Maart 1986.

NCVV Maatskaplikewerk-verslag : September 1986 - September 1988.

NCVV Maatskaplikewerk-verslag : September 1991 - September 1992.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

NCVV, Ons Weet, Weet U? : Ongedateerd.

NCVV, Pietermaritzburg-tak, Jaarverslag : 1 April 1985 - 31 Maart 1986.

NCVV, Pietermaritzburg-tak, Jaarverslag : 1 April 1986 - 31 Maart 1987.

NCVV, Statistiese Verslag : 1 April 1991 - 31 Maart 1992.

NCVV, Streekskonferensie-verslag : 1977.

NCVV, Streekskonferensie-verslag : 1 April 1991 - 31 Maart 1992.

NCVV Utrecht-takverslag : 1962/1963.

NCVV Utrecht, 1916 - 1976; 1976.

NCVV Welsynsprogram, Durbankantoor : 1992.

NCVV Welsynsprogram, Gemeenskapswerk, Noord-Natal : 1991/1992.

NCVV, Welsynsprogram, Oribi program : 1991/1992.

PIETERSE, J.E. 1977. Vennote in SAVF Dienslewering. Referaat SAVF (Oktober 11 en 12 1970).

RAMASAR, P. 1987. Privatization: A Compelling Strategy or an Option with potential. Maatskaplike werk/Social Work, 23(1):38-43.

ROOTMAN, S. Direkteur NCVV Pietermaritzburg. Onderhoude en telefoniese gesprekke : 24 November 1992; 8 Desember 1992; 1986-1992.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

SCHEUBLE, N. Senior Maatskaplike Werker by die NCVV. Pietermaritzburg. Telefoniese gesprekke : 1992.

SCHOEMAN, R.M. 1984. Die gebruikmaking van welsynsassistente en vrywillige werkers by direkte dienslewering aan die kliëntesisteem. Port Elizabeth : Universiteit van van Port Elizabeth. (M.A. Tesis)

SCOTT, D. 1981. Don't mourn for me - organise. Sydney, London, Boston : George Allen en Unwin.

SLABBERT, H. NCVV Vrywilliger. Estcourt. Telefoniese gesprek : 1985-1990.

SMITH, C.M. 1985. Intergroepverhouding vanuit 'n gemeenskapswerkperspektief Maatskaplike Werk/Social Work, 21(3):186-198.

STEENKAMP, R. NCVV Maatskaplike Werker. Pietermaritzburg. Telefoniese gesprek : 1992.

STURGEON, S. EN CONRADIE, I. 1992. The multiple problem family. Who are they and how are they being helped? Maatskaplike Werk/Social Work, 28(4):12-26.

THERON, E. & STULTING, A.A. 1961. Maatskaplike dienste in Suid-Afrika. Stellenbosch : Universiteit Uitgewers en Boekhandelaars (Edms) Bpk.

TOWLE, C. 1957. Common Human Needs. New York : National Association of Social workers.

VAN JAARSVELD, F.A. 1982. Van Riebeeck tot P W Botha. 3de uitgawe. Johannesburg : Perskor Uitgewers, Doornfontein.

VAN NIEKERK, J.J. 1986. Welsynsbeplanning in Natal. Durban : Universiteit van Durban - Westville. (M.A. tesis)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

VAN ROOYEN, N. Voormalige NCVV Vrywilliger. Pretoria. Telefoniese gesprek : 1992.

VAN SCHALKWYK, C. Presidente van die NCVV. Telefoniese gesprek : 1992.

VOORTREKKER HOëRSKOOL : Ongedateerde Inligtingstuk.

VORSTER, C.J.B. Jubileum-kongres, Referaat : 1965.

VROUERAAD van die FAK reglement : 1992.

Afrikaanse vrou moet uitreik buite eie kring, sê dr Venter. Vrouevolksdiens, April 1985:1 & 3.

Pietermaritzburgse skoolmeisies onthaal. Vrouevolksdiens, April 1985:5.

NCVV heet nuwe direktrise welkom. Vrouevolksdiens, Oktober 1985:7

Utrecht vereer vir projek met Afrikaans. Vrouevolksdiens, Oktober 1985:7.

Kathy van Schalkwyk neem FVR se leisels oor. Vrouevolksdiens, Mei 1986:1.

Nuwe beskouing : welsyndienste moet terug na die gemeenskap. Vrouevolksdiens, Mei 1986:4.

Natalse Gesinseëlveldtog begin op Estcourt. Vrouevolksdiens, Augustus 1986:3.

WIESE, V.G. 1985. Die geskiedkundige ontwikkeling van die Christelike maatskaplike Raad in Suid-Wes Afrika vir die tydperk 1957-1980. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch. (M.A. tesis)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

WOODROOFE, K. 1962. From Charity to social work. 5th Edition. Londen and Toronto : Routledge and Kegan and University of Toronto, Press Toronto.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

GRONDWET VAN DIE

NATALSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING

(GEREGISTREER AS WELSYNSORGANISASIE INGEVOLGE DIE NASIONALE WELSYNSWET, 1978)

(GEREGISTREER AS FONDSINSAMELINGSORGANISASIE INGEVOLGE DIE WET OP FONDSINSAMELINGS 1978)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

BYLAE I

GRONDWET VAN DIE NATALSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING HOOFBESTUUR

(Soos gewysig deur die NCVV Kongres, 1992)

1. NAAM

Die naam van die Vereniging is die NATALSE CHRISTELIKE VROUE-VERENIGING. Die verkorte vorm is: NCVV.

2. TAAL

Die amptelike taal van die vereniging is AFRIKAANS.

3. GRONDSLAG

Die Natalse Christelike Vrouevereniging is 'n Christelik-Nasionale vereniging.

4. DOELSTELLING

Die doelstelling van die vereniging is die bevordering van die sedelike, kulturele en maatskaplike belange van die bevolking, dienslewering aan alle bevolkingsgroepe, die voorkoming van maatskaplike wanaanpassing asook die bevordering en handhawing van fisiese en geestelike weerbaarheid ten opsigte van enige bedreiging van die volkseie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

DIE VERENIGING STREEF DAARNA OM DIé DOEL TE BEREIK DEUR:

4.1 Die maatskaplike toerusting, versorging en rehabilitasie van die gesin, individue en groepe in al hul verhoudinge, deur middel van professionele maatskaplike werk en andersins.

4.2 Die voorsiening van voorkomingsprojekte vir die opvoeding en ontwikkeling van die individu vir die gesins- en gemeenskapslewe.

4.3 Die versorging van spesifieke groepe in die samelewing deur middel van gemeenskapswerk en die oprigting van instandhouding van inrigtings.

4.4 Daadwerklike belangstelling in en deelname aan welsynsbeplanning, samewerking met ander welsynorganisasies en die formulering van welsynsbeleid.

4.5 Die handhawing en bevordering van 'n Christelike-Nasionale lewenswyse en opvoeding in eie huis en in die gemeenskap.

4.6 Die bevordering van die Afrikaanse taal, kultuur en belangstelling in die volkseie.

4.7 Die bevordering en handhawing van fisiese en geestelike weerbaarheid ten opsigte van enige bedreiging van die volkseie.

4.8 Die aanmoediging van liefde vir die Kerk en ondersteuning van die Kerk in sy stryd ten maatskaplike euwels.

4.9 Op regmatige wyse fondse in te samel ter bereiking en bevordering van die doelstelling en werksaamhede.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5. WERKSGEBIED

Die Natalse Christelike Vrouevereniging lewer diens in die provinsie van Natal en samel in dié provinsie fondse in.

6. SAMESTELLING

Die NCVV bestaan uit lede, ere-lede, donateurslede, verteenwoordigende lede, ere-presidentes en 'n beskermvroue ingedeel soos volg:

6.1 Takke met besture en subkomitees;
6.2 Hoofbestuur met sub-komitees;
6.3 Kongres.

7. LIDMAATSKAP

7.1 Lidmaatskap is beperk tot:

7.1.1 Alle Christene vroue wat op uitnodiging of aansoek as LEDE goedgekeur is en die grondwet van die NCVV onderskryf.

7.1.2 Persone (manlik of vroulik) wat die NCVV op 'n besondere wyse finansieel, moreel of andersins ondersteun, kan as DONATEURSLEDE genooi word en hulle name word op 'n afsonderlike ledelys geplaas.

7.1.3 VERTEENWOORDIGENDE lede van owerheidsweë en ander instansies aan wie die reg van lidmaatskap in 'n adviserende hoedanigheid op 'n ad hoc basis toegeken word.

7.1.4 ERE-PRESIDENTE wat 'n persoon is wat op voorstel van 'n tak of die hoofbestuur met 'n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

tweederde meerderheidsbesluit deur die kongres, lewenslank as sulks benoem word.

7.1.5 ERE-LEDE wat persone is wat op voorstel van 'n tak of die hoofbestuur met 'n tweederde meerderheidsbesluit deur die kongres, lewenslank as sulks benoem word.

7.1.6 BESKERMVROU: Die kongres kan op aanbeveling van die hoofbestuur een beskermvrou vir twee jaar benoem. 'n Beskermvrou mag vergaderings waartoe sy uitgenooi word bywoon maar het geen stemreg nie.

7.2 TOETREDING

7.2.1 By die stigting van 'n tak keur die plaaslike organiseerder(s) tesame met die hoofbestuurslid en die Direkteur of sy genomineerde wat die stigting waarneem, die eerste lede.

7.2.2 Aspirantlede word deur lede aan die algemene vergadering voorgestel. Nadat die voorstel gesekondeer is, is aspirantlede onmiddellik lede met stemreg.

7.2.3 Wanneer 'n lid die tak se gebied verlaat, word haar naam en nuwe adres aan hoofbestuur verskaf. Hoofbestuur plaas so 'n lid oor na 'n tak in die nuwe gebied.

7.2.4 Lede betaal jaarliks vóór 31 Maart, ledegeld soos deur die tak bepaal.

7.3 BEVOEGDHEDE

7.3.1 Alle lede genoem onder 7.1.1, 7.1.4 en 7.1.5 is geregtig om alle algemene vergaderings wat deur

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hulle tak belê is by te woon, aan besprekings deel te neem en te stem.

7.3.2 Ere-lede mag nie in besture dien nie maar mag stem.

7.3.3 Donateurslede mag vergaderings waartoe hulle uitgenooi word bywoon en deelneem aan besprekings maar mag nie in besture dien nie, en is nie stemgeregtig nie.

7.3.4 Lede onderneem om getrou te bly aan die doelstellinge van die NCVV, alle vergaderings waartoe hulle opgeroep word so getrou moontlik by te woon en te help met die uitvoering van alle besluite en opdragte van die tak, hoofbestuur of kongres.

7.3.5 Donateurslede, verteenwoordigende lede en die beskermvrou mag nie aan takkompetisies deelneem nie.

7.3.6 Amptenare mag 'n lid of donateurslid word, vergaderings bywoon, deelneem aan besprekings maar het nie stemreg indien hulle donateurslede is nie. As lid geniet hulle stemreg behalwe ten opsigte van sake wat hul afdeling/diensterrein raak.

7.3.7 Lede is nie in hul persoonlike hoedanigheid aanspreeklik of verantwoordelik vir skuld van die vereniging nie.

7.3.8 NCVV-lede wat om een of ander rede 'n diens ontvang en nie meer 'n diens lewer nie, kan as lede aanbly, geniet stemreg, maar mag nie op die takbestuur of enige subkomitee dien nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

7.4 **BEëINDIGING VAN LIDMAATSKAP KAN OP ENIGE VAN DIE VOLGENDE GRONDE GESKIED**

7.4.1 Wanneer 'n lid skriftelik bedank.

7.4.2 Wanneer 'n lid versuim om vóór verstryking van die finansiële jaar (31 Maart) ledegeld te betaal.

7.4.3 Wanneer lidmaatskap deur 'n tweederde-meerderheidsbesluit van die takbestuur opgehef word. Sodanige lid het die reg van beroep op die hoofbestuur wie se beslissing finaal is.

7.4.4 Wanneer 'n lid vir drie soortgelyke agtereenvolgende vergaderings afwesig is sonder om verskoning aan te bied.

7.4.5 Wanneer lidmaatskap deur die hoofbestuur met 'n tweederde-meerderheidsbesluit van die hoofbestuur opgehef word. Sodanige lid of lede het die reg van beroep op kongres wie se beslissing finaal is.

8. MAGTE VAN DIE VERENIGING

8.1 Die vereniging moet ten alle tye die nakoming van die bepalings van enige wet van toepassing op welsynorganisasies nastreef.

8.2 Die vereniging het as regspersoon die reg en is bevoeg om op tak- en hoofbestuursvlak:

8.2.1 VASTE OF LOS BATES te koop of te verkoop, transport te gee en te neem, te verhuur en in huur aan te neem, te verpand en in pand te neem, te beswaar en as sekuriteit aan te neem.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

8.2.2 **GEBOUE OP TE RIG**

Om enige huise, geboue of werke wat vir die doeleindes van die vereniging nodig of gerieflik is, op te rig, in stand te hou of te verander.

8.2.3 **GESKENKE TE AANVAAR**

Om enige geskenk, hetsy dit as 'n spesiale trust onderworpe is al dan nie, vir een of meer van die doelstellings van die vereniging te aanvaar.

8.2.4 **MET EIENDOM TE HANDEL**

Om al die of enige deel van die eiendom van die vereniging te verkoop, te bestuur, te verhuur, met verband te beswaar, van die hand te sit, of andersins daarmee te handel.

8.2.5 **GELD TE LEEN**

Om geld te leen of te verkry op 'n wyse wat die vereniging goed dink.

8.2.6 **GELD TE BELÊ**

Om die geld van die vereniging wat nie onmiddellik vir sy doeleindes benodig word nie, te belê in 'n rentedraende rekening by 'n geregistreerde finansiële instelling, geregistreer ooreenkomstig die toepaslike wetgewing.

8.2.7 Om al die ander regtens geoorloofde administratiewe dinge te doen ter bereiking van die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

doelstellings, of enige en van hulle wat sal meewerk of wat daarmee in verband staan.

8.2.8 Om maatskaplike werkers en ander amptenare aan te stel in oorleg met en op aanbeveling van die Direkteur.

8.2.9 Om diensvoorwaardes vir personeel te bepaal.

8.2.10 Om ooreenkomste aan te gaan en te sluit.

8.2.11 Om regsgedinge aanhangig te maak, teen te staan en te skik.

8.2.12 Om subkomitees aan te stel vir die behoorlike funksionering van die vereniging; sodanige sub-komitees mag persone insluit wat nie lede van die NCVV is nie. Sodanige sub-komitees funksioneer onder toesig en beheer van die bestuur en is aan die bestuur verantwoordelik.

9. TAKKE

9.1 STIGTING VAN TAKKE

Takke van die NCVV kan in Natalse dorpe gestig word waar sodanige behoefte bepaal is.

9.1.1 Alle takke dra die naam van die NATALSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING met byvoeging van die naam van die plaaslike benoeming.

9.1.2 In 'n omgewing waar daar geen tak is nie doen persone wat hul beywer vir die stigting van 'n tak aansoek by die hoofbestuur om die stigting van so 'n tak.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

9.1.3 'n Tak word gestig soos in Art. 7.2.1 beskryf deur 'n lid van die hoofbestuur en die Direkteur.

9.1.4 'n Tak moet met minstens sewe lede gestig word.

9.1.5 By die stigtingsvergadering word 'n presensielys van stigterslede opgestel en by die notule van die vergadering gevoeg.

9.1.6 'n Bestuur wat uit minstens vyf lede moet bestaan, moet aangewys word en die name moet aan die hoofbestuur verstrek word.

9.1.7 Takke bepaal hul grense in oorleg met die hoofbestuur.

9.2 STIGTING VAN 'N TWEEDE TAK

9.2.1 Waar daar reeds 'n tak in 'n sekere gebied bestaan kan 'n tweede tak slegs gestig word in oorleg en samewerking met die bestuur van die bestaande tak (of takke) en met toestemming van die hoofbestuur.

9.2.2 Afstigting mag slegs na kennisgewing van twee maande aan die betrokke tak, met goedkeuring van en deur die hoofbestuur, geskied.

9.3 MAGTE EN PLIGTE VAN TAKKE

Die sake van 'n tak van die vereniging word beheer deur 'n takbestuur wat verantwoordelik is vir die nakoming van die bepalings van enige wet van toepassing op welsynorganisasies en vir die behartiging van die sake van die vereniging ooreenkomstig die bepalings van hierdie grondwet en is gemagtig om met die skriftelike

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

toestemming van die hoofbestuur op te tree ooreenkomstig die magte in hierdie grondwet aan die vereniging verleen soos en Art. 9 omskryf.

Ten spyte van anders luidende bepalings is takke gemagtig om subkomitees te benoem en personeel uitgesonder maatskaplike werkers, aan te stel.

9.3.1 Takke stel hul eie huishoudelike reëls van tyd tot tyd op asook reëls aangaande sake waarvoor hierdie grondwet nie voorsiening maak nie. Die reëls mag egter nie teenstrydig wees met hierdie grondwet nie en word alleen van krag mits dit

9.3.1.1 deur die hoofbestuur goedgekeur is;

9.3.1.2 op 'n algemene vergadering van die tak, met 'n tweederde meerderheid goedgekeur is.

9.3.2 Takke sowel as takbesture vergader minstens nege keer per jaar.

9.3.3 Elke tak is verplig om sy werksaamhede tot die bevrediging van die hoofbestuur te verrig en ten minste kwartaalliks verslag van sy werksaamhede aan die hoofbestuur te lewer.

9.3.4 Alvorens projekte deur takke onderneem word moet skriftelike goedkeuring van hoofbestuur verkry word. Indien sodanige toestemming nie verkry is nie sal enige optrede ongrondwetlik wees en sal die betrokke lede persoonlik verantwoordelik wees.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

9.3.5 Takke is verplig om jaarliks 'n donasie soos deur kongres of hoofbestuur bepaal, vir administratiewe doeleindes aan die hoofbestuur te betaal.

9.3.6 Waar 'n hoofbestuurslid op uitnodiging 'n tak amptelik besoek, vereffen die tak die reis- en verblyfkoste van die hoofbestuurslid. Andersins is takke nie verantwoordelik vir die reis- en verblyfkoste van die hoofbestuurslede nie.

9.3.7 Takke/projekte mag nie donasies/skenkings aan ander instansies of organisasies maak sonder die goedkeuring van die hoofbestuur nie. Laasgenoemde sal van tyd tot tyd die bedrag bepaal wat geskenk mag word.

9.3.8 Takke is verplig om aan hul onderskeie ouditeure sowel as hoofbestuur alle inligting betreffende bates, beleggings, spaarrekenings en kontant voor hande, te openbaar, welke inligting weerspieël moet word in die finansiële state wat jaarliks saam met jaarverslae aan die einde van die finansiële jaar aan hoofbestuur voorgelê moet word.

9.4 ONTBINDING VAN TAKKE

9.4.1 'n Tak mag nie bestaan met 'n ledetal minder as sewe sonder die goedkeuring van die hoofbestuur nie.

9.4.2 Ontbinding van takke mag alleenlik met die toestemming van die hoofbestuur geskied.

9.4.3 'n Tak kan ontbind indien tweederdes van die lede teenwoordig op 'n algemene takvergadering

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wat vir daardie doel belê is ten gunste van ontbinding stem.

9.4.4 Daar moet minstens een-en-twintig dae kennis gegee word van so 'n vergadering. Die kennisgewing moet duidelik meld dat die ontbinding van die tak en die beskikking van sy bates oorweeg word.

9.4.5 Indien daar gee kworum teenwoordig is nie, word die vergadering minstens een week verdaag en die lede dán teenwoordig, vorm 'n kworum.

9.4.6 'n Tak kan deur hoofbestuur ontbind word indien driekwart van die hoofbestuurslede teenwoordig op 'n hoofbestuursvergadering wat spesiaal vir daardie doel belê is ten gunste van ontbinding van daardie tak stem.

9.4.7 Wanneer 'n tak ontbind, moet die boeke deur 'n geregistreerde ouditeur nagesien word en alle bates en/of laste aan hoofbestuur oorgedra word.

9.4.8 Indien daar by ontbinding enige bates oorbly word die bates in bestaande hoofbestuursfondse opgeneem.

9.4.9 Daar sal geen rustende takke wees nie.

9.5 ALGEMENE JAARVERGADERING

9.5.1 Die takbestuur belê 'n algemene jaarvergadering van lede van die tak so gou moontlik na die einde van elke boekjaar.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

9.5.2 Die lede van die vereniging is geregtig om die jaarvergadering by te woon en aan die besprekings deel te neem.

9.5.3 Al die lede moet ten minste veertien (14) dae voor die datum van die jaarvergadering wat deur die bestuur belê word kennis daarvan ontvang. Sodanige kennisgewing moet die werksaamhede wat op die jaarvergadering afgehandel sal word, in hooftrekke aandui.

9.5.4 Tydens die jaarvergadering moet die volgende geskied:

9.5.4.1 Voorlegging van die skriftelike jaarverslag en geouditeerde balansstaat en staat van inkomste en uitgawes;

9.5.4.2 verkiesing van die bestuurskomitee;

9.5.4.3 aanstelling van ouditeurs soos voorgeskryf deur die wet;

9.5.4.4 enige ander besigheid ten gunste waarvan kennisgewing gegee is.

9.6 Indien kennisgewing van die jaarvergadering aan lede wie se name in die lederegister verskyn, gepos is, word aanvaar dat kennis van die betrokke vergadering gegee is.

10. HOOFBESTUUR

10.1 Die sake van die vereniging word beheer deur 'n hoofbestuur wat verantwoordelik is vir die nakoming van die bepalings van enige wet van toepassing op welsynorgani-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sasies en vir die behartiging van die sake van die vereniging ooreenkomstig die bepalings van hierdie grondwet en is gemagtig om op te tree ooreenkomstig die magte in hierdie grondwet aan die vereniging verleen. Die hoofbestuur is naas die kongres die hoogste gesag.

10.2 SAMESTELLING VAN DIE HOOFBESTUUR

Die hoofbestuur bestaan uit:

10.2.1 'n Beskermvrou

10.2.2 'n Ere-Presidente (indien so verkies)

10.2.3 'n Presidente;

10.4.2 'n Eerste Vise-Presidente;

10.2.5 'n Tweede Vise-Presidente;

10.2.6 'n Streekleidster uit elk van die drie streke;

10.2.7 Minstens sewe (7) addisionele lede;

10.2.8 Soveel gekoöpteerde lede as wat die hoofbestuur van tyd tot tyd mag nodig ag.

10.2.9 Die volgende amptenare in adviserende hoedanigheid:

'n Direkteur
'n Boekhouer
'n Notuleklerk (indien nodig)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

10.3 VERKIESING EN BEDANKING VAN HOOFBESTUURSLEDE

10.3.1 Die hoofbestuur (amptenare uitgesluit) word elke twee jaar deur kongres gekies. Hoofbestuurslede is herkiesbaar.

10.3.2 Nominasies en stemreg geskied soos beskryf in Art. 12.18 tot 12.21.

10.3.3 Hoofbestuurslede word vir 'n tydperk van 2 jaar gekies.

10.3.4 Vir die doeleindes van die verkiesing, word Natal deur die hoofbestuur in 3 streke verdeel, van waaruit 'n Streekleidster vir elke streek gekies word.

10.3.5 Die konstituering van die hoofbestuur vind op die 1ste vergadering ná afloop van die kongres plaas, waartydens die 1ste en 2de vise-presidentes verkies word, die verskillende hoofbestuursubkomitees saamgestel en NCVV verteenwoordigers op ander instansies aangewys word.

10.3.6 Vakatures op die hoofbestuur kan deur koöptering van lede aangevul word. Gekoöpteerde lede dien slegs tot die volgende kongres.

10.3.7 Elke hoofbestuurslid het een stem en indien daar 'n staking van stemming is, het die Presidente 'n beslissende stem.

10.3.8 Amptenare, die beskermvrou, donateurslede, die ere-presidente en erelede het geen stemreg op hoofbestuur nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

10.3.9 Die hoofbestuur vergader minstens 2 keer per jaar.

10.3.10 Die kworum vir 'n hoofbestuursvergadering is een meer as die helfte van die totale aantal hoofbestuurslede.

10.3.11 Hoofbestuur stel 'n dagbestuur saam, aan wie tussentydse magte gedelegeer word. Die dagbestuur bestaan uit die Presidente, die 1ste en 2de vise-presidentes en die streekleidsters, asook die Direkteur, ander amptenare en gekoöpteerde lede soos nodig mag wees.

10.3.12 Die dagbestuur vergader soos nodig, gewoonlik alternatiewelik met die hoofbestuur.

10.3.13 Die kworum vir 'n dagbestuurvergadering is een meer as die helfte van die totale aantal dagbestuurslede. Die lede van die dagbestuur, behalwe die amptenare, het elk een stem en indien daar 'n staking van stemme is het die voorsitter 'n beslissende stem.

10.3.14 Indien hoofbestuurslede wil bedank, moet hulle twee (2) maande vooruit skriftelik daarvan kennis gee aan die Direkteur van die hoofbestuur.

10.3.15 'n Hoofbestuurslid se amp as hoofbestuurslid word beëindig indien die lid vir drie agtereenvolgende hoof- of dagbestuursvergaderings sonder verskoning afwesig was, of wanneer die hoofbestuur die amp met 'n tweederde meerderheidstem, ophef. (Sodanige lid het die reg van beroep op die kongres, wie se beslissing finaal is.)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

11. PLIGTE VAN DIE HOOFBESTUUR

11.1 Bykomend tot die algemene magte is die hoofbestuur verplig om namens die vereniging:

11.1.1 Takke van die vereniging te stig en te ontbind waar die behoefte vir so 'n handeling bestaan. Die hoofbestuur verdeel Natal in streke na gelang van die aanwas van takke.

11.1.2 Notule te hou van alle hoof- en dagbestuurs-vergaderings en sorg te dra dat notule gehou word van die subkomiteevergaderings.

11.1.3 Al die geld deur die vereniging ontvang, word in 'n bankrekening te stort wat in die geregistreerde naam van die vereniging gehou word.

11.1.4 Rekeningboeke te hou wat 'n noukeurige weergawe van die finansiële bedrywighede van die vereniging bevat, met inbegrip van besonderhede aangaande alle eiendom wat verkry of van die hand gesit is.

11.1.5 Te sorg dat alle tjeks wat uitgereik word, behoorlik deur minstens twee persone vir die doel deur die hoofbestuur gemagtig, geteken word.

11.1.6 Te sorg dat geen bydraes ingesamel word nie strydig met die doelstelling en bevordering van die werksaamhede van die vereniging is nie en dat geen geld of eiendom deur die vereniging vir enige ander doel aangewend word nie.

11.1.7 Te sorg dat die rekeningboeke en stawende dokumente minstens sewe jaar lank gehou word, tensy die stukke kragtens 'n ander toepaslike wet vir 'n langer tydperk bewaar moet word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

11.1.8 Te sorg dat alle rekeninge, boeke, registers en notules van vergaderings te enigertyd ter insae gelê kan word vir inspeksie soos deur 'n toepaslike wet bepaal.

11.1.9 'n Geregistreerde ouditeur aan te wys.

11.1.10 Sorg te dra dat geouditeerde finansiële state en 'n jaarverslag soos voorgeskryf kragtens die Wet op Fondsinsameling 1978, jaarliks deur die Direkteur en Boekhouer vir goedkeuring voorgelê word en binne 'n tydperk van ses maande na die sluiting van die boekjaar, op 31 Maart, by die Direkteur van Fondsinsameling ingedien word.

11.1.11 Die Direkteur van Fondsinsameling in kennis te stel van enige adresverandering van die vereniging se Hoofkantoor en enige ander veranderings en/of inligting waarvan die Direkteur van Fondsinsameling moet kennis dra.

11.1.12 Eiendom wat op die naam van die vereniging geregistreer is, verseker en alle premies getrou betaal.

11.2 **BATES**

11.2.1 Alle eiendom wat aan die hoofbestuur behoort, of waarop die hoofbestuur geregtig is, setel en word geregistreer in die naam van die hoofbestuur namens en ten behoewe van die vereniging.

11.2.2 Die hoofbestuur mag met die goedkeuring van die kongres geld leen teen sekuriteit van sy eiendom (roerende sowel as vaste) en mag ook geld op eerste verband voorskiet. Verbande of

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sessies van verbande ten gunste van die vereniging sal uitgemaak word in die naam van die hoofbestuur van die vereniging. Toestemming tot kansellering van verbande, volmag om transporte en verbande te passeer, kontrakte, prokurasies vir regsgedinge en andersins en alle nodige stukke, sal namens die hoofbestuur van die vereniging geteken word deur twee lede van die hoofbestuur waarvan een 'n amptenaar kan wees soos deur die hoofbestuur aangewys.

11.2.3 Die inkomste en bates van die hoofbestuur, hoe ookal verkry of waaruit ookal afkomstig, moet slegs aangewend word ter bevordering van die doelstellings van die vereniging soos in hierdie grondwet uiteengesit en geen deel daarvan mag regstreeks of onregstreeks by wyse van dividend, bonus of op enige ander wyse hoegenaamd aan enige persoon uitbetaal of oorgedra word nie. Met dien verstande dat die bepalings hiervan nie verhinder dat redelike en behoorlike vergoeding te goedertrou betaal word aan enige beampte of dienaar van die vereniging of enige ander persoon of instansie as beloning vir enige dienste wat werklik aan die vereniging gelewer is nie.

12. KONGRES

12.1 Die kongres is die hoogste gesag van die vereniging en alle besluite deur die kongres geneem, is bindend en onmiddellik van krag, tensy anders bepaal.

12.2 'n Kongres saamgestel uit lede van die hoofbestuur en afgevaardigdes van takke word twee-jaarliks gehou. Geloofsbriewe, onderteken deur die voorsitter en sekretaris van takke moet deur afgevaardigdes ingelewer word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

12.3 Amptenare wat die kongres in adviserende hoedanigheid en nie as afgevaardigdes bywoon nie, is nie stemgeregtig nie.

12.4 Takke stuur die name van afgevaardigdes een maand vóór die kongres aan die Direkteur.

12.5 Die helfte plus een van die stemgeregtigde lede wat 'n kongres bywoon vorm 'n kworum vir die kongres.

12.6 Die hoofbestuur bepaal die tyd en plek van die kongres en die Direkteur van die hoofbestuur gee aan die takke vier maande vooraf kennis van die kongres.

12.7 Die hoofbestuur, streke sowel as elke tak kan beskrywingspunte vir die kongres indien. Beskrywingspunte moet die Direkteur ten minste twee maande voor die kongres bereik.

12.8 Die Direkteur sorg dat die beskrywingspunte vir die kongres minstens een maand vóór die kongres in besit van die takke is, sodat elke tak die geleentheid het om die beskrywingspunte in 'n volle vergadering deeglik te bestudeer en opdragte daaroor aan sy afgevaardigdes te gee.

12.9 Die kongres bespreek en besluit oor voorstelle en beskrywingspunte wat deur die hoofbestuur en takke ingestuur word.

12.10 Elke tak is verantwoordelik vir die reis- en verblyfkoste van die afgevaardigdes.

12.11 Die reis- en verblyfkoste van die hoofbestuurslede word deur die hoofbestuur gedra.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

12.12 Ere-lede, donateurslede, verteenwoordigende lede en lede wat kongres as gaste bywoon, dra hul eie onkostes.

12.13 Hoofbestuur dra die onkoste van hoofbestuurpersoneel wat die kongres móét bywoon.

12.14 Referente wat nie lede is nie se onkoste word deur die hoofbestuur gedra.

12.15 Die Presidente of in haar afwesigheid die 1ste vise-presidente of in laasgenoemde se afwesigheid die 2de vise-presidente tree as voorsitter van die kongres op.

12.16 Die kongres mag besluit om enige saak van belang wat nie op die kongressakelys voorkom nie, in behandeling te neem of na die hoofbestuur te verwys, mits dit nie in stryd is met die grondwet nie.

12.17 Kongres mag enige ander saak waaroor nie uitsluitsel verkry kan word of wat nie tydens die sitting afgehandel kan word nie, na die hoofbestuur verwys vir verdere ondersoek en/of afhandeling.

12.18 Die verkiesing van 'n presidente en die hoofbestuurslede asook die aanwys van 'n beskermvrou vind tydens kongres plaas.

12.19 Elke tak nomineer een (1) lid as presidente. Vanuit hierdie genomineerdes word een presidente deur die kongres verkies.

12.20 Elke tak nomineer drie (3) lede as hoofbestuurslede. Vanuit hierdie genomineerdes word een streekleidster vir elk van die drie streke (Noord, Middellande, Suide) verkies.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

12.21 Uit die res van die genomineerdes word nog sewe (7) hoofbestuurslede verkies.

12.22 Stemming oor persone geskied in alle gevalle per geslote stembrief.

12.23 Stemme word as volg toegeken:

1 stem aan elke hoofbestuurslid;

1 stem vir elke projek van die hoofbestuur (stemme ten opsigte hiervan word aan hoofbestuurslede oorgedra)

2 stemme aan elke tak

1 stem vir elke projek van die tak (stemme ten opsigte hiervan word aan takafgevaardigdes oorgedra)

(Een stem elk word toegeken ten opsigte van die volgende projekte: Ouetehuise, Dienssentra, Behuisingskemas, Versorgingsoorde, Pre-primêreskole, Naskoolsentra, Jeugsentra, Maatskaplike werk.)

12.24 'n Afgevaardigde kan 'n maksimum van 2 stemme dra.

12.25 Openbare, spesiale en gesellige byeenkomste deur 'n openbare instansie(s) vir die afgevaardigdes gereël, mag met die goedkeuring van die hoofbestuur deur die kongreslede gedurende die sitting bygewoon word.

13. BUITENGEWONE KONGRES

13.1 'n Buitengewone kongres kan te enige tyd, mits minstens drie maande voor die gewone kongres, deur die hoofbestuur byeengeroep word met die doel om spoedeisende sake af te handel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

13.2 Behoorlike kennisgewing van sodanige kongres en van die sake wat behandel sal word en met die opdrag om die vereiste aantal afgevaardigdes te kies, moet gegee word aan alle takke.

13.3 By geleentheid van 'n buitengewone kongres sal tweederdes van die lede van die vergadering 'n kworum vorm.

14. REGLEMENT VAN ORDE VIR DIE KONGRES

14.1 Geen persoon wat nie 'n gemagtigde afgevaardigde is nie, sal toegelaat word om aan die besprekinge deel te neem nie tensy dit vir die inwin van inligting is of tensy die voorsitter spesiaal die persoon daartoe versoek.

14.2 Alle sprekers spreek die stoel aan.

14.3 Geen afgevaardigde mag meer as tweekeer oor 'n onderwerp praat nie. Vir 'n verdere beurt moet sy verlof van die voorsitter kry.

14.4 Voorstelle kan alleen deur takafgevaardigdes en hoofbestuurslede ingedien word.

14.5 Elke voorstel moet skriftelik ingedien word, onderteken deur die voorsteller en sekondant tensy anders deur die voorsitter besluit.

14.6 Die voorsitter mag nie 'n voorstel indien of daaroor praat voordat sy nie die voorsitterstoel verlaat en een van die vise-voorsitters die stoel ingeneem het nie.

14.7 Besluite word met 'n meerderheid van stemme deurgevoer. Indien daar 'n staking van stemme is, sal, na alle

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

teenwoordige stemme uitgebring is, die president of haar plaasvervanger 'n beslissende stem hê.

14.8 Geen afgevaardigde mag sonder verlof van die voorsitter die kongres verlaat of van 'n sitting wegbly nie.

14.9 Die kongres mag by wyse van 'n onbestrede mosie enige bepaling van hierdie reglement van orde ophef of daarvan afwyk.

14.10 Die notule van die kongres word tydens kongres goedgekeur of na die hoofbestuur verwys vir goedkeuring na afloop van die kongres.

14.11 Die presidente mag vra vir suiwering van kongresvergadering.

15. FINANSIëLE JAAR

15.1 Die finansiële jaar van die vereniging strek vanaf 1 April tot 31 Maart.

16. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

16.1 Wysiging van hierdie grondwet en die grondwet van takke kan slegs plaasvind by wyse van 'n beskrywingspunt wat ses weke voor die aanvang van 'n kongres aan alle takke gesirkuleer is.

16.2 Hierdie grondwet en die grondwet van takke mag slegs deur 'n tweederde meerderheid van die teenwoordige lede van 'n kongres verander word.

16.3 Die gewysigde grondwet en die grondwet van takke is van krag na goedkeuring deur die Direkteur van Fondsinsameling en indien van toepassing ook die Kommissaris van Binnelandse Inkomste.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

17. ONTBINDING VAN DIE VERENIGING

17.1 Die vereniging kan slegs ontbind word deur 'n kongres spesiaal vir die doel byeengeroep. Hiervoor is nodig 'n besluit van minstens driekwart van die afgevaardigdes van minstens nege van die takke.

17.2 Daar moet minstens drie maande vooraf kennis gegee word van so 'n kongres, en die kennisgewing waarin so 'n kongres belê word, moet duidelik meld dat die ontbinding van die vereniging en beskikking oor sy bates bespreek sal word.

17.3 Indien daar geen kworum by so 'n kongres teenwoordig is nie, word die kongres vir 'n maand verdaag, en die lede wat so 'n verdaagde kongres bywoon, vorm 'n kworum.

17.4 Indien daar by die beëindiging of ontbinding van die vereniging enige bates oorbly nadat sy skulde vereffen en verpligtinge nagekom is, sal dit nie betaal word aan of verdeel word onder die lede van die vereniging nie, maar dit sal gegee word of oorgeplaas word na 'n ander geregistreerde fondsinsamelingsorganisasie met soortgelyke doelstellings as die Natalse Christelike Vroueverenigings, wat die kongreslede tydens die spesiale kongres ter ontbinding aanwys of by verstek, volgens die beslissing van die Direkteur van Fondsinsameling.

18. REGSPERSOONLIKHEID

18.1 Onder die naam aan hom verleen kragtens Ordonnansie Nr. 5 van 1926 (of soos van tyd tot tyd gewysig of vervang mag word) is die vereniging 'n regspersoonlikheid met ewigdurende regsopvolging.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

19. TERME

Die manlike terme in hierdie grondwet sluit vroulike terme in waar van toepassing.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

BYLAE II

GRONDWET VAN DIE
NATALSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING
TAKKE
(soos gewysig deur die NCVV Kongres, 1992)

1. NAAM

Die naam van die TAK is die NATALSE CHRISTELIKE VROUE-VERENIGING
TAK .....

2. TAAL

Die amptelike taal van die tak is AFRIKAANS.

3. GRONDSLAG

Die Natalse Christelike Vrouevereniging is 'n Christelik-Nasionale Vereniging.

4. DOELSTELLING

Die doelstelling van die TAK is die bevordering van die sedelike, kulturele en maatskaplike belange van die bevolking, dienslewering aan alle bevolkingsgroepe, die voorkoming van maatskaplike wanaanpassing asook die bevordering en handhawing van fisiese en geestelike weerbaarheid ten opsigte van enige bedreiging van die volkseie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

DIE VERENIGING STREEF DAARNA OM DIE DOEL TE BEREIK DEUR:

4.1 Die maatskaplike toerusting, versorging en rehabilitasie van die gesin, individue en groepe in al hul verhoudinge, deur middel van professionele maatskaplike werk en andersins.

4.2 Die voorsiening van voorkomingsprojekte vir die opvoeding en ontwikkeling van die individu vir die gesins- en gemeenskapslewe.

4.3 Die versorging van spesifieke groepe in die samelewing deur middel van gemeenskapswerk en die oprigting en instandhouding van inrigtings.

4.4 Daadwerklike belangstelling in en deelname aan welsynsbeplanning, samewerking met ander welsynorganisasies en die formulering van welsynsbeleid.

4.5 Die handhawing en bevordering van 'n Christelike-Nasionale lewenswyse en opvoeding in eie huis en in die gemeenskap.

4.6 Die bevordering van die Afrikaanse taal, kultuur en belangstelling in die volkseie.

4.7 Die bevordering en handhawing van fisiese en geestelike weerbaarheid ten opsigte van enige bedreiging van die volkseie.

4.8 Die aanmoediging van liefde vir die Kerk en ondersteuning van die Kerk in sy stryd teen maatskaplike euwels.

4.9 Op regmatige wyse fondse in te samel ter bereiking van die doelstelling en werksaamhede.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5. WERKSGEBIED

Die gebied waarin bydraes ingesamel en waarin dienste gelewer word, is die landdrosdistrik(te) van .....

6. LIDMAATSKAP

6.1 LIDMAATSKAP IS BEPERK TOT:

6.1.1 Alle Christen vroue wat op uitnodiging of aansoek as LEDE goedgekeur is en die grondwet van die NCVV onderskryf.

6.1.2 Persone (manlik of vroulik) wat die NCVV op 'n besondere wyse finansieel, moreel of andersins ondersteun, kan as DONATEURSLEDE genooi word en hulle name word op 'n afsonderlike ledelys geplaas.

6.1.3 VERTEENWOORDIGENDE lede van owerheidsweë en ander instansies aan wie die reg van lidmaatskap in 'n adviserende hoedanigheid op 'n ad hoc basis toegeken word.

6.1.4 ERE-PRESIDENTE wat 'n persoon is wat op voorstel van 'n tak of die hoofbestuur met 'n tweederde meerderheidsbesluit deur die kongres, lewenslank as sulks benoem word.

6.1.5 ERE-LEDE wat persone is wat op voorstel van 'n tak of die hoofbestuur met 'n tweederde meerderheidsbesluit deur die kongres, lewenslank as sulks benoem word.

6.1.6 BESKERMVROU: Die kongres kan op aanbeveling van die hoofbestuur een beskermvrou vir twee jaar vir die vereniging benoem. 'n Beskerm-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vrou mag vergaderings waartoe sy uitgenooi word, bywoon maar het geen stemreg nie.

6.2 TOETREDING

6.2.1 By die stigting van 'n tak keur die plaaslike organiseerder(s) tesame met die hoofbestuurslid en die Direkteur of haar/sy genomineerde wat die stigting waarneem, die eerste lede.

6.2.2 Aspirantlede word deur lede van die algemene vergadering voorgestel. Nadat die voorgestel gesekondeer is, is aspirantlede onmiddellik lede met stemreg.

6.2.3 Wanneer 'n lid 'n tak se gebied verlaat, word haar naam en nuwe adres aan hoofbestuur verskaf. Hoofbestuur plaas so 'n lid oor na 'n tak in die nuwe gebied.

6.2.4 Lede betaal jaarliks vóór 31 Maart, ledegeld soos deur die tak bepaal.

6.3 PLIGTE EN BEVOEGDHEDE

6.3.1 Alle lede genoem onder 6.1.1, 6.1.4 en 6.1.5 is geregtig om alle algemene vergaderings wat deur hul tak belê is by te woon, aan besprekings deel te neem en te stem.

6.3.2 Ere-lede mag nie in besture dien nie maar mag stem.

6.3.3 Donateurslede mag vergaderings waartoe hulle uitgenooi word bywoon en deelneem aan besprekings maar mag nie op besture dien nie, en is nie stemgeregtig nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.3.4 Lede onderneem om getrou te bly aan die doelstellings van die NCVV, alle vergaderings waartoe hulle opgeroep word so getrou moontlik by te woon en te help met die uitvoering van alle besluite en opdragte van die tak, hoofbestuur of kongres.

6.3.5 Donateurslede, verteenwoordigende lede en die beskermvrou mag nie aan takkompetisies deelneem nie.

6.3.6 Amptenare mag 'n lid of donateurslid word, vergaderings bywoon, deelneem aan besprekings maar het nie stemreg indien hulle donateurslede is nie. As lid geniet hulle stemreg behalwe ten opsigte van sake wat hulle afdeling/diensterrein raak.

6.3.7 Lede is nie in hul persoonlike hoedanigheid aanspreeklik of verantwoordelik vir skuld van die vereniging nie.

6.3.8 NCVV-lede wat om een of ander rede 'n diens ontvang en nie meer 'n diens lewer nie, kan as lede aanbly, geniet stemreg, maar mag nie op die takbestuur of enige subkomitee dien nie.

6.4 **BEëINDIGING VAN LIDMAATSKAP KAN OP ENIGE VAN DIE VOLGENDE GRONDE GESKIED**

6.4.1 Wanneer 'n lid skriftelik bedank.

6.4.2 Wanneer 'n lid versuim of vóór verstryking van die finansiële jaar (31 Maart) ledegeld te betaal.

6.4.3 Wanneer lidmaatskap deur 'n tweederde-meerderheidsbesluit van die takbestuur opgehef word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Sodanige lid het die reg van beroep op die hoofbestuur wie se beslissing finaal is.

6.4.4 Wanneer 'n lid vir drie soortgelyke agtereenvolgende vergaderings afwesig is sonder om verskoning aan te bied.

6.4.5 Wanneer lidmaatskap deur die hoofbestuur met 'n tweederde-meerderheidsbesluit van die hoofbestuur opgehef word. Sodanige lid of lede het die reg van beroep op kongres wie se beslissing finaal is.

7. BESKERMVROU

Die kongres kan op aanbeveling van die hoofbestuur een beskermvrou vir twee jaar vir die vereniging benoem. 'n Beskermvrou mag vergaderings waartoe sy uitgenooi word bywoon maar het geen stem reg nie.

8. 'N TWEEDE TAK

8.1 Waar daar reeds 'n tak in 'n sekere gebied bestaan kan 'n tweede tak slegs gestig word in oorleg en samewerking met die bestuur van die bestaande tak (of takke) en met toestemming van die hoofbestuur.

8.2 Afstigting mag slegs na kennisgewing van twee maande aan die betrokke tak met goedkeuring van en deur die hoofbestuur, geskied.

9. MAGTE EN PLIGTE VAN TAKKE

9.1 Die sake van 'n tak van die vereniging word beheer deur die takbestuur wat verantwoordelik is vir die nakoming

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die bepalings van enige wet van toepassing op welsynorganisasies en vir die behartiging van die sake van die vereniging ooreenkomstig die bepalings in die grondwet van die NCVV en is gemagtig om met die skriftelike toestemming van die hoofbestuur op te tree ooreenkomstig die magte in daardie grondwet aan die tak verleen soos in Artikel 9 daarvan omskryf, saamgelees met Artikel 10 en Artikel 13 van hierdie grondwet.

9.2 Die tak het 'n afsonderlike regspersoonlikheid en het die reg om met die goedkeuring van die hoofbestuur vaste eiendom te koop of te verkoop, te verhuur, te bou of te verbou, of as gif te ontvang, asook aandele in enige private of publieke maatskappy te koop of te verkoop of as gif te ontvang en verder:

9.2.1 **GEBOUE OP TE RIG**

Om enige huise, geboue of werke wat vir die doeleindes van die vereniging nodig of gerieflik is, op te rig, in stand te hou of te verander;

9.2.2 **GESKENKE TE AANVAAR**

Om enige geskenk, hetsy dit aan 'n spesiale trust onderworpe is al dan nie, vir een of ander van die doelstellings van die vereniging te aanvaar;

9.2.3 **MET EIENDOM TE HANDEL**

Om al die of enige deel van die eiendom van die vereniging te verkoop, te bestuur, te verhuur, met verband te beswaar, van die hand te sit, of andersins daarmee te handel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

9.2.4 **GELD TE LEEN**

Om geld te leen of te verkry op 'n wyse wat die vereniging goed dink;

9.2.5 **GELD TE BELÊ**

Om die geld van die vereniging wat nie onmiddellik vir sy doeleindes benodig word nie, te belê in 'n rentedraende rekening by 'n geregistreerde finansiële instelling, geregistreer ooreenkomstig die toepaslike wet.

9.2.6 Om al die ander regtens geoorloofde administratiewe dinge ter bereiking van die doelstellings of enige van een van hulle sal meewerk of wat daarmee in verband staan, te doen.

9.2.7 Om amptenare aan te stel;

9.2.8 Om diensvoorwaardes vir personeel in oorleg met hoofbestuur te bepaal;

9.2.9 Om by die hoofbestuur aan te beveel dat maatskaplike werkers aangestel word.

9.2.10 Om ooreenkomste aan te gaan en te sluit;

9.2.11 Om regsgedinge aanhangig te maak, teen te staan en te skik;

9.2.12 Om subkomitees saam te stel vir die behoorlike funksionering van die tak. Sodanige subkomitees mag persone insluit wat nie lede van die NCVV is nie. Subkomitees funksioneer onder toesig en beheer van die takbestuur en is aan laasgenoemde verantwoordelik.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

9.2.13 Die tak stel sy eie huishoudelike reëls van tyd tot tyd op, asook reëls aangaande sake waarvoor hierdie grondwet nie voorsiening maak nie. Die reëls mag egter nie teenstryding wees met hierdie grondwet nie en word alleen van krag mits dit:

9.2.13.1 deur die hoofbestuur goedgekeur is;

9.2.13.2 op 'n algemene vergadering van die tak met 'n tweederde meerderheid goedgekeur is.

9.2.14 Takke vergader minstens nege keer per jaar.

9.2.15 Die tak is verplig om sy werksaamhede tot die bevinding van die hoofbestuur te verrig en ten minste kwartaalliks van sy werksaamhede aan die hoofbestuur verslag te lewer.

9.2.16 Alvorens projekte deur die tak onderneem word moet skriftelike goedkeuring van hoofbestuur verkry word. Indien sodanige toestemming nie verkry is nie sal enige optrede ongrondwetlik wees en sal die betrokke lede persoonlik verantwoordelik wees.

9.2.17 Die tak is verplig om jaarliks 'n donasie soos deur kongres of hoofbestuur bepaal, vir administratiewe doeleindes aan die hoofbestuur te betaal.

9.2.18 Waar 'n hoofbestuurslid op uitnodiging die tak amptelik besoek, vereffen die tak die reis- en verblyfkoste van die hoofbestuurslid. Andersins is die tak nie verantwoordelik vir die reis- en verblyfkoste van die hoofbestuurslid nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

9.2.19 Takke/projekte mag nie donasies/skenkings aan ander instansies of organisasies maak sonder die goedkeuring van die hoofbestuur nie. Laasgenoemde sal van tyd tot tyd die bedrag bepaal wat geskenk mag word.

10. ONTBINDING VAN DIE TAK

10.1 Die tak mag nie bestaan met 'n ledetal minder as sewe sonder die goedkeuring van hoofbestuur nie.

10.2 Ontbinding van die tak mag alleenlik met die toestemming van die hoofbestuur geskied.

10.3 Die tak kan ontbind word indien tweederdes van die lede teenwoordig op 'n algemene vergadering, wat vir daardie doel is, ten gunste van ontbinding stem.

10.4 Daar moet minstens een-en-twintig dae kennis gegee word van so 'n vergadering. Die kennisgewing moet duidelik meld dat die ontbinding van die tak en die beskikking van sy bates oorweeg sal word.

10.5 Indien daar geen kworum teenwoordig is nie, word die vergadering minstens een week verdaag en die lede dán teenwoordig, vorm 'n kworum.

10.6 'n Tak kan deur hoofbestuur ontbind word indien driekwart van die hoofbestuurslede teenwoordig op 'n hoofbestuursvergadering wat spesiaal vir daardie doel belê is ten gunste van ontbinding van daardie tak stem.

10.7 Wanneer die tak ontbind moet die boeke deur 'n geregistreerde ouditeur nagesien word en alle bates en/of laste aan hoofbestuur oorgedra word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

10.8 Indien daar by ontbinding enige bates oorbly word die bates in bestaande hoofbestuursfondse opgeneem.

10.9 Die tak kan nie rustend wees nie.

11. DIE BESTUUR

11.1 'n Bestuur wat uit minstens vyf lede moet bestaan, moet aangewys word en die name moet aan die hoofbestuur verstrek word.

11.2 Die bestuur wat aangewys word op die algemene jaarvergadering soos uiteengesit in Artikel 14 doen diens vir 'n tydperk van 1 jaar waarna hulle herkiesbaar is.

11.3 Die lede teenwoordig kies uit eie geledere die bestuur wat bestaan uit 'n voorsitter, 'n ondervoorsitter, 'n sekretaris en 'n tesourier of sekretaris/tesourier en indien so verkies 'n hulpsekretaris en hulp-tesourier asook addisionele lede.

11.4 Wanneer 'n bestuurslid bedank kan 'n ander persoon deur die bestuur benoem word wat as lid van die bestuur sal dien tot die volgende jaarvergadering van die vereniging.

11.5 Geen lid van die bestuur is aanspreeklik vir enige skade of verlies veroorsaak deur of voortvloeiend uit enige doen of late in die uitvoer van sy pligte as sodanig nie, uitgesonder enige skade of verlies veroorsaak deur of voortvloeiend uit oneerlike of grofnalatige optrede van sodanige bestuurslid.

11.6 Die bestuur vergader minstens vier keer per jaar om die sake van die vereniging te bespreek.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

11.7 'n Kworum vir die bestuur is een meer as die helfte van die totale aantal bestuurslede.

11.8 Elke lid teenwoordig op 'n vergadering het een stem en indien daar 'n staking van stemme is, het die voorsitter 'n beslissende stem.

12. PLIGTE VAN DIE BESTUUR

12.1 Die bestuur moet benewens alle ander wetlike voorgeskrewe pligte ook:

12.1.1 sorg dra dat notule gehou word van die algemene, bestuurs- en subkomiteevergaderings en dat 'n teenwoordigheidsregister byhou word;

12.1.2 al die geld wat deur die vereniging ontvang word in 'n bankrekening stort wat in die geregistreerde naam van die vereniging gehou word;

12.1.3 rekeningboeke hou wat 'n noukeurige weergawe bevat van finansiële bedrywighede van die vereniging, met inbegrip van besonderhede aangaande alle eiendom van verkry of van die hand gesit is;

12.1.4 sorg dat alle rekeninge, boeke, registers en notules van vergaderings te enigertyd ter insae gelê kan word vir inspeksie soos deur 'n toepaslike wet bepaal;

12.1.5 geouditeerde finansiële state en 'n jaarverslag soos voorgeskryf kragtens die Wet op Fondsinsameling 1978, binne 'n tydperk van 4 maande na die sluiting van die vereniging se boekjaar op 31 Maart van elke jaar, aan die Direkteur van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die NCVV hoofbestuur voorsien vir indiening by die Direkteur van Fondsinsameling;

12.1.6 sorg dat alle tjeks wat uitgereik word behoorlik deur minstens twee persone vir die doel deur die bestuur gemagtig, geteken word;

12.1.7 sorg dat bydraes deur die vereniging ingesamel word nie strydig is met die doelstelling en bevordering van die werksaamhede van die vereniging nie en dat geen geld of eiendom van die vereniging vir enige ander doel aangewend word nie;

12.1.8 sorg dat die rekeningboeke en stawende dokumente drie jaar lank gehou word, tensy die stukke kragtens 'n ander toepaslike wet vir 'n langer tyd bewaar moet word;

12.1.9 eiendom wat op die naam van die tak geregistreer is, verseker en alle premies getrou betaal.

13. BATES

13.1 Eiendomme soos in artikel 9.2 of andersins verkry, word op die naam van die tak of, indien die tak dit verkies en met die toestemming van die hoofbestuur, op die naam van die hoofbestuur van die Natalse Christelike Vroueverenigingregistreer.

13.2 Die tak mag met goedkeuring van die hoofbestuur geld leen teen sekuriteit van sy eiendom (roerende sowel as onroerende), en mag ook geld op eerste verband voorskiet. Verbande of sessies van verbande ten gunste van die tak word uitgemaak in die naam van die tak. Toestemming tot kansellering van verbande, volmagte om

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

transporte en verbande te passeer, kontrakte, prokurasies vir regsgedinge en andersins en alle nodige stukke word namens 'n tak deur twee lede van die bestuur, deur die tak aangewys, geteken.

13.3 Alle fondse en vaste eiendom op naam van die NCVV tak geregistreer, is regtens gevestig in so 'n tak. So 'n tak sal in sulke gevalle in alle regsgedinge homself verteenwoordig, hetsy as eiser of as verweerder.

13.4 Die inkomste en bates van die vereniging, hoe ookal verkry of waaruit ookal afkomstig, moet slegs aangewend word ter bevordering van die doelstellings van die vereniging, soos in hierdie grondwet uiteengesit en geen deel daarvan mag regstreeks of onregstreeks by wyse van dividend, bonus of enige ander wyse hoegenaamd as wins aan enige persoon uitbetaal of oorgedra word nie. Met dien verstande dat die bepalings hiervan nie verhinder dat redelike en behoorlike vergoeding te goedertrou betaal word aan enige beampte of dienaar van die vereniging of aan enige ander persoon of instansie as beloning vir enige dienste wat werklik aan die vereniging gelewer is nie.

13.5 Takke is verplig om aan hul onderskeie ouditeure sowel as hoofbestuur alle inligting betreffende bates, beleggings, spaarrekenings en kontant voor hande, te openbaar, welke inligting weerspieël moet word in die finansiële state wat jaarliks saam met 'n jaarverslag aan die einde van die finansiële jaar aan hoofbestuur voorgelê moet word.

14. ALGEMENE JAARVERGADERING

14.1 Die bestuur reël 'n algemene jaarvergadering van lede van die vereniging aan die einde van elke boekjaar - gedurende Maart.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

14.2 Die lede van die vereniging is geregtig om die jaarvergadering by te woon en aan die besprekings deel te neem.

14.3 Al die lede moet ten minste veertien (14) dae voor die datum van die jaarvergadering, wat deur die bestuur voorgelê word, kennis daarvan ontvang. Sodanige kennisgewing moet die werksaamhede wat op die jaarvergadering afgehandel sal word, in hooftrekke aandui. Werksaamhede tydens so 'n vergadering behels onder andere:

14.3.1 voorlegging van die skriftelike jaarverslag, balansstaat en staat van inkomste en uitgawes en so spoedig moontlik daarna, indien nie alreeds gedoen nie, word 'n geouditeerde balansstaat aan die lede voorgelê;

14.3.2 verkiesing van 'n nuwe bestuur; uittredende lede is herkiesbaar. Die nuut verkose bestuur neem eers vanaf 1 April die beheer oor.

14.3.3 aanstelling van ouditeure soos voorgeskryf deur die Wet; en

14.3.4 enige ander besigheid ten opsigte waarvan kennisgewing gegee is.

14.4 Indien kennisgewing van die jaarvergadering aan lede wie se name in die lede-register verskyn, gepos is, word aanvaar dat kennis van die betrokke vergadering gegee is.

14.5 Die nominasie en stemming vir nuwe bestuurslede geskied per geslote stembrief.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

15. BEPALINGS VIR JAAR-, SPESIALE- EN ALGEMENE VERGADERINGS

15.1 Die kworum vir 'n jaar-, spesiale- en algemene vergadering is een meer as die helfte van die ingeskrewe lede.

15.2 Indien 'n kworum nie aanwesig is by die jaar-, spesiale- of algemene vergadering nie, word die vergadering vir minstens (7) sewe dae verdaag en die lede dán teenwoordig vorm 'n kworum.

15.3 In afwesigheid van die voorsitter neem die onder-voorsitter van die vereniging die stoel in. Wanneer nóg die voorsitter nóg die onder-voorsitter aanwesig is, wys die vergadering 'n voorsitter uit sy geledere aan.

15.4 Elke stemgeregtigde het een stem en indien daar 'n staking van stemme is, het die voorsitter 'n beslissende stem.

15.5 Elke lid van die vereniging het die reg om 'n mosie by die vergadering in te dien mits die lid nie later as 14 dae voor die betrokke vergadering die mosie skriftelik by die sekretaris van die bestuur indien nie. Die inhoud van die mosie word ingesluit by die kennisgewing wat aan lede gestuur word.

16. KONGRES

16.1 Die kongres is die hoogste gesag van die vereniging en alle besluite deur die kongres geneem, is bindend en onmiddellik van krag, tensy anders bepaal.

16.2 'n Kongres saamgestel uit lede van die hoofbestuur en afgevaardigdes van takke word twee-jaarliks gehou.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Geloofsbriewe, onderteken deur die voorsitter en sekretaris van takke moet deur afgevaardigdes ingelewer word.

16.3 Amptenare wat die kongres in adviserende hoedanigheid en nie as afgevaardigdes bywoon nie, is nie stemgeregtig nie.

16.4 Takke stuur die name van afgevaardigdes een maand vóór die kongres aan die Direkteur.

16.5 Die helfte plus een van die stemgeregtigde lede wat 'n kongres bywoon vorm 'n kworum vir die kongres.

16.6 Die hoofbestuur bepaal die tyd en plek van die kongres en die Direkteur van die hoofbestuur gee aan die takke vier maande vooraf kennis van die kongres.

16.7 Die hoofbestuur, streke sowel as elke tak kan beskrywingspunte vir die kongres indien. Beskrywingspunte moet die Direkteur ten minste twee maande voor die kongres bereik.

16.8 Die Direkteur sorg dat die beskrywingspunte vir die kongres minstens een maand vóór die kongres in besit van die takke is, sodat elke tak die geleentheid het om die beskrywingspunte in 'n volle vergadering deeglik te bestudeer en opdragte daarvoor aan sy afgevaardigdes te gee.

16.9 Die kongres bespreek en besluit oor voorstelle en beskrywingspunte wat deur die hoofbestuur en takke ingestuur word.

16.10 Elke tak is verantwoordelik vir die reis- en verblyfkoste van afgevaardigdes.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

16.11 Die reis- en verblyfkoste van hoofbestuurslede word deur die hoofbestuur gedra.

16.12 Ere-lede, donateurslede, verteenwoordigende lede en lede wat kongres as gaste bywoon dra hul eie onkostes.

16.13 Hoofbestuur dra die onkoste van hoofbestuurpersoneel wat die kongres móét bywoon.

16.14 Referente wat nie lede is nie se onkoste word deur die hoofbestuur gedra.

16.15 Die Presidente of in haar afwesigheid die 1ste vise-presidente of in laasgenoemde se afwesigheid die 2de vise-presidente tree as voorsitter van die kongres op.

16.16 Die kongres mag besluit om enige saak van belang wat nie op die kongressakelys voorkom nie, in behandeling te neem of na die hoofbestuur te verwys, mits dit nie in stryd is met die grondwet nie.

16.17 Kongres mag enige ander saak waarvoor nie uitsluitsel verkry kan word of wat nie tydens die sitting afgehandel kan word nie, na die hoofbestuur verwys vir verdere ondersoek en/of afhandeling.

16.18 Die verkiesing van 'n presidente en die hoofbestuurslede asook die aanwys van 'n beskermvrou vind tydens kongres plaas.

16.19 Elke tak nomineer een (1) lid as presidente. Vanuit hierdie genomineerdes word een presidente deur die kongres verkies.

16.20 Elke tak nomineer drie (3) lede as hoofbestuurslede. Vanuit hierdie genomineerdes word een streekleidster vir elk van die 3 streke (Noorde, Middellande, Suide) verkies.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

16.21 Uit die res van die genomineerdes word nog sewe (7) hoofbestuurslede verkies.

16.22 Stemming oor persone geskied in alle gevalle per geslote stembrief.

16.23 Stemme word as volg toegeken:

1 stem aan elke hoofbestuurslid;

1 stem vir elke projek van die hoofbestuur (stemme ten opsigte hiervan word aan hoofbestuurslede oorgedra);

2 stemme aan elke tak;

1 stem vir elke projek van die tak (stemme ten opsigte hiervan word aan takafgevaardigdes oorgedra)

(Een stem elk word toegeken ten opsigte van die volgende projekte: Outehuise, Dienssentra, Behuisingskemas, Versorgingsoorde, Pre-primêreskole, Naskoolsentra, Jeugsentra, Maatskaplike werk).

16.24 'n Afgevaardigde kan 'n maksimum van 2 stemme dra.

16.25 Openbare, spesiale en gesellige byeenkomste deur 'n openbare instansie(s) vir die afgevaardigdes gereël, mag met die goedkeuring van die hoofbestuur deur die kongreslede gedurende die sitting bygewoon word.

17. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

17.1 Hierdie grondwet kan slegs gewysig word:

17.1.1 Deur 'n besluit van tweederdes van die lede teenwoordig op 'n spesiale vergadering vir hierdie doel belê.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

17.1.2 Indien bogenoemde besluit minstens 6 maande voor die aanvang van kongres aan hoofbestuur voorgelê is vir kommentaar en nadat die hoofbestuur hom vergewis het dat die regte prosedure gevolg is.

17.1.3 Welke besluit, indien voortgegaan word met die wysiging, as 'n beskrywingspunt ses weke voor die aanvang van 'n kongres aan alle takke gesirkuleer is.

17.2 Nadat 'n tweederde meerderheid van die teenwoordigende lede van 'n kongres die wysiging goedgekeur het.

17.3 Die gewysigde grondwet en die grondwet van takke is van krag na goedkeuring deur die Direkteur van Fondsinsameling en indien van toepassing ook die Kommissaris van Binnelandse Inkomste.

18. TERME

Die manlike terme in hierdie grondwet sluit vroulike terme in waar van toepassing.